

Diskoerse oor heling binne 'n narratief-pastorale benadering.

deur

Jan Johannes Jacobus Putter

Voorgelê ter vervulling van die graad

Philosophiae Doctor

aan die Universiteit van Pretoria

Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie

Studieleier: Prof J C Müller

2005

Dankbetuigings

Ek wil graag my opregte dank aan die volgende persone en instellings betuig:

Aan my promotor Prof. JC Müller, dankie vir die aanmoediging, leiding en ondersteuning. U het my lewe verryk, dankie daarvoor.

Hennah Larkins vir die taalversorging en gesprekke oor die inhoud en die korrektheid daarvan.

Thea Heckroodt en Retha Kruidenier vir uitstekende diens en ondersteuning.

My vrou Corlia vir ondersteuning en gesprekke oor die onderwerp. Al jou hulp met bronne en die logiese gebruik daarvan. Cayla – my tweejarige dogtertjie - wat die bronne opgestapel het om 'n trap mee te bou en soms uit lus vir speel my weggerokkel het voor die rekenaar. Hanske - ons baba - wat nagte vanuit sy stoeltjie my aangestaar het terwyl ek op die rekenaar werk. Julle is my inspirasie.

My ouers, skoonouers, broer, susters, skoonfamilie en vriende vir ondersteuning.

Humansdorp Oos Gemeente vir studieverlof, ondersteuning en begrip.

Soli Deo Gloria

Opsomming

Diskoerse oor heling binne 'n narratief-pastorale benadering

In hierdie navorsing word fiksie as metafoor benut. Eie aan die metafoor van fiksie, is deelnemende aksienavorsing die komponent wat mense deel van die navorsing maak. Diskoerse oor heling word nagevors, deur na verskillende verhale, geskrewe bronne, gevallestudies en kundige standpunte te luister. 'n Wye navorsingshorison word hier aangebied, deur van verskeie wetenskaplike dissiplines gebruik te maak. In die aanbieding van verhale word 'n diversiteit aangebied om die tema van heling vanuit 'n wye horison te verstaan.

Dit is duidelik vanuit die beskrywing van diskoerse en wetenskaplike dissiplines, dat genesing een van die modewoorde van ons tyd geword het, en altyd was. Daar is wyd uiteenlopende diskoerse oor genesing, wat van mediese tot teologiese perspektiewe, en selfs die alternatiewe wissel. Hierdie diskoerse word deur fragmentering van die mens, wat in 'n ivoortoring leef, gekenmerk, en tot absolute waarheid, en dialoog wat alternatiewe inhibeer, verhef. Die navorsing word binne 'n postmoderne era gedoen, en die eienskappe van die era word hier benut. Diskoerse in die ivoortoring word gedekonstrueer en gewantrou. Alternatiewe word ondersoek, en unieke uitkomst nagestreef.

Met die verskyning van alternatiewe metodes, word die huidige diskoerse uitgenooi om in kritiese dialoog daarmee te tree. Alternatiewe diskoerse nooi huidige diskoerse in die ivoortoring uit om meer holisties te dink. As uitvloeisel van die dialoog word die woord heling, as vertrekpunt, wat in die totale holistiese mens, en nie fragmentering van die mens, geïnteresseerd is nie, voorgestel. Heling nooi metafore soos gebrokenheid, 'n unieke lewensuitkyk, persoonlike verdieping en soeke na alternatiewe in, om betekenis aan lyding en siekte te gee. Heling nooi siek mense verder uit om eerstens in die Skrif, wat normaalweg

laaste geraadpleeg word, betekenis te soek, en daarna huidige en alternatiewe benaderinge te ondersoek.

Die klimaks van die navorsing beskryf unieke diskoerse oor heling: Siekte moet omhels word, dit is deel van die menslike bestaan. Gebrokenheid word as vertrekpunt teenoor die illusie van 'n Utopia-genesing voorgestel. Alternatiewe metodes kan omhels, en aanvullend tot die pastorale situasie aangewend word.

Summary

Discourse of healing in a narrative- pastoral approach

Fiction is used as a metaphor to do research. As part of this metaphor people is used to do research with and not about. The stories told are listened to and brought into conversation with written resources, case studies and expert voices. A wide horizon is suggested by the using of different scientific disciplines. The stories used is diverse in nature to complement the discription of healing in all its facets.

When one listens to the discourses carefully one will realise that healing is one word of fashion in our times and has been in the past. The discourses about healing differ range from a medical, to a theological and even alternative perspective. These discourses tend to fragment the human into smaller parts, which is elevated into a ivory tower to absolute truth. This research is done within a postmodern era which invites researchers to question absolute truths and search for unique outcomes.

The emerging of alternative methods invites current discourses to conversation. Alternative discourses invite ivory tower discourses to think in terms of holism. An unique outcome of this dialogue is the new and fresh understanding of healing as a word which includes the person as a whole and not a fragmented object. Healing invites metaphors like brokennes, a unique perspective on life, personal deepening and the search for alternatives as part of the meaning given in a spesific situation. Healing invites sick people to conversate with the Scripture first and seek current and alternative discourses thereafter.

The climax describes a unique discourse of healing by embracing illness as part of human existence. Brokennes is used as a point of departure in contrast with the illusion of Utiopian healing. Alternative methods can be embraced and used in the pastoral situation.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 - Navorsingsbegroning

1	<i>Volmaakte skrywers skryven niet...</i>	1
2	Wat beteken diskoers?	3
2.1	Stemme	3
2.2	Alternatiewe stemme	6
2.3	Heling of genesing?	10
2.4	Gevolgtrekking	13
2.5	Doelstelling	14
3	Praktiese teologie	14
4	'n Narratiewe benadering	19
5	Narratiewe navorsing	23
5.1	Posisionering en begrensing	23
5.2	Van speurder na swerwer	25
5.3	Metodologie	26
5.3.1	Die geldigheid van navorsing	30
5.3.1.1	Transparansie	30
5.3.1.2	'Consistency-Coherence'	30
5.3.1.3	'Communicability'	31
5.3.2	'n Metafoor	32
5.3.2.1	Navorsing as aksie	32
5.3.2.2	Navorsing as narratief	32
5.3.2.3	Navorsing as fasilitering	32
5.3.2.4	Navorsing as verantwoordelikheid	33
5.4	Taal en betekenis	33
5.5	Onderhoude	37
5.6	Narratief en ander navorsingsmetodes	38
5.7	Die navorsingsmodel	40
5.7.1	<i>Action</i>	40

5.7.2	<i>Background</i>	41
5.7.3	<i>Development</i>	41
5.7.4	<i>Climax</i>	42
5.7.5	<i>Ending</i>	43
6	My verhaal	43
7	My lewensverhaal	45
8.	Gevolgtrekking	47

HOOFSTUK 2 – Verhale oor heling

1	Padkaart	48
2	Verhale oor heling	49
2.1	Die storie van 'n geestelike berader	52
2.1.1	Waarom ek die persoon gekies het	52
2.1.2	Storie 1: Inleiding	52
2.1.3	Die oorsprong van siekte	53
2.1.4	God se wil en siekte	54
2.1.5	Tekste as voorbeeld	54
2.1.6	Gevolgtrekking	56
2.1.7	Wat het ek gehoor?	58
2.1.8	Ek wonder	59
2.1.9	Reaksie: My eie getuienis oor genesing	59
2.1.10	Wat het ek gehoor?	61
2.2	'n Storie van kanker	62
2.2.1	Waarom ek die persoon gekies het	62
2.2.2	April 2000 – Die begin van die siekte	62
2.2.3	Wat het ek gehoor?	64
2.3	Die storie van 'n mediese dokter	65
2.3.1	Waarom ek die persoon gekies het	65
2.3.2	Storie 3 –Genesing	65
2.3.3	Wat het ek gehoor?	67
2.3.4	Ek wonder	67

2.3.5	Reaksie	67
2.3.6	Wat het ek gehoor?	68
2.4	Die storie van 'n predikant	68
2.4.1	Waarom ek die persoon gekies het	68
2.4.2	Storie 4	68
2.4.3	Wat het ek gehoor?	70
2.4.4	Ek wonder	70
2.4.5	Reaksie	71
2.4.6	Ek wonder	72
2.5	Die storie van psigose	72
2.5.1	Waarom ek die persoon gekies het	72
2.5.2	Storie 5	73
2.5.3	Wat het ek gehoor?	77
2.5.4	Ek wonder	77
2.5.5	Genesing van onaangename ervarings	77
2.5.6	Wat het ek gehoor?	80
2.6	Die storie van ekseem	80
2.6.1	Waarom ek die persoon gekies het	80
2.6.2	My ervaring van siekte en gesondheid	80
2.6.3	Wat het ek gehoor?	82
2.7	Die storie van natuurlike hulpmiddels tot genesing	82
2.7.1	Waarom ek die persoon gekies het	82
2.7.2	Storie 7	83
2.7.3	Wat het ek gehoor?	85
2.8	Die storie van 'n verpleegster	85
2.8.1	Waarom ek die persoon gekies het	85
2.8.2	Heling	85
2.8.3	Wat het ek gehoor?	86

2.9	Die storie van Diena	87
2.9.1	Hoekom ek die storie insluit	87
2.9.2	Die storie van Diena	87
2.9.3	Ek wonder	88
2.10	'n Storie oor MIV/Vigs	88
2.10.1	Waarom ek die verhaal vertel	88
2.10.2	Die storie van Anna	88
2.10.3	Wat het ek gehoor?	90
2.11	Getuienis van beroerte en 'n breintumor	90
2.11.1	Waarom ek die verhaal insluit	90
2.11.2	'n Getuienis	91
2.11.3	Wat het ek gehoor?	96
3	Ek luister na wat ek gehoor het	96
3.1	Diskoerse wat ek gehoor het	97
3.2	Unieke stories	100
3.2.1	Die 'dagga' tannie	101
3.2.2	Die kunstige dame	102
4	Gevolgtrekking	102

HOOFSTUK 3 – 'n Teologiese diskoers oor heling

1	Een tema, menige stemme	103
1.1	Die postmoderne toedrag van sake	104
1.2	Siektes en die postmodernisme	107
2	Teologie as diskoers	111
2.1	Bybelse diskoerse oor heling	116
2.1.1	Diskoerse van geloof	119
2.1.2	Diskoerse van sonde	121
2.1.2.1	'n Gevallestudie	126
2.1.3	Diskoerse van hoop	127
2.1.3.1	'n Verhaal van hoop	132

2.1.3.2	'n Gevangene met hoop	133
2.1.4	Diskoerse van boosheid	134
2.1.4.1	'n Persoonlike ervaring van boosheid	136
2.1.4.2	<i>The devil and Miss Prym</i>	138
2.1.5	<i>The wounded healer</i>	139
2.1.5.1	Sop vir die sieke	142
2.1.6	Die diskoers van die kerk	143
2.1.7	Diskoerse van gebed	147
2.1.8	Geloofsgenesingsdienste as diskoers	150
3	Gevolgtrekking	152

Hoofstuk 4 Alternatiewe diskoerse

1	Voorveronderstelling	153
2	Pastoraat	154
3	Alternatiewe diskoerse	162
3.1	Die storie van 'n homeopaat	165
3.1.1	Waarom ek die verhaal insluit	165
3.1.2	<i>A Philosophy of healing</i>	165
3.1.3	Wat het ek gehoor?	166
3.2	Die verhaal van Caroline Myss	167
3.2.1	Waarom ek die verhaal insluit	167
3.2.2	Wat die verhaal sê	167
3.2.3	Haar eie verhaal	168
3.2.4	Haar genesingsverhaal	169
3.2.4.1	<i>Biography becomes biology</i>	171
3.2.4.2	<i>Personal power...</i>	173
3.2.4.3	<i>You alone can heal yourself</i>	175
3.2.5	Wat het ek gehoor?	176
3.3	Die verhaal van Arthur Janov	177
3.3.1	Waarom ek die verhaal insluit	177

3.3.2	Die verhaal	177
3.3.3	Waarom ons siek word	179
3.3.4	Onderdrukking	180
3.3.5	Wat het ek gehoor?	181
3.4	'n Onderhoud met 'n kundige	181
3.4.1	Waarom ek die verhaal insluit	181
3.4.2	Agtergrond	182
3.4.3	Groenpunt 1961	182
3.4.4	Helena	183
3.4.5	Die gawes is teruggetrek!	184
3.4.6	Goddelike genesing en geloofsgenesing	185
3.4.7	'n Bediening van heling	186
3.4.8	Stappe wat in ag geneem moet word vir heling	186
3.4.9	Die rol van die kerk vandag	187
3.4.10	Die rol van die kerk in Afrika	187
3.4.11	Wat het ek gehoor?	188
3.5	Voedselaanvullers en kruie	188
3.5.1	Waarom ek die verhale kies	188
3.5.1.1	Agtergrond	188
3.5.1.2	Haar verhaal	189
3.5.1.3	Wat het ek gehoor?	190
4	Gevolgtrekking	190

Hoofstuk 5 – Refleksie op refleksie

1.	Die droom is verby	192
2.	Fokusgroep	193
2.1	Die uitwerking van die navorsing op jou	195
2.2	Die invloed van die navorsing op jou verhaal van heling	196
2.3	Watter stories of wie se stories sou jy graag hier wou hoor?	197

2.4	Die unieke rigting waarin die navorsing sou (kon) ontwikkel	197
2.5	Vrae aan navorser of medenavorsers	198
2.6	Leemtes en sterk punte	198
2.7	Jou eie posisionering	199
2.8	Die bydrae van navorsing...’n eie beroepsposisie	199
2.9	Die uitwerking van die fokusgroep	199
2.10	Refleksie op refleksie van die fokusgroep	200
3	Refleksie op my eie verhaal van heling en navorsing	201
4	Navorsingsbevindinge	203
5	’n Oop einde	209
6	Afsluiting	210
	Bronnelys	211

Hoofstuk 1 – Navorsingsbegroning.

1 “Volmaakte skrywers skryven niet...”

Dié manier van dink ontleen ek aan Geel (1995:7): volmaakte skrywers skryf nie. Daarom benader ek hierdie navorsing met groot omsigtigheid, deursigtigheid en subjektiwiteit. Om met subjektiwiteit te werk – as daar so iets is - is amper soos om vir 'n haas wat in die veld spring te vra, hoe hy lyk, terwyl hy deur die grasvlaktes spring. Hoe sal hy dít weet? Solank ons weet dat die haas die beste een is om te vra hoe die veld lyk (Golden, 1997:1). Hoe lyk hierdie navorsing? Ek weet nie, die navorsingsmodel is soos die haas wat deur die veld spring, op soek na stemme van heling.

*“So she was considering in her own mind (as well as she could, for the hot day made her feel very sleepy and stupid), whether the pleasure of making a daisy-chain would be worth the trouble of getting up and picking the daisies, when suddenly a White Rabbit with pink eyes ran close by her...but when the Rabbit actually **TOOK A WATCH OUT OF ITS WAISTCOAT- POCKET**, and looked at it, and then hurried on, Alice started to her feet, for it flashed across her mind that she had never before see a rabbit with either a waistcoat-pocket, or a watch to take out of it, and burning with curiosity, she ran across the field after it, and fortunately was just in time to see it pop down a large rabbit-hole under the hedge. In another moment down went Alice after it, never once considering how in the world she was to get out again. The rabbit-hole went straight on like a tunnel for some way, and then dipped suddenly down, so suddenly that Alice had not a moment to think about stopping herself before she found herself falling down a very deep well” (Carrol, 1991)*

Ek maak deurgaans van die verhaal van Alice gebruik as aanvullende

metafoor in die navorsing. As ek die metafoor van Golden (1997:1) kan verdiep deur na die verhaal van Alice te verwys, is die haas narratiewe navorsing. Die antwoord lê nie by die wit haas in die verhaal opgesluit nie, maar deur die haas te volg, kom Alice met soveel nuwe karakters in aanraking. Ek volg 'n narratiewe navorsingsmodel om die selfreflekerende vraag te antwoord: Hoe lyk jy as jy die wit haas (narratiewe navorsing) volg? Wat gebeur? Waarheen lei dit jou? Wie ontmoet jy langs die pad? Wie of wat sien jy en hoe ervaar jy die reis?

Hierdie model maak van deelnemende aksienavorsing gebruik waar ek mense kan vra: Hoe lyk ek? En aan die ander kant kan vertel wat ek in die veld gesien, gehoor en versamel het. Om dié model van narratiewe navorsing te volg sal my in gesprek bring met dié wat in die veld ander modelle gevolg het, of langer in die veld is as ek. Hoe lyk ek, verander dan na hoe lyk ons? En dan kan ons antwoord. Ek sien daarna uit om 'n wye reeks mense in die navorsing te ontmoet: 'n mediese dokter, 'n narratiewe terapeut, predikante, 'n verpleegster, 'n homeopaat, en alternatiewe genesers - 'n verskeidenheid mense met siektes, stories van siekte en heling, verhale van hoop.

Die skryf van sulke stories, teorie, ervaring, hoop en visie kan maklik in 'n skaakspel ontaard waar elke haas vooruit aan die volgende skuif begin dink, net om 'n eie posisie te verbeter (Geel, 1995:7). Hier sal ek op intuïsie en spelinsig moet staatmaak, en hopenlik op 'n gegewe moment weet dat die volgende skuif die beste is om te maak (Geel, 1995:7). Ek moet verder verduidelik dat ek nie een haas teen 'n ander gaan afspeel nie. Ek sal wel aan die verskille en ooreenkomste aandag gee en dit bespreek, maar die vraag waarop ek steeds sal bly fokus is: Hoe lyk ek, ons en julle as ons in die veld spring? Daar is nie opponente in hierdie skaakspel nie, die verskillende maniere van spring in die veld en die verskillende maniere van skaakspeel word die metafoor van 'n tematiese navorsing oor heling. Hierdie spel sal aanhou totdat die gesamentlike oorwinningsgevoel verkry is (Geel, 1995:9) en waar unieke verhale kan ontwikkel.

2 Wat beteken diskoers?

Diskoerse: “Gesprek, geselsery. Toespraak. Voordrag, redevoering, gesels of redeneer” (Odendal et. al. 1984:158)

Om die diskoers van heling te verstaan is dit nodig om die gesprek daaroor te volg. Volgens die verklaring van die HAT (1984:158) sou dit beteken om die gesprek, geselsery, toespraak, voordrag en redenasies oor heling te volg. Om dit op die navorsing van toepassing te maak, kies ek die metafoor van stemme, want in enige gesprek, toespraak, voordrag en redenasie is daar stemme nodig om die denke waaroor die stem praat, te kommunikeer.

Terre Blanche en Kruger (1999:37) verstaan diskoerse as ‘n sisteem van stellings wat realiteite konstrueer. Die funksie van diskoers is om sosiale objekte, natuurlik, redelik en werklik te laat lyk, om ‘n wêreld daar te stel waarin spesifieke tekste mag floreer (Terre Blanche & Kruger, 1999:37). Terre Blanche en Kruger (1999:38) toon aan dat die proses om ‘n diskoers te probeer verstaan, verandering bring in die mense wat dit probeer verstaan. Vrae kan wees: Wat doen hierdie teks? Hoe doen die teks dit?” (Terre Blanche & Kruger, 1999:38).

“This means that in many ways we see or experience what we think we see and experience, and our thinking is structured by socially-conditioned linguistic rules and metaphors which in themselves embody deep metaphors” (Pattison, 1989:35). Lowe (1991:44) noem dit **diskoerssensitiwiteit** en sluit aan by Odendal (1984:158) om diskoers in terme van die proses van gesprekvoering te verklaar. Toe ek dit verstaan, kon ek na die stemme begin luister.

2.1 Stemme

Daar is deesdae ‘n magdom boeke, artikels, TV- en radioprogramme oor die onderwerp van genesing. Daar is sprake van genesing waar die klem meer op

die genesende krag val wat by die mens ingebore is en wat net ontgin moet word. Hier word genesing gefasiliteer en gesien as deel van die normale menslike bestaan (Wildwood, 1997; Thomas, 2000; Bays, 1999; Liberman, 1995).

Genesing is een van die modewoorde van ons tyd. "*Health becomes another commodity in the marketplace, a means for securing prestige, pleasure and power*" (Luscombe in Allen et al., 1991:45). 'n Volgende probleem is dat ons in die era van kitsoplossing leef (Ulanov, 1998:3). Morris (1998:16) brei verder op die probleem uit:

"The public taste for quick fixes through drugs and surgery, as deeply rooted as the taste for fast food and the fifteen minute oil change, helps keep the biomedical model in business at a time when a number of doctors and caregivers are coming to recognize its limitations".

Wilkinson (1980:vii) sien dit as 'n probleem en verduidelik die probleem as 'n ongesonde fokus op die mens en die minagting en swak verstaan van die Bybelse aspekte oor die tema. Wilkinson (1998:v) skryf in 'n latere bron dat daar maar weinig bronne is, wat genesing vanuit die Bybelse konteks bestudeer.

Vanuit verskillende oorde word daar aandag aan genesing gegee wat wissel van geestelike genesing, en mediese behandeling, tot Oosterse filosofieë. Dan is daar ook die wondergenesings van TB Joshua, Carel Bonke en Bennie Hinn. Skrywers uit verskillende religieuse agtergronde probeer elkeen beskryf hoe hierdie genesings plaasvind (Craffert, 2002; De Klerk, 1998; Marais, 1997; Sherwood, 2000). Dan is daar ook groepe wat siekte steeds soos in die Bybelse tyd aan demoniese magte toeskryf. Boeke verskyn met die oog op gesonde eetgewoontes wat genesing bevorder (Van der Merwe, 1999). Genesing word deur sommige binne die spontane genesingsprosesse verstaan wat voortdurend in die liggaam plaasvind (Sherwood, 2000; Steenkamp, 1991). Dit

het 'n uitwerking op die manier waarop die mens oor genesing dink, en gee onder andere daartoe aanleiding dat mense gesond gemaak wil word en na vinnig werkbare oplossings soek.

Selfs die geskiedenis van die mens is deurtrek van mites, legendes en gevallestudies wat daarop wil aanspraak maak dat mense in nood hulp ontvang het. Dit is moontlik dat die meeste van die antieke terapieë ontstaan het toe die primitiewe pasiënt en geneser saam na inligting gesoek het. Die mens het meestal antwoorde vir siekte en genesing gesoek deur hulself na die manier waarop hul na die wêreld gekyk het, te wend. Die mens het veral demone, engele of feëttjies met hierdie temas verbind. Die ondervindings en visie van die mens was tot die beperkte omvang van sy ondervinding van die lewe beperk.

Die Westerse mens het in sy strewe na gesondheid sy hoop op medisyne geplaas. Die vraag is of medisyne wel die antwoord is, veral vir die menslike psige se probleme en siektes. Die mediese wetenskap het nie in die twintigste eeu bevredigende oplossings vir die mens se psigiese toestande gebring nie. Die grootste rede hiervoor is dat die hele benadering simptomegerig, eerder as mensgerig is (Steenkamp, 1991:140). Dit is vir my duidelik dat daar tans 'n groot hoeveelheid inligting, filosofie, mediese verklaring en wyd uiteenlopende standpunte oor genesing is.

Pattison (1989:1) maak die opmerking: *“There is no area of human and religious life which is more important than that of illness and healing, yet very few of the works which spew from the presses of publishers riding the crest of a wave of popular contemporary interest do any kind of justice to the depth and complexity of the subject matter with which they have to deal. With one notable exception, the spirit of hard-headed critical exploration seems to have deserted recent Christian writing on healing and illness. It has been replaced by endless exhortations to become involved in a religious healing ministry, by testimonies from those who*

have experienced the power of religious healing, and by handy manuals which instruct on how to conduct religious healing”.

Hierdie navorsing vind nie aansluiting by die populêre stroom materiaal wat Pattison (1989:1) beskryf nie. Ek werk ook nie met die doel om aan die einde van die navorsing ‘n handige gids oor genesing daar te stel nie. Ek doen navorsing oor heling in reaksie op die magdom materiaal en diskoerse wat daar tans oor genesing heers.

Dit klink vir my asof daar baie stemme is wat iets oor genesing wil sê. Ek wonder watter stemme dié is wat ons moet hoor. In vandag se samelewing met al die verskillende siektes en diskoerse oor dié siektes, word ons genoodsaak om weer na ons wortels terug te keer, en opnuut na antwoorde te soek (Pattison, 1989:2; Van der Merwe, 1997:5).

In die soeke na antwoorde is die proses wat gekies word belangrik. Ek vind aansluiting by Craffert (2002:1) en Pattison (1989:2) wat aandui dat daar nie ten opsigte van oorvereenvoudige oplossings of antwoorde gedink moet word nie, maar soos Louw (1997:21) voorstel, eerder na antwoorde binne ‘n Afrika-konteks gesoek moet word. Wat beteken genesing dus binne ‘n Afrika-konteks? Wat sou genesing in die verskillende Afrika-kulture beteken? *"While illness and disease are part of the fabric of human life, different cultures have dealt differently with them"* (Craffert, 1999:1). Dit is moeilik om sekere denkpatrone van ander kulture te verstaan, maar dit is makliker om die kultuurverhale te verstaan (Ledwell-Brown & Dias, 1994:165). Ek beoog om in die navorsing ‘n alternatief te soek, in reaksie op die magdom boeke en diskoerse wat bloot die populêre stem verteenwoordig.

2.2 Alternatiewe stemme

"Illness somehow defines us. It tells us who we are. It informs us, in a

sense Nietzsche understood in his bones, that we are creatures marked by a uniquely unstable relation to health...Walk through any suburban mall, however, and you cannot avoid seductive displays promising miracle cures, ageless bodies, and perpetual well being, as if our main task in life were to defeat mortality. The search for perfect health and vigor is an ancient impulse" (Morris, 1998:1)

Ek wonder oor die alternatiewe stemme oor genesing. Brandon Bays se verhaal vertel 'n storie van 'n alternatiewe diskoers (*The Journey*, 1999). Sy het een oggend in 1992 wakker geword en beseft dat sy nie langer van die dokter af kon wegbly nie, want dit wat in haar ingewande gegroei het, het groter en groter geword. Brandon het bekend gestaan as 'n persoon wat gesond geleef en geëet het en daaglik geef het. Met verloop van tyd het sy beseft dat iets nie heeltemal pluis in haar ingewande was nie, want sy het bloeding op haar onderklere begin waarneem.

Sy het die dokter besoek en moes die skokkende diagnose aanhoor dat sy 'n tumor in haar ingewande gehad het wat vinnig van haar borsbeen na die res van haar liggaam versprei het. Volgens die dokter was 'n operasie onvermydelik! Hulle sou binne 'n week moes opereer indien hulle haar lewe wou red. Vir Brandon (1999) was dit 'n krisis, omdat die dokter die tumor as 'n bedreiging van buite die liggaam gesien het. Sy het vas geglo dat die tumor deel van haar liggaam was en iets vir haar wou sê.

Wat Brandon toe gedoen het, was heeltemal teen die dokter se aanbeveling. Sy het die norm uitgedaag! Sy het geweier om geopereer te word. Die dokter het haar dertig dae gegee om te kyk of die bloeding wou stop. Sy het na haar eie liggaam en die boodskappe daarvan begin luister. Sy het nie die tumor as iets buite haarself gesien nie, maar as iets binne haar. Die tumor is as 'n ligaamsboodskap beskou, en sy was bereid om daarna te luister. Sy het met die nodige hulp na die boodskap van die tumor begin luister, en nadat sy dit

beleef en herontdek het, het haar bloeding gestop.

Wat haar verhaal vir ons wil uitlig, is dat die mens se gedagtes en liggaam saamwerk, en dat die brein nie noodwendig die oorheersende faktor is nie. Met hierdie verhaal wil ek 'n alternatief uitlig. Die mens se liggaam is voortdurend besig om te kommunikeer, daarom moet die mens na die boodskappe luister (Steenkamp, 1991:139). As die mens na hierdie boodskappe luister, vind die mens se sisteem weer harmonie.

'n Alternatief is om na ander moontlikhede as die norm te soek. Alternatiewe bevraagteken die werkswyse wat as norm geld. Hier moet gevra word wat die norm is. Binne die narratiewe benadering is die vind van die alternatiewe storie soms die unieke uitkoms. Alternatiewe daag ons ook uit om meer van die lewe te verwag as dit waaraan ons gewoon is (Thomas, 2000:4).

Met hierdie navorsing sal daar na alternatiewe gesoek word ten opsigte waarvan ander maniere van dink gehoor moet word. Daar word aan die volgende vrae gedink: Wat is die alternatiewe terapieë wat nie as norm geld nie? Wat kan by die terapieë geleer word? Hoe kan die huidige narratiewe terapie daarby baat? Wat is die alternatief om vir alternatiewe te soek? Is die soeke na alternatiewe die enigste manier om heling na te vors? Wat sal gebeur as die alternatief die norm word? Ek wonder self en is in alternatiewe op die norm geïnteresseerd.

Wat beteken dit om gesond te wees? Wat is die kenmerke van iemand wat gesond is? Hoe kan die gebrokenheid van die wêreld genees word? Hoe kan ons met enige betekenis oor gesondheid praat as daar byvoorbeeld kinders is wat steeds sonder kos, skoon water en veilige huisvesting is? As ons sê dat ons Christene is, waar soek ons na heling, en wat beteken dit vir ons? Dit is dus nodig dat ons nuut oor heling moet begin dink, in terme van 'n nuwe taal, nuwe woorde en alternatiewe stories.

Die vrae wat Pattison (1989:142-143) oor siekte en heling vra, gee perspektief en rigting om in 'n nuwe taal, met nuwe woorde en alternatiewe stories te begin dink:

- 1 Wie moet besluit wat siekte en heling is?
- 2 Wat is die verhouding tussen siekte en heling?
- 3 Dien die huidige verstaan van siekte en heling enige doel? Het dit enige voordeel? Watter verlies is daar by mense ten opsigte van die huidige manier van verstaan van siekte en heling?
- 4 Wat is die kennis en taalsisteme wat gebruik word om siekte en heling te omskryf? Watter sisteme is normatief, en waarom?
- 5 Watter sisteme word as ongeldig beskou, en waarom word dit so beskou?
- 6 Wie se perspektiewe oor siekte en heling word totaal geïgnoreer?
- 7 Komplimenteer die verskillende diskoerse oor heling mekaar, of is daar konflik? Wat is die natuur van die konflik of raakpunte?
- 8 Watter ingesteldheid en verstaan word tydens siekte en heling ten opsigte van oorsaak, gevolg, verantwoordelikheid en God aanvaar? Is daar verskillende maniere waarop siekte en heling binne verskillende situasies verstaan word?
- 9 Wat moet die verhouding tussen dié wat siek is, en die sisteme van heling of genesers wees?
- 10 Watter perspektief bied die Christelike denkraamwerk binne die huidige wêreld? Watter faktore, insigte perspektiewe en inligting moet in berekening gebring word?
- 11 Verstaan Christene siekte te eng, te algemeen en te vereenvoudig?
- 12 Verstaan Christene heling in terme van gemeenskappe of in terme van individue?
- 13 Is die reaksie van Christene sensitief vir God se doel en werk ten opsigte van alle mense? Hoe is dit in pas met ander terapeutiese

sisteme se verstaan?

14 Help ons verskillende maniere van verstaan mense, of beskadig dit hulle? Hoe weet ons dit? Hoe kan ons dit uitvind?

15 Watter uitwerking het konflik en mag op denksisteme van heling en siekte?

16 Watter waardes en magsverhoudings word bevestig of ontken deur spesifieke perspektiewe op siekte en heling en die praktyke waarmee dit geassosieer word?

Daar is geen maklike en vinnige antwoorde op hierdie vrae nie. Dit is nie net 'n wyer lens om na heling te kyk nie, maar nooi my as navorser uit om na meer stemme te luister. In aansluiting by narratiewe navorsing bied dit 'n alternatiewe manier van soeke na antwoorde.

2.3 Heling of genesing?

In die bespreking oor diskoerse van heling kom die twee terme **heling** en **genesing** na vore. Ek meen dat die twee terme nie wissel terme is nie. Om diskoerse van heling te verstaan, is dit nodig om die twee terme van mekaar te onderskei.

Ek sluit ten nouste by Wildwood (1997:5) aan wat aandui dat heling nie noodwendig die verdwyning van fisiese simptome is nie. Mense kan byvoorbeeld siek wees, maar heling ervaar. Heling kan onder andere die herontdekking van die kosbaarheid van lewe wees, te midde van kroniese siekte, soos byvoorbeeld kanker (Wildwood, 1997:5). Ek verstaan heling as die manier van dink oor siekte waar daar nie sprake van kitsoplossings is nie. Ek wonder of huidige wêreldbeelde nie nog in die paradigma van genesing vasgevang is nie. Willis (2000:357) ondersteun die gedagte dat daar 'n paradigmatuif van genesing na heling gemaak moet word. Ek het Willis (2000:357) se standpunt getabuleer om die onderskeid aan te toon:

Genesing

Fokus op 'n liggaamsdeel
Die afwesigheid van siekte
Genesing van die liggaam

Heling

Fokus op die mens as geheel
Ervaring van heelheid tydens siekte
Heelwording by die mens as geheel

Die betekenis van heling is wyer as dié van genesing. Neem as voorbeeld 'n kind wat deur gesinsgeweld fisiese en emosionele wonde opgedoen het. Wanneer die kind die hospitaal verlaat met verbande en steke wat die wonde toemaak, word die kind as genees beskou. Die dieper vraag oor die gesinsdinamika wat nog onveranderd voortgaan, handel oor heling. Die kind kan dus genees wees, maar het nog nie heling ervaar nie. Dieselfde met 'n volwassene wat 'n hartomleiding ondergaan het en daarna by die huis voortgaan met rook en 'n ongesonde lewenswyse (Willis, 2000:358).

Henry Nouwen (1979) maak van die metafoor *Wounded Healer* gebruik waarin hy betoog dat ons deur ons gebrokenheid, ten spyte van eie siekte, 'n bron van genesing vir ander kan word. In my eie verwysing dink ek aan gebrokenheid as vertrekpunt, en nie genesing nie.

Ek kies die woord **heling** omdat genesing te veel met selfhelpgidse, die fokus op selfgenesing, die onderskeid tussen geestelike genesing, geloofsgenesing en liggaamlike genesing geassosieer word. Genesing word ook sterk met voorwaardes en reëls geassosieer, soos byvoorbeeld die nakoming van 'n spesifieke wêreldbeeld as oplossing. Genesing dui vir my ook te veel op die ongesonde vertrekpunt wat veronderstel dat ons gesond kan wees nadat ons sekere reëls nagekom het. Genesing het ook vir my te veel te make met illusie en valse verwagting. Genesing tref 'n onderskeid tussen dié wat verstaan wat reëls is en dié wat nog moet leer. Hierdie woord wat vir soveel iets is wat verstaan en nagejaag moet word, is vir my eerder 'n woord wat as metafoor van selfvernietiging dien.

Die verhaal wat Yancy (1990:16) van Claudia vertel, bevestig die idee dat mense met vooropgestelde idees oor genesing dink. Claudia was met limfklier kanker in die hospitaal. Hierdie verhaal bevestig ook dat die maniere van dink oor siekte 'n uitwerking op die siek persoon het, veral ten opsigte van genesing. Claudia het gehoop dat die Christene wat haar besoek, haar moed en hoop sou inpraat. Die stemme wat haar besoek het, het egter meer onsekerheid as hoop gebring.

Die diaken van haar kerk het haar daarop gewys dat God besig was om haar iets te leer en dat sy iets verkeerd gedoen het waarvoor God ontevrede was. 'n Volgende besoeker het haarself as iemand gesien wat siek mense moes opbeur, en telkens as Claudia oor haar siekte wou praat, het die dame dit weggepraat, of met lofliedere doodgesing. 'n Volgende dame het Claudia besoek en haar meegedeel dat siekte nooit God se wil is nie, maar dat dit die duiwel is wat mense siek maak. Sy het Claudia aangemoedig om aan die belofte van genesing vas te hou en oorwinning moes eis. Verder het sy Claudia ingelig dat sy net haar geloof moes versterk om genesing te kry.

Die volgende paar dae het Claudia met uitputtende gevolge probeer om haar geloof op só 'n vlak te kry dat sy gesond kon word. Sy het later moed opgegee. 'n Volgende dame het 'n paar boeke saamgebring wat aangetoon het dat Claudia net moes leer om God vir die siekte en pyn te prys. Claudia se gedagtes het egter drogbeelde van God begin skep, en sy het ervaar dat God vreugde daarin vind om mense te laat swaarkry.

Claudia se pastoor het opgedaag en haar meegedeel dat sy op 'n heilige missie is en dat God 'n baie spesifieke plan vir haar lewe het. Hy het haar meegedeel dat God haar uitgekies het om swaar te kry, en dat Hy haar daarvoor sou beloon. Yancy (1990:18) vertel hoe die besoekers Claudia met hul veralgemenings oor siekte en genesing verwar het.

As ek voortaan in die navorsing die twee begrippe gebruik, is dit dus nie as wisselterm of kontrasterende terme nie, maar as begrippe met verskillende betekenis. Ek het ook nie iets teen genesing nie, want genesing vind wel plaas, maar ek is meer in heling geïntereesed.

<i>Heling</i>	<i>Genesing</i>
Geen kitsoplossing nie, maar 'n proses	Soeke na 'n kitsoplossing
'n Manier van dink oor siekte/toestand	Ontslae raak van siekte/toestand
Wêreldbeeld nie voorwaarde vir heling nie	Wêreldbeeld nodig vir genesing
Gebrokenheid as vertrekpunt	Gesondwees as vertrekpunt
Fokus op die mens as geheel	Fokus op 'n liggaamsdeel
Ervaring van heelheid tydens siekte	Afwesigheid van siekte
Heling van die mens as geheel	Genesing van die liggaam

Ek maak die keuse om heling na te vors. Dit is egter so dat daar min bronne oor die tema van heling is, en uiteraard moes ek na bronne wat met genesing te make het, verwys.

2.4 Gevolgtrekking

- Daar is 'n verskil tussen genesing en heling.
- Daar is navorsing oor genesing en siekte gedoen en die tema word deur 'n wye veld van diskoerse gedek.
- Navorsing tot op hede is op verskillende areas soos die teologie, die medisyne en alternatiewe benaderings gedoen.
- Daar is verskillende stemme oor genesing.
- Daar is min stemme oor heling.
- Daar is van die vroegste tye af na antwoorde op genesing en siekte gesoek.
- Daar is alternatiewe stemme wat waardevol vir die pastoraal terapeutiese situasie kan wees.

- Daar is ruimte vir navorsing oor die stemme van heling.
- Navorsing oor heling is nie binne die narratiewe denkraamwerk gedoen nie.

2.5 Doelstelling

- Om op die verskillende stemme van heling te fokus om daarmee die tema van heling in ons tyd te verstaan.
- Om na alternatiewe verhale op die norm te soek en/of alternatiewe binne die norm te hoor.
- Om die stories in gesprek met die geskrewe bronne te bring.
- Om oor mense se verstaan van God binne heling te wonder.
- Om na mense se ervaring van heling te luister.
- Om myself binne die narratiewe navorsingsmodel te posisioneer.

3 Praktiese teologie

Viau vertel in sy boek *Practical Theology* (1999) se inleiding die verhaal van sy besoek aan die Louvre museum in Parys. Wat sy aandag in die museum getrek het, was die Assiriese beelde. Een van die beelde was 'n groot bul, wat blykbaar in antieke tye voor die tempel sou staan. Wat merkwaardig van die bul was, was die grootsheid en die simboliek wat dit uitgebeeld het. Tog was daar iets aan die bul wat Viau onrustig gelaat het. Nadat hy 'n paar maal rondom die bul geloop het, het hy agtergekom wat die onrustigheid veroorsaak het: die bul het vyf bene gehad. Van voor af het die bul soos enige ander bul gelyk, maar nadat hy 'n paar maal rondom die bul geloop het, kon hy eers later die vyfde been raaksien.

Een ding wat wel met Viau gebeur het, was dat die bul dadelik sy verbeelding aangegryp het. So beweer Viau moet dit ook met die praktiese teologie wees - nie dat dit vyf bene moet hê nie – maar dat dit 'n mens laat

wonder. Dit moet die verbeelding aangryp en iets misterieus in die mens. losmaak Wanneer die verbeelding en die mistieke gevoel mekaar ontmoet, maak dit 'n religieuse ervaring los.

Daarom wonder ek oor praktiese teologie en waarom daar so baie teorieë is. Daar is vir my 'n spanning tussen praktiese teologie en teorieë oor praktiese teologie. Müller (1996:1) en Browning (1991:7) hanteer die spanning deur van 'n geïntegreerde sirkulêre model gebruik te maak, wat verklaar word as die heen en weer beweeg tussen teorie en praktyk. Dit word omskryf as prakties-teologiese wysheid wat 'n integrasie van teorie en praktyk is.

Teorie begrens die unieke uitkoms en wil dit amper binne 'n beheerde atmosfeer plaas. Reeds gevestigde teorie oor praktiese teologie moet bevraagteken word. Viau (1999:9) gee die volgende redes. Die mens se brein is lui en wil vinnig gevolgtrekkings maak. Opvoeding is soms rigied en laat geen ruimte vir ontwikkelende denke nie, en dan laastens word vorige teorieë soms as prestige teorieë hanteer.

Wat is 'n teorie? Wat is 'n konsep? Wie bepaal wanneer teologie prakties is en wie nie? Wie bepaal wanneer praktiese teologie legitiem is? Wie gee sin aan interpretasie? (Foucault, 1972:6). Hierdie vrae neem my verder op die verbeeldingstog oor praktiese teologie. Nuuskierigheid wat eie aan die narratiewe benadering is, stimuleer my om na dit te soek wat my nuuskierig en/of ongemaklik oor heling laat voel. Dit moet eerder op die vlak van kreatiewe wetenskap lê. Navorsers is legkaartbouers (Polkinghorne, 1983:3). Kreatiwiteit en verbeelding is nodig om die legkaart te bou. Elke stukkie wat inmekaar pas, vorm deel van die navorsingsproses.

Dit kan selfs gebeur dat ons soveel teorie oor die bul wil bespreek dat die misterie nie werklik verstaan word nie. Dit is ook hier in die bespreking van praktiese teologie nodig om van subjektiwiteit melding te maak Dit is nodig om

standpunt in te neem teen 'n egosentriese interpretasie van subjektiwiteit (Heitink, 1999:264). Die rede is dat enige mens wat subjektief is, steeds in 'n verhouding met ander mense staan. Daarom moet subjektiwiteit binne die verhoudings verstaan word waarbinne ek as navorser beweeg, en wat deel van my eie sosiale konstruksie uitmaak. 'n Deel van dié subjektiwiteit van die navorsing, en veral die praktiese teologie, is dat dit 'n deel uitmaak van mense wat bevoorreg is. Daarom wonder ek hoe iemand wat minderbevoorreg is, praktiese teologie hier sou beskryf. Hoe sou iemand binne 'n ander kultuur of sosio-ekonomiese agtergrond praktiese teologie beskryf? As hierdie tipe vrae nie gevra word nie, kan ek as navorser vinnig in my eie voorveronderstellings van die praktiese teologie vasval.

'n Goeie voorbeeld van kondisionering en voorveronderstellings is die hoeveelheid woorde wat deur navorsers aangedui word om die praktyk van teologie te beskryf: praktiese denke, praktiese wysheid, phronesis, praxis, dialoog, gesprek en kommunikasie. Het die tradisie van die praktiese teologie ons nie meer verwar as wat dit sin gegee het nie? Het die definisies nie ook 'n spesiale status aan 'n spesifieke persoon of groep verleen nie? Is dit nie juis al die beskrywings wat unieke uitkomst inhibeer nie?

"The foundationalist impulse resulted in a parallel and equally destructive retreat of theology into the ivory tower. Captivated by the spell of science, modern theologians - whether liberal or conservative - believed that they could emancipate the theological enterprise from the competing confessional churches and discover the one, true ecumenical theology. As a consequence, theology became a discipline within the academy, which required that the theologian park personal faith outside the door of the theological laboratory. In this manner, theology shed its older identity as people of faith "seeking understanding" and became the enterprise of the skilled specialist who approaches the endeavor as a neutral observer" (Grenz, 2000:300).

Grenz (2000:301) stel 'n *Nonfoundational Theology* voor, wat die narratiewe strukture van die menslike bestaan ernstig opneem. In die middel van die *Foundational Practical Theology* en die *Nonfoundational Practical Theology* word die *Post Foundational Practical Theology* deur Müller (2004:297) beskryf. Ek maak nie 'n keuse tussen die tipes teologieë nie, maar ek gebruik elke benadering se teorie as deel van my verstaansproses.

Post Foundationalist Practical Theology wat Müller (2004:301-304) voorstel, bied sewe bewegings wat raakpunte met die navorsingsmodel wat ek kies, het (*Fiction Writing as Metaphor* – Müller et. al., 2001):

- 1 'n Spesifieke konteks soos byvoorbeeld heling word beskryf. Onderhoude word met ten minste tien persone wat in die spesifieke veld werksaam is, gevoer. Die interpretasie van die onderhoude vind op 'n sosiaal-konstruksionistiese wyse plaas.
- 2 Ervaring van 'n tema word binne konteks gehoor en beskryf. Dit sluit onderhoude met mense in wat die tema van verskillende kante beskryf.
- 3 Interpretasies van ervarings word gemaak, beskryf, en samewerking met medenavorsers word ontwikkel. Hier word na betekenis geluister wat die medenavorsers aan die ervarings heg.
- 4 Literatuur wat 'n beskrywing aan die ervaring van 'n spesifieke saak gee, word bestudeer. Hier word diskoersanalise gedoen.
- 5 Refleksie op die godsdienstige en geestelike aspekte vind plaas, veral dit wat op die verstaan en ervaring van God se teenwoordigheid dui. Die vyfde beweging vind ook binne die sosiaal konstruksionistiese proses plaas.
- 6 Literatuurstudie word gebruik om 'n grondige beskrywing van die ervaring te gee. Literatuurstudie, onderhoude met kundiges uit verskillende dissiplines en fokusgroepe word hier gebruik.

- 7 Alternatiewe interpretasies “*that point beyond the local*” (Müller. 2004:304) word ontwikkel. Hier moet die verskillende stories in die navorsing in ‘n nuwe storie van begrip ontwikkel, veral om negatiewe diskoerse te dekonstrueer.

Daarom moet ons dit waarmee ons so bekend geraak het, bevraagteken (Foucault, 1972:22). Dreyer (1998:14) steun ook die gedagte dat daar 'n verandering in die praktiese teologie, en die uitwerking wat dit op navorsing binne die praktiese teologie het, plaasgevind het: "*The result was an 'empirical turn' in practical theology: the adoption of social scientific methods to carry out empirical research...*".

In hierdie navorsing wil ek nie by die keuse van die regte woord en/of 'n beskrywing van wat die praktiese teologie in wese is, betrokke raak nie. Die verhaal van Viau veronderstel dat daar vanuit verskillende hoeke na die bul gekyk moet word, voordat daar werklik begryp kan word wat die simboliek agter die bul is. Daarom is dit noodsaaklik dat praktiese teologie nie eensydig verstaan moet word nie.

Die beskrywing van praktiese teologie is ook nie so eenvoudig nie, dit hou verband met die spanning tussen diskoers en belewenisse. Elke navorsers sal die praktiese teologie vanuit 'n eie diskoers en belewenis beskryf. Ek kies in hierdie navorsing om te wonder hoe dit sou wees indien die praktiese teologie holisties verstaan word. Ek vind aansluiting by Browning (1991:IX) dat die teologie 'n praktiese dissipline is. Wat is die sin van teologie? Watter sin maak die teologie as dit nie prakties is nie? Waar moet die teologie prakties raak? Wat het ons nodig om oor heling te weet, sodat ons verbeelding geprikkel kan word?

Daarom verkies ek om binne die praktiese teologie met metafore soos verbeelding, die nuwetende posisie, storie-ontwikkeling, sosiale konstruksie,

unieke uitkomst te werk wat alles metafore van die narratiewe benadering is. En saam met die gebruik van hierdie metafore die navorsingsverhaal te ontwikkel.

Soos Viau (1999) se belewenis en vrae oor die bul in die Louvre gegroei het totdat hy sy onrustigheid begryp het, moet ons ook in die praktiese teologie groei totdat ons 'n spesifieke vraagstuk begryp. Dit kry mens wanneer daar vanuit verskillende hoeke op 'n spesifieke vraagstuk gefokus, en genoeg ruimte vir die verbeelding gelaat word. Dit laat die ruimte om binne die praktiese teologie narratief te werk te gaan deur geleentheid vir storie-ontwikkeling en die soeke na unieke uitkomst te gee.

As deel van die verstaansproses maak ek van metgeselle gebruik om saam met my om die bul te loop. Die metgeselle is mense - vanuit verskeie realiteite - wat hulle eie, persoonlike verhale in hoofstuk twee vertel. Die doel is om ware stories te gebruik om iets van die diskoers van heling te hoor. 'n Volgende metgesel is die geskrewe en mondelinge bronne in hoofstuk drie waarmee saamgeleef word om die verstaansproses vanuit 'n teologiese realiteit te belig. Metgeselle vanuit die alternatiewe terapie sal in hoofstuk vier lig op 'n alternatiewe diskoers werp.

4 'n Narratiewe benadering

Ek sluit by Müller (2000:1) aan om misverstande oor die narratief of verhalende paradigma uit die weg te ruim. Die eerste misverstand wat uit die weg geruim moet word is dat die verhalende benadering net om stories gaan. Hier word veral aan kampvuurstories gedink. Die narratiewe benadering gaan oor meer as stories. Hierdie misverstand veroorsaak dat mense die narratiewe benadering as te eenvoudig ag. Die tweede persepsie oor die narratiewe benadering is dat dit slegs vir letterkundiges bedoel is. Hierdie misverstand maak mense moedeloos, omdat hulle nie lus is vir verhaalanalises nie.

Giles (1997:26) maak die opmerking dat ons in die voortgaande stories van ons gemeenskap of gemeenskappe gebore word. Die uitwerking wat die gemeenskap se storie op my as navorser het, kan en mag ek nie buite rekening laat nie. “Werk ‘n mens verhalend, besef jy ook toenemend dat jyself volkome deel is van dit wat jy probeer aanbied” (Müller, 2000:2). Iemand wat ‘n storie vertel, maak iets van die self bekend (Polkinghorne, 1988:167).

Die mens is elke dag besig om stories te leef en te konstrueer. Dit is nie net die individu wat die storie alleen konstrueer nie, maar die samelewing wat saam waarde en betekenis daaraan heg. Die mens is nie net besig om stories uit te leef en te konstrueer nie, maar om in terme van stories te dink (Freedman & Combs, 1996:18; Polkinghorne, 1988:13). Die storie wat geleef, gedink en gekonstrueer word, word ook beleef. Elke persoon se ervaring van die lewe is ingebed in ‘n netwerk wat iets van die persoon se lewensverhaal of lewenstorie vertel. Voorbeelde van narratiewe sluit persoonlike en sosiale geskiedenis, mites, feëverhale en die alledaagse stories in wat ons verduidelik om ons of andere se aksies te verstaan (Polkinghorne, 1988:1).

‘n Storie help mense om tot begrip te kom. Freedman en Combs (1996:1) beklemtoon die feit dat die konstruksie van ‘n storie deeglik verstaan moet word. Stories vertel nie bloot die lewensverhaal nie, dit help ons ook om ons lewens te organiseer. Dit help ons om sin aan ons bestaan te gee. Stories is ook ‘n aanbieding, waarmee die verteller iets van die self bekend maak. Hierdie bekendstelling word in verskillende episodes aangebied.

Ons moet die narratiewe benadering binne die postmoderne denkraamwerk verstaan. Janse van Rensburg (2000:1) dui daarop dat die pastor in die moderne era as ekspert optree, en in die postmoderne era sal die kliënt as die ekspert optree. Die narratiewe benadering word veral daardeur gekenmerk dat daar nie iets soos objektiwiteit is nie, maar dat betekenis deur die sosiale konstruksie geskep word. Onderliggend aan die metafoer is dat daar nie

iets soos universele, objektiewe kennis is nie.

Die mens konstrueer realiteite, kennis of waardesisteme deur middel van taal. Ons konstrueer kennis en betekenis deur 'n taalspel te ontwikkel. Hierdie taalspel kan as narratiewe verstaan word. Dit sien ons by kinders op 'n baie jong ouderdom. Kinders ontwikkel vroeg in hulle lewe die vaardigheid en behoefte om uitdrukking aan hulle daaglikse betekenis deur middel van spel te gee. Navorsing in ontwikkelingsielkunde toon dat kinders 'n narratiewe taal aanleer (Oscar & Paulo, 1999:1180).

Binne die narratiewe benadering word met metafore soos alternatiewe, unieke uitkomst en verandering gewerk. *“Change occurs by exploring how language is used to construct and maintain problems”* (Etchison, 2000:61). Die klem word onder andere op die idee geplaas dat probleme se oorsprong in sosiaal, kultureel en politieke kontekste gevind kan word (Etchison, 2000:61). Om tot 'n dieper begrip te kom, is dit nodig om probleme binne die konteks waarbinne dit gewortel is, te verstaan.

Müller (1996:97) stel voor dat wanneer daar oor 'n model vir narratiewe benadering gepraat word, daar nie in terme van 'n liniêre model gedink moet word nie. Daar word voorgestel dat die sosiale konstruksie van verskeie modelle tot een werkbare pastorale model geïntegreer moet word. Daar word gebruik gemaak van prosedures wat 'n aantal tegnieke insluit (Müller, 1996:98, Etchison, 2000:62). Etchison (2000:62) beskryf dit soos volg:

“Techniques included externalization (speaking of the problem as separate from the individual), relative influence questioning (exploring the influence of the problem in the individual and the individual on the problem), identifying unique outcomes and unique accounts (identifying times when there were exceptions to the problem), bringing forth unique redescriptions (attaching new meaning to behavior),...”

Hewson (1991:5) toon aan dat mense selektief onthou, en dat die onthou normaalweg deur die dominante storie gelei word. Die klem word dan op dekonstruksie as nog 'n gereedskapstuk geplaas wat binne die narratiewe benadering gebruik kan word. Watter waarde het hierdie gereedskapstukke? Is dit wat narratief behels, om 'n paar gereedskapstukke op te neem en navorsing te doen? Indien hierdie gereedskapstukke verkeerd aangewend word, kan dit meer skade as goed doen.

Die niewetende posisie moet ingeneem word en die vrae wat die navorsers vra, speel 'n belangrike rol. Die volgende moet in gedagte gehou word wanneer die gereedskapstukke gebruik word (Freedman & Combs, 1996:22):

- Realiteite word sosiaal gekonstrueer.
- Realiteite kom deur taal tot uitdrukking.
- Realiteite word deur narratief georganiseer en in stand gehou.
- Daar is geen essensiële waarhede nie.

Freedman en Combs (1996:40) brei hierop uit en gee die volgende vrae as riglyne wanneer binne die narratiewe benadering gewerk word:

- 1 Vra ons vir beskrywings van meer as een realiteit?
- 2 Luister ons op so 'n manier dat ons verstaan hoe die persoon se belewenis van sy/haar realiteit sosiaal gekonstrueer is?
- 3 Wie se taal word hier bevoordeel? Probeer ons werklik om die persoon na wie ons luister se linguistiese beskrywings te verstaan? As ek iets in my eie taal beskryf, waarom doen ek dit? Wat is die uitwerking van die verskillende taalbeskrywings wat voorkom?
- 4 Wat is die stories wat die probleem van die persone ondersteun? Is daar dominante stories wat die persoon en/of persone onderdruk of beperk? Watter stories van marginalisering word gehoor? Gee die

gesprekke aanleiding tot idees van ander gemarginaliseerde stories?

- 5 Fokus ons op betekenis eerder as op feite?
- 6 Is ons besig om mense te evalueer, of nooi ons mense uit om sake self te evalueer?
- 7 Is ons besig om opinies vanuit ons eie persoonlike belewenis te verstaan? Is ons deursigtig oor ons konteks, waardes en intensies, sodat ons eie opinies deur die mense getoets kan word wat deel van ander persone uitmaak?

Die rede hiervoor is dat vrae gevra word "*to generate experience rather than to gather information*" (Freedman & Combs, 1996:113). Dit plaas die klem weer eens op die belangrikheid van die sosiale konstruksie wat geskep word.

Die narratiewe benadering verskil van ander benaderings. Die narratiewe benadering wil ook die magspel wat in tradisionele benaderings aanwesig is, ontbloot. Ek kies die posisie van die "nuuskierige leerder" (Semmler & Williams, 2000:52) of die "*nonexpert*" (Walsh, 1998:332).

5 Narratiewe navorsing

5.1 Posisionering en begrening

"No single study can fully adress a topic that is as immense as postmodern culture...(Morris, 1998:11).

"An implication of recognizing our positions as researchers is to recognize that we are also included in the research context" (Mcclintock et al., 2003:726). As eerste beweging in die narratiewe navorsingsproses wil ek myself posisioneer. 'n Deel van die posisionering is om op die wetenskaplike paradigma waarbinne ek myself posisioneer, te fokus, en te besluit waarom ek myself binne die paradigma posisioneer.

Omdat ek subjektief by die navorsing betrokke is, kies ek beskrywende narratiewe navorsing (Polkinghorne, 1988:161). Die doel daarmee is om 'n beskrywing van die individu, sowel as groepe se interpretasies van diskoerse oor heling te gee. Die beskrywing sal vanuit my eie subjektiewe betrokkenheid by die tema plaasvind, deur van die opeenvolgende gebeurtenisse in mense se lewens wat vir hulle betekenis gee, gebruik te maak. Ek kies ook om kwalitatief te werk te gaan en deeglik na elke stem te luister.

In my navorsing kies ek om diskoerse van heling na te vors. Ek maak van tematiese navorsing gebruik wat na die verduideliking van gebeurtenisse en die beskrywing van prosesse soek (Rubin & Rubin, 1995:29). Hierdie prosesse is die verstaan of diskoers wat deur mense aan heling geheg word. Pattison (1989:35) toon aan dat hierdie prosesse van verstaan met waarde en betekenis gelaai is, omdat dit binne 'n spesifieke konteks plaasvind. Ek is oor die betekenis en waarde nuuskierig, en wil dit navors.

In positivistiese navorsing word dit 'n navorsingsvraag genoem. Normaalweg is dit die eerste fase van die navorsing waar die navorser 'n vraag moet formuleer, en waarvoor daar 'n antwoord gesoek moet word (Fox, 1999:189). Fox (1999:190) is nie ten gunste van 'n navorsingsvraag wat bloot in die begin geformuleer word nie, en maak die volgende opmerking: "*A research question would only emerge after a considerable period spent familiarizing oneself with the local issues*". Dit het my 'n geruime tyd geneem om my navorsingsvraag te formuleer.

Die navorsingsvraag van my studie handel oor die diskoerse van heling, met spesifieke verwysing na die waarde en betekenis wat binne 'n spesifieke konteks daaraan geheg word. Ek wonder oor vroeë soos watter waarde en betekenis mense aan heling heg, watter diskoerse die hoofstroomdiskoerse is, en hoe helend hierdie diskoerse is.

Die volgende vraag is hoe ek dit gaan doen. Ek maak gebruik van die stemme van mense as bronne, geskrewe bronne, kundige stemme op die vakgebied van heling vanuit die teologie, die sielkunde en die mediese wetenskap. As alternatief op die stemme van bogenoemde bespreek ek ook die teorieë van alternatiewe terapieë. Ek vind aansluiting by Fox (1999:197) wat voorstel dat navorsing daarop gemik moet wees om soveel moontlik perspektiewe te hoor, en om te aanvaar dat enige navorsing slegs die storie van 'n gegewe navorsingsproses vertel. Navorsing beskryf 'n gegewe realiteit van 'n spesifieke tyd en/of proses wat deur 'n gegewe navorser of navorsers gedoen is.

Geen navorsing kan egter 'n tema volledig navors of beskryf nie. Hierdie navorsing kon daarom nie daarin slaag om 'n volledige navorsing oor die tema van heling te wees nie. Enige navorser het blindekolle wat veroorsaak dat inligting, diskoerse, verhale en interpretasies uitgelaat word.

5.2 Van speurder na swerwer

"The ethos of modernism is typified in the consulting detective Sherlock Holmes...always ready to be astounded by the latest discovery. The icon of the postmodern is not western at all...It is the nomad. The nomad does not put down roots, or manipulate her environment to suit her needs and wishes. She does not seek control, she takes what is on offer, assimilates it, and moves on" (Fox, 1999:7).

Die filosofiese wortels van narratiewe navorsing lê binne die postmoderne, sosiale konstruksionistiese konsepte opgesluit (Semmler & Williams, 2000:52; Freedman & Combs, 1996:1; Müller, 1996:54). Blyler (1996) het 'n bydrae tot die verstaan van die ontwikkeling van narratiewe navorsing gelewer. In die artikel *"Narrative and research in professional communication"* word aangetoon dat die narratiewe diskoers 'n groot invloed op die verstaan van navorsingsmetodologie

gehad het en steeds het (Blyler, 1996:330). Die volgende voorbeelde word genoem:

- Navorsers het agtergekom dat baie van die inligting in die vorm van verhale was, en dat die navorser eintlik die verteller van die verhaal is.
- Verskeie dissiplines soos die sosiologie, antropologie en opvoedkunde het navorsingsmetodologie deur die lens van die narratiewe diskoers begin sien.
- Die narratiewe diskoers is altyd verstaan as die wyse waarop data opgeskryf word. 'n Radikale verandering het plaasgevind toe die narratiewe diskoers en die hermeneutiek iewers ontmoet het. Navorsers het in terme van: "*understanding of understandings*" en "*something is happening to the way we think about the way we think*" begin dink (Blyler, 1996:333).

Narratiewe navorsing is navorsing saam met mense, en nie oor mense nie (Mcclintock et al., 2003:715-731). Mense word by navorsing betrek. "*...we would choose not to use language such as 'research objects, or 'research population', but rather refer to them as research participants or co-researchers*" (Müller et al., 2001:2). Die navorser word deel van die navorsing en staan nie meer op die kantlyn as 'n objektiewe navorser nie. "*Researching with people allows this 'self development' role to be acknowledged*" (Mcclintock et al., 2003:716).

5.3 Metodologie

Polkinghorne (1983:4) verduidelik dat daar twee moontlikhede is waarvolgens navorsingsmetodologie kan plaasvind, naamlik voorskriftelik of beskrywend. Voorskriftelike metodologie het te make met die vaslegging van standaarde wat deur die navorser gevolg moet word. Polkinghorne (1983:4)

gaan verder deur nie een van die twee metodes as absoluut te kies nie. Inteendeel, hy is meer geïnteresseerd in die konstruering van metodes wat die bes moontlike antwoorde op die menslike aksies en skeppinge kan gee.

Die doel van narratiewe navorsing is belangrik. *“It should be stressed here, and again, however, that whether we want to push to discover the true account depends on our research purpose”* (Phillips, 1994:19). Een moontlikheid is om die bestaande verhale, soos wat dit deur groepe en individue verstaan word, te beskryf. ‘n Ander moontlikheid is om deur middel van narratiewe te verduidelik **waarom** sekere insidente plaasgevind het (Polkinghorne, 1988:161).

Dit is vir my belangrik om aan te sluit by wat vroeër gesê is. Müller et. al., (2001:5) gebruik die Polaroid-metafoor van Lamot om ontwikkeling te illustreer. So ontwikkel die navorsing ook stadig maar seker, totdat die prent vorm aanneem en duideliker word. Selfs nadat die navorsing klaar is, sal daar steeds ontwikkeling plaasvind. Ek steun die gedagte van Polkinghorne (1988:164) om eerder ‘n oper konteks te skep waarbinne die vertellers, meer beheer het oor wat vertel word, en hoe dit interpreteer word. ‘n Deel van die metode is om onderhoude te voer, nie deur vraagstelling nie, maar eerder deur verhale soos mense dit wil vertel.

Ek vind aansluiting by Müller et al (2001) en McClintock et al. (2003:727) wat ‘n gedeelde verantwoordelikheid in navorsing voorstel. Die verantwoordelikheid word tussen die navorser en die medenavorsers gedeel. Die uitdaging is nie om van een navorsingsparadigma na ‘n ander te beweeg nie, maar om weerstand teen stagnasie binne een navorsingsmetode te bied (Polkinghorne, 1983:9). Ek sluit aan by McClintock et al. (2003:716) wat die keuse maak om saam met mense navorsing te doen:

“The word ‘with’, in researching with people, emphasizes an endeavour to involve people in research...We need to include ourselves, as people, in

any research...we cannot step outside of our own understandings,actions and interests. Further, research offers a means by which we can reflect on, and change, our own understandings. Researching with people allows this 'self-development' role to be acknowledged. Researching with people is substantially different from researching on people...it aims to work with people on issues of concern".

Om narratiewe navorsing saam met mense te doen, het ook die volgende voordele (Fox, 1999:186):

- Dit bring mense met 'n verskeidenheid van kundigheid bymekaar.
- Navorsing raak deursigtig, omdat die inligting en navorsingsproses deur medenavorsers hanteer word.
- Die kwaliteit van die navorsing word verhoog, omdat daar groter insae in die proses is.

Dit is 'n groot avontuur om op hierdie manier navorsing te doen (Rubin & Rubin, 1995:1). Dit open ruimtes vir 'n beter begrip van die wyse waarop mense hulle eie leefwêreld beleef en verstaan.

Dieselfde uitwerking word verkry deur kwalitatiewe navorsing wat heeltemal van die positivistiese navorsingswyse verskil. "*A key dissimilarity is that qualitative interviews are a tool of research, an intentional way of learning about people's feelings, thoughts and experiences*" (Rubin & Rubin, 1995:1). Müller en Schoeman (2004:12) verleen 'n verdere dimensie aan die verstaan van die verskille tussen kwantitatief, kwalitatief en narratiewe navorsing. Ek bespreek die onderskeid kortliks.

Die kenmerke van kwantitatiewe navorsing is onder andere die klem wat op getalle en die waardes van veranderlikes geplaas word. Menslike gedrag word dan ten opsigte van die verskillende veranderlikes beskryf. Die doel

hiervan is om menslike gedrag te voorspel. Die persone oor wie navorsing gedoen word, word as die buitelanders gesien. Die persone wat nagevors word, het geen of weinig insae in die navorsing nie. Kwalitatiewe navorsing werk vanuit die veronderstelling dat die navorser in die binnekring beweeg (*'insider perspective'*). Die doel is om te beskryf en te verstaan.

Narratiewe navorsing word deur Müller en Schoeman (2004) beskryf as deelnemende aksienavorsing. Die persone oor wie die navorsing gedoen word, word deel van die navorsingsproses gemaak. Hier is meer sprake van interaksie tussen navorser en nagevorsde.

Phillips (1994) spreek kritiek teen veral die betroubaarheid van die narratiewe navorsingsmetode uit. Onder andere word gevra wat die uitvloeisel van narratiewe navorsing is. Is die stories nie net stories nie? Watter stories is die korrekte stories? Is die stories noodwendig waar, of is dit leuens? Wat is die doel van narratiewe navorsing? Polkinghorne (1988:161) sluit hierby aan en vra:

- 1 *"If one accepts the significance of narrative in the construction of human experience, how does one approach the study of human beings?"*
- 2 *"What do the results of these studies look like, and of what use are they?"*

Dit laat die vraag ontstaan wat narratiewe navorsing geldig maak. Die doel van narratiewe navorsing is nie om verandering te bring nie, maar om na stories te luister, en self by die stories ingetrek te word (Müller et al., 2001:65), asook om die stories wat nie normaalweg vertel word nie, te laat hoor.

5.3.1 Die geldigheid van navorsing

Rubin en Rubin (1995:85) onderskei tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes se geldigheid: Wanneer twee navorsers kwantitatiewe navorsing doen, behoort die twee navorsers aan die einde van die navorsing by min of meer dieselfde gevolgtrekking uit te kom. Dit is nie moontlik om dieselfde toets met kwalitatiewe navorsing te doen nie. *"Instead, researchers judge the credibility of qualitative work by its transparency, consistency-coherence and communicability..."* (Rubin & Rubin, 1995:85).

5.3.1.1 "Transparency"

Hierdie term beteken dat die leser van 'n kwalitatiewe navorsingsverslag die basiese proses van hoe die inligting versamel is, kan sien. Navorsing wat deursigtig is, laat die leser toe om die sterk, sowel as die swak punte van die navorsing raak te sien, daarom moet al die prosesnotas in aanmerking geneem word as die navorsing op skrif gestel word. Selfs die keuses wat deur die navorser of medenavorsers gemaak word, moet gedokumenteer word.

5.3.1.2 "Consistency-coherence"

Die doel van kwalitatiewe navorsing is nie om die onkonstandhede te illumineer nie, maar om noukeurig aandag daaraan te skenk. As van die gevallestudies/verhale verskillende stories oor dieselfde tema vertel, moet daar duidelik aangetoon word waarom een se storie bo 'n ander verkies word. Dit moet verduidelik word waarom daar verskille in die stories is wat aangebied word, asook wat die verskille beteken. Die verskille moet nagevors en bevraagteken word.

Twee verhale oor dieselfde tema moet teenoor mekaar opgeweeg word, en die navorsers moet die keuse maak om die kredietwaardige storie te laat

hoor. Dit kan ook nodig wees om die twee kontrasterende verhale te vertel om die konflik wat daar oor die tema heers, uit te lig. Laasgenoemde maak die navorsing meer kredietwaardig, omdat daar deeglik op die verskillende diskoerse oor die tema gelet word. In onderhoude moet daar na kontrasterende diskoerse geluister word, en hierdie kontraste moet weer bevraagteken word: Daar moet geluister word of die persoon homself weerspreek, en besluit word of dit nodig is om die kontraste ernstig op te neem.

Dit maak die navorsing meer kredietwaardig indien die navorser kan aantoon dat die tema dieselfde deur verskillende verhale beskryf word, of as dieselfde temas in verskillende verhale na vore kom.

5.3.1.3 “Communicability”

Die portret van die navorsing wat geskets word, moet vir die lesers werklik voel. Dit moet die navorsingsproses en belewenis aan die leser oordra. Lesers wat nog nooit met die tema te make gehad het nie, moet voel dat dit maklik en verstaanbaar is, asook dat die navorsing eg is. Elke hooftema moet deeglik beskryf word, en daar moet aangetoon word hoe elke tema bevraagteken is voordat dit deur die navorsers aanvaar is. Dit moet meld of die inligting eerstehandse inligting is, en of dit ander se ervaring beskryf. Die ervaring van diegene met wie onderhoude gevoer word, maak die navorsing geldig.

“Research that is designed to garner lots of evidence, that is vivid, detailed, and transparent, that is carefull and well documented, that is coherent and consistend is going to be convincing. These are the standards through which qualitative interviewing studies gain credibility” (Rubin & Rubin, 1995:91).

5.3.2 'n Metafoor

Mcclintock et al. (2003) sluit hierby aan en stel voor dat die regte metafore vir navorsing gekies moet word om die geldigheid van die navorsing te verseker. Daar word vier metafore vir navorsing voorgestel:

5.3.2.1 Navorsing as aksie

Met aksie word nie bedoel dat die navorser die navorsing doen nie, maar eerder dat ander mense/persone deel van die navorsing word. Die rede is om verskillende stemme, waarvan die navorser deel uitmaak, te hoor. Hier word ook kritiek uitgespreek teenoor die passiewe, objektiewe navorser, en 'n meer aktiewe, deelnemende navorser word voorgestel.

5.3.2.2 Navorsing as narratief

Navorsing as narratief het in wese met die keuse van navorsingsmetafore te doen. Dit het 'n nuwe verstaan ten doel. Narratiewe is ook van sekere metafore afhanklik. "*Research-as-narrative suggests that research works by describing, exploring and changing the metaphors used in a process of finding out during research*" (Mcclintock et al., 2003:721).

5.3.2.3 Navorsing as fasilitering

Die derde metafoor wat voorgestel word, bied die antwoord op die vraag: Wie doen die navorsing? Die navorser het die verantwoordelikheid om geleentheid te skep waar die persone wat in die navorsing betrokke is, die geleentheid kan kry om aan die navorsingsgesprek deel te neem. Die doel van die gesprek is om te verstaan. Die navorser inisieer die navorsing. Fasilitering beteken dat die navorser as dirigent optree wat die aan die orkes die geleentheid bied om die volle potensiaal van al die instrumente na vore te laat kom. Hier is

nie sprake van 'n manipulerende navorser nie.

5.3.2.4 Navorsing as verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid is op selfrefleksie en die bewustheid van moontlike vertrekpunte vir die navorser gebaseer. Verantwoordelikheid neem die plek van objektiwiteit in. As 'n aktiwiteit kan daar verskillende maniere van verstaan en verskeie metafore na vore kom. Navorsing kan nie resultate oplewer voordat dit nie voltooi is nie. Om 'n spatie vir navorsing te skep, is 'n tree in die rigting van verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid word die beste deur 'n selfreflekterende navorser beskryf. Navorsing as aksie, narratief en fasilitering is metafore wat op verantwoordelikheid dui.

5.4 Taal en betekenis

“The usage of the word healing is often like that described in the scornful reply of Humpty Dumpty to Alice: ‘When I use a word, it means just what I choose it to mean – neither more or less’” (Wilkinson, 1998:1).

Rubin en Rubin (1995:20) beskryf hoe mense die wêreld deur 'n gedeelde verstaan ("*shared understanding*") begryp. Mense leer kollektief hoe om te besluit wat belangrik is en wat nie. Kultuur bied die mens die maatstaf en reëls waarvolgens daar in die wêreld gefunksioneer word. Hierdie reëls dra betekenis. Brown (1987:122) neem die gedagte verder deur na die metafoer van die samelewing as 'n konstruksie van betekenis te verwys. Die samelewing is 'n tipe grammatika, of soortgelyk aan 'n geskrewe teks wat deurgaans kommunikeer. Die ervaringswêreld van die samelewing word deur middel van taal uitgedruk en of gekommunikeer (Klemm, 1983:63; Meyer, 1983:1).

Die taal wat ons gebruik om oor siek mense te praat, gee reeds 'n aanduiding en plek vir die idee van kultuur. "*...illness constitutes a 'social text':*

something at least partly created by the densely interwoven network of experiences and interpretations we bring to it" (Morris, 1998:6). Pattison (1989:35) steun die gedagte dat die taal en konsepte wat gebruik word om siekte en heling te verduidelik, met betekenis gelaai is, omdat taal sosiaal gekonstrueer word. Klemm (1983:62-63) verstaan dit as die medium van enige manier van dink of ervaring, en som dit as "*lived experience*" op.

Selfs die taal om objektief mee te werk, is 'n betekenis wat binne 'n kultuur gefabriseer is, wat deur verskillende mense verskillend verstaan word, en soms nie eers waar is nie (Morris, 1998:41). Die persoon wat siek is, is nie bloot 'n objek of prisoner wat sit en wag dat die dokter of medikasie hom moet bevry nie, maar "*an actor within a widely shared, intersubjective culture...the social basis of health differs widely across groups, nations and continents*" (Morris, 1998:41). Hierdie teks/kultuur kan ook die karakter van fiksie dra. "*As society can be seen as a factual text, so fictional texts can be viewed as social symbolic acts, as representations of possible selves and societies*" (Brown, 1987:143).

Narratiewe navorsing daag die navorser uit om oor die taal te dink wat gebruik word. Wie se taal word gebruik as die aksie nagevors word? Hoe verskil die taal van die navorser van dié van die aksie wat nagevors word? Hoe verstaan die verskillende rolspelers die taal wat hier gebruik word en watter taal word deur hulle verkies?

"In addition to being relative and constructed through language, knowledge about reality, or truth, is also situated and local" (Blyler, 1996:333). Die taal waarin die navorsing geskryf is, gee uitdrukking aan die navorser en medenavorsers se subjektiewe taalkeuse, daarom gee die vraag van Meyer (1983:3) betekenis aan die nadenke oor die taal wat gebruik word: "*How should we answer if asked to express a meaning of a book? Should we rewrite it in a different form for the person who question us?*"

Binne die konteks van 'n postmoderne denker is taal die middelpunt waarom alles draai (Becvar & Becvar, 1996:88). Realiteit vind uitdrukking in die taal, waardes en geloofstelsels van die spesifieke gemeenskappe waarbinne ons leef (Lynch, 1997:353 & Brown, 1987:118). Brown (1987:159) maak die stelling dat die gedeelde betekenis van mens in die moderne era verdwyn het. Die gevolg daarvan is dat die mens in 'n fiktiewe wêreld met sogenaamde wetenskaplike bewyse leef. Die vraag hier aan die orde sou wees: "Watter stories moet vertel word, en wie gaan dit vertel?" (Saussy, 1998:397).

Die doel van 'n studie van narratiewe betekenis is om die aspekte wat betekenis konstrueer en die implikasies van betekenis uit te lig. Oscar en Paulo (1999:1179) beskryf dit as kennis en betekenis wat in narratiewe tot uitdrukking kom. Die aktiwiteit wat betekenis aan sekere gebeure heg, is ook nie staties nie, maar verander gedurig, en daarom kan daar nie altyd 'n greep op betekenis gekry word nie.

Elke individu het toegang tot 'n diskoers of realiteit. Becvar en Becvar (1996:82) verwys na elke mens se realiteit as geldig, daarom moet navorsers met subjektiwiteit navorsing doen. Taal is nodig om betekenis te verstaan. Wie se taal word gebruik en wie se taal moet verstaan word? Taal dra betekenis tussen mense. Inligting kan deur die boodskappe wat hulle oor hulle ondervindings oordra, ingewin word. Taal daag verder die narratiewe navorser uit om eerder met betekenis te werk, as om kwantitatiewe data te verwerk. Die probleem is dat taal kontekssensitief is, en dat inligting verlore gaan as taal in isolasie verstaan word. Daarom is taal die uitdrukking van 'n spesifieke konteks (Meyer, 1983:19).

Fox (1999:180) daag die navorser uit om alle tekste as skeppinge van die mens te sien, en om die tekste dekonstruktief te herskryf en op 'n alternatiewe manier te lees. Fox (1999:180) stel ook voor dat navorsingstekste soos enige ander teks herlees moet word, "*not as representations (accurate or flawed) of the*

world, but as contested claims to speak 'the truth' about the world, constituted in the play of disciplines of the social. Research writing, in this model, becomes narrative work". Dekonstruksie hou nie verband met die woordspel waarmee soveel hulle besig hou nie (Wolfreys, 1998:9).

As narratiewe navorser is dit nodig om in terme van dekonstruksie te dink en diskoerse soos dit tans verstaan word, te bevraagteken. Dekonstruksie, as daar so iets is, hou met die “*good reading*” van tekste verband (Wolfreys, 1998:9). Die doel en betekenis van dekonstruksie is om aan te toon dat dinge soos institusies, tekste, tradisies, geloofstelsels en enige ander praktyk, nie werklik definieerbare betekenis en doel het nie; die betekenis is altyd wyer as wat dit tans dra (Caputo, 1997:31).

Caputo (1997:31) verduidelik dat die betekenis eintlik verlore gaan elke oomblik as daar betekenis aan 'n saak gegee word 'n Betekenis of doel is volgens Caputo (1997:31) 'n manier om dinge soos in 'n neutedop saam te pers. Dekonstruksie soek wyer as die grense van die dop, en wil 'n versteuring in die inhoud bring. Dekonstruksie is om die neutedop oop te breek en dit wat in die binnekant versamel is, te bevraagteken (Caputo, 1997:32). Siekte en genesing is nie ten volle persoonlik, subjektief, objektief of universeel nie, maar word deur kulture gevorm en verstaan (Morris, 1998:42).

Fox (1999:26) verwys na die subjektiewe raamwerk waarmee ons na die wêreld kyk en vertel die verhaal van 'n kinderkunsuitstalling. Wat opvallend tussen die verskeie prente was, was die verskille tussen die kleiner en die groter kinders se prente. Die kleiner kindertjies se prente was helderkleurig en het van vreugde en opgewondenheid gespreek, terwyl die groter kinders se prente meer gestruktureerd en volgens kunsreëls geteken was. As verwysing na die groter kinders word die volgende opmerking gemaak:

"...framing their work in the traditions of art history, they had lost or

become detached from the flair, motivation and powerfull visions that had inspired them before they learnt method and technique. Frames gives us sense, they make meaning possible. But they also destroy setting limits...Frames limit what is possible to think or see or believe, which is how and why they work. Thus they are implicated in power and control. Resisting power may require us to recognize, question and reject the frame and its act of exclusion" (Fox, 1999:26).

Fox (1999:27) sien dekonstruksie as die verkenning van mag binne die konstruksies van die sosiale wêreld. Dekonstruksie word as weerstand teen die bekende gesien, veral die verkenning van waarom sekere perspektiewe tot dominante diskoerse ontwikkel het (Fox, 1999:27). Die raamwerke is die manier waarna daar na die werklikheid gekyk word, maar dit hoef nie noodwendig aanvaar te word nie. Die diskoerse oor heling word soos die neutedop oopgebreek om dit op 'n alternatiewe manier te verstaan, en nie om by die absolute waarheid uit te kom nie.

5.5 Onderhoude

Kwalitatiewe navorsing het 'n belangrike bydrae te lewer ten opsigte van die manier waarop onderhoude gestruktureer moet word. Rubin en Rubin (1995:19) gee drie temas as riglyne vir 'n kwalitatiewe onderhoud:

- 1 Suksesvolle kwalitatiewe onderhoude vereis 'n verstaan van kultuur. Kultuur affekteer wat gesê word en hoe die gesprek tydens die onderhoud gehoor en verstaan word.
- 2 Die navorser is nie neutraal nie, maar 'n deelnemer in die navorsingsgesprek, en staan in 'n verhouding met die persoon met wie die onderhoud gevoer word. Sy emosies en kultuur het 'n invloed op die navorsingsgesprek.
- 3 Die doel van 'n kwalitatiewe onderhoud is om die persoon met wie die

onderhoud gevoer word, te hoor en te verstaan wat hy of sy dink, asook om dié stemme hoorbaar te maak.

Tydens die onderhoude word daar na feite gesoek oor die tema wat nagevors word. Die navorser en medenavorsers het by tematiese navorsing die rol om die onderhoude te interpreteer, en dit wat mense tydens die onderhoude gesê het, uit te sorteer en te balanseer. Met onderhoude moet daar vir 'n oop konteks en 'n wye horison geluister word.

"In topical studies, you can think of the research arena as a theater in the round and try to locate interviewees with different vantage points on what is going on in center stage. Then talk to at least one person from each of those vantage points. Such an approach helps ensure balance (Rubin & Rubin 1995:69).

Die navorsers skep dan 'n eie narratief wat op die onderhoude gebaseer is. Die tematiese navorser is meer soos 'n kunstenaar wat skilder (Rubin & Rubin, 1995:30). Hierdie inligting moet deur die navorser geïnterpreteer word, die navorser moet leer om die inligting te hoor, te sien en te verstaan, met die gedagte dat daar 'n subjektiewe, eie raamwerk is waarmee die inligting verstaan word (Fox, 1999:25).

5.6 Narratief en ander navorsingsmetodes

Wat is in wese die verskil tussen die narratiewe navorsing en die navorsingsmetodes van ander denkskole? Polkinghorne (1983) gee 'n uiteensetting van die ontwikkeling van metodologie in navorsing. Die uitwerking van die positivistiese metodes het klem gelê op objektiwiteit wat bewerk moet word. Daar is na metodes gesoek wat kon help om objektiewe resultate of waarhede te verkry. Die navorsingsmetodes het meestal met gereedskapstukke gewerk om objektiwiteit te bewerkstellig (Dreyer, 1998:16). Die menslike

ervaring en belewenisse is deur die positivistiese metodes geïgnoreer. Dit is ook nie vir 'n navorser moontlik om objektief te wees, soos deur die positivistiese navorsingsmetodiek voorgestel is nie (Mcclintock et al., 2003:719).

Fox (1999:178) kies eerder die metafoor van *die* nomadiese navorser as die speurdernavorser. Met die speurder word na Sherlock Holmes verwys wat gedurig nuwe ontdekkings wou maak deur iets te bewys – 'n metode wat eie aan die positivistiese navorsingmetodologie is. Die speurder is op soek na die waarheid. "*The nomad, on the other hand, has a different engagement with the world...the nomad does not seek control or mastery of the environment, but rather, passes through it stopping here and there and whatever*" (Fox, 1999:178).

Warnke (1982:346) sluit by die kritiek teen die objektiviteit van die positivistiese benadering aan, en dui die negatiewe effek wat dit op navorsing het, aan, daarom is dit nodig om in terme van nuwe navorsingsmetodes te begin dink. Polkinghorne (1983:2) maak van die term postpositivisme gebruik, wat aandui dat daar 'n skuif plaasgevind het in die manier waarop daar oor navorsing gedink word. Postpositivisme het nie ten doel om die metodes van die positivisme met 'n nuwe stel reëls en metodes te vervang nie. Die doel is eerder om positivistiese denke uit te daag, veral wat die absolute sekerhede betref. Kennis word nie meer as absolute feite gesien nie, maar as die beste inligting wat tot op hede ingewin kon word. Dit het teweeg gebring dat die gesindheid oor kennis verander het.

Hierdie gesindheid oor kennis is deur vier geïntegreerde bewegings teweeg gebring wat die laaste paar dekades plaasgevind het (Polkinghorne, 1983:2):

- 1 Verandering in denke oor betekenisvlakke wat hoofsaaklik waarhede bevraagteken het.

- 2 Die ontwikkeling van die sisteemteorie wat die mens as deel van 'n geheel sien.
- 3 Die poging om 'n teorie van menslike aksie te ontwikkel wat klem op doel en aktiwiteit lê.
- 4 Die uitdagings wat aan absolute waarhede gestel is, te aanvaar. Hierdie uitdagings was om anders oor verstaan te dink. Kennis kan in gemeenskappe verander, indien die hele gemeenskap kan verstaan dat daar 'n beter manier van begrip is.

Die narratiewe benadering stel voor dat daar met subjektiwiteit navorsing gedoen moet word. Die narratiewe navorser het die voordeel dat hy vry is om nuwe konstruksies wat op alternatiewe uitloop, te skep (Polkinghorne, 1983:ix).

5.7 Die navorsingsmodel

Ek vind aansluiting by die riglyne wat deur Müller et. al. (2001) in hul artikel "*Fiction writing as metaphor for research*" voorgestel word. Die metafoor van "*fiction writing*" word soos volg opgesom: ABDCE (Müller, van Deventer & Human, 2001:1). Ek gebruik die riglyne wat in die artikel "*Fiction writing as metaphor*" (Müller et. al., 2001) uiteengesit is:

5.7.1 "Action"

Volgens die modernistiese benadering word die klem normaalweg op die probleem en die oplossing van die probleem geplaas. Die aksie sluit die probleem in, maar is veel meer as dit. Die aksie gaan oor die **nou** van die storie. Müller et al (2001:3) gebruik die voorbeeld van spoorsny om **aksie** te verduidelik. As 'n mens die spoor van iemand volg, is dit belangrik om op die spoor voor jou te kyk. Dit sal niks help om op die spoor agter jou, of selfs 100 meter voor jou te kyk nie. Om die persoon op te spoor, is nodig om op die spoor voor jou te fokus. Hier word nie met hipoteses gewerk nie, maar met die stories van mense en

gemeenskappe. Die nïewetende posisie help die navorser om vrae vir die medenavorsers te vra, sodat hulle hulle stories kan vertel soos dit daagliks plaasvind. Ware navorsing is gemik op dit wat iemand nie weet nie en waaroor hy of sy nuuskierig is (Heitink, 1999:224).

Die beskrywing van die aksie vind hier in hoofstuk 1 plaas waar ek die aksie, metodologie, diskoerse en my eie verhaal beskryf.

5.7.2 "*Background*"

Hierdie agtergrond word teen die sosiopolitieke en ekonomiese agtergrond waarbinne die navorsing gedoen word en afspeel, gesien. Hier speel persone en diskoerse 'n rol, veral ten opsigte van die ontwikkeling van die navorsingsveld. In hoofstuk een word die navorsingsveld beskryf.

Ek maak van medenavorsers se stemme gebruik, wat hulle eie verhale van heling, asook verhale van gemarginaliseerde stemme in hoofstuk twee vertel. In hoofstuk twee word stories oor genesing beskryf. Hier word verhale van individue as gevallestudies aangebied. Stories word deur rolspelers in hoofstuk twee as 'n antwoord op die volgende opdrag geskryf: Skryf vir my jou storie van heling. Rolspelers is aangemoedig om die verhaal van heling, sonder enige spesifieke verwagtinge of voorskrifte deur die navorser, te skryf. Die rolspelers sal aan die einde van die navorsing oor die proses van die navorsing reflekteer. Daar sal ook van geskrewe bronne gebruik gemaak word om met die stories van hoofstuk twee wat in hoofstuk drie en vier aan bod kom.

5.7.3 "*Development*"

Hierdie aksie vind plaas wanneer die agtergrond en die aksie in ag geneem word om die voller prentjie te sien ontwikkel. Müller et al (2001:5) verwys hier na die metafoer van 'n Polaroid wat ontwikkel. Tydens die

ontwikkelingsfase moet daar gekyk word hoe dit ontwikkel. Hier is geduld, afwagting en nuuskierigheid nodig, terwyl die navorser vir die navorsing se 'plot' wag om te ontwikkel. Navorsing handel nie net oor die vertel van stories nie, maar ook oor storie-ontwikkeling. Die medenavorsers is deel van die ontwikkelingsproses. Die navorser fasiliteer en reflekteer tot die 'plot' in hoofstuk vyf te voorskyn kom.

5.7.4 "Climax"

Die ontwikkeling loop op die klimaks uit. Hier kom die navorser en medenavorsers tot begrip. Hoofstuk vyf beskryf die verstaan van die diskoerse wat in hoofstuk twee, drie en vier behandel is. As deel van die verstaan, word die diskoerse wat deur die navorsers as belangrik beskou word ten opsigte van 'n teologie van heling beskryf. In aansluiting hierby word 'n beskrywing van alternatiewe teorie of terapie van heling gegee, wat 'n alternatiewe verhaal beskryf. In dié hoofstuk word na die alternatief op die normatiewe geluister wat in hoofstuk twee, drie en vier beskryf word.

Enige navorser het blindekolle. Om die navorsing van nog 'n paar hoeke te belig en daarop te reflekteer, vra ek 'n fokusgroep om so akkuraat en eerlik moontlik op die navorsing en die volgende vrae te antwoord:

- 1 Watter uitwerking het dit op jou gehad om deur die navorsing te lees?
- 2 Watter invloed het die navorsing op jou eie verhaal van heling uitgeoefen?
- 3 Watter stories, of wie se stories sou jy graag hier wou hoor?
- 4 As jy 'n unieke rigting waarin hierdie navorsing sou kon ontwikkel, kon aandui, waarheen sou dit wees?
- 5 Is daar enige vrae wat jy aan die navorser of medenavorsers wou stel?
- 6 Dui leemtes en sterk punte in die navorsing aan.
- 7 Beskryf jou eie posisionering. Binne watter benadering bevind jy jouself?

- 8 Watter bydrae lewer die navorsing ten opsigte van 'n eie beroepsposisionering?
- 9 Hoe het jy dit beleef om deel van 'n fokusgroep te wees?

Hierdie vrae is met die hulp van 'n kundige op die gebied van narratiewe navorsing ontwikkel.

5.7.5 "Ending"

By die "ending" in hoofstuk vyf word gevra of ek enigiets bereik het. Voorts word gevra of die navorsing die moeite werd was en wat dit beteken het. Hier word aandag gegee aan waar ek voor die aanvang van die navorsing was, en waar ek nou na afhandeling daarvan is. Narratiewe navorsing eindig nie met 'n gevolgtrekking nie, maar met 'n oop einde wat 'n nuwe storie en nuwe navorsing aanwakker.

6 My verhaal

Die eerste keer toe ek met die narratiewe benadering te make gekry het, was my ervaring soos Alice wat die hasie met die goue horlosie gesien het - 'n onseker, opgewonde gevoel. Toe ek vir die eerste keer in terme van narratiewe navorsing gedink het, het ek in 'n diep *rabbit hole* geval. Op my lewensreis het ek verder oor narratief begin wonder toe ek 'n nagraadse studie oor pastorale gesinsterapie aan die Universiteit van Pretoria begin het.

Toe ek self as terapeut begin optree het, het ek begin wonder waarom ek soms gedemoraliseerd en uitgebrand gevoel het. Ek het besef dat die terapisessie nie 'n eenrigtingproses is nie, maar 'n interaktiewe proses tussen kliënt en terapeut. Dit het meer 'n avontuur geword waar onbekende horisonne en nuwe realiteite geskep is (Müller, 1996:12).

My proses van narratiewe denke het gegroei soos my eie storie ontwikkel het. In die eerste plek het ek nuuskieriger geword en oor my eie lewensverhaal en die ontwikkeling daarvan begin wonder. Die lewensverhale van ander mense het my elke dag laat wonder. “Mense se lewens vertel stories...” (Piet Naude, 1998). Dit is hierdie stories van mense wat my aanmoedig om my eie lewensverhaal te ontwikkel en op die uitkyk vir alternatiewe te wees. Dit het tot gevolg gehad dat ek intenser oor die Godsverhaal begin wonder het. ‘n Verskeidenheid boeke, artikels, lewensverhale en films het my verder op die reis van narratiewe denke geneem.

Die reiservaring van stories het intens tot my begin spreek. Hierdie reiservaring van verhale kan net plaasvind as daar betrokkenheid by ander se stories is (Müller, 1996:20). Elke storie laat my myself en ander mense meer waardeer - dit laat my besef dat ons as mense almal saam is, en saam besig is om van die groter storie uit te maak: Die storie van God (Zukav, 2000:17; Müller, 1996: 21). Toe ek in die *rabbit hole* van die narratiewe benadering en navorsing val, het ek nuuskierig oor heling begin word.

Ek sluit by Hay (1991) aan deur myself te identifiseer as iemand wat nie ander mense gesond kan maak nie: “*I’m not a healer. I do not heal anyone*” (Hay, 1991:xiii). Ek wonder of dit moontlik is om heling te fasiliteer. Ek is geïntereseerd in die stories oor heling, en ek wonder of daar werklik in ons tyd ‘n sinvolle definisie vir heling is.

Heling het ook ‘n gespesialiseerde veld geword, en kan in die volgende kategorieë geplaas word: geestelike genesing, liggaamlike genesing, geloofsgenesing, wondergenesings, en dies meer. In die werke van verskeie skrywers hoor ons verskillende stemme opgaan oor wat heling beteken (Bays, 1999; Hay, 1991; Kleinmann, 1988; Libermann, 1995; Meade, 1995; Pattison, 1989; Sherwood, 2000; Wildwood, 1997).

7 My lewensverhaal

"Illness is our common fate. Although we inevitably experience it with our idiosyncrasies intact, it is something almost everyone shares. Black and white, Hindu, Muslim or Jew, we all sooner or later take our turn in the country of the ill" (Morris, 1998:21).

In my eie lewe het ek met verskeie siektes geworstel, wat my oor siektes en gesond word laat wonder het. Hierdie siektes het van fisies tot emosioneel gewissel. Ek het gewonder oor die maniere waarop mense gesond word, en of daar nie 'n benadering of terapie bestaan wat genesing kan fasiliteer nie. My eie verhaal het my laat wonder of daar ander persone, instansies of beraders is wat oor dieselfde tema nuuskierig is, en of hulle reeds navorsing oor die tema gedoen het.

Ek wonder baie maal of mense se strewe na volmaaktheid nie ook iets met die feit te make het dat mense gesond wil wees nie. Ek wonder ook oor die volgende: Wanneer is iemand siek? Wat is siekte? Waarom word sommige mense gesond van erge siektes, en waarom moet ander aan kleiner siektes sterf? In sommige gevalle het ek beleef dat eetgewoontes sekere siektes of toestande in my liggaam verminder, of selfs laat verdwyn. In ander, meer psigiese toestande, het ek beleef dat sekere gebeurtenisse of traumas herbeleef moet word om dit volkome te genees.

As kind het ek baie met kroep en asma gesukkel, en ek onthou nog hoe my ouers die olielampie aan die brand gestee het, en ek in 'n kamer, gevul met rookdampe, moes slaap. Wat ek verder onthou, is dat ek die daaropvolgende jare met allergieë, wat soms sinus veroorsaak het, gesukkel het. Die simptome het mettertyd vererger, in so 'n mate dat 'n oor-, neus- en keelspesialis 'n operasie aanbeveel het om my neusseptum te herstel. Na die operasie het dit egter erger as voorheen gevoel, en die operasie het nie werklik 'n verskil gemaak

nie.

Op 'n dag het ek 'n persoon ontmoet wat vitamien-aanvullings verkoop het, en van die produkte begin gebruik. Na ongeveer 'n maand het die simptome heeltemal verdwyn, en ek was van jare se sukkel en frustrasie ontslae.

As hoërskoolkind het ek aan epilepsie gely, as gevolg van 'n parasiet op die brein. Van standerd 6 tot en met my eerste jaar aan die universiteit, moes ek medikasie gebruik om epileptiese aanvalle te voorkom. In my tweede jaar het alle aanduidings van die aanvalle verdwyn, en die medikasie is stelselmatig uit my sisteem onttrek.

Ek kan ook onthou hoe gevoelens van angstigtheid en depressie my op 'n dag beetgepak het. Hierdie toestand het ek self probeer hanteer, en tot my eie teleurstelling, kon ek dit nie regkry nie. Wat bygedra het tot my genesing, was toe my studenteleraar my na iemand verwys het vir terapie. Die persoon het my deur 'n proses geneem, waar ek al die negatiewe belewenisse van my lewe moes herbeleef.

Dit was 'n lang en duur proses, maar 'n goeie langtermynbelegging. My lewenskwaliteit het definitief verbeter, en ek het daarby die vaardigheid aangeleer om in stresvolle omstandighede die gevoelens en emosies te hanteer. Hierdie proses het ongeveer drie jaar geneem.

Voorts moes ek ook 'n liesbreukoperasie ondergaan na 'n besering wat ek tydens 'n krieketwedstryd opgedoen het. 'n Operasie was die enigste uitweg, en die herstelproses het ongeveer drie maande geneem. Dit was 'n terugslag vir my gesondheid. Die operasie het my baie sieker as die liesbreuk gemaak.

Gedurende dieselfde tyd het 'n spinnekop my op die elmboog gebyt, en dit het 'n intense jeukreaksie veroorsaak. Na onsuksesvolle mediese behandeling,

het die bytplek 'n allergiese reaksie in my liggaam veroorsaak. Dit het follikulêre ekseem tot gevolg gehad. Wat dit vererger het, was dat dit net voor die liesbreukoperasie plaasgevind het.

Ek beseft dat elke siekte of siektetoestand wat ek beleef het, of sal beleef, 'n groeiproses is, en sien dit as 'n potensiële groeigeleentheid. Ek geniet dit die meeste as ek fisies en emosioneel gesond is, maar ek het ook vrede gemaak met die moontlikheid dat ek enige tyd weer siekte kan ervaar. Ek glo dit is belangrik dat ek nie ontkenkend teenoor siekte staan nie, maar dit as 'n menslike gegewe erken.

Ek was nooit bitter of aggressief as gevolg van die siektes wat ek moes deurmaak nie. Ek het ook nooit oor God se teenwoordigheid gewonder nie, want ek het geweet dat God op 'n besondere manier in my lewe betrokke is. Ek kan herroep hoe 'n goeie verhouding ek met God in my skooljare gehad het. Toe ek aan epilepsie gely het, het ek na aan God geleef.

My ander ervaring was dat siekte my verder van God af geneem het, en ek soms moes veg om God se teenwoordigheid te ervaar. Ek het dit na afloop van my neusoperasie ervaar toe ek aan depressie begin ly het. Tog het ek altyd geweet dat God daar is, en betrokke in my lewe is. Veral tydens my depressie het mense my deur hulle positiewe betrokkenheid daaraan herinner.

8 Gevolgtrekking

Ek het hierdie hoofstuk met die metafoer van stemme begin. Om getrou aan die narratiewe navorsingsproses te bly, sal die verskillende rolspelers in hoofstuk twee voorgestel word. Hier sal elkeen die geleentheid kry om sonder diskriminasie aan die oudisie deel te neem. In dié hoofstuk sal ek die verhale interpreteer, en aan die einde van die hoofstuk met die nodige gevolgtrekkings afsluit.

Hoofstuk 2 – Verhale oor heling.

“It doesn’t take long to discover that this is a place of storytelling”

(Rawson, 1994:48).

1 Padkaart

“Curiouser and curiouser!” cried Alice (she was so much surprised, that for the moment she quite forgot how to speak good English); `now I’m opening out like the largest telescope that ever was! Good-bye, feet!’ (for when she looked down at her feet, they seemed to be almost out of sight, they were getting so far off) (Carrol, 1991).

In die hierdie hoofstuk het ek stories oor heling versamel. Ek het mense se menings vanuit verskillende dissiplines, asook persoonlike verhale oor heling en genesing verkry. Ek het stories versamel van mense wat siek was en gesond geword het, mense wat nooit gesond geword het nie en mense wat op ‘n besondere wyse geleer het om met kroniese siektetoestande saam te leef.

Ek het ‘n vriendin wat tans met M.A. in narratiewe terapie besig is, genooi om my met die onderhoude te help, en saam oor die navorsingsproses te reflekteer. Al die persone wat in die navorsing betrokke is, noem ek medenavorsers. Ek is, soos Alice, nuuskierig oor wat hier kan gebeur en watter diskoerse en betekenis ek gaan hoor. Dit is nodig om soos Alice die grootste teleskoop uit te haal, en nie die klein prentjie nie, maar die groot prent te sien: ‘n wye horison, diversiteit.

Aan elkeen van die persone in hierdie hoofstuk het ek gevra om hulle stories van genesing op te teken. Ek het geen voorskrifte gegee nie, behalwe dat dit oor genesing of heling moes handel. My versoek was dat elkeen ‘n storie van genesing of heling moes skryf, soos hy of sy dit in hulle eie lewe of beroep

verstaan. Almal het ingewillig om aan die navorsing deel te neem.

Nadat die stories versamel is, het ek na leidrade wat vanuit die stories na vore gekom het, probeer luister, sonder om oplossings en antwoorde te gee (Müller & Schoeman, 2004:12): temas, maniere van dink, mense se ervaring van God, of temas wat tot alternatiewe stories kon lei.

2 Verhale oor heling

Rawson (1994:48-50) vertel 'n verhaal van hoe sy en haar tiener dogter entoesiasies op reis gegaan het, op soek na 'n plek van heling. Hierdie reis het nuwe uitdagings oor hulle pad gebring, wat tot gevolg gehad het dat hulle meer bewus geword het van wie hulle werklik is, en waartoe hulle in staat was. Na 'n lang reisbeskrywing vertel sy hoe hulle by 'n soutmeer aangekom het wat drie maal meer sout as die see bevat het. Hierdie meer is in Saskatchewan (Kanada) en staan as *The lake of healing waters* bekend. Daar is binnenshuise swembaddens wat verhitte water van die pan bevat. Omdat die soutgehalte so hoog is, veroorsaak dit dat die liggaam baie lig in die water voel.

Terwyl die mense urelank in die water ronddryf, word stories uitgeruil. Die storie wat die meeste oorvertel word, is die storie van 'n stam wat jare gelede deur die Saskatchewan-area gewandel het. Baie stamlede was ernstig siek, en baie het aan pokke gesterf. Drie dapper jongmanne het van die stam af na die meer toe weggeloop. Een van die drie het na die meer toe geloop om van die water te drink, en as gevolg van moegheid vooroor in die water geval. Die volgende oggend toe hy wakker word, het die siekte sy liggaam verlaat. Hy het sy twee vriende in die meer ingesleep, en na drie dae het hulle die res van die stam ingehaal.

Hierdie storie laat mense tot vandag toe nog na die meer van Saskatchewan toe stroom. Hier in die water vertel die mense vir mekaar stories

van plekke waar hulle al was, of waarheen hulle gaan. Die meeste mense het na die Saskatchewan-meer toe gekom om van die een of ander siektetoestand genees te word. Baie van die stories handel oor mense wat reeds heling beleef het, en van siektes wat die liggaam verlaat het. Hier word ook stories van nuwe ontdekkings vertel.

Terwyl sy en haar dogter so na die stories geluister het, het sy geleer dat die mens deur siekte moet reis, en dat die pad na genesing 'n reistog is. Terwyl sy elke storie van heling aangehoor het, het daar iets in haar eie liggaam genees. Terwyl Rawson (1994:48-50) die stories gehoor het, en dit iets in haar laat gebeur het, het hierdie hoofstuk se verhale wat deur verskeie individue geskryf is, ook iets in my laat gebeur. Ek kan nie sê dat daar heling in my plaasgevind het nie, maar eerder dat die begrip **heling** vir my duideliker geword het. Ek het meer bewus geword van die lens waardeur ek na heling kyk. Ek het selfs gewonder oor die stories wat nie in hierdie navorsing is nie - ook oor die stories wat nooit in 'n navorsing aangehaal is nie. Ek het met die aanhoor van die stories besef dat hierdie navorsing beperkinge ten opsigte van my eie leefwêreld en begrip van heling het. Die stories handel oor verskeie persepsies, gesindhede en gedrag, en daag die leser uit om stories te hoor wat anders is, en wat soms geïgnoreer word.

Storievertel handel nie net oor die verandering van gedagtes of gesindhede nie, maar vertel 'n verhaal van 'n lewensingesteldheid (Burns, 2001:xix). Elkeen van die verhale vertel op watter manier elke skrywer na die tema van heling kyk. Dit is nie die enigste waarheid, of die absolute waarheid nie, maar dui eerder op 'n filosofie waarmee elkeen na heling kyk. Die stories wat hier aangebied word, is elkeen anders en elkeen wil aan die gesprek oor heling deelneem. Elkeen is 'n stem wat gehoor wil word.

In hierdie hoofstuk word die stories van die verskillende rolspelers aangebied. *"It is now generally accepted that participatory research, which*

includes local people, is important..." (Mcclintock et al., 2003:715). Die stories word weergegee soos dit ontvang is. Ander rolspelers word weer aan die einde van die navorsing betrek om oor die navorsing te reflekteer as deel van 'n fokusgroep. Hierdie hoofstuk bestaan uit stories wat persone spesifiek as bydraes vir die navorsing geskryf het.

Dit is vir my belangrik dat die persone wat aan die navorsing deelgeneem het, nie blootgestel, of op enige manier benadeel word nie. Navorsingsetiek handel juis oor die hantering van betroubare inligting op so 'n manier dat dit nie 'n nadelige uitwerking het op die persone wat in die navorsing betrek word nie (Rubin & Rubin, 1995:93-94). Rubin en Rubin (1995:93-94) verduidelik verder dat etiek ook handel oor die toestemming om notas te neem, sodat die inligting vir navorsing gebruik kan word. Wat narratiewe navorsing in terme van etiese kwessies blootstel, is die verhale wat ware lewensinligting bevat (Smythe & Murray, 2000:2). Ek sluit by Smythe en Murray (2000:3) aan om die medenavorsers teen skadelike blootstelling te beskerm.

Soos dit met die betrokke deelnemers onderhandel en ooreengekom is, word geen name genoem nie, en elke persoon se identiteit word beskerm deur bloot na 'n beroep of kundigheid te verwys, of fiktiewe name te gebruik. Die stories is versamel om die tema van heling vanuit verskillende diskoerse te hoor, en na die moontlike vrae wat vanuit die verhale na vore kom, te soek (Meyer, 1983:7). Aan die einde van elke verhaal maak ek 'n kort gevolgtrekking, met die doel om aan die einde van die hoofstuk die gevolgtrekkings saam te vat en raakpunte en unieke uitkomstes uit te lig.

Ek het met al die medenavorsers 'n goeie interpersoonlike verhouding, en ek het niekonfronterend en sonder enige voorveronderstelling na hulle stories geluister. Die medenavorsers wat in hoofstuk twee betrokke is, sal na afloop van die navorsing oor die navorsingsbevindinge ingelig word (Smythe & Murray, 2000:4). Die verhale in hoofstuk twee behoort aan die storievertellers, en ek

respekteer elkeen wat die waagmoed gehad het om hulle verhale te vertel.

Elke rolspeler het ingewillig om op 'n vrywillige basis by die navorsing betrokke te raak. Geeneen sal deur die navorsing benadeel word nie, en geen inligting of stories sal vir eie gewin gebruik word nie.

2.1 Die storie van 'n geestelike berader

2.1.1 Waarom ek die persoon gekies het

Ek het die persoon gekies, omdat hy baie ondervinding van siekte en genesing gehad het. Ek het Nick leer ken, en by meer as een geleentheid met hom oor siekte en genesing in gesprek getree. Hy is tans 'n pensioenaris, maar het sy lewe lank as gemeenteleraar gewerk, en besit 'n rykdom ondervinding en kennis waarmee hy op 'n verantwoordelike wyse handel. Hy het met mense uit verskillende kulture gewerk, veral Afrika kulture, en daarom het ek gewonder op watter wyse hy na heling sou kyk. Hy is tans steeds met berading besig. Ek dink Nick se insette kan 'n bydrae tot die gesprek van heling lewer, as 'n stem wat kan meehelp om die harmonie te hoor. Toe ek hom gevra het om aan die navorsing deel te neem, het hy dadelik ingewillig.

2.1.2 Storie 1: Inleiding

Die probleem van siekte en genesing is nie 'n maklike een nie. Dit is 'n eeue-oue probleem. Ek gaan nie probeer om antwoorde op die talle vrae te gee nie. Ek is versigtig vir mense wat maklike en eenvoudige antwoorde het, byvoorbeeld:

“Bid, glo en jy sal gesond word.”

“As jy nie genees is nie, is daar iets in jou lewe verkeerd.”

Dit staan die leser vry om van my te verskil oor sekere persoonlike standpunte oor hierdie onderwerp. Oor die vraag waar siekte vandaan kom – van God, of van Satan af – is die mees aanvaarbare antwoord:

“As daar nie sonde in die wêreld gekom het nie, sou daar ook geen siekte en swaarkry gewees het nie.”

Die aarde waarop ons leef, gaan onder die vloek en gevolge van die sonde gebuk.

2.1.3 Die oorsprong van siekte

Ons lees dat God soms siektes as straf vir die heidenvolke gestuur het (Deut. 7:15). Ons lees egter ook dat Satan en sy bese magte vir siekte verantwoordelik kan wees (Lukas 6:18, 7:21). Persoonlik is dit my ondervinding dat siektes wat deur die direkte werking van bese geeste veroorsaak word, by mense gevind word teen wie swart magie (toordery) beoefen is. Sodra bevryding plaasgevind het, verdwyn die simptome feitlik onmiddellik. Dit is nie altyd maklik om tussen die simptome van siektes wat deur swart magie veroorsaak is, en die simptome van gewone siektes te onderskei nie, maar my ondervinding is dat daar kenmerkende liggaamlike en emosionele simptome is wanneer daar van swart magie sprake is.

Baie keer is ons self vir siektes verantwoordelik, omdat ons nie reg eet nie, nie ons liggame genoegsame oefening gee nie, of verslawende middels gebruik wat ons liggaam aftakel. Verder is dit ‘n erkende feit dat die samelewing vandag baie spanning op mense plaas, en dat te veel spanning baie liggaamlike kwale tot gevolg het, byvoorbeeld hartkwale of maagsere. Geneesheren meen dat tot 80% van die siektes wat mense na die spreekkamer laat gaan, ‘n emosionele oorsprong het. Dit gaan dus nie help om vir die kwale te bid, as ek my lewenstyl moet verander nie.

Enigiemand kan in hierdie gebroke wêreld waarin ons leef, per ongeluk val en 'n arm of been breek, dan is niemand regtig daarvoor verantwoordelik nie. Hierdie gevalle wêreld is ook vol virusse en kieme wat siektes veroorsaak en waarmee ons te doen sal hê tot ons eendag op die volmaakte aarde bly. In 1 Kor. 11:27-32 skryf Paulus dat siektes onder lidmate kan voorkom as die Nagmaal nie reg gevier word nie!

2.1.4 God se wil en siekte

Wat ons wel kan sê, is dat dit nie God se volmaakte wil is dat daar sonde en siekte in die wêreld moet wees nie. God wil hê dat mense gesond moet wees. Dit is geen wonder dat Jesus 'n groot deel van Sy aardse bediening daar gewy het om siekes gesond te maak nie. Alle siekes wat na Jesus gekom, of na Hom gebring is, is van hulle kwale genees. In Handelingte lees ons van talle genesings wat deur die apostels plaasgevind het.

In 'n boekie deur prof Hennie Stander dui hy aan dat genesing tot en met die 4de eeu n.C nog algemeen voorgekom het. Sonder twyfel vind daar vandag nog direkte genesings deur Jesus plaas – hetsy op 'n hospitaalbed, in 'n biduur, of in 'n genesingsdiens. Dit bly moeilik om vir 'n sieke te sê dat God met 'n spesifieke doel die siekte of operasie in sy lewe gestuur het. Persoonlik weet ek nie of daar altyd 'n spesifieke doel is waarna ons moet gaan soek as ons siek word nie. Ons sou hoogstens kon sê dat God siekte of die een of ander gesondheidskrisis in ons lewe kan gebruik om 'n verdieping te bewerk. Dieselfde geld vir sonde.

2.1.5 Tekste as voorbeeld

Jesaja 53:4-5:

(4) “Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar

ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. (5) Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom”.

Mat.10:1:

“Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak”.

1 Kor. 12:9:

“...aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan ‘n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees”.

Lukas 18:42:

“Jesus sê vir hom: "Goed, jy kan sien! Jou geloof het jou gered."

1 Tim. 5:23:

“Moenie langer net water drink nie. Gebruik ‘n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede”.

Jakobus 5:14:

“As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie self onder aanroeping van die Naam van die Here”.

Mat. 9:9-13:

- (9) Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy ‘n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My!" Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.
- (10) Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet.

- (11) Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?"
- (12) Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.
- (13) Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."

2.1.6 Gevolgtrekking

- 2.1.6.1 Siekte is nie altyd die gevolg van 'n bepaalde sonde in iemand se lewe nie, en daarom moet die vraag gevra word: Is dit reg om alle siektes te bestraf, asof alle siektes die direkte gevolg van 'n demoniese werking is?
- 2.1.6.2 Te min geloof is ook nie altyd die rede waarom mense nie genees word nie. Daar behoort dus nie 'n valse skuldgevoel op mense geplaas te word as hulle nie genees word nie. Ek het al na groot genesingsdienste die verslaenheid op mense se gesigte gesien as hulle met verwagting vir gebed gegaan het, en daar niks gebeur het nie. In enkele gevalle sal die prediker mense gerusstel met min of meer die volgende: "Jesus is die geneesheer. Ek is 'n blote instrument in sy hande. Dit is nie ek wat genees nie. Nie almal vir wie ek bid, word genees nie. Dit is nie in my hande nie, en dit is ook nie altyd 'n gebrek aan geloof nie."
- 2.1.6.3 Wanneer vir 'n sieke gebid word, kan genesing dadelik intree, of dit kan oor 'n tydperk plaasvind. Dit is so dat die kreupelgebore man van wie ons in Hand. 3 lees se bene en enkels dadelik sterk geword het nadat Petrus en Johannes hom beveel het om in Jesus se naam op te staan. Mense vir wie daar gebid is, getuig ook dat die genesing

geleidelik ingetree het.

- 2.1.6.4 'n Christen kan en moet vir direkte genesing bid, maar kan ook met vrymoedigheid van die kennis van die mediese wetenskap, soos operasies en medikasie gebruik maak. Dit is nie 'n keuse tussen God of die dokter nie, maar God en die dokter. Dit is net 'n aanvaarde feit dat baie mense vir wie gebid word, nie genees word nie. Ongelukkig vind daar tydens genesingsdienste baie aansprake op genesing plaas, wat nie waar is nie. Mense vir wie daar gebid is, word dikwels direk na gebed gevra om van hul genesing te getuig. Dit plaas druk op hulle, en wanneer hul dan sê dat die pyn beter is, word die persoon onder groot toejuiging as genees verklaar. Die indruk word gelaat dat daar 'n wondergenesing plaasgevind het, terwyl dit in die meeste gevalle nie die waarheid is nie. Hoekom almal nie genees word nie? Die antwoord hierop is dat ek nie weet nie.
- 2.1.6.5 Ek is versigtig vir genesingspraktyke waarvoor daar vraagtekens hang. In ons dag word – soos deur die eeue heen – ongetwyfeld ook van okkultiese kragte gebruik gemaak om mense te genees. Die duidelike hand van die New Age kan in baie van hierdie genesingspraktyke gesien word. Daar word nooit van Jesus as die geneesheer gepraat nie, maar van magiese kragte of vibrasies. Soms bid mense oor 'n sieke se kledingstuk, byvoorbeeld 'n hemp, en dan tree genesing in wanneer die sieke weer die hemp aantrek. Ons vind iets hiervan in Hand. 19:11-12. Dit is moeilik om in alle gevalle die egte van die onegte te onderskei. Laat ons egter versigtig wees om hierdie praktyk nie te ver te voer nie. In Amerika het ek op televisie gesien hoedat vroue olie in botteltjies gooi, daarvoor bid en dit dan verkoop, sodat mense dit kan aansmeer en genees word. 'n Mens weet nie altyd waar die grense binne of buite God se wil is nie! Persoonlik sou ek graag by die basiese wil bly:

- 2.1.6.6 Gebed (met of sonder handoplegging, met of sonder salwing met olie).
- 2.1.6.7 Vra iemand met die gawe van gesondmaking (en met wie se lewe jy bekend is) om vir jou te bid.
- 2.1.6.8 Vra die gemeente om vir jou te bid.
- 2.1.6.9 Vra vriende om vir jou te bid.
- 2.1.6.10 Hou aan om vir jouself te bid, en verwag resultate van God.

Gaan met vrymoedigheid na 'n geneesheer indien moontlike genesing op hierdie wyse die Here se pad met jou lewe is.

2.1.7 Wat het ek gehoor?

- 2.1.7.1 Daar is geen kitsoplossings vir siektes nie.
- 2.1.7.2 Hier word gewonder oor die verband tussen siekte en sonde.
- 2.1.7.3 Die verband tussen die bonatuurlike en siekte word verhelder.
- 2.1.7.4 'n Holistiese benadering word aanbeveel. Oefen gereeld, handhaaf gesonde eetgewoontes en vermy negatiewe middels.
- 2.1.7.5 Die uitwerking van die samelewing op die gesondheid van die mens moet nie onderskat word nie.
- 2.1.7.6 Die volgende uit die storie gee rigting aan die verstaan van die tema van heling:
 - 2.1.7.6.1 Siekte is nie noodwendig die gevolg van sonde nie.
 - 2.1.7.6.2 Geloof is nie die algemene kriteria vir fisiese genesing nie.
 - 2.1.7.6.3 Gebed kan bydra tot genesing.
 - 2.1.7.6.4 'n Christen mag die mediese wetenskap benut.
 - 2.1.7.6.5 New Age-beginsels het 'n uitwerking op die mens se nadenke oor

genesing.

2.1.8 Ek wonder...

Die verhaal het soveel elemente van persoonlike ervaring bevat dat ek nuuskierig geraak het oor die persoon se persoonlike verhaal van siekte en genesing. Ek wou weet wat die persoonlike storie en eie ervaring was.

2.1.9 Reaksie: My eie getuienis oor genesing

Ons kan nie kies hoe die Here ons moet genees nie. As ek kon kies, sou ek verkies dat die Here my onmiddellik en direk – sonder die mediese wetenskap – moet genees, maar, God is soewerein - ook in die wyse waarop Hy ons genees, of nie genees nie.

Die Here het my nog nooit onmiddellik en direk deur gebed genees nie, tog kan ek van 'n paar wonderwerke getuig wat in my liggaam gebeur het.

As dertienjarige seun het ek ernstige probleme in my regterknie ontwikkel. Ek sal nie op al die besonderhede ingaan nie, maar dit is genoeg om te sê dat ek op 25 reeds 'n hele paar operasies aan my regterknie en –been gehad het. Die gevolg was osteo-artritis. Die kraakbeen in my regterknie was reeds in my twintigerjare weggeslyt. Ek het baie pyn gehad as ek ver geloop het, en ek kon aan geen sport meer deelneem nie. 'n Ortopedis het in 1966 vir my gesê dat my knie binne twintig jaar styf gemaak sal moet word om die pyn uit te skakel. Die operasie sou so lank moontlik uitgestel moes word, omdat 'n stywe knie remmend op 'n mens se beweging inwerk.

Deur die jare het ek baie pyn ervaar. Later was dit nie meer nodig om probleemknieë styf te maak nie, omdat 'n kunskniegewrig gebruik is om pynverligting te verskaf. Deur die jare het ek gereeld gebid dat my knie moes

verbeter. In 1986 het die pyn so erg geword dat ek weer 'n ortopedis gaan spreek het. Hy het deur middel van 'n klein operasietjie klein stukkie kraakbeen uit my knie verwyder, maar skouerophalend gesê dat my knie in 'n baie slegte toestand is en dat 'n kunsknieoorplanting net om die draai was.

Vir 'n maand na die operasie het ek intense pyn beleef, maar gedurende Januarie 1987 het die pyn begin verdwyn. Vandag, agtien jaar later, ervaar ek etlike jare al geen pyn meer in my knie nie. Die Here het nie nuwe kraakbeen geskep nie, maar die pyn het verdwyn, en my knie het nie meer my lewenskwaliteit beïnvloed nie. In Julie 2004 het ek en my vrou Londen se strate platgeloopt. Ek het stalle trappe by die moltreine op en af geklim, sonder dat ek enige pyn ervaar het. By tye was my vrou moeër as ek. Daarvoor loof ek Hom!

As student moes al my tande getrek word. Dit was 'n aanbeveling van die tandarts. Ek het pragtige tande gehad en ek wonder vandag nog of daar geen ander behandeling vir tande was wat geneig was om te verbreek nie. Toe ek die middag vir my afspraak by die tandarts opdaag, het sy ontvangsdame my meegedeel dat iemand in sy plek afgelos het.

Toe ek my plek op die tandartsstoel inneem, het 'n ou omie (die tandarts!) wie se asem sterk na drank geruik, en wat redelik onvas op sy voete was, ingestap. Hy het my ondertande begin trek, maar die na die ander tand afgebreek. Toe ek hom later vra wanneer hy die afgebreekte tande gaan uithaal, het hy gesê: "Hulle kan maar mettertyd self uitgroeï". Dit was genoeg. Ek het verskoning gemaak, opgestaan en gesê dat ek liever later weer sou terugkom.

Met 'n bebloede en geswelde mond moes ek 'n ander tandarts gaan soek wat bereid sou wees om die afgebreekte tande te verwyder. My tweede probeerslag was suksesvol, en die tandarts het daardie aand tot 21:00 geboor en getrek en gesukkel om al die gebreekte tande uit te kry. Die gevolg was dat ek feitlik geen tandvleis meer in my onderste kaak oorgehad het waaraan kunsgebit

kon vassuig nie.

Na etlike operasies om hierdie probleem te probeer oplos, het 'n mond- en kaaksjirurg van Kaapstad in 1974 vir my 'n staalplaat bo-op my onderste kaak ingeplant waarop kunsgebit sou kon rus. Die enigste probleem was dat die liggaam die staalplaat kon verwerp.

Na 25 jaar het ek eenkeer 'n ortodontis besoek om die plaat te ondersoek. Hy kon nie glo dat ek al vir 25 jaar met die staalplaat rondloop, sonder dat my liggaam dit verwerp het nie. Hy het 'n studie van hierdie tipe operasies gemaak en sy bevinding was dat almal wat hierdie operasies ondergaan het, se liggame die plaat na 'n paar jaar verwerp het. Hy het nog net altyd van hierdie staalplate ge lees, maar dit nou vir die eerste keer in my mond gesien.

Vandag, na dertig jaar, loop ek steeds met die staalplaat in my mond, sonder dat daar enige teken van verwerping is. Na die traumatiese middag toe my tande getrek is, het ek baie vir uitkoms gebid. Die Here het die mediese wetenskap gebruik, maar die wonder was daarin geleë dat my liggaam na dertig jaar nog nie die plaat verwerp het nie.

2.1.10 Wat het ek gehoor?

- Genesing vind nie onmiddellik plaas nie.
- Daar is wel Goddelike genesing, soos duidelik uit hierdie storie blyk.
- Die Here gebruik die mediese wetenskap.
- Hier is 'n unieke diskoers van heling gehoor: Tydens siekte toestand is daar geleentheid vir heling om plaas te vind.

2.2 Die storie van kanker

2.2.1 Waarom ek die persoon gekies het

Ek het as predikant dié dame leer ken as iemand met 'n vaste geloof en vertroue op God. Sy is 'n pensioenaris wat by haar kinders bly en die rustige plattelandse lewe by die see geniet. Sy is 'n vrolike mens en dit was altyd 'n wonderlike ervaring om haar te besoek.

Op 'n dag het sy my gebel en meegedeel dat kanker by haar gediagnoseer is. Ek het haar weekliks besoek en voortdurend na haar geluister. Ek het nooit die indruk gekry dat sy vir God kwaad is, of negatief oor die kerk is nie. Nadat haar hare begin uitval het van die chemoterapie, het sy blymoedig haar pruik kerk toe gedra en almal vriendelik gegroet.

Tydens my besoeke het sy altyd die siekte beskryf, waar sy seer gehad het en hoe sy gevoel het. Meer as een keer het sy vir my gesê sy glo dat die Here haar gaan gesond maak. Tydens haar siekte was daar 'n geloofsgeneser in ons gemeenskap, en baie van die lidmate het daarheen gestroom. Sy het egter tuis gebly en met haar normale lewenspatroon aangegaan. Intussen het die Here haar aangeraak, en sy het na die chemoterapie stelselmatig beter geword.

Ek sluit haar storie in, omdat dit 'n werklike lewensverhaal is, en wat van iemand getuig wat gesond geword het. Dit is vir sommige dalk 'n alledaagse storie. Vir my is hier iets unieks aan die storie, omdat dit met wysheid en geloof gelaai is. Sy het heelhartig ingestem om aan die navorsing deel te neem.

2.2.2 Storie 2: April 2000 – Begin van die siekte

Ek het baie toetse ondergaan as gevolg van aanhoudende diarree en 'n

knop wat ek op my maag gevoel het. 'n Tumor is agter die blaas ontdek, en die uitslag daarvan sou slegs na 'n operasie bepaal kon word. Ek het gevrees dat dit kanker was, maar die gedagte onderdruk. Twee dae later, in die teater, bid ek: "Laat u Wil geskied, wat die geval ook mag wees, en laat my asseblief daarby berus." Toe ek bykom, was my dogters by my, maar ek het niks gevra nie. Ek kon nie agterkom dat daar probleme was nie, en nadat hulle my gemaklik gemaak het, is hulle huis toe sodat ek kon rus.

Later die dag het die dokter my besoek en meegedeel dat dit wel kanker in die ovaria was, en dat hy 95% verwyder het. Slegs 5% het agtergebly, omdat dit onmoontlik was om so diep te sny. Die werklikheid het my nie dadelik getref nie, omdat ek net wou slaap. By my volle bewussyn, het ek besef dat ek kanker het en gewonder wat op my wag en wat verder gaan gebeur. Ek het vir die Here gevra: "Here, wat nou? Gaan ek lewe? Is daar hoop op herstel?" My gedagtes was 'n warboel.

Die aand toe my dogters my weer kom besoek, het ek hulle vertel wat die dokter gesê het. Hulle het gesê dat hulle weet, maar geen emosie getoon nie. Ek het stilweg gedink dat hulle nie juis simpatie met my gehad het nie, maar moes later hoor dat hulle my nie wou ontstel nie.

Na vyf dae in die hospitaal is ek huis toe. Met my opvolgbesoek is ek na 'n onkoloog verwys, wat my met chemoterapie sou behandel. Die behandeling was drieweekliks, oor 'n tydperk van ses maande. Elke behandeling sou vyf ure duur. Ek het geweet van mense wat baie siek geword het van die chemoterapie, en ek was in 'n tweestryd gewikkel of ek vir die behandeling moes gaan of nie.

By die huis, het ek na my kamer gegaan en antwoorde in die Bybel en by God gesoek. Jesaja 43:1-3 het dit vir my bevestig dat ek net moes vertrou, omdat God altyd by my is, in watter omstandighede ek ook al verkeer.

Aan die einde van April 2000 het ek met die behandeling begin, en baie siek geword. Ek het met pyn in my bene gesukkel, en was soms so moeg dat ek nie kon opstaan nie. Mense se besoeke en gebede het my deur hierdie moeilike tyd gedra. My predikante het my bemoedig deur gereeld vir my te bid en uit die Bybel te lees.

Deur die genade van die Here het ek nie moed opgegee nie, maar tot die gevolgtrekking gekom dat die Vader my tot stilstand geroep het, om net weer te besef dat my lewe in Sy hande is.

Die laaste behandeling het in Oktober 2000 aangebreek. Dit het net 'n uur geduur, en ek het nie te sleg gevoel nie. Daardie aand het ek uit 2 Korintiërs 4:16-18 gelees, met die opskrif: Lewe deur die geloof. Ek het geweet dat ek uiterlik afgetakel was, maar is elke dag innerlik vernuwe.

Na 'n maand is ek terug na die onkoloog wat geen teken van kanker kon waarneem nie. Ek het geweet dat dieselfde Here wat op aarde wonderwerke gedoen het, dit steeds doen. Vir Sy genade loof en prys ek Hom elke dag. Dit is nou reeds meer as 'n jaar sedert die operasie en daar is steeds geen teken van kanker nie. Ek wil die Here met my hele hart loof, soos wat Dawid in Psalm 138:3 sê: "Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee". Prys die Here.

2.2.3 Wat het ek gehoor?

- Siekte word soms ontken.
- Gebed kan genesing bring.
- Christene twyfel en voel onseker tydens siekte.
- Dit is belangrik om 'n verhouding met God te hê.
- Skrifbeloftes word waar en vertrou in God dra siekes.
- Daar is lewe en innerlike vernuwing deur die geloof.

2.3 Die storie van 'n mediese dokter

2.3.1 Waarom ek die persoon gekies het

John is 'n mediese dokter wat ek leer ken het toe ek atletiekafrigting aan sy kind gegee het. Ons het lekker gesels, onder andere oor alternatiewe teorie. Hy het wyer as slegs in sy mediese veld gelees en was gemaklik daarmee om alternatiewe op die mediese model te soek. Hy het nie stagneer as mediese dokter nie, maar voortdurend verdere opleiding ondergaan. Uit die aard van sy beroep kom hy met mense vanuit verskillende gelowe en kulture in aanraking. Hy het my geïnteresseer, en toe ek hom vra om aan die navorsing deel te neem, het hy geredelik ingewillig.

2.3.2 Storie 3: GENESING

Genesing is die herstel, gesond word of bevryding van siektes of kwale. Drie belangrike faktore is betrokke: die patologie (siekte of kwaal), die pasiënt en die behandeling.

Siektes verskil uiteraard en wissel van lewensbedreigend tot ipekonders. So wissel die oorsake van die siektes ook van aangebore tot psigosomaties. Dit is duidelik dat moontlike genesing grootliks deur die patologie bepaal word. Die patologie is die een gegewe faktor in hierdie verhouding. Die groot variasie kom by die pasiënte voor en die verskillende behandelingsmodaliteite wat betrokke is.

Mense verskil byvoorbeeld ten opsigte van hul persoonlikhede, geloof, kulturele agtergrond of omstandighede. Dieselfde geld ook pasiënte en hul ervaring van siekte. Terwyl een persoon nie aan 'n verkoue aandag gee nie, is dit vir 'n ander persoon 'n krisis.

Dit bring ons by die geval van 'n ongelooflik positiewe veertigjarige vrou wat twee jaar gelede 'n mastektomie en chemoterapie vir borskanker ondergaan het. Met die opvolgbesoek is 'n karsinoom in haar ander bors ontdek. Sy moes nog 'n mastektomie ondergaan, wat deur 'n jaar se chemoterapie gevolg is. Sy was egter net bekommerd oor die uitwerking wat die nuus op haar kinders sou hê. Sy het goed van die operasies herstel, en hoewel sy na elke chemoterapiebehandeling baie siek voel, gaan sy normaalweg met haar lewe voort.

Met behandeling is 'n mens geneig om aan wit jasse, medikasie en chirurgie te dink. Deesdae is daar al hoe meer behandelingsmodaliteite, en mense wat nie op die konvensionele maniere genees word nie, wend hulle geredelik tot alternatiewe metodes. Dit is heeltemal te verstane.

Dit word beweer dat een van die verskille tussen mens en dier die mens se behoefte is om middels te gebruik! Die krag van die natuur sal in baie gevalle vir genesing sorg, al word geen behandeling toegepas nie.

Om op te som. Alle toestande is nie geneesbaar nie. Die sieke se hantering van die siektetoestand is belangrik vir die genesing daarvan, hoewel die behandeling van die siektetoestand ook van die uiterste belang is. Die pasiënt moet die regte behandeling vir sy siekte ontvang, en vertrou in sy geneesheer en die voorgeskrewe behandeling hê.

Ten spyte van alles is daar gevalle waar genesing nie plaasvind soos wat verwag word nie. Dan is daar weer gevalle waar genesing op onverklaarbare maniere plaasvind. Die rede hiervoor bly, soos vele ander natuurlike verskynsels, 'n raaisel.

2.3.3 Wat het ek gehoor?

Hierdie verhaal het vir my 'n rykdom van diskoerse uitgelig, wat ek soos volg opsom:

- Daar is 'n verband tussen die pasiënt, die siekte en die behandeling.
- Daar is verskillende siektes.
- Mense se reaksies op siekte verskil.
- Mense ervaar siekte verskillend.
- Mense volg soms alternatiewe roetes.
- Alle siektes is nie geneesbaar nie.
- Die behandeling van siektes is altyd belangrik.
- Die siek persoon moet die siekte reg hanteer.
- Daar is wel onverklaarbare genesings.

2.3.4 Ek wonder

Watter effek het die stories van siekte en genesing op jou? Uit die aard van die mediese dokter se beroep kom hy daagliks met stories oor siekte en genesing in aanraking. Op grond hiervan het ek vir John gevra om vanuit sy veld neer te skryf watter uitwerking hierdie stories op 'n dokter het.

2.3.5 Reaksie

In 'n algemene praktyk het 'n dokter nie net met siekte te doen nie! As algemene praktisyn stap jy 'n lang pad saam met mense. Jy voer roetine-ondersoeke uit, staan vroue tydens swangerskap by en ondersoek baie kinders. Dit is sleg as mense, waarmee jy al 'n lang pad stap, skielik siek word, en nie meer die mens is wat jy vir soveel jaar geken het nie. Dit is waarom 'n mens nie afgestomp raak oor siekte nie.

MIV-pasiënte laat 'n mens magteloos voel, en die aanskoue van teringpasiënte laat 'n mens met dankbaarheid aan jou eie lewe dink.

2.3.6 Wat het ek gehoor?

- 'n Mediese dokter bou persoonlike verhoudinge met pasiënte in sy praktyk, en dit is sleg as die mense as gevolg van siekte verander.
- MIV- en teringlyers laat 'n dokter magteloos, maar dankbaar oor eie gesondheid.

2.4 Die storie van 'n predikant

2.4.1 Waarom ek die persoon gekies het

Corné is een van die min mense wat op sy lewe kan terugkyk en vertel hoe hy polio oorleef het. Sy een hand toon duidelik die vernietigende effek wat die siekte op hom gehad het. Tog het Corné 'n baie positiewe uitkyk op die lewe. Ten spyte van die gebrek in sy een hand, leef Corné voluit en staan al 26 jaar in die bediening as predikant.

In sy eie lewe het hy baie met geloofsgenesing te doen gekry. Terwyl hy as kind self 'n trauma beleef het, het hy ervaar hoe mense se verkeerde uitkyk op siekte hul siek hou. Ek het Corné gekies, omdat hy ervaring van siekte het.

2.4.2 Storie 4

My ervaring deur die amper 26 jaar in die bediening, is die volgende:

Siekte is vir my deel van menswees. Nêrens in die Bybel lyk dit vir my of kinders van die Here teen siekte nie gevrywaar is nie. Dit lyk ook nie asof siekte,

behalwe in enkele, spesifieke gevalle, die direkte gevolg van sonde is nie, hoewel dit indirek as gevolg van die sondeval is.

Tog is ons opdrag om vir dié wat siek is, te bid, en hoewel ek glo dat genesing in God se hand is, het ek vir die siekes gebid, met die pleidooi dat die Here hulle sal genees. Ek het nog nooit verklarings probeer soek vir die verskynsel dat die Here in baie gevalle direk ingegryp en genesing bewerkstellig het, en in baie gevalle nie. Dit kon ek altyd in Sy hand laat, en Sy wil daarmee aanvaar.

Dit was telkemale wonderlik as daar genesing plaasgevind het, sonder dat die medici 'n verklaring daarvoor kon gee. Tog glo ek met my hele hart dat daar net so 'n groot wonderwerk plaasvind, as die Here ons dokters gebruik om genesing te laat plaasvind.

Siekte is by min mense sonder resultate. Die besef dat 'n mens se lewe nie in eie hand is nie, maar in die Hoër hand s'n, het baie mense se lewens verander. Die besef dat geestelike genesing baie belangriker as fisiese genesing is, het baie mense se totale denke oor die lewe, en hulle ingesteldheid teenoor ander mense en God beïnvloed. Dit gaan dikwels met geestelike groei gepaard, maar nie altyd sonder 'n stryd nie.

So baie keer het 'n mens ervaar dat 'n terminaal siek persoon 'n sprankelgetuienis lewer, en meer vir jou beteken as wat jy vir hom of haar beteken. Siekte bied ook 'n goeie geleentheid tot getuienis, en is 'n geleentheid om deur ondersteuning die liefde van Jesus sigbaar te laat word. Dit beteken partykeer meer as iemand te midde van sy of haar siekte vir Jesus (deur mense) ervaar, as dat hulle genesing ontvang.

Die slegste deel van my ervaring, is dat mense by 'n genesingsdiens emosioneel glo dat hulle genesing ontvang het, en dan hul medikasie weggooi –

net om weer teleurgesteld na God (en die medikasie) te moet terugkeer. Veel meer, as die skuld las van jou siekte op jou gewete geplaas word, en jy glo dat jy nou weer siek word omdat jy gesondig het, is dit in stryd met my geloof, want só 'n God ken ek nie. Ek was al by genesingsdienste teenwoordig waar, sover ek weet, nie een langdurige genesing plaasgevind het nie. Die dankoffer het 'n groter rol as die genesing gespeel.

Tog glo ek met my hele wese dat God direk en indirek kan genees, hoewel ek dit rustig in Sy hand laat. Ek sal voortgaan om vir siekes te bid en die Here daarmee te vertrou. Dit bly 'n kosbare geleentheid, maar ek glo dat ons nog te kleingelowig in hierdie verband is.

2.4.3 Wat het ek gehoor?

- Siekte is deel van menswees en Christene is nie gevrywaar nie.
- Daar moet vir siek mense gebid word.
- Genesing vind bonatuurlik (Goddelik), of met die hulp van mediese dokters plaas.
- Geestelike genesing is 'n hoër prioriteit as fisiese genesing.
- Dit is belangrik dat mense God se teenwoordigheid tydens siekte ervaar.
- Genesingsdienste bied oor die algemeen geen langtermyn genesing nie.
- Vertroue in God is belangrik.

2.4.4 Ek wonder...

Ek het gewonder oor die volgende gedeelte van bogenoemde verhaal en die persoon gevra om verder hieroor uit te brei: “Die slegste deel van my ervaring, is dat mense by 'n genesingsdiens emosioneel glo dat hulle genesing ontvang het, en dan hul medikasie weggooi – net om weer teleurgesteld na God

(en die medikasie) te moet terugkeer...Ek was al by genesingsdienste teenwoordig waar, sover ek weet, nie een langdurige genesing plaasgevind het nie. Die dankoffer het 'n groter rol as die genesing gespeel”.

2.4.5 Reaksie

Die volgende sal my altyd bybly:

Lidmate wat genesingsdienste bygewoon het, het opgewonde teruggekome en van genesing getuig. Die medikasie is dadelik gestaak. Een dame is 'n week na die genesingsdiens in die hospitaal opgeneem, en het amper gesterf as gevolg van die feit dat sy haar medikasie gestaak het. Ander het na 'n tyd weer oor dieselfde pyn gekla, en maar weer medikasie begin gebruik. Dit was veral die geval by siektes wat nie met die blote oog gesien kon word nie.

Tydens die genesingsdienste is almal wat slegs in die een oor doof was, vorentoe geroep. Toe iemand wat in albei ore feitlik doof was op die verhoog verskyn, was die antwoord: "Ons bid vanaand vir eenoor-dooftheid, maar staan maar hier, miskien sal die Here ook vir jou genesing bring". Dit het nie plaasgevind nie. Die kollektebordjies is twee maal omgestuur, terwyl dieselfde liedere oor en oor gesing is.

My probleem hiermee, en ook met al die ander genesingsdienste wat ek bygewoon het, was die las wat op die siek persone geplaas is. In een geval het 'n jongman huilend en teleurgestel in die Here by my uitgekom en gevra wat hy nóg moes doen. Hy het nie genesing ontvang nie, en is aangesê om meer van sy sondes te bely, dan sal hy genesing ontvang. Hy het alles bely, en nooit genesing ontvang nie.

'n Ander, relatief jong man, het 'n groot vrees ontwikkel. Hy het wel beter gevoel, maar die geneser het gesê dat die pyn weer sou terugkom indien hy sou

sondig. Hy het daarna altyd gewonder wat hy verkeerd gedoen het as hy sleg gevoel het. Na 'n maand het hy erken dat die pyn weer terug is, en tans beskryf hy genesingsdienste as opswepery wat hom ook meegevoer het.

2.4.6 Ek wonder...

Hier volstaan ek met 'n paar vrae wat uit die storie na vore kom:

- Is genesingsdienste opswepery?
- Tree mense tydens en na afloop van genesingsdienste rasioneel op?
- Vind daar werklik genesing tydens en na afloop van genesingsdienste plaas?

2.5 Die storie van psigose

2.5.1 Waarom ek die persoon gekies het

Toe ek ses jaar gelede in die gemeente begin werk het, het Susan om hulp aangeklop. Op daardie stadium het sy geweldige sterk medikasie vir 'n psigiatriese toestand gebruik. Sy was bleek in haar gesig, en sy het amper soos 'n robot beweeg, vanweë spanning. Die eerste drie jaar van my bediening het ek haar weekliks vir berading gesien, en stelselmatig het sy beter geword. Gedurende hierdie tyd is sy kort-kort in psigiatriese hospitale opgeneem. Ambulanse en dokters was meer as een keer by haar huis, omdat sy te veel pille of drank ingeneem, of afwykende gedrag openbaar het. Sy was aan drank, pille en seks verslaaf, en het ook aan bulimie gely.

Ek sluit hierdie verhaal in, omdat ek iets met Susan sien gebeur het wat vir my 'n wonderlike verhaal vertel van iemand wat te midde van haar siektetoestand, haarself ontdek het, en 'n storie vertel wat gehoor moet word.

2.5.2 Storie 5

Die realiteit van hierdie siekte is so aaklig dat dit gesprekke met familie en kennisse geneem het om dit te herroep. Die mens het 'n wonderlike vermoë om onaangename ervarings uit die geheue of die bewuste te verwyder deur herinterpretasie, slaap of verloop van tyd. Afhangende van hoe die proses hanteer word, blyk dit 'n normale meganisme te wees. Dit is noodsaaklik vir voortbestaan en genesing.

Ek wil my siektetoestand as erge depressie beskryf, gepaardgaande met fases van psigose wat oor 'n tydperk van meer as tien jaar gestrek het. Vir begrip van die toestand sal ek bloot ervarings oproep, nie noodwendig in kronologiese volgorde nie.

Hallusinasies, waar 'n mens se ervarings ver van die realiteit is, is waarskynlik die mees skrikwekkende simptome van psigose. My voorstelling van die hel roep so 'n situasie op. Tydens hallusinasie sien 'n mens beelde en hoor geluide wat nie werklik bestaan nie, maar wat ek as eg en waar ervaar het.

'n Reeks onaangename gebeure wat die een op die ander volg, vorm 'n storie wat jou in 'n onrealisties wêreld van jou eie plaas. Ek kan talle sodanige insidente oproep, omdat ek oor die verloop van tien jaar ten minste vyf sulke episodes ervaar het, wat in tydsduur gewissel het.

Ek onthou hoe ek in 'n psigiatriese hospitaal gelê het, met 'n ervaring dat ek besig was om dood te gaan. Ek onthou skrikbeelde van massas kranse voor my bed, wat my laat voel het, dis hoe die dood is. Ek was vir ten minste 'n week in my eie wêreld. Ek het interaksie met 'n dokter uit my verlede gehad wat woedende uitlatings teenoor my gemaak het. Ek het hom gewaarsku dat sy vrou besig was om selfmoord te pleeg, deur in die see in te loop. Baie blomme het

my die toneel van prinses Diana se dood voor die gees geroep, en soms was ek selfs sy. Die rit hospitaal toe was ook 'n belewing van 75km van hel. Ek het vir my ma gesê dat sy moet ophou sing, hoewel sy blykbaar nie gesing het nie.

Soms het ek blykbaar baie snaaks opgetree. Daar was die insident toe ek blykbaar in die hospitaal konsert gehou het. 'n Tannie wat ek geken het, was duidelik in my ervaring. Sy het oor die karradio met my ma en pa gepraat, en verskoning gevra vir sekere vulgêre woorde en leuens wat sy geuiter het. Eendag het ek in die teenwoordigheid van 'n predikant vlot Hebreeus gepraat het, wat uitstekende digkuns ingesluit het. Hoewel ek Hebreeus op universiteit geneem het, kon ek dit nie vlot praat sodat die dominee dit sou kon verstaan nie.

Sulke insidente plaas geweldige spanning op die mense, veral op die familie wat die naaste aan jou leef. Hulle is gewoonlik vreesbevange en onbeholpe om die situasie te hanteer, omdat hulle nie weet wat om volgende te verwag nie.

Tydens sulke insidente is daar net een plek vir die sieke, en dit is in 'n hospitaal met opgeleide personeel. Iemand wat in so 'n toestand, of in die akute fase daarvan is, is 'n gevaar vir hom- of haarself, en vir die mense rondom hulle.

Hierdie toestand ontstaan nie binne die bestek van een dag nie, maar is die uitvloeiende van 'n reeks gebeure wat in skielik waarneembare persoonlikheidsverandering kulmineer. 'n Introvert sal byvoorbeeld skielik baie sosiaal word en meer gesprekke en verhoudings met ander mense aanknoop. Allerlei nuwe aktiwiteite soos sport, studie en stokperdjies word aangepak. Slaappatrone word versteur. Die feit dat die brein nie kan afskakel nie, is myns insiens 'n verdere stap in die rigting van erge psigose. Dit hou die pasiënt met 'n eindelose gedagtegang besig wat met die alledaagse doen en late vermeng. Tyd bly beperk te wees. Daar is skielik soveel dinge wat op 'n dag gedoen moet word, maar tog kom die pasiënt dikwels nie by die belangrike prioriteite, soos

byvoorbeeld studie, uit nie.

Ek onthou hoe onrealistiese vrese my gedurende die maande van agteruitgang tot by die fase van psigose, of tydens die herstelfase, geteister het - die geweldige vrees vir oop trappe, roltrappe, hysbakke, klein ruimtes soos storte, wat gepaard gegaan het met 'n gevoel dat my keel toetrek, dat ek lighoofdig en bewerig is, terwyl sweet op my uitslaan. Dan was daar verder die vrees vir muurproppe, dat ek in my slaap my vinger in 'n muurprop sou druk en myself doodskok.

Hierdie simptome het 'n probleem in die werksplek geword, omdat dit so sigbaar was, en ek gevrees het dat mense dit sou raaksien. Ek het mense en groepsituasies begin vermy, omdat ek bang was dat ek sou bewe. In die gevorderde fase van die siekte is 'n mens eenvoudig nie in staat om die eise van die eenvoudigste werk te hanteer nie. Selfs motor bestuur is onmoontlik vanweë die onrealistiese ervaringswerklikhede.

Ek herroep die dag toe ek geglo het dat my troudag met 'n spesifieke man aangebreek het. Ek het 'n paar dae tevore 'n dokter besoek wat korttermynmedikasie vir onaangename angssimptome voorgeskryf het. Die nag van my "troue", die nag voor my hospitalisasie, het uit onrealistiese hallusinasies bestaan. Ek was alleen in my woning. Ek het gaan bad om my vir my troue voor te berei. Ligte het skielik deur die badkamervenster geflits en daar was stemme. Ek het gedink dat dit vriende sou wees, en het stilletjies gelag en besluit om nie die deur oop te maak nie.

Die hel van daardie nag het die stukkend gooi van glase en bekere, onverstaanbare telefoonoproepe, die verdwyning van 'n bak beskuit wat ek self opgeëet het, die skryf van boodskappe wat God self aan my gegee het, 'n wandeling om die straatblok, en die sien van spookbeelde ingesluit. Die polisie het blykbaar aan my deur geklop omdat bure oor die harde musiek gekla het. Ek

het blykbaar om middernag 'n liedjie vir my geliefde gespeel, omdat hy volgens my buite die huis gestaan het.

Genesing van hierdie vreesaanjaende siektetoestand stel die individu, familie en vriende, medici, beraders en sielkundiges voor 'n berg wat byna onmoontlik lyk om uit te klim. Ek wil dit prontuit stel dat sonder hoop in die mens se vermoë om na liggaam en siel te kan heel, hierdie 'n onbegonne taak sou wees. Dit begin by hoop wat deur die kleinste teken van beterskap gewek word. In die hospitaal, word 'n meer realistiese ervaring van die werklikheid chemies, of deur die interaksie met mense om jou wat grense stel, bewerk, mense wat op jou pogings om 'n verwarde wêreld te probeer uitsorteer, reageer. Die broosheid van 'n persoon in hierdie toestand is moeilik om in woorde vas te vang.

My doel is om die geweldige moontlikheid van heling van die mens onomwonde te leef, en van die vol, gebalanseerde, produktiewe en gelukkige lewe wat ek nou leef, te getuig. Dit staan in direkte kontras met dit wat ek vroeër beskryf het. Kenmerkend van my nuwe, gesonde lewe is dat ek verantwoordelikheid neem, ook vir my eie geluk, dat ek goed vir myself is en destruktiewe gewoontes en gedrag vermy. 'n Wil om te lewe, is sterk aanwesig, in kontras met my gedagtegang oor die loop van tien jaar, waar ek liever dood wou wees.

Intensiewe terapeutiese begeleiding, wat hierdie onderdrukte kern van my bestaan bewustelik gemaak het, dit op die ondersoektafel geplaas het en my dit laat deurleef het, beskou ek as die deurslaggewende faktor in hierdie lang pad na genesing. Dit was 'n pad waarop ek tot begrip moes kom van waar dit vandaan kom, waar dit begin het en wat dit aan my gedoen het. Die wil en energie om hierdie konfrontasie met die self aan te pak en vol te hou, blyk 'n gegewe van 'n Hoërhand se ingrype te wees.

Begrip van die grootsheid van hierdie helingsproses, is moeilik om oor te

dra. Dit begin met krieseltjies hoop. Nou bied dit oneindige hoop, waarvan ek so vol is dat ek die intense behoefte het om dit in liefde met slagoffers en hulle gesinne te deel, en myself as lewende voorbeeld voor te hou van die mens se wonderlike, uiters dinamiese vermoë tot genesing.

2.5.3 Wat het ek gehoor?

- Herinterpretasie en tyd is noodsaaklik vir heling.
- Psigose is 'n onaangename siektetoestand.
- Mense met psigotiese toestande hoort in hospitale met opgeleide personeel om hul te hanteer.
- Die neem van eie verantwoordelikheid en die vermyding van destruktiewe gedrag, is belangrik om die helingsproses aan die gang te sit.
- Die helingsproses begin met 'n krieseltjie hoop.

2.5.4 Ek wonder...

In hierdie storie het ek toenemend begin wonder wat die persoon met “genesing van onaangename ervarings” bedoel. Omdat die storie in baie opsigte uniek is, wou ek verder hieroor uitvra.

2.5.5 Reaksie: Genesing van onaangename ervarings

Moontlik kan die grense van die konsep **genesing** so effens verskuif word, as ek dit as lyer van die skynbaar ongeneeslike toestand, Bipolêre gemoedsteurnis, benader. Ek wil graag ondersoek in hoe 'n mate my onaangename ervarings, en die genesing daarvan, in hierdie vreesaanjaende toestand verwing is.

Sekerlik is hallusinasies die onaangenaamste ervaring wat ek nog beleef

het. Die aanloop daartoe is 'n geweldige opeenhoping van energie, slapeloosheid en gewigsverlies. Beweging en denke word al vinniger, tot geen stop is nie, en ek van die planeet af “tol”. Tydens slapelose nagte maak ek kos, dek die ontbyttafel, berei volledige middagetes Ek skryf aan prokureurs, omdat ek kans sien om die wêreld aan te pak. Ek is vir niks en vir niemand bang nie. Ek skryf ongepubliseerde briewe en leef kreatief. Hierdie tyd is so fantasties dat jy nie wil hê dit moet eindig nie.

Die hoofprobleem by mania is dat namate die spoed toeneem, jy by 'n punt kom waar jy nie meer kan stop nie. Teen die tyd (gewoonlik na ongeveer vier maande) is jou liggaam so uitgeput dat jy ooremosioneel en sensitief is. Die positiewe energie verander in arrogansie, wat uiters irriterend vir mense is.

Namate die mania vorder, verloor jy tred met die tyd en die opeenvolging van probleme. Jy probeer betekenis gee aan 'n vreesaanjaende situasie, waarin drogbeelde en stemme voorkom. Dit is wanneer jy in die hospitaal opgeneem en verdoof word, om 'n week later eers van jou omgewing bewus te word. In die worsteling om drogbeelde van vrees, stemme en moegheid te onderskei, moet die saad van hoop op genesing reeds waargeneem word. Wankelrig en broos móét jy eenvoudig op sterk mense leun, en daarvoor het jy baie tyd nodig.

Genesing is afhanklik van die hoop waarop jou liggaam en hele wese ingestel moet wees. Oorwinning oor die vrese is 'n noemenswaardige helingsproses. Dit verg wilskrag. In 'n skare mense is jy soms heel alleen met jou vrese. Jy hoop niemand sien jou bewende hande, die sweet op jou bolip, die vrees in jou oë, die duisel in jou kop of jou keel wat toetrek nie. Jy vermy oogkontak met mense, omdat dit jou net bangmaak.

Terwyl ek skryf word ek weer bewus van die mens se geweldige potensiaal op genesing, en bewonder 'n mens weer jou eie liggaam en gees. As voorbeeld dink ek my been wat gebreek het, en sonder die ingrype van 'n

operasie aangegroei het. 'n Mens raak tog van 'n groter krag bewus.

Medikasie in die hande van 'n psigiater kan 'n drastiese verandering of genesing bewerkstellig, as die regte formule daarin slaag om die chemiese wanbalans in jou brein te genees. Die proses is egter hel, en nuwe effekte kom vir maande lank voor, voordat stabiliteit bereik word.

Waarby ek wil uitkom is die siening van 'n bipolêre gemoedsversteuring as 'n unieke lewensproses. 'n Bipolêre gemoedsversteuring is effektief behandelbaar, maar net soos ander siektes wat die gevolg van 'n chemiese wanbalans in die brein is, is dit ongeneeslik. By 'n bipolêre steurnis is dit nodig om:

- Belangrike gebeure in die lewensproses te help verklaar, veral waar dit tot 'n bipolêre insident aanleiding gegee het.
- Die patroonmatigheid van die individu se siekte te identifiseer, ten einde vroegtydig in te gryp.
- Die graad van die siekte te identifiseer, sodat dienooreenkomstig opgetree kan word. Toesig, of hospitalisasie is op sekere stadiums nodig, waar die moontlike gevaar vir ander mense en vir jouself geneutraliseer kan word.
- Te beseef dat dit 'n gevaarlike toestand is, en dat dit selfs dodelik kan wees as gevolg van fisiese uitputting.

'n Mens kan onaangename ervarings nie heel sonder om anders daarna te kyk nie. Realiteit moet nie as iets eksterns beskou word nie, eerder as iets wat ons deur ons eie persepsies skep, in 'n poging om eiesoortige betekenis aan ons lewens te gee.

2.5.6 Wat het ek gehoor?

- Die gebruik van medikasie is noodsaaklik.
- Hoop is nodig vir genesing.
- Die menslike liggaam het die potensiaal om te genees.
- 'n Ander manier van kyk na die siekte word vereis.

2.6 Die storie van ekseem

2.6.1 Waarom ek die persoon gekies het

Die volgende persoon is 'n kundige op die gebied van pastorale terapie. Ek sluit die persoon in, omdat dit die ervaring van 'n kundige persoon vertel. Dit is iemand waarmee ek baie ure oor predikant wees, berading en diskoerse gegels het, en ek glo dat hierdie verhaal 'n bydra tot die verstaan van die diskoers van heling kan lewer. Hierdie verhaal lig ook die onderskeid toe tussen die vermoë om heling te ken, en heling te ervaar.

2.6.2 My ervaring van siekte en gesondheid

Ek het gedink dat ek siekte ken. Ek het gedink dat ek siekte en wat dit aan mense doen, verstaan omdat ek vele boeke daarvoor gelees en vertellings daarvan gehoor het. Ek het gedink dat ek siekte ken, op grond van eie ervaring of die ervaring van gesinslede of gemeentelede wat siek geword het.

Ek het egter nie begryp wat dit beteken om siek te wees nie. My ervaring hiervan het in Februarie 2000 begin, toe ek met akute en chroniese ekseem gediagnoseer is. Ek sou enigiets doen om die velprobleem, en die daarmee gepaardgaande rooi, uitgeslane en opgehewe vel en jeuksensasie te ontduik. Ek het enige hulp en raad probeer: Besoeke aan verskeie geneeshere en dermatoloë, 'n verskeidenheid salwe en olies, 'n nuwe dieet, en selfs hipnose

kon 'n oplossing bied nie.

Die siekte het nie net op my lewe 'n invloed gehad nie, maar ek is met die wete gekonfronteer dat my vrou baie van my pligte op haar moes neem, en dat die kinders begin praat het van hulle pappa wat siek is. Ek was sensitief oor wat mense van my siekte gedink het. Sommige het gemeen dat my probleem aan werkspanning te wyte was. Dit het my soos 'n swakkeeling, wat nie spanning kon hanteer nie, laat voel.

In 2001 het die ekseem vererger. Dit het my nie net liggaamlik aangetas nie, maar ek het ook geestelik en psigies verlam gevoel . Die siekte, en die feit dat ek oënskynlik niks daaraan kon doen nie, het my gemoed verlam. As gevolg van die medikasie het ek vir dae aanmekaar nie geweet wat om my gebeur nie.

As laaste uitweg het ek 'n spesialis in Pretoria gaan spreek. Op pad daarheen het ek onseker gevoel en gewonder of daar enige iets vir my gedoen sou kon word.

Die wonderlike van my verhaal (en iets waarvoor ek baie dankbaar is), is dat ek deur die gebruik van medikasie, wat weliswaar baie duur was, in só 'n mate herstel het, dat ek weer my ou lewenspatroon kon hervat.

In refleksie op die betekenis van die siekte in my lewe, het ek ontdek dat ek nie net 'n eerstehandse ervaring gehad het van wat dit beteken om siek te wees nie, maar dat die siekte ook 'n geestelike verdieping in my lewe gebring het. In die behandeling van die siekte het ek mettertyd 'n diep geestelike ervaring van die Here se teenwoordigheid beleef. Dit het aanleiding gegee tot 'n nuwe dimensie in my bediening. In die prediking en die pastoraat kon ek myself vereenselwig met ander se siekte en pyn. In die identifisering met ander se pyn, kon ek hulle en myself help om ons in Sý wonde, maar ook in die genesing wat dít gebring het, te vind.

2.6.3 Wat het ek gehoor?

- Daar is 'n verskil daarin om siekte in teorie te ken, of dit self te ervaar.
- Siekte, in die geval ekseem, het 'n geweldige uitwerking op die persoon uitgeoefen:
 - Sy huishouding is daardeur geraak, omdat sy vrou die take moes doen wat hy normaalweg sou uitvoer.
 - Die ekseem het 'n verlamme uitwerking op sy gemoed en geestelike lewe gehad.
 - Hy het ontoereikend gevoel, omdat hy nie die siekte kon hanteer nie.
 - Die positiewe uitwerking was 'n verdieping in sy geestelike lewe, asook 'n ervaring van die Here se teenwoordigheid.

2.7 Die storie van natuurlike hulpmiddels tot genesing

2.7.1 Waarom ek die persoon gekies het

Ek kies hierdie persoon omdat sy jare lank al by natuurlike hulpmiddels en alternatiewe genesingsmetodes betrokke is. Theresa bied kursusse oor alternatiewe metodes en die toepassing daarvan aan. Sy help mense om hulle eetgewoontes, lewenstyl en die manier waarop hulle na hul siekte kyk, te verstaan en dienooreenkomstig aan te pas. Sy is in die gemeenskap bekend vir die werk wat sy doen. Almal in die gemeenskap is nie te vinde vir die manier waarop sy na die lewe kyk nie, en sy ondervind dikwels teenstand. Ek dink hierdie stem kan 'n bydrae tot die verstaan van alternatiewe en natuurlike hulpmiddels, en die holistiese benadering daarvan, lewer.

2.7.2 Storie 7:

In my Duitse ouerhuis het ek met die gebruik van eenvoudige, natuurlike hulpmiddels (boererate) vir algemene kindersiektes, grootgeword. So was dit byvoorbeeld 'n warmwaterfles, gevolg deur kalmerende kamilletee vir maagkrampe, of yskoue, met maaskaas gesmeerde verbande om die kuite om 'n hoë koors te laat daal. Alledaagse kruie en kossoorte is gebruik, soos byvoorbeeld tiemietee as gorrelmiddel teen seerkeel, peperment op die voorkop gevryf vir hoofpyn, en 'n varsgekapte ui wat tien minute op 'n seer oor gesit word (natuurlike antibiotika!) vir infeksie. Daar is klem gelê op rus vir die liggaam en spysverteringstelsel, totdat die hele sisteem weer normaal was.

Vanuit hierdie agtergrond was dit vanselfsprekend dat ek in die homeopatiëse geneesrigting begin belangstel het, veral nadat my moeder met behulp van hierdie medikasies van kolonkanker genees is. (Sy is in 1970 genees, en is nou 76 jaar oud).

Toe ek 25 jaar gelede na hierdie plattelandse deel van SA gekom het, was ek verbaas hoe onkundig die publiek oor homeopatie was. Die plaaslike dokters het gemaak asof dit nie bestaan nie, en die kerk het dit aan satanisme en shamanisme gelykgestel. Want, het hulle geredeneer, hoe is dit moontlik dat 'n paar suikerkorreltjies 'n mens kan genees!

Die afgelope twintig jaar gebruik ek en my gesin van vyf uitsluitlik hierdie 'suikerkorreltjies'. My kinders raak nie aan Disprin, Ponstan of Amoxyl (om maar net 'n paar voorbeelde van alledaagse alupatiëse middels te noem). Hulle het geen stopsels in hulle tande nie, het goeie weerstand teen infeksies en virusse, en wanneer hulle wel siek word, genees hulle maklik, met behulp van homeopatiëse middels en kruie.

Hiermee saam gaan 'n holistiese benadering tot die welsyn van liggaam,

gees en siel. Ek probeer sover moontlik gifstowwe in kos vermy, deur organies gekweekte groente en vrugte te eet (dit help om op 'n plaas te woon!), en om net volgraanprodukte te gebruik (ek maal byvoorbeeld my eie meel). Gemorskos soos koeldrank en skyfies is taboe. Die beste manier om kos voor te berei, is om so min moontlik die natuurlike voorkoms en samestelling van die bestanddele te verander.

Dit ook ook noodsaaklik om gereeld vars lug te skep, en jou liggaam fiks te hou. As jou liggaam gesond is, het jy 'n oorfloed energie, en sien jy kans vir die belangrike dinge in die lewe, soos om jou geestelike lewe te ontwikkel en te verbeter, en om met medelye jou medemens te help, in plaas daarvan om vir jouself jammer te wees. Dit gee 'n mens 'n positiewe uitkyk op die lewe, en met positiewe energie kan 'n mens berge versit.

Ek wil meld dat dit die afgelope jare my ondervinding is dat mense in my omgewing toenemend in die homeopatie begin belangstel. Hulle begin beseft dat dit nie genoeg is om uiterlike simptome net alupaties te laat behandel en te verdoesel nie, maar dat die oorsaak van die probleem gesoek en behandel moet word om volkome genesing te kry. Mense begin beseft dat 'n velallergie byvoorbeeld net tydelik met kortisoonsalf onder beheer gebring kan word, maar dat dit nie genees word nie, totdat die oorsaak (miskien kos of stresverwand) nie verwyder word nie. Deesdae word dit al hoe makliker om natuurlike middels op die aptekers se rakke te vind, wat daarop dui dat daar 'n bewuswording van die belangrikheid daarvan ontstaan het.

Vir diegene wat skepties oor dié soort medikasie is, kan ek net myself en my gesin as voorbeelde voorhou. Vir diegene met wie se geloof dit bots, sê ek reguit dat ek eerder onskadelike medikasie inneem wat uit God se skepping vervaardig word, (alle bestanddele kom uit die plante-, mineraal-, en diereryk) as om kunsmatige, mensgemaakte middels met verslawende newe-effekte te gebruik. Die Bybel is vol aanhalings oor die gebruik van plante en olies. Die

wyse manne het byvoorbeeld vir die Jesuskind frakinsense en mirre geskenk en Maria het Jesus se voete met nardusolie gesalf. As dit goed genoeg vir Jesus was, sal dit beslis net so goed vir my wees.

2.7.3 Wat het ek gehoor?

- Natuurlike hulpmiddels speel 'n belangrike rol by heling.
- Homeopatie is een van die onderskatte alternatiewe.
- Dit help om 'n holistiese benadering ten opsigte van liggaam, siel en gees te volg.
- 'n Gesonde lewenswyse wat oefening en gesonde eetgewoontes insluit, is belangrik.
- Dit help om die fokus op ander in nood te plaas, en diens te lewer.

2.8 Die storie van 'n verpleegster

2.8.1 Waarom ek die persoon gekies het

Carmie is 'n verpleegster wat met ywer en passie haar werk verrig. Sy het jarelange ondervinding van die verpleegkunde. Vir baie jare was sy 'n verpleegster in die hoësonde. Dit is vir my belangrik om die storie van iemand wat direk met siek mense gewerk het, te laat hoor. Sy het ook in haar persoonlik lewe met emosionele siekte te doen gekry.

2.8.2 Heling

Wanneer 'n mens 'n operasie ondergaan, is daar 'n wond. Die wond word geheg, en binne 'n paar dae begin die wond heel, en genesing vind plaas. Spierlae herstel en die vel genees. Al het genesing volkome plaasgevind, laat die operasiesnit steeds 'n letsel of litteken.

Wanneer 'n persoon deur 'n egskeiding gaan, of op die een of ander wyse 'n geliefde verloor, kry die persoon emosioneel seer, en laat dit 'n wond. Tyd is belangrik vir genesing. Herstel vind plaas, maar weer eens laat dit 'n letsel of litteken.

Op die een of ander manier, doen ons almal wonde op, want seerkry is deel van die lewe. Genesing kan slegs plaasvind as ek myself ondersoek, en besluit wat ek met die seerkry gaan doen.

Genesing neem tyd. Dit is 'n proses. Vir my begin genesing op my knieë, in gesprek met Jesus, om onder leiding van die Heilige Gees vry te spreek, en te vergeef. In vergifnis en vryspraak lê 'n groot stuk genesing. Hoewel die wond genees, laat dit lewenslange letsels, en niemand kan dit wat gebeur het, wegneem nie. Dit is wanneer positiewe gedagtes en 'n positiewe lewenswyse of lewensuitkyk 'n verskil maak. Dis my keuse wat ek met die omstandighede gaan doen. Strek ek my uit na dit wat voor is, en voltooi ek die wedloop, of leef ek voortdurend in die verlede?

2.8.3 Wat het ek gehoor?

- Genesing neem tyd.
- Fisiese en emosionele siektes begin by 'n 'wond' wat moet genees, na afloop van genesing is 'n litteken sigbaar wat nie verwyder kan word nie.
- 'n Keuse oor die hantering van siekte moet gemaak word.
- Gebed en vergifnis word as fundamentele beginsels genoem.
- 'n Positiewe lewensuitkyk en 'n positiewe lewenswyse maak 'n verskil tydens siekte.
- In vergifnis en vryspraak lê genesing.

2.9 Die storie van Diena

2.9.1 Hoekom ek die storie insluit

Diena het vir drie maande by ons gewerk voordat haar kind gebore sou word. Sy het gereeld vir roetine-ondersoek na die kliniek of hospitaal gegaan. Alles het goed gegaan, totdat sy toe sy begin kraam het per ambulans hospitaal toe geneem moes word. Hoewel Diena geen fisiese of emosionele siekte het nie, sluit ek die storie in.

2.9.2 Die storie van Diena

Diena is 'n huiswerker van ongeveer dertig jaar oud, en werk om haar kinders te onderhou. Sy was onlangs swanger en moes op 'n ontugnugterende wyse met die mediese dienste in die Oos-Kaap kennis maak.

Diena het agtergekom dat alles nie pluis met haar swangerskap was nie, en het vir 'n deeglike ondersoek na 'n mediese praktisyn gegaan. Die dokter het haar meegedeel dat sy nie normaal geboorte sou kon skenk nie, omdat die baba verkeerd gelê het. Diena het by die plaaslike staatshospitaal 'n afspraak vir die ambulans en die keisersnee vir die vasgestelde tyd gemaak.

Haar kraamproses het vroeër begin as wat verwag is, en sy moes inderhaas hospitaal toe gaan, vanwaar sy per ambulans 'n die hospitaal in Port Elizabeth geneem is. Saam met haar in die ambulans was 'n passasier wat nie op pad hospitaal toe was nie, maar om inkopies in die Baai te gaan doen.

Met die aankoms by die hospitaal het sy by ontvangs aangemeld waar sy gevra is om haar plek agter in die ry in te neem. Sy was reeds in kraam en het die ontvangspersoneel daarvoor ingelig. 'n Medepasiënt het 'n rolstoel gaan haal en haar na die kraamafdeling geneem. Toe sy daar aankom, was die

kontraksies reeds sterk, en sy kon nie meer self loop nie. Die mede-pasiënt het haar op 'n bed gehelp, wat opsigtelik reeds vir 'n ander kraamgeval gebruik is. Die personeel het ongestoord met 'n ander kraamgeval voortgegaan, terwyl Diena sonder bystand gekraam het. Twintig minute nadat haar baba gebore is, het 'n personeellid die naelstring kom knip.

2.9.3 Ek wonder...

- Kan swak mediese dienste tot siektetoestande lei?

2.10 'n Storie oor MIV/vigs

2.10.1 Waarom ek die verhaal vertel

VIGS is sekerlik een van die siektes wat die meeste onder bespreking is. In my navorsing hanteer ek vigs as een van die stories oor siekte of heling, om 'n harmoniese geheel met die ander stories te vorm. Ek sluit die storie in, omdat dit ons definitief raak, en 'n storie binne die Afrika- en wêreldkonteks is. Die storie word in verslagvorm aangebied, na aanleiding van 'n onderhoud.

2.10.2 Die storie van Anna

Op Donderdag 9 September 2004, 'n sonnige lentemiddag, gaan kuier ek met groot afwagting en 'n bietjie senuweeagtigheid by Anna, 'n 35-jarige blanke vrou wat MIV-positief is. In die TV-kamer ontvou daar 'n verhaal van tragedie...maar veral 'n verhaal van geloof en hoop!

Anna het in Potchefstroom grootgeword. Op sewejarige ouderdom is haar ma oorlede, en is sy na die kindershuis. Hoewel haar pa eers oorlede is toe sy 21 was, het sy hom slegs 'n paar keer gesien terwyl sy in die kindershuis was. Anna beskryf haar verblyf in die kindershuis as 'n nagmerrie, omdat die hoof van die

kinderhuis die kinders gemolesteer het.

In Potchefstroom het sy haar lewensmaat, Pieter in `n parkie ontmoet. Saam met hom het `n lewe van drank, rook en dwelms begin. Hul was veertien jaar saam, en twee kinders is gebore. Pieter het haar gedurende hulle saamwees fisies en psigies mishandel. Toe hulle kus toe verhuis het, waar Pieter `n visserman geword het, het hy haar dikwels vir lang tye alleen gelos.

Drie dae voor Pieter se dood in 2000, het hy aan Anna erken dat hy by `n prostituut geslaap het en vigs het. Anna het haar laat toets, en die uitslag was positief. In die daaropvolgende twee jaar het sy erg gedrink, gerook en dwelms gebruik. Haar kinders is van haar af weggeneem en in pleegsorg geplaas. Sy het in hierdie twee jaar tot bekering gekom, maar dit het nie lank gehou nie, omdat sy te veel na Pieter verlang het.

Een aand het alles vir haar te veel geword, en sy het besluit om selfmoord te pleeg deur van `n brug af te spring. Sy het haar selfmoordbriefies geskryf en gaan slaap. Daardie aand het sy gedroom dat die Here vir haar sê sy sal nie sterf as sy van die brug af spring nie, maar in `n rolstoel beland, want “Hy vat mense wanneer Hy wil, ons kan nie self daarvoor besluit nie”.

Anna het nie selfmoord gepleeg nie, maar die volgende dag na 'n kerkdiens gegaan, waar `n swartman opgestaan en gesê het dat `n witvrou in daardie diens bekeer sal word. Dit was Anna! Tydens die diens is daar vir haar gebid, en sy is nou twee jaar bekeer. Anna sê dat sy nog nooit weer aan drank, sigarette of dwelms geraak het nie. Haar kinders is weer in haar sorg geplaas, en dit gaan goed met haar.

Anna sê dat sy nou die betekenis in Pieter se dood sien, naamlik dat die Here hom geneem het om vir haar `n kans op `n beter lewe te gee. Ten spyte van haar MIV-status, glo Anna dat die Here haar fisies en emosioneel sal

genees, en dat die duiwel siektes in ons lewe bring. Sy sê dat die Here vir haar voorsien, en dat sy op Hom vertrou. Sy sê dat dit belangrik is om te glo dat jy genees is, maar dit is ook belangrik om geduldig te wees. Genesing neem tyd, die Here se tyd. Sy sê ook verder dat jy nie op die diagnose van die dokter moet staatmaak om te glo dat jy genees is nie, maar dat jy net elke dag vir jou genesing moet bid en moet glo dat jy genees is (Jesaja 45).

Anna beleef wel tye wanneer sy moedeloos voel, maar sy sê dat sy weet wat die haar doel op aarde is, naamlik om die Here te prys en te dien.

2.10.3 Wat het ek gehoor?

- Alhoewel Anna MIV positief is, vertel dit slegs 'n gedeelte van haar verhaal.
- Daar is meer as een faktor wat in 'n storie in ag geneem moet word, byvoorbeeld die verteller se kinderlewe, huwelik, sosiale status, ekonomiese klas en manier van dink.
- Die unieke uitkoms in Anna se lewe was die feit dat sy tot bekering gekom het.
- Anna glo dat die duiwel mense siek maak, en sy glo God sal genees.
- Anna bid vir haar genesing.
- Die betrokkenheid van God in haar lewe laat haar anders oor haar siekte dink, en sy hou aan die Skrifbelofte vas.

2.11 Getuienis oor die genesing van beroerte en 'n breintumor

2.11.1 Waarom ek die verhaal insluit

Ek het 'n besondere band met die persoon, en was persoonlik by sy siekbed betrokke. Ek sluit die verhaal in, omdat dit 'n getuienis is dat God genees. Hierdie verhaal bevat belangrike elemente ten opsigte van die diskoers

oor heling. Die verhaal bevat ook 'n besondere dimensie wat die diskoers oor God, en mense se versorging van siekes betref. Hierdie getuienis druk 'n worsteling met twee gevreesde siektetoestande, naamlik beroerte en breinkanker uit.

2.11.2 'n Getuienis

Wie is ek? Dit het ek aan die einde van al my ontberings gevra. Wat is so belangrik aan my dat die hoë God met my bemoeienis maak? Die antwoord is dat God 'n plan het om Sy wil te laat geskied, en dat Hy my daarvoor wil gebruik!

Voor my getuienis, wil ek eers 'n bietjie agtergrond gee. (Dit is vir my belangrik, en ek hoop dat dit aan die einde van hierdie verhaal vir jou ook sal wees!). Voor 2001 was ek baie aktief in die kerk. Ek is by die jeug betrek, was jeugouderling, het baie kampe en toere gereël, en het die BKJA, SKJA en finale jaar katkisanter hanteer. Verder was ek leier van 'n Bybelstudiegroep wat groot hoogtes bereik het, danksy die werking van die Heilige Gees. Die groot vraag wat ek vandag vra, is in hoe 'n mate dit selfgesentreerd, of Godgesentreerd was. Ek glo dat daar iets van albei was, maar die eie-ek het beslis 'n groot rol gespeel.

Die feit is dat ek betrokke was, en het gedink dat dit goed is so. Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek is en bly 'n kind van God, ten spyte van alles, omdat Hy so sê (Johannes 1:12-13).

Toe het die ellende begin. Op 23 Februarie 1999 is ek soos gewoonlik kerk toe, en het my verpligtinge nagekom. Toe ek tuiskom, het twee geweldige hoofpyne deur my kop geskiet. Ek het onmiddellik 'n pynstiller geneem en gaan lê. Dit het egter nie help nie. Die pyn voortgeduur, en my sig het verswak. Die diagnose was dat 'n aar in my kop gebars het. Ek het beroerte gehad en is per ambulans Pretoria toe geneem, omdat ek nie per helikopter kon gaan nie, vanweë 'n gebrek aan suurstof. Ek was angsbevange, omdat 'n mens dikwels

gebreke oorhou na beroerte. Ek kon egter nie helder dink nie.

Ek was amper twee weke in die hoësonneheid, en daar is besluit om nie te opereer nie. Gedurende hierdie tyd was ek baie deurmekaar. Hoewel ek in nood verkeer het, kon ek nie bid nie. Ek is na 'n algemene saal oorgeplaas, maar kon steeds nie rasioneel dink of funksioneer nie. Ek het eendag, in my deurmekaar toestand aan die Here probeer dink, en het 'n vreemde ervaring gehad. Dit was asof God persoonlik met my kontak gemaak het en hoewel Hy niks gesê het nie, was ek van Hom bewus.

Die verklaring vind ons in Romeine 8:26 “ Die Gees self pleit vir ons.” Na 'n maand is ek ontslaan. Twee maande na my ontslag, het ek weer begin werk. Ek het wonderbaarlik herstel. Hoewel ek my spraak en woordeskat van vooraf moes oefen, het ek geen gebrek oorgehou nie. Ek en ander mense is verbaas hieroor, maar ek gee aan God die eer, Hy het my genees, nie mense nie. Ja, daar waar ons nie kan sien of voel nie, daar is God besig om met Sy helende Heilige vingers te werk (Romeine 9:5b, 16).

Tog was dit nog nie die einde nie. Van Desember 2000 tot Maart 2001 het ek vreemde gewaarwordinge gehad. Ek kon nie behoorlik bestuur, werk of praat nie. Ek het dikwels sinne herhaal en woorde verkeerd ingespan. Ek is na 'n internis verwys wat my verseker het dat niks skort nie. Ek het egter geweet dat iets verkeerd is. Ook die mense om my, vriende, familie en werkmense, het dit agtergekom.

Ek het besluit om my vrou vir oulaas met vakansie te neem, en daarna 'n einde aan alles te maak. Ek wou nie langer lewe nie. Ek het deur 'n baie emosionele tydperk gegaan. By my terugkeer na Utrecht, het ek die Sondag 'n groot behoefte ontwikkel om kerk toe te gaan. Tydens die erediens het ek skielik baie sleg gevoel, en wou net by 'n dokter uitkom. Die selfmoordgedagtes was weg.

Ek is weer Pretoria toe gestuur en in die hospitaal opgeneem. Hierdie keer is 'n tumor van 4.5 sentimeter in my brein ontdek, wat verwyder moes word. Dit was 'n Heemogloblastoom-gewas. Ek is vir hipertensie behandel, en epileptiese aanvalle begin kry. Ek het baie tyd in die hoësonneheid deurgebring. Daar is dertien keer probeer om 'n epidurale kateter in te sit, maar dit was net twee keer suksesvol. Ek was intense pyn gehad, en my geheue en spraak was aangetas. Ek het geweldig gewig verloor, en is vir erge braking behandel. Ek het ook meningitis opgedoen. Daarna het ek 'n voglek opgedoen, en moes weer geopereer word. Die lek is herstel, en ek moes 31 dae lank bestraling kry.

Wat hierdie gebeurtenis merkwaardig maak, is dat die gewas wat verwyder is, deur die neuroloog as 'n nievinnige groeier beskryf is, wat kwaadaardig was. 'n Week later het die laboratorium die teendeel bevestig. Dit was nie 'n vinnige groeier nie, en nie kwaadaardig nie. As 'n mens nie die genadige hand van God hierin sien nie, is dit 'n groot fout. Hierdie gunstige uitslag het my vertroue in die Lewende God laat toeneem, en het ek Hom uit my ervarings leer ken. Dit het ek eers agterna besef, want tydens my siekte het ek min, of selde, aan God gedink. Ek was te siek en my brein te deurmekaar. Tog weet ek dat ek God kwalik geneem het oor my posisie. Hoewel ons ontrou word, bly God gelukkig getrou, en Hy het my deur alles gedra, al was ek nie daarvan bewus nie. Aan God al die eer!

Ek glo nou Hy was besig om my te hervorm (Jeremia 18:1-6). Dit was 'n verskriklike ondervinding, want ek moes verskeie kere terugkeer hospitaal toe, en van vooraf leer loop, praat en dink. Ek het ook na aanraking gesmag. Terwyl ek na die eerste operasie in die hoësonneheid gelê het, het ek fisiese kontak begeer. Ek weet nou dat dit van die uiterste belang is om siek mense aan te raak. Ek glo dat hierdeur 'n gevoel van vertroue, vertroosting en versterking opgewek word, wat definitief meehelp tot 'n vinniger herstel. Ek glo dat dit 'n vereiste is, omdat ek en baie ander intens daarna gesmag het.

Tydens my siekte het my vrou verslag aangeteken van alles wat met my gebeur het. Gedurende hierdie tyd het ek baie keer gedroom. Ek het dikwels spoke of geeste gewaar. Ek het ook vir Christus gesien, 'n werklike mooi Mens. Ek het Hom gesien met die doringkroon op Sy hoof. Hoewel ek baie deurmekaar was van die meningitis, weet ek dat dit waar is al glo ander my nie.

Ek was bykans 'n jaar siek, maar het weer in Januarie 2003 begin werk. Op 25 Maart 2004 is ek egter weer in die hospitaal opgeneem, omdat ek 'n abses agter in my kop ontwikkel. In drie maande se tyd, is ek drie keer geopereer, en was ses keer in die teater. Weefsel is uit my been verwyder en in my agterkop oorgeplant.

Hierna was niks weer dieselfde. Ek dink my liggaam het te veel verduur. Daar is egter 'n baie belangrike gebeurtenis waarvan ek wil getuig. Op 9 Julie 2001 was ek baie siek. Die neuroloog kon niks meer vir my doen nie. My familie was om my bed en het aanmekaar gebid. Die verpleegpersoneel wou my in 'n enkel kamer stoot, waar die familie ongestoord by my kon wees. Almal het egter geweet hoekom. Dit was omdat almal die dood verwag het. Ek was van almal om my bewus, en het geweldige pyn verduur. Skielik was ek weg! Ek was in 'n ander wêreld. Daar was geen ligte, blomme of poorte nie. Ek het besef dat ek in 'n vreemde wêreld, op pad iewers heen was. Ek het die vrede wat alle verstand te bowe gaan, en waarvan in Filippense gepraat word, ervaar. Ek het in onbeskryflike vrede in 'n rigting gesweef waar ek geweet het ewige rus is. Ek was bewus van die Goddelikheid hiervan.

Ewe skielik was ek egter weer terug op my bed, tussen almal, en met die pyn. Wat 'n teleurstelling om weer terug te keer, want waar ek was, was die vrede en vreugde van God! Ek is terug hoësonderheid toe, en het herstel. Saam met hierdie trauma, is my vader op 14 Julie 2001 oorlede. Ek het egter alles oorleef en dit is aan God te danke. Noudat ek op alles terugkyk, weet ek dat God my gedra het. Ja, deur Sy groot liefde het daar vir my genesing gekom. Ek

het vandag blywende skade na die operasies, maar waarmee ek kan saamleef. God gee, en God neem. Hy is God oor lewe en dood. Hy het my net vir 'n wyle 'n stukkie van die vrede laat ervaar. Hoekom? Sodat ek dit vir jou kan vertel. Ek kan getuig dat Jesus leef, en ervaar dit dat die Heilige Gees die verhaal saam met my skryf. Dit is vir my 'n Goddelike ervaring en genesing! Weer aan God die eer, en daarom sal ek onverskrokke en oral oor Hom getuig (Filippense 4:7).

God genees jou definitief liggaamlik. Fisies het my liggaam feitlik normaal herstel. Daar is definitiewe Goddelike genesing deur God. Die liggaam kan weer funksioneer, maar wat van my gees? Definitief word 'n mens nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik genees en versterk. Hoewel ek 'n kind van God was (omdat Hy so sê), het die volgende ook daartoe gelei dat ek geestelik versterk is:

- 1 Ek het geen gebreke na my beroerte oorgehou nie.
- 2 Die Gees het tydens hierdie siekte vir my by God ingetree.
- 3 Tydens die verwydering van die tumor is dit eers as kwaadaardig aangegee, en binne 'n week is die teenoorgestelde bewys.
- 4 Ek het drome gedroom en visioene van Jesus gesien.
- 5 Ek het die wêreld verlaat (gesterf) om in 'n toestand van rus te verkeer, en het na hierdie wonderlike ervaring weer teruggekeer.

Hierdie is 'n absolute bewys dat God die mens na geestelike herstel, groei en versterking van jou geloof lei. 'n Mens leer God uit jou ervarings met Hom ken, en hierdie ervarings lei tot lewende getuienisse oor Jesus. My gevolgtrekking is dat God 'n mens met Sy goddelike krag van siekte genees, en hiermee saam genees Hy jou geestelik, en neem Hy jou tekortkoming weg. Hy genees die tekortkominge in jou geestelike lewe. Hierdeur word jou geloof in Hom versterk, omdat jy na liggaam en gees God in en rondom jou verheerlik.

God wil Sy wil in jou lewe bereik, en doen dit baie keer deur 'n siekbed, maar 'n mens moet nooit vergeet dat die geestelike genesing net so belangrik as die

fisiiese is, want 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. Soos daar in die Woord geskryf staan, is dit God wat Homself oor die mens ontferm, en aan die mens goed doen soos dit deur Hom bepaal word. Dit bring my by die sekerheid dat genesing 'n Goddelike ingryping is, en dat God die mens na liggaam en siel genees, soos dit Hom behaag.

Aan God die eer!

2.11.3 Wat het ek gehoor?

- God maak bemoeienis met siek mense.
- Al kan ons nie bid nie, pleit die Gees vir ons by God.
- God genees mense.
- God werk soms op bonatuurlike maniere met mense.
- Al word ons vir God kwaad, bly Hy altyd getrou.
- Aanraking speel 'n groot rol by siek mense. Dit skep vertroue, bied vertroosting, versterk en spoedig genesing.
- God kom soms spesiaal naby aan Sy siek kinders.
- God dra siek mense.
- Mens kan heling ervaar, al dra jy die letsels van siekte.
- Die belang van geestelike genesing moenie onderskat word nie. God genees liggaam en gees.
- God doen aan die mens wat Hom behaag.

2.12 Die storie van Gideon - Geloof en Heling

2.12.1 Waarom ek die persoon kies

2.12.2 Gideon se storie

Solank as wat ek kan onthou, was Leon maar altyd daar. Ons ouers het vertel dat ons van kleins af saam in 'n bababed geslaap het. So vir die jare wat sou kom was ons die grootste van vriende. Teen die tyd dat ons skool toe gegaan het, was Willem ook reeds deel van die vriendskap. Dit was sorgelose jare. My Pa sterf ongelukkig toe ek ag jaar oud is en dit bring 'n hele omwenteling in my lewe teweeg. Ons ouers het egter baie goeie vriende gebly wat ten gevolg gehad het dat ons mekaar gereeld kon sien. Op skool was ons natuurlik soos die Boksembende. Daar was dikwels na ons verwys as die "Drie Musketiers". Na my Pa se dood het ek aanvanklik, onbewustelik baie swaar op Leon gesteun vir emosionele onderskraging. Leon het nie op hom laat wag nie en het hom totaal oor my ontferm. Niemand het dit gewaag om my skeef aan te kyk nie. Maar dit was altyd ons drie. Dit was nie 'n geslote vriendskap nie want daar was baie ander vriende.

Na matriek het ons baie planne gehad maar daar was soveel struikelblokke, dat nie een van ons drie aanvanklik aan ons toekoms begin werk het nie. Ons het ook baie nou betrokke geraak in die kerklike gemeenskap waarbinne ons was, sodat die toekomsplanne ook 'n bietjie gewag het. Intussen het Willem se ouers verhuis en ook later Leon se ouers. Leon se ouers het 'n plaas gekoop en ons kon nie wag om langnaweke te gaan kuier op die plaas nie. Saam daarmee het ook die liefde om saam te gaan jag, ontstaan.

Dit was gedurende een wintervakansie dat die ramp op ons toegeslaan het. Ons sou die volgende dag saam gaan jag. Daar was niks so lekker soos Koedoebiltong nie. Gedurende die aand het Leon en Willem oor iets stry gekry. Leon wou my nie sê waarom dit was nie, en soos hy gesê het: "Kom ons gesels môre daaroor". En so het ons gaan slaap met dié gedagte, dat dit môre oorgewaai sou wees.

Die volgende oggend vroeg is ons op, net om uit te vind dat Willem nie meer saamgaan nie. Dit het dadelik die opgewonde atmosfeer gedemp. Uiteindelik is ek en Leon tog na ons gesogte aanlêplek toe. Ek was nie 'n goeie skut nie. Ek het nooit besef dat die probleem by my regteroog was nie. Leon het altyd saam aangelê om die doodskoot te gee indien ek net die bok sou kwes. Dit was 'n wonderlike dag. Tog het die Koedoes eers baie laat opgedaag. Daar was in elk geval geen haas nie. Met die Koedoe in my visier lê ek aan en Leon gereed om indien nodig, die doodskoot te gee. Toe ek die sneller trek, val Leon se geweer teen die walletjie af en stukkies bloed en -beentjies saai oor my. Verskrik kyk ek na die skynbaar lewelose liggaam van Leon langs my.

Ek kon nie glo wat besig was om te gebeur nie. My hele liggaam het geruk van skrik en ang. Alles was onwerklik. Ek het so gebewe dat ek alles laat val het. Al wat ek weet, is dat ek hom so gou moontlik by mediese hulp moes kry. Ek kon darem vasstel dat hy nog lewe. Ek het stukke klere en sakdoeke in die wond in sy rug ingedruk en sy lyfband styf daarom vasgebind. Dit was ongeveer 'n kilometer na die bakkie en ek moes hom dra. Met groot moeite het ek hom op die voorste sitplek lê gemaak. Lewers in die verte het 'n voertuig aan die gang gekom. Hoop het by my opgevlam, net om weer te vervaag toe die voertuig duidelik in 'n rigting weg van ons af beweeg.

Leon se ouers het met verbystering na my verhaal geluister. Leon is gou vanaf die plaaslike hospitaaltjie na 'n groot hospitaal in 'n stad oorgeplaas. Die polisie was in 'n ommesientjie op die toneel. Ek moes die plek gaan uitwys. Die twee gewere het nog net so daar gelê. Daardie dag en nag is gevolg deur verklarings en verduidelikings soos nog nooit in my lewe nie. Oor hoe ek voel en wat ek beleef het was geen aandag gegee nie. Ek was soos 'n hoofverdachte in 'n moordsaak behandel. Leon is daardie nag oorlede.

Ek het die volgende oggend weer op die plaas aangekom. Vir my was gesê dat die bediende my goed in die slaapkamer sal gaan haal, maar dat ek dadelik moet

vertrek en nie weer terugkom nie. Geen vrae van my kant is ooit beantwoord nie. Ek het na Willem se huis op die dorp gery en gesien sy voertuig staan langs die huis. Ek was toegang geweier en Willem het nooit weer met my gepraat nie. Willem se pa was 'n hooggeplaaste in die dorp se polisie. Ek het terug huis toe gery in die stad. Geen telefoonoproepe of briewe is ooit beantwoord van Leon of Willem se ouers se kant nie. Indien ek gebel het is gesê dat ek asseblief nie weer moet bel nie.

Die begrafnis was op die plaas. Ek was nie gevra om my boesemvriend se draer te wees nie. Ek en my ma was soos ongewenste vreemdelinge behandel. Ons kon nie glo dat lewenslange vriende in een oomblik jou grootste vyande word nie. Die verhoor was 'n nagmerrie. Die patroonpunt in Leon se liggaam het nie ooreengekom met dié van ons gewere nie. Daar moes dus 'n derde geweer gewees het wat die patroon afgevuur het. Almal, ook die aanklaer wou weet, wat ék met die geweer wat gevuur was, gemaak het. Deur al die jare egter nog niks bewys word nie en die saak het skynbaar daar doodgeloop. Maar die verwyte en verwyte blikke sou altyd by my bly. Ek was 'n moordenaar en 'n leuenaar.

Ek het geleidelik begin om van persoonlikheid en karakter te verander. Ek was gefrustreerd met myself en met almal rondom my. As ek iemand kon afknou het ek dit eintlik met geesdrif gedoen. Die plaaslike predikant, wat ook later 'n vriend sou word, het verstaan en my geleidelik gehelp. Al wat ek in daardie tyd duidelik onthou, is dat my enigste toevlug na die Here was. Ek het sommige aande lank net uit die psalms gelees. Ek kon my baie goed met die psalmdigter van Psalm 55 vereenselwig. "My hart krimp inmekaar in my, doodsangs oorval my, vrees en skrik oorweldig my, my hele liggaam bewe" (verse 4 en 5). Verse 7-9 het goed uitdrukking gegee aan my verlange om ook sommer net van die aardbol te verdwyn en nooit weer terug te keer nie. Verse 13-15 het vir my gesê dat hierdie digter, net soos ek, beleef het dat die mense wat die naaste aan my was my grootste vyande geword het. Maar dank die Here, ek het bly roep tot God, elke oomblik van die dag of in die nag. Om die waarheid te sê, ek het God eintlik

gesteur in daardie tyd (verse 17-18) en ek het bly glo dat God my sou aanhoor en help. Vers 23 het baie groot berusting gebring in die wete dat die Here vorentoe vir my weer sal optel uit die donker nag van my lewe (vers 23). En Hy het! Na ongeveer 'n jaar het ek weer rigting in my lewe begin kry en het ek begin voel dat ek weer myself gevind het.

Die roeping om permanent vir die Here te gaan werk en predikant te word was solank as wat ek kan onthou by my. Ek onthou sover terug as Graad 5, dat die onderwyseres vir ons gevra het wat ons wil word, en daar het ek dit reeds, sover ek kan onthou, gesê. Ek het die raad van die plaaslike leraar gevolg en my ingeskryf by 'n universiteit vir die volgende jaar. Die jare het nie stilgestaan nie.

Ek het skaars bevestiging van my toelating ontvang, toe die volgende ramp my tref. Ek het met 'n meisie uitgegaan in 'n deel van die stad, so 'n halfuur se ry van die huis. Om huis toe te kon gaan moes ek deur 'n baie swak deel van die stad ry. Dit was laatnag toe ons totsiens sê en dit was nie goed toe my motor op die slegste plek denkbaar gaan staan nie. Twee mans het onmiddellik hulp aangebied. Ek sou gou uitvind dat die "hulp" nie vir my motor was nie maar vir myself. Daardie nag het ek my militêre opleiding bedank want ek moes veg vir my eie behoud en my eie respek. Die plek was 'n samekoms van homoseksuele wat hulle in seksuele orgies behaag het. In my verdediging het ek 'n paar van hulle met 'n stoel lelik bygekom maar is later vasgedruk. Die res van die verhaal kan ek nie op papier skryf nie, dis te vieslik. So na twee uur die oggend is ek kaal aan 'n pilaar van die gebou op straat vasgemaak. 'n Lamppaal oorkant die straat het my goed verlig. 'n Paar voertuie het by my verbygekom waartydens onsmaaklike opmerkings gemaak is. Een persoon het selfs gedink my geslagsdele is 'n klokke. So teen vieruur het 'n Indiër man en sy seun daar verbygekom. Hulle het uitgeklim, 'n baadjie om my gesit en my losgemaak en selfs ook huis toe geneem.

Ek het nooit aan enige mens vertel wat met my gebeur het nie. Ek kon nie. Daar was geen manier waarop ek uitdrukking sou kon gee aan my innerlike emosies en belewenisse nie. Daar was ook geen manier dat ek ook dit in woorde of papier sou uitdruk nie.

Weereens was dit net ek en God alleen! Ek het op my knieë gestaan en letterlik ure voor die Here deurgebring. Ek het somtyds baie gehuil. Ek het die Bybel gevat en net gelees en gelees en geglo die Here sal hulp vir my gee uit sy Woord. Jesaja 43 het 'n blywende rol gespeel in my heling. “As jy deur die water **moet** gaan . . .” (vers 2), en ek het! “As jy deur die vuur **moet** gaan . . .”, “ en ek het! Saam daarmee was ver 4 natuurlik ook deurslaggewend: “Omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, . . .”

In hierdie tyd het Psalm 20 my ook baie gehelp. Die volgende verse was van groot waarde: “Mag die Here u gebed verhoor” (vers 2); “Mag hy jou te hulp kom uit die heiligdom (vers 3); “Mag Hy jou gee wat jou hart begeer” (vers 5b); “Uit die heilige hemel verhoor die Here jou gebed” (vers 7b) en “Mag die Here jou gebed verhoor wanneer jy na Hom roep” (vers 10b). Heling het oor 'n baie lang tyd plaasgevind maar ek glo dat die Here my die geloof gegee het om heeltemal net op Hom staat te maak om hierdie verskriklike gebeure in my lewe te kon oorkom.

Ek het eers twee jaar later universiteit toe gegaan om predikant te word. Gedurende my studentejare is ek getroud en een van my kinders is gebore toe ek nog op kweekskool was. Oor enige van die gebeure wat ek hierbo gemeld het, het ek egter nooit weer gepraat nie. Oor laasgenoemde gebeure, glad nie. Ek kon nie! Ek het predikant geword en is reeds 'n geruime tyd in die bediening. My kinders is almal uit die huis en van hulle is al getroud. Ek het my intussen as Kommunikasie- en Verhoudings Terapeut bekwaam, miskien omdat ek die leed in ander mense se lewens so deeglik verstaan het en hulle graag wou help in hulle eie emosionele pyn.

Drie en 'n half jaar gelede bel Willem my een aand uit die bloute. Na wat soos 'n leeftyd gevoel het, kom die oproep uit die verre verlede. Hy wil my graag weer sien en kom vir besigheid stad toe. Hy sal tuis wees in 'n bekende hotel en gee ook die hotelkamer se nommer vir my. My hele wese sê vir my dat ek hom glad nie wil sien nie. Alles in my sê dat dit die verkeerdste ding op aarde sal wees om vir Willem te gaan sien. Maar aan die ander kant, is dit nie baie onchristelik van my, om nie te wil hoor wat Willem na 'n halwe leeftyd te sê het nie? Ek besluit met groot huiwerigheid om die afspraak na te kom.

Soos twee groot vriende van ouds groet ons mekaar, so asof daar soveel jare gelede niks gebeur het nie. Leon is nie doodgeskiet nie en Willem en sy ouers het my nie soos die pes vermy nie. Ons drink saam koffie en eet koekies en gesels oor ons grootmenslewe. En toe kom dit! Hy hoop dat ek hom sal kan **vergewe** vir alles wat soveel jare gelede gebeur het. Hy het 'n rukkie gelede tot bekering gekom en hy besef nou watter verskriklike verkeerde ding hulle aan my gedoen het. En watter verskriklike ding **hy** gedoen het! Sy ouers en Leon se ouers is intussen oorlede en daarom kan hy nou maar vir my vertel wat werklik gebeur het. Hy was kwaad vir Leon die vorige aand. Hy het ook die veld ingery want hy het die plek baie goed geken. Hy het gesien hoe ons die oggend daar deurbring. Hy het gesien hoe ons aanlê vir die koedoe. Hy besluit toe om kierang te wees en die bok te verwilder met sy gewerskoot voordat ek kon skiet. Hy onthou self nie veel van wat gebeur het nie. Hy weet net, dat dit hy was wat vir Leon per ongeluk geskiet het. Hy het gewag totdat ek vir Leon in die bakkie ingetel het, voordat hy na sy pa om hulp gejaag het.

Hy kon nie verder sy verhaal vertel nie. Die hotelkamer het om my begin draai. Ek het opgestaan en eenmaal vreeslik gekots. Ek het die trappe twee-twee afgestorm. Ek was mislik. Ek onthou self nie veel nie. Ek het soos 'n waansinnige aangehou hardloop. Tussen die verkeer deur tot by die promenade. Hoe ironies, die promenade! Die plek waar ons somertyd ons kinderjare so geniet het! Die see en die strand wat vir ons vereenselwig kon word met sorgvrye lewens.

Ons het vir twee jaar nie weer kontak met mekaar gehad nie. Intussen was ek duidelik nie meer “gesond” nie. Ek het goed gedoen wat ek later nie meer onthou het nie. Ek het dinge gesê wat ek nie bedoel het nie. Ek het geweet ek het hulp nodig. Ek het in ‘n diep depressie ingegaan waarop ek nie nou wil uitbrei nie. Al wat ek weet, is dat niemand ooit weer vir my kan sê dat hulle depressie verstaan indien hulle nog nie self daardie pad geloop het nie. Ek het na ‘n psigiater gegaan wat my medikasie gegee het. Aan die diep wonde kon hy egter nie veel verrig nie. Ek het egter die Here bly bid om my iemand te wys met wie ek net kon praat. Na al die jare wou die goed hier binne skielik nie meer hier binne bly nie. Op ‘n wonderbaarlike wyse het die Here ‘n kollega van my vir my aangewys wat as terapeut bekwaam was. Dit was wonderlik om te kon ontlaai en op die pad van heling begelei te kon word. Die groot probleem was egter vergifnis. Willem het gevra dat ek hom moes **vergewe**. Skielik het vergifnis ‘n hele nuwe betekenis gekry. Na alles wat hy my aangedoen het, moes ek hom **vergewe**. Wat is vergifnis? Dit het ‘n baie groot vraag by my geword. En **wanneer** het ‘n mens vergewe?

Terwyl ek besig was met my terapeutiese sessies bel Willem my weer ‘n keer. Hy kom weer stad toe vir ‘n besigheidsafspraak. Dieselfde hotel en hy gee my die kamernommer. Hierdie keer was die opstand in my nog erger. Ek is reeds in depressie en kan glad nie ekstra spanning hanteer nie. Weereens kom ek die afspraak na maar met baie groter huiwering as voorheen. Sy verhaal is dieselfde maar hierdie keer erken hy dat hy uit jaloesie doelbewus vir Leon geskiet het. Hierdie keer sien ek die verwese mens voor my raak. Ek weet nie waarom nie maar ek sou alles wou doen om hom te help. Hy het seker net so gely soos wat ek ook maar gely het. Skielik het ek besef, dat vergifnis en jammerte baie na aanmekaar lê. Dis wat vergifnis is. Ek het hom innig jammer gekry. Jesus Christus het immers in Matteus 18:27 gesê: “Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf”. Ek onthou uit Matteus 18:21 dat Petrus baie moedswillig was om vir Jesus te vra: “Here, hoeveel keer moet ek my broer

vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer?” Die Fariseërs het hulle geleer dat hulle hul broer ses keer moet vergewe. In vers 22 antwoord Jesus: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer”.

Ten spyte van verdere terapeutiese sessies, bly die depressie halsstarrig met my. Ek en Willem kontak mekaar dikwels. Verdere ontboesemings van sy kant vind gereeld plaas. Ek word vir hom ‘n steunpilaar. ‘n Onderbreking in die terapeutiese sessies het my egter weer alleen gelaat.

‘n Volgende groot gestoei met God het ontstaan. Hierdie keer was die gestoei met God wesenlik anders. Ek het nou al die truuks van die boek geken. Ek het verstaan wat besig was om met my te gebeur. My soeke na antwoorde was weereens in die Bybel en op my knieë voor God al het ek nie die fisiese krag gehad om te bid of die Bybel te lees nie. Ek het soms drie ure geneem net om soggens my self te skeer, stort en te eet. Dan het ek nog niks gewerk nie. Die medikasie het gehelp dat ek kon voortgaan met my werk maar met baie groot moeite en uitputting. En toe kom die keerpunt. Ek het die Bybel gevat en die veld in gery. Onder my het ‘n klein vallei gelê met ‘n stroompie water. Ek was lank daar. Net ek en God. Toe sê ek vir die Here: “Here dit kan nie so aangaan nie. Dis nie lewe hierdie nie. Dis net so goed om dood te wees want ek is dood vir myself, my vrou en almal om my. Ek is nie meer ‘n mens nie. Ek is flenters, Here. Ek is gedaan en moeg gestry oor alles. Here ek gaan nie hier weg totdat U nie vir my heelmaak nie”. Toe ek afkyk, lê die Bybel oop by Psalm 23. “Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig” (vers 4). “Die HERE is my HERDER, ek kom **niks** kort nie” (vers 1). “Hy laat my in groen weivelde rus. Hy bring my by waters waar daar vrede is. **Hy gee my nuwe krag**” (vers 2 en 3). Ek kan nie vertel wat werklik gebeur het nie. Dit was asof die Here persoonlik aan my verskyn het. Moenie my verkeerd verstaan nie. Hy was nie sigbaar daar nie. In my gees egter, het God Self daar voor my gestaan. Dit was asof God met sy hand al my wonde genees en die seer wegneem. God het my **heelgemaak**. Golf na golf van vrede en vreugde het oor

my gespoel. Dit was asof die hemel en die aarde aanmekaar geraak het. Dit was asof daar engele rondom my was. En tog was daar niks sigbaar met die oog nie. Ek is egter seker dat ek vir oomblikke in God se dimensie opgeneem was, of Hy het in my dimensie verskyn. Daar was egter geen lig of gloed of enigiets van die hemel of van God te sien nie. Ek het dit alles net beleef. Ek het neergeval en God aanbid soos ek myself nog nooit gehoor bid het nie. Ek het begin sing daar in my alleenheid. Ek wou dit nie laat ophou nie. Ek het selfs liedere gesing waarvan ek nie weet waar ek daaraan gekom het nie. Toe dit begin donker word het ek stadig huis toe gery. My siel se wonde was heel. Ek het daardie aand vir die eerste keer in jare rustig geslaap en die volgende dag my normale verpligtinge begin soos altyd, sonder depressie.

Ek het 'n afspraak by my terapeut gemaak en hom alles vertel. Hy was baie opgewonde en het my verseker dat God heling laat plaasvind en dat die tussenkoms van 'n terapeut nie altyd 'n noodwendigheid is nie. Wat vir my belangrik was in my lewenservaring, is dat geloof, vergifnis en heling baie nou verband hou met mekaar.

3 Ek luister na dit wat ek gehoor het

Hier aan die einde van dié hoofstuk, wil ek graag die verhale, asook die gevolgtrekkings aan die einde van elke verhaal integreer. Soos in hoofstuk een vermeld, is narratiewe navorsing die dirigent, en daarom wil ek die verhale hier as die eindproduk van die musikale harmonie saamvoeg. Ek fokus op raakpunte en/of ooreenkomste, veral unieke uitkomst. Die gevolgtrekkings is nie wetenskaplik korrek bewys nie, maar is 'n deel van wat in hoofstuk twee gehoor is.

3.1 Diskoerse wat ek gehoor het

3.1.1 Die verband tussen siekte en sonde

Is daar 'n verband? Die stelling is gemaak dat siekte en sonde nie noodwendig met mekaar in verband gebring moet word nie.

3.1.2 Geloof en genesing

Dit sluit die uitwerking van gebed op iemand wat siek is, en gebedsverhoring in. Die geloof van 'n Christen is nie die kriterium vir fisiese genesing nie. Gebed is een van die sleutelaspekte wat uit die verhale na vore kom. Daar moet vir siek mense gebed word. Soms is dit nodig om mense te laat verstaan wat die rol van vergifnis in genesing is.

3.1.3 Twyfel en onsekerheid

Christene ervaar twyfel en onsekerheid tydens siekte. Wat die sterkste na vore kom, is dat diegene wat glo, in verhouding met God staan, en voortdurend op die Skrifbeloftes vertrou. Die hantering en verstaan van die Skrif speel 'n groot rol tydens siekte. Innerlike vernuwing word verseker. Dit is belangrik dat siek mense die teenwoordigheid van God moet beleef.

3.1.4 Die mediese wetenskap

'n Gelowige mag van die mediese wetenskap wat deur die Here daargestel is, gebruik maak. Die pasiënt, die siekte en die behandeling is belangrik.

3.1.5 Genesing

Daar vind soms genesing plaas wat wissel van logiese genesings, tot

bonatuurlike genesing of Goddelike genesing. Baie mense word gesond deur die behandeling wat deur mense gegee word. Ander word genees deur 'n bonatuurlike ingrype van God.

3.1.6 Geestelike versus fisiese genesing

Geestelike genesing geniet prioriteit bo fisiese genesing, en die genesing van siektetoestande begin by 'n krieseltjie hoop. Siekte het ook die potensiaal om 'n verdieping in 'n mens se geestelike lewe te bewerk, en tydens siekte het siek gelowiges die geleentheid om die teenwoordigheid van die Here op 'n besondere manier te ervaar.

3.1.7 Die unieke belewing van siekte

Mense wat God in hul lewe ervaar, ervaar siekte op 'n unieke manier. Woorde soos hoop, vergifnis, vertrouwe en beloftes, is woorde wat 'n ander perspektief tydens siekte meebring.

3.1.8 Lewenstyl

'n Gesonde lewenstyl bevorder genesing. Oefening en gesonde eetgewoontes is belangrik vir die bevordering van genesing. Slegte middele moet vermy word. Die klem word op die gebruik van natuurlike middels, en die soeke na alternatiewe metodes, gelê, indien die huidige benaderings nie werk nie.

3.1.9 New Age

Die New Age-filosofieë oor heling beïnvloed die mens se denke negatief, en moet vermy word.

3.1.10 Tyd

Siekte is deel van menswees, en daar is verskillende siektes. Daar is geen kitsoplossing vir siekte nie, en genesing vind ook nie altyd onmiddellik plaas nie. Alle siekte is ook nie geneesbaar nie, maar dit bly nodig om siekte te behandel. Daar is 'n verskil tussen kennis van siekte, en die ervaring van siekte in jou eie liggaam. Genesing van siekte neem tyd.

3.1.11 Reaksie

Die manier waarop mense ten opsigte van siekte reageer, speel 'n rol in die genesingsproses. Mense reageer verskillend op siekte, en sommige sal oplossing binne alternatiewe benaderings soek. Selfs die mense wat daaglik met siekte werk, byvoorbeeld dokters, word indirek deur die siekte geraak. Herinterpretasie kan help om siek mense op 'n ander manier oor siekte en genesing te laat dink. Dit veronderstel dat siek mense verantwoordelikheid vir hul siektetoestand sal neem. 'n Positiewe uitkyk op die lewe, en 'n positiewe lewenswyse kan help om siekte beter te hanteer.

3.1.12 Heling

'n Mens kan heling ervaar, al dra jou liggaam fisiese letsels.

3.1.13 Die uitwerking van siekte

Om siek te wees, is nie 'n aangename ervaring nie. 'n Langtermyn siektetoestand het 'n geweldige uitwerking op die mens se liggaam, siel en gees.

3.1.14 Die vermoë om te genees

Die menslike liggaam het die vermoë om self te genees.

3.1.15 Fisiese aanraking

Fisiese aanraking speel 'n definitiewe rol in genesing.

3.1.16 Swak mediese toestande

Swak mediese toestande kan siekte veroorsaak.

3.1.17 Siekte en die duiwel

Daar is mense wat glo dat die duiwel siek maak.

3.1.18 Bekering en vergifnis as genesing.

3.2 Unieke stories: Die dagga tannie en die kunsdame

Ek wil die verhale van hierdie hoofstuk met twee stories afsluit, wat vir my besonder uniek is, en op 'n manier uitdrukking gee aan die unieke manier waarop mense na siekte kyk. Die verhale handel oor twee dames wat op 'n besondere manier oor hul siektetoestand begin dink het.

3.2.1 Die dagga tannie

As inleiding wil ek net verklaar waarom ek die persoon so noem. Hierdie vrou was volgens haarself, die enigste persoon in die land wat deur die regering toegelaat is om wettig dagga in haar huis aan te hou. Die dagga het sy vir mense met kroniese siektes, getrek en soos tee as medisyne toegedien. Op my

vraag watter tipe medisyne sy vir watter kwaal gee, het sy geantwoord: “Hoe ernstiger die siekte, hoe sterker die tee”. Ek weet nie of sy self van die tee gedrink het nie, maar sy was ‘n besondere persoon. Iemand met ‘n sterk geloof en wilskrag.

In 1997 was ek op pad na my eerste gemeente toe. Van Pietermaritzburg af sou ek na Ixopo toe wegdraai, waar ek my vir my eerste jaar as predikant sou vestig. ‘n Halfuur voordat ek in Pietermaritzburg sou aankom, het my selfoon gelui. Dit was die hoofouderling van die gemeente. Hy het my versoek om in Pietermaritzburg by die hospitaal aan te doen. Een van die lidmate is aangeval, en vir ernstige kopwonde en ander beserings behandel.

Dit was my eerste ontmoeting met die besondere tannie. Ek het my bekendgestel, en sy het dadelik opgewonde gepraat: “Ons het so lank gewag dat jy moet kom”. Ek het oor die aanval en wat presies gebeur het, uitgevra, en sy het kortliks vertel, terwyl sy na al die merke gewys het. Voordat ek vir haar kon vra of ek vir haar ‘n gebed kon doen, het sy gesê: “Staan tog 'n bietjie nader, sodat ek jou aan die Here kan opdra vir die werk wat vir jou voorlê. Jy hoef nie vir my te bid nie, ek is okey”. Sy het dadelik begin bid. Ek was vir ‘n paar oomblikke stomgeslaan, want ek het haar besoek, en sy was die een wat in die hospitaal was, nie ek nie. Eintlik behoort die dominee vir die sieke te bid, maar hier was dit anders, want die persoon wat ek besoek het, was anders.

3.2.2 Die kunstige dame

Hierdie verhaal is mondeling aan my vertel, en ek sluit dit in die navorsing in, want ook dit bied ‘n unieke manier om na siekte te kyk. Dit handel oor ‘n dame wat deur haar dokter met ‘n breintumor gediagnoseer is. Dit is duidelik aan haar gestel dat sy nie lank sou leef nie. Wat dit vererger het, was dat sy drie

tumors gehad het. Die een tumor was op die plek in die brein geleë wat met kunstigheid en aggressie te make het. Sy sou dus toenemend aggressief, of kunstig raak! Sy het van kunstigheid bewus geword, en dadelik vir kursusse ingeskryf. Binne 'n maand het sy 'n groot voorraad skilderye van goeie kwaliteit in haar huis gehad. Op iemand se vraag hoe sy gevoel het toe sy met breinkanker gediagnoseer is, het sy geantwoord: “Ek is nie met breinkanker gediagnoseer nie, maar met kuns”.

4 Gevolgtrekking

In hoofstuk twee het ek stories versamel, met die doel om die tema van genesing vanuit verskillende dissiplines te hoor. Dit is weer eens hier bevestig dat daar wyd uiteenlopende diskoerse oor heling bestaan. Tog vorm dit 'n holistiese beeld, wat aantoon dat daar na meer as een realiteit verwys word. Hiermee voel ek dat die stories in die hoofstuk 'n versadigingspunt bereik het, en dat ons graag die stemme in gesprek wil bring met die breër teologie vanuit geskrewe bronne, om relevante temas te belig. Die hoofstuk vloei dan oor na hoofstuk drie wat oor 'n teologie van heling handel.

Hoofstuk 3 - 'n Teologiese diskoers van heling

1 Een tema, menige stemme

*“The Caterpillar and Alice looked at each other for some time in silence: at last the Caterpillar took the hookah out of its mouth, and addressed her in a languid, sleepy voice. ‘Who are YOU?’: said the Caterpillar. This was not an encouraging opening for a conversation. Alice replied, rather shyly, ‘I--I hardly know, sir, just at present-- at least I know who I WAS when I got up this morning, but I think I must have been changed several times since then.’ ‘What do you mean by that?’ said the Caterpillar sternly. ‘**Explain yourself!**’... ‘Who are **YOU?**’ Which brought them back again to the beginning of the conversation. Alice felt a little irritated at the Caterpillar’s making such VERY short remarks, and she drew herself up and said, very gravely, ‘I think, you out to tell me who YOU are, first” (Carrol, 1991).*

Sutherland (In Woodward & Pattison, 2000:274) toon aan dat daar weinig gesprek tussen die verskillende dissiplines oor die tema van heling is, en indien daar gesprek is, dit geen vrug afwerp nie. Soos Alice en die ruspe mekaar nie vind nie, het verskeie dissiplines mekaar ook nog nie gevind nie. Die rede hiervoor is dat elkeen ‘n ideologie onderskryf vanuit ‘n eie wetenskaplike benadering en voorveronderstelling, en dit verhef tot absoluut (Sutherland in Woodward en Pattison, 2000:279). Pattison (1989:9) toon aan dat daar fundamentele verskille binne die praktiese, die teoretiese en die teologiese verstaan van siekte en heling bestaan. Die ironie is dat elke verskillende stem, ‘n groot hoeveelheid tyd en energie daaraan wy om die praktiese, die teoretiese, en die teologiese dimensie van heling te verstaan. Aan die ander kant verlei die tema van siekte en heling mense om verskillend oor heling en siekte, die oorsake daarvan, en die behandeling daarvan te dink (Pattison, 1989:9). Dit is duidelik

dat daar baie wyses is waarop daar oor heling gedink kan word. Hierdie verskillende wyses bring verdeeldheid en onderlinge spanning.

Wat die debat verder kompliseer, is die alternatiewe op die horison. Die vraag is watter van hierdie alternatiewe die kerk, die gelowige en die pastor omhels, en in die pastorale versorging intrek. Daar word steeds gedebatteer oor wie heling reg verstaan, en wie nie. Die ironie is dat die gesprekke oor heling veronderstel is om heelheid en harmonie te bewerk, maar dit wil eerder voorkom of dit skeuring en disharmonie bewerk. Die bestudering en verklaring van heling het ook soms tot gevolg dat diegene wat poog om dit te verstaan, op 'n persoonlik missie eindig.

Die spanning tussen die mediese, die alternatiewe, die geestelik, en kruiedokters, is steeds 'n metafoor van die kompetisie en onderlinge verdeeldheid oor heling. Colson en Percy (1999:19) sien die probleem as verskillende wêreldbeskouings wat tans in konflik met mekaar is. Colson en Percy (1999:20) stel voor dat daar na 'n verstaan van die Bybel gesoek moet word, wat as basis vir die verskillende wêreldbeskouings kan dien.

Om die verskillende wêreldbeskouings verder te verstaan, brei ek op die begrip **postmodernisme** uit.

1.1 Die postmoderne toedrag van sake

Ek erken dat die beskrywing wat ek hier van postmodernisme gee, tot my eie interpretasie en verstaan van die begrip beperk is. Ek sluit by Vanhoozer (2003:3) aan, wat kritiek op die definiëring van postmodernisme, en die interpretasie daarvan, uitspreek. Die bespreking wat ek hier oor postmodernisme aanbied, verstaan ek as 'n enkele stem wat iets van 'n eie ervaring bekend maak. Ek luister na die stemme wat oor postmodernisme praat, en ek wonder wat die uitwerking daarvan op die diskoerse van heling is. Watter

positiewe bydrae lewer die postmodernisme, of watter negatiewe gevolge hou dit in?

Vanhoozer (2003:4) kies om na postmodernisme te verwys as 'n toestand wat iets anders as 'n posisie behels, en eerder met 'n omgewing, waarbinne mense leef en aanbeweeg, te make het. Hierdie toestand word deur beweging van 'n moderne lewensfilosofie, na 'n postmoderne een, gekenmerk" (Müller, 1996:54). In hierdie beweging het die mens se denke ook verander.

"Postmodernisme bestaan uit 'n diepgevoelde wantroue in die sogenaamde objektiewe waarhede as hoop vir die samelewing...Daar is ook 'n groeiende onverdraagsaamheid met mense wat vanuit geïnstitutionaliseerde godsdienste en wêreldbeskouinge die illusie voorhou dat jy vanuit 'n enkele abstrakte en ideële punt 'n greep op die konkrete lewe kan verkry" (Müller, 1996:55).

In hierdie toestand vind die onderdrukking van Christelike waardes plaas, en word 'n weerstand teen dié waarhede, wat deur Christene as absoluut beskou word, opgebou (Colson & Percy, 1999:23). Die spanning wat tussen die maatskappy, die staat, vakbonde, en selfs kerke voorkom, is verstaanbaar (Müller, 1996:55). Freedman en Combs (1996:22) dui aan dat verstaan van die realiteit in die omgewing van postmodernisme beïnvloed word. Realiteite word vanuit die sosiale konstruksie verstaan, en deur taal georganiseer en in stand gehou.

Volgens Freedman en Combs (1996:22) is daar geen essensiële of absolute waardes nie. Dit beteken vir Freedman en Combs (1996:33) dat ons nie werklik objektief na 'n realiteit kan kyk nie, vanweë die verskeidenheid maniere waarop 'n gegewe saak verstaan kan word (Freedman & Combs, 1996:35).

"Postmodernism has generated a distrust of the comprehensive explanations... 'grand narratives' - vast encompassing megabodies such as Christianity and Marxism that reduce other stories and historical details to mere satellites within their all-encompassing gravitational field... From a postmodern perspective, the long-dominant biomedical model provides one such comprehensive and dubious grand narrative: a theory that reduces every illness to a biological mechanism of cause and effect" (Morris, 1998:11).

Vanhoozer (2003:5) sien die waarde en die bedreiging van die postmodernisme as tweeledig: Moet die teologie en Christene die posmodernisme verwerp, of is dit voordelig vir die Christelike geloof? Die antwoord hierop is allesbehalwe simplisties. As dié benadering reg bestuur word, kan daar 'n nuwe, unieke manier van verstaan oor heling kom.

Ek onthou 'n liedjie wat ons in die Sondagskool geleer het:

*"Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans,
skitter soos die sterre aan die hemeltrans,
in die donker wêreld skyn dan skyn,
jy in jou klein hoekie, en ek in myn".*

En dit is presies wat ons met ons geloof doen: Elkeen skyn in sy eie klein hoekie. Intussen is daar 'n hele wêreld vol siek mense wat pyn, lyding en onsekerheid beleef, terwyl teoloë elkeen in 'n hoekie sit, en vir 'n eie klein wêreldjie veg. Dit is 'n ongesonde beoefening van die teologie, wat nie vir 'n teologie van heling aanvaarbaar is nie.

1.2 Siektes en die postmodernisme

Een van die gevolgtrekkings wat Morris (1998:28) oor die postmodernisme maak, is die volgende: "*Medical error is a serious health problem: autopsy studies have found rates of fatal miss diagnoses - that is missed diagnoses resulting in death - as high as 35-40 percent.*" Elke era het sy eie, spesifieke siektes (Pattison, 1989:77; Morris, 1998:50). Elke era openbaar ook 'n spesifieke reaksie van die mens op siekte (Morris, 1998:52).

Morris (1998:52) verduidelik hoe diskoerse van 'n era, mense se uitkyk op siekte beïnvloed. Die groot plaag in die Middeleeue is deur 'n bakterie, wat op luise aangetref is, veroorsaak. Hierdie luise het ook op rotte voorgekom, en in die Middeleeue was mense en rotte gereeld in kontak met mekaar, as gevolg van swak lewensomstandighede. Die meeste rotte is op skepe na ander wêrelddele versprei. Die mense van die Middeleeue het egter geglo dat God hulle oor hulle sonde straf, en hulle geloof toets.

"They gave flesh-and-blood embodiment to the dominant values of their time and (like the medieval lepers wearing bells and confined to colonies outside the city) stood as monuments to the power of illness to define an entire era" (Morris, 1998:53)

Morris (1998:56) identifiseer drie siektes as 'n uitvloeisel van postmoderne toestande: meervoudige persoonlikheidsverstoring (MPV), kroniese uitputtingsindroom, en vigs. Baie ander toestande word egter nie genoem nie, byvoorbeeld: middelafhanklikheid, die hoë egskeidingsyfer, of gesinsgeweld, om slegs enkele te noem. Colson en Percy (1999:239) voeg seksuele vryheid as 'n siekte by. As gevolg van die verskuiwing van morele grense, en seksuele vryheid, is seksuele losbandigheid een van die groot siektes. Seksuele losbandigheid gee weer aanleiding tot siektes soos vigs en seksueel-

oordraagbare toestande. Molestering en verkragting word ook hierby ingesluit, en is op sigself die verwoesters van menseleuens.

In die verhaal *Dis ek, Anna*, wat op 'n ware verhaal gebaseer is, beskryf Elbie Lötter (2004) haar ervaring van molestering deur haar stiefpa. Anderson (2001:206) noem dit die **krisis van morele waardes**. Dit beteken dat ons 'n verlies aan morele waardes ervaar.

Die waardes waarvolgens mense vandag leef, is subjektief (Anderson, 2001:206). Nouwen (1979:4) beskryf die verhaal van Peter, wat as voorbeeld dien van faktore waarmee mense tans worstel. In hierdie verhaal verduidelik Nouwen (1979:4) dat die sieke se grense van sy of haar omgewing, en die grense van fantasie en realiteit, nie duidelik is nie. Die mens word 'n gevangene in die hede. Ek wonder oor die Pieters van ons tyd, wat geen antwoorde vind op die vrae waarom hy leef, en waarheen hy op pad is nie. Ek wonder of hierdie Pieters nie net in 'n vakuum inkyk, en hoop dat hy hoop sal raaksien nie.

Colson en Percy (1999:20) fokus op wêreldbeelde wat verduidelik waarom mense soos Pieter worstel. Colson en Percy (1999:20) stel veral die Christendom teenoor hierdie wêreldbeelde. Aan die een kant bied die postmodernisme geleenthede tot dekonstruksie, en die soeke na unieke uitkomst. Die teenpool is egter dat essensiële waarhede van die Christelike geloof bevraagteken word.

Freedman en Combs (1996:35) dui aan dat daar meer as een beskrywing van 'n gegewe realiteit is, hoewel dit nie beteken dat alles aanvaarbaar is nie. Freedman en Combs (1996:35) verstaan dekonstruksie as 'n realiteit om huidige betekenis oop te breek. Dit bevraagteken vooropgestelde idees, en help om tot 'n beter begrip van die waarde van morele keuses te kom. *“Not only do we carefully examine the beliefs and values that we choose, but we invite the people*

who come to see us to examine their beliefs and values as well” (Freedman & Combs, 1996:36).

Colson en Percy (1999:20) hanteer die problematiek van postmodernisme en moraliteit, deur na die Christen teenoor die naturalis, en die Christen in ‘n post-Christen-era te verwys. Binne die naturalisme word geglo dat die natuur al is wat bestaan. Die New Age-beweging glo spesifiek daarin dat alles in die natuur god is, en dat god in alles is. Hierteenoor glo die Christendom dat God voor die wêreld bestaan het, en dat God self die wêreld geskape het.

As toeligting tot die New Age-denkraamwerk word die volgende aspekte bespreek (Colson & Percy, 1999:20):

- Morele relativisme

Wanneer dit by moraliteit kom, sal navolgelinge van hierdie raamwerk naturalisme altyd relativer. As die natuur daar is, is morele waardes nie nodig nie, omdat elke individu ‘n eie morele sisteem skep. Elke beginsel word hier tot ‘n persoonlike keuse gerelativeer. Daarenteen glo ‘n Christen in die Woord van God wat geopenbaar is, en wat onveranderde, morele standarde stel.

- Multikulturaliteit

Die gevolg van relativisme is dat alle kulture die reg het om ‘n eie moraliteit daar te stel. Die identiteit van die mens is in ras, geslag en taal opgesluit. Die Christen glo dat identiteit eerstens by God gevind word.

- Pragmatisme

Omdat daar binne hierdie benadering nie in terme van reg of verkeerd gedink word nie, word daar pragmaties gedink. Wat ook al die beste werk, is reg! Daarenteen werk die Christen nie met wat die beste in terme van morele standaarde geag word nie, maar met objektiewe standaarde uit die Skrif.

- Utopianisme

'n Volgende kenmerk van die New Age-denke is die skepping van 'n Utopia. Die mens word as goed, en in staat beskou om self sosiale en ekonomiese strukture daar kan stel wat harmonie en rykdom tot gevolg het. Daarenteen weet die Christen dat sonde 'n realiteit in elke mens is, en geen poging kan 'n hemel op aarde bewerk nie. Die Christen se hoop is op die ewige lewe gevestig. Intussen moet die Christen die boosheid van die wêreld, en die chaos trotseer.

- “Hiérdie wêreld”-perspektief

Mense wat in hierdie leefwêreld vasgevang is, glo net in dit wat in hierdie wêreld, hierdie tyd en hierdie lewe gebeur. Christene sien dit vanuit 'n ewigheidsperspektief.

Nouwen (1979:5) verstaan die mens van vandag as die *Nuclear Man*. “*Nuclear man is a man who has lost naïve faith in the possibilities of technology and is painfully aware that the same powers that enable man to create new life styles carry the potential for self-destruction.*” In reaksie hierop noem Gerkin (1997:100-104) drie redes om aan te dui dat die tekens van die tye ons noodsaak om anders oor pastorale sorg te begin dink.

1 Verandering in die verskeidenheid lydingsvlakke in die samelewing

- 2 Verandering in die aard van die probleme wat kerke raak
- 3 Veranderinge in die teologie wat 'n uitwerking op pastorale sorg het

Gerkin (1997:110) stel voor dat daar aan 'n kultuur-linguistiese model vir die teologie gedink moet word wat as konteks vir versorging kan dien: So 'n teologie moet 'n lewende skakel tussen die vrae en die probleme van die versorgingspraktyk wees.

2 Teologie as diskoers

Daar heers 'n ongesonde perspektief onder teoloë wat probeer verstaan hoe hulle mense kan heelmaak (Pattison, 1989:11). Wat die gesprek meer verwarrend maak, is die verwarrende taal wat gebruik word om oor genesing te praat (Parsons, 1986:131).

Wetenskaplikes en mediese dokters het dit deur die jare moeilik gevind om sogenaamde genesings as werklik te bewys (Parsons, 1986:132). Watter invloed het dit byvoorbeeld op die kerk uitgeoefen? Is dit nie waarom baie gelowiges en kerkgroepe steeds 'n negatiewe siening van genesing het nie?

Pattison (1989:11) neem 'n dekonstruerende houding in, en nooi teoloë uit om die fokus op die verstaan van heling en siekte te plaas, en nie noodwendig op die wyse waarop die genesing gedoen word nie. 'n Teologie van heling moet onder andere temas soos die natuur van God, en pyn of lyding insluit. 'n Teologie moet vanuit diskoerse van mense se persoonlike ervaring van heling en siekte ontwikkel. So 'n teologie kan net 'n teologie wees, indien daar krities oor God nagedink word. Dueck (1987:240) sluit aan by Pattison (1989:11) se kritiese manier van dink en brei daarop uit:

- 1 *The reign of God, not modernity, is our liberating, culture-creating story which provides the resources of Western culture.*

- 2 *The church, not the helping profession, is our primary community, in that it is called to embody the ethic of the Reign of God and to discern modes of healing consistent with its story.*
- 3 *The healer as disciple, not as technician, is called to character which is shaped by the rituals and the discernment of the Christian community.*

Murray (1955:VII-IX) steun ook dié manier van dink en sluit hierby aan deur te fokus op die beloftes in God se Woord wat Jesus uitwys as draer van sonde en siekte, as Vergewer van sondes, verlosser uit die mag van Satan en Geneser van siekes. Die taak van die dissipels ten opsigte van genesing is die verkondiging van verlossing as heling.

Wilkinson (1998) verdeel heling in twee groepe, naamlik natuurlike en bonatuurlike heling:

- Natuurlike heling of heling op grond van die skepping

Natuurlike heling vind in elke mens plaas, omdat die mens so deur God geskep is. God het die mens geskape om oor sekere selfhelingseienskappe te beskik. So verdedig 'n immuunsisteem die menslike liggaam teen infeksies. Dink ook byvoorbeeld aan die spontane hegtingsproses wat plaasvind nadat 'n sny met steke verbind is. Dit is nie die steke wat die wond laat heg nie, maar die spontane genesingsproses wat in die liggaam aanwesig is. Natuurlike heling het met die selfhelingspotensiaal van die totale mens te make. Die gelowige kan dit verstaan, omdat dit sedert die skepping so is.

Natuurlike heling kan verstaan word deur op twee maniere daarna te kyk. Die eerste daarvan is die wyse waarop tradisionele heling plaasvind. Hierdeur

vind die helingsproses sonder die hulp van professioneel opgeleide mense plaas. As voorbeeld hiervan dien 2 Konings 20:7, waar Jesaja beveel het dat 'n vyekeok op Hiskia se sweer gesit moet word, waarna die sweer beter geword het. Die tweede manier is om te verstaan dat dokters en ander professioneel opgeleide persone'n rol in die genesingsproses vervul. Ambrose Paré sê: *"I dressed the wound, but God healed it"* (Wilkinson, 1998:3).

- Bonatuurlike genesing

Hiervan is daar baie voorbeelde in die evangelies. By hierdie tipe heling is selfhelende eienskappe nie ter sprake nie, maar is daar ingrype deur 'n bonatuurlike krag, wat die siekteproses omkeer en gesondheid bewerkstellig. Hierdie ingrype volg normaalweg op gebed, en God antwoord daarop op bonatuurlike wyse.

Oor die verstaan van siekte en gesondheid maak Theron (1969:179) die volgende opmerking:

"Dit sou dus moontlik wees om die probleem van verskeie kante te benader, maar altyd sal die onderlinge verbondenheid van die onderdele in gedagtenis gehou moet word. 'n Geheelbeeld kan trouens nie verkry word voordat al die verskillende aspekte van die probleem behandel is nie".

Caputo (1997:36) hanteer die *Round Table*-metafoer. Om 'n geheelbeeld te kry, het ek die werke van verskeie skrywers geraadpleeg (Colson & Percy, 1999; Dueck, 1987; Heitink, 1998; Heitink & Veenhof, 1990; Lederle & Theron, 1985; Martin, 1955; Morris, 1998; Müller, 1963; Murray, 1955; Pattison, 1989; Parson, 1986; Theron, 1969; Wilkinson, 1998). Pattison (1989:8) voer die volgende redes aan waarom 'n wye horison vir 'n teologie van heling gekies moet word:

- Dit stimuleer temas vir verdere navorsing en gesprek.
- Dit dek 'n wye veld en verbreed horisonne.
- Hierdie temas is belangrik, maar word oor die algemeen verwerp.
- 'n Gesprek en onderhandeling met ander oor die temas is sinvol.
- Die doel is om aandag aan wyer as die normale horisonne te gee.

Ek vind verdere aansluiting by Heitink (1998:107) wat die teologie as diskoers vanuit sentrale begrippe bespreek, met die oog op pastorale sorg. Hiermee gee ek ook uitdrukking aan die feit dat die bespreking van teologie as diskoers, my subjektiewe diskoers binne die navorsing is. Teologisering is 'n moeisame proses van luister, waarneem, ontdek, verstaan, interpreteer, sin gee en handel. "*Iedere pastoraal-theoloog beschrift op de kaart van de actualiteit haar of zijn eigen hermeneutische cirkels, tegen de horizon van Schrift en traditie*" (Heitink 1998:107).

Uit die bespreking hoor ek verskeie kernwaardes wat by die bespreking van 'n teologie van heling moet geld. By 'n teologie van heling moet daar wyer as in die verlede gekyk word. Dit help om 'n geheelbeeld vir die verstaan van heling daar te stel. Parson (1986:155-157) noem die manier waarop hy na teologie kyk, 'n holistiese teologie, wat uit agt afdelings bestaan:

- 1 As daar oor God en genesing gepraat word, moet dit in alle nederigheid gedoen word. Elke teoloog moet bewus wees van die taal wat hy of sy gebruik, en moet onthou dat taal beperkend van aard is. Ander teoloë kan ander taal gebruik.
- 2 Die koninkryk van God is die ervaring van God deur die opgestane Christus, in Sy helende, vergewende en liefdevolle uitreike na die ganse mensdom. God se ervaring of betrokkenheid sit aan die hart van elke area van die menslike lewe, en sluit die sosiale, politieke en ekonomiese in.

- 3 Die Christelike evangelie word in eenvoudige terme aan die mens oorgedra. Geloof in God sluit gedagtes, emosies en die liggaam in. Die totale mens moet oop vir die evangelie wees.
- 4 Holistiese teologie is in gesprekke met ander ideologieë geïnteresseerd, sonder om die ideologie te veroordeel.
- 5 Die grondbeginsels van teologie moet in die helende verhouding met Jesus Christus gewortel wees. Om teologie vanuit hierdie raamwerk te beoefen, beteken om nie om deur ander ideologie bedreig te voel nie, maar om in liefde daarna te luister.
- 6 In 'n teologie van heling moet die teoloog eerlik oor gebrokenheid, eie ervaring van God in tye van nood wees.
- 7 Die rol van die Heilige Gees speel 'n belangrike rol by 'n teologie.
- 8 Die ervaring van heling dui op die waarheid dat God intens by Sy skepping betrokke is. 'n Teologie van heling verwag dat God deurbrake vir diegene bring wat gebroke is of verdeeldheid ervaar.

Die grondbeginsel is die Drie-eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees, elk met 'n besondere werking van God. Die kern is in die evangelie van Christus opgesluit. Geloof in die evangelie vorm die basis van enige vorm van heling. Die rol van die kerk is belangrik om uitvoering aan die werk van God te gee. As vertrekpunt oor die teologie van heling geld redding deur geloof en genade. Vanuit daardie perspektiewe word daar in gesprek met ander dissiplines en ideologieë getree, om die groter prentjie te verstaan. Die kerk en die gelowige het te lank *Monopolie* met die tema van heling gespeel, en daar is inderdaad ander ideologieë en dissiplines wat aanvullend tot die evangelie werk. In hoofstuk vier brei ek hieroor uit.

Heling sluit die totale mens in, en kan nie tot 'n liggaamsdeel, emosie of gedagte gereduseer word nie. As oorkoepelende gedagte sluit ek die kernwaardes met die gedagte van gebrokenheid af. Elke mens is gebroke. Dit is

‘n belangrike kernwaarde by die verstaan van ‘n teologie van heling. Deur ons gebrokenheid, kan ons ‘n bron van heling vir ander word.

2.1 Bybelse diskoerse oor heling

Siekte en heling is temas wat die mens deur alle tydperke aangegryp het, en in elke kultuur is daar deur alle tye op 'n spesifieke manier aan die verstaan daarvan uitdrukking gegee (Wilkinson, 1998:7, Carrol, 1995:130).

Wanneer mense oor hulle gesondheid bekommerd is, is die Bybel nie die eerste boek wat geraadpleeg word nie. Slegs by geestelike genesing word die Bybel geraadpleeg. Is die Woord van God nie een van die *unheard voices* oor die tema van heling en siekte nie? Dit is verstaanbaar dat daar op elke wetenskaplike terrein ‘n eie betekenis aan die woord heling geheg word. Ek steun die gedagte van Wilkinson (1998:2): “...*healing is the enabling of a man to function as a whole in accordance with God’s will for him*”. Heling is iets wat alle areas van menswees raak (Heitink, 1998:21). Dit kan nie tot ‘n enkele gedeelte gereduseer word nie.

"Why should the sincere believer continue to read the Bible, when biblical truth-correct doctrine-is more readily at hand in the latest systematic compilation offered by the skilled theologian?" (Grenz, 2000:299). Wilkinson (1998:7) meen dat genesing een van die hoofemas in die Bybel is. Carrol (1995:130) sluit hierby aan deur op die groot hoeveelheid verwysings in die Ou en Nuwe Testament na heling en siekte te wys. Daar is wel baie boeke oor genesing geskryf, maar min boeke neem die Bybelse argument oor heling in ag (Wilkinson, 1998:v).

Die Bybel bied nie ‘n verklaring vir siekte en heling nie, maar handel oor siek mense wat deur God gesond gemaak word. “Die Bybel het slegs belangstelling vir siekte met die oog op genesing in die Messiaanse verband” (Theron,

1969:181). Die Bybel is die hoofbron wat Christene oor alle tye heen gebruik het om siekte en heling te verstaan (Pattison, 1989:12). Sonder die Bybel se invloed, en veral die werk en lewe van Jesus, sou die Christen se leefwêreld baie arm gewees het. Teoloë gryp egter te vinnig na die woorde van Jesus dat mense gesond gemaak moet word, sonder om in ag te neem wat dit beteken. Elke generasie moet dié tema vir hul eie leefwêreld interpreteer (Pattison, 1989:12).

In die Ou Testament vind ons wel baie tekste oor siekte en genesing. Die grootste uitdaging is om dit korrek te interpreteer, omdat die taal, omgewing, tegnologie en lewenswêreld van ons hedendaagse tyd verskil (Wilkinson, 1998:9). Wanneer die Ou Testament grondig bestudeer word, word dit duidelik dat dit baie oor siekte en genesing leer. In die Ou Testament word God aangetoon as die Een wat gesond maak en siek maak (Carrol, 1995:130; König, 1986:84). In Deut. 32:39 lees ons: "Besef dit tog: Ek, Ek is die Here! Naas my is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit my mag word niemand bevry nie" (Nuwe Afrikaanse vertaling). Dit laat König (1986:84) vra: As God dan siek en gesond maak, wat is die rol van die duiwel? In die Ou Testament speel die duiwel geen rol in siekte en gesondheid nie.

Siekte en heling is universeel menslike temas wat elke mens raak. Elke kultuur, geloof en tradisie moet hierdie aspekte definieer (Carroll, 1995:130). As ons kyk na die ouer kulture dan merk ons op dat 'genesers' altyd 'n godsdienstige funksie vervul het en dat heling in verband met heil gestaan het (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:15). Dit is daarom nie vreemd dat die Ou en die Nuwe Testament telkens hierdie tema aanraak nie. In die Ou Testament is dit Jahweh wat vir siekte en genesing verantwoordelik is. Siekte is veral as die gevolg van sonde of ongehoorsaamheid beskou. Job staan uit as die persoon in die Ou Testament wat die denkraamwerk oor siekte uitdaag en bevraagteken.

Wanneer daar oor heling gepraat word, kan dit nie anders as om oor die betrokkenheid van die Here in die lewe van mense te handel nie (Brown, 1976:163). Heling het met die herstel van 'n liggaamlike- of sielkundige siektetoestand te make. In die Nuwe Testament word die woord *therapeuo* gebruik om die helingsproses aan te dui. Slegs in Lukas 4:23 waar na die spreker "Geneesheer genees jouself" verwys word, en Lukas 8:43, waar die vrou met bloedvloeiing nie genees kon word nie, verwys *therapeuo* na mediese behandeling. *Therapeuo* word gebruik om genesings aan te dui wat deur Jesus en Sy dissipels bewerk is (Brown, 1976:164).

In die Nuwe Testament word genesing as deel van die bediening van die Christelike geloofsgemeenskap beskou. Hierdie genesings vind deur die handeling van die apostels (Handelinge) en ouderlinge (Jakobus) plaas. Die hoogtepunt in die Bybel is sekerlik die bediening van Jesus, en die wondergenesings wat tydens Sy bediening plaasvind (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:17).

Die siek mense in die Nuwe Testament soek nie net genesing nie, maar ook begrip van die toestande waarin hulle verkeer. Elke geleentheid waar iemand genees is, dui aan dat God daar teenwoordig is. König (1986:79) dui aan dat heling deel van verlossing is. As deel van heling word mediese genesing (medies en sjirurgies), psigosomatiese genesing (liggaamlike genesing van siektes met 'n psigiese oorsprong), psigiatriese genesing en natuurlike genesing (die natuurlike selfgenesingskragte van die liggaam) geag.

Al vier die evangelies fokus op Jesus as die sentrale helingsfiguur (Carroll, 1995:131). Die outeurs skets eers 'n situasie waar heling nodig is, en vertel tweedens hoe Jesus ingryp as mense vra om genees te word, en dui derdens aan hoe daar altyd mense teenwoordig was om die genesings te sien gebeur. *“Wanneer genezing echter verstaan wordt als wonder of teken, kan dit de indruk wekken dat het Jezus niet ging om het lijden van de mensen zelf, maar dat met*

hun genezing een hoger doel gedient was” (Heitink, 1998:132). In kontras met die Ou Testament word die duiwel pertinent uitgelig as die een wat primêr vir siektes in die Nuwe Testament verantwoordelik is (König, 1986:85). Jesus het juis om hierdie rede die duiwel oorwin en mense kom bevry van die mag van satan (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:18).

Die wêreldbeskouing van die Nuwe Testament ten opsigte van genesing en heling verskil radikaal van die beskouing daarvan in die Ou Testament. In die Nuwe Testament word mense onder andere siek, as gevolg van besetting deur die duiwel (Handelinge 10:38). Dit was seker vir die mense van die Nuwe Testament ontnugterend, omdat hulle voorouers siek geword het as gevolg van sondes, en dat siektes nou deur aanvalle van die duiwel veroorsaak word. Die Nuwe Testament toon aan dat die duiwel oorwin, maar nog nie vernietig is nie (König, 1986:87). Dit moet ook nie buite rekening gelaat word dat God se kinders as gevolg van normale verskynsels kan siek word nie.

Heitink (1998:132) gee ‘n uiteensetting van verstaan van heling van die vroeë kerkvaders en die geskiedenis. Dit bied ‘n wyer horison. In die vroeë kerk is die gawe van genesing as deel van die kerk se werksaamhede beskou (1 Kor. 12:9,28). In die vierde eeu het die genesingsaktiwiteit stagneer. Die fokus het te veel op die wederkoms geval. Die gawes van die Gees het op die agtergrond geskuif. So begin die mense oor lyding dink. Siekte word as ‘n voorreg, ‘n tipe verdienste gesien, omdat mense hierdeur deel aan die lyding van Christus het. In die Bybel word lyding met siekte verbind. Met verloop van tyd word siekte toenemend as die beskikking van God beskou. Hierna het lyding ‘n toenemende teologiese vraagstuk geword.

2.1.1 Diskoerse van geloof

Dit is belangrik om in ag te neem dat die postmodernisme ‘n uitwerking op ons manier van glo het (Müller, 2005:1). Die hele benadering oor geloof en

genesing moet dekonstrueer word. Wie het die verband tussen geloof en genesing daargestel? Wie bepaal hoe dit verstaan word? Is die huidige manier van dink oor geloof en genesing legitiem?

“Daar is ‘n groeiende besef dat samelewingstrukture gewoonlik neig na ‘n soort magsbalans wat stabiel is, maar neerdrakkend vir sommige lede. Daarom die rustelose, voortdurende bevraagtekening en dekonstruksie. Teenoor die strukture wat sekuriteit gee te omhels, het jy hier ‘n skeptisisme en daarom eerder ‘n omhelsing van onsekere paradoksale...Die postmodernisme bevraagteken alles, ondermyn sekerhede en vra aandag vir paradokse. En dit is presies wat die evangelie ook doen. Die evangelie dwing ons weg van mensgemaakte sekerhede. Die evangelie help ons om geen strukture, ook nie kerklike strukture nie, te ernstig op te neem nie. Die evangelie help ons om ook ‘n bietjie speels met die werklikheid om te gaan, want Jesus het opgestaan en hy kan enige oomblik sorg vir ‘n verrassende wending...” (Müller, 2005:2-4).

Dit is steeds 'n groot vraag watter rol geloof in genesing speel. Carrol (1995:137-139) merk tereg op dat die ondersoek na die tema baie afdraaipaaie het, wat die bespreking bemoeilik. Veenhof (In Heitink & Veenhof, 1990:65) brei uit oor die afdraaipaaie wat veral te make het met die diskoers dat die teenwoordigheid van siekte aandui dat 'n persoon geen geloof het nie. Hierdie diskoers is die gevolgtrekking van die idee dat genesing geloof en verwagting veronderstel (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:65). Dit is so dat geloof 'n rol speel, veral as Matteus 9:22 in aanmerking geneem word waar Jesus vir die vrou wat aan bloedvloeiing gelei het sê dat haar geloof haar gered het. 'n Verdere verduideliking hiervan word in Matteus 13:58 gevind, waar Jesus vir die gemeenskap van Nasaret sê dat daar geen wonderwerke gedoen sal word nie, omdat hulle nie glo nie. Die eerste dekonstruksie vind ek by Carrol (1995:137-

139) wat aandui dat geloof nie toegang tot genesing gee nie, maar dat genesing 'n gawe of geskenk van God is.

Eddy (1994:23) dekonstrueer geloof en heling verder en maak die opmerking dat geloof nie 'n magiese woord is om van siekte ontslae te raak nie. Die Griekse denke het bogenoemde denke versterk deur die liggaam as boos te sien en die siel as goed (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:59). Die verstaan van geloof is belangrik, en geloof kan as vertroue in die redding wat God bewerk, beskou word (Eddy, 1994:23). Selfs Jesus se opmerking aan die blinde man, “Glo en jy sal sien”, dui op 'n verstaan van wie God is (Eddy, 1994:23). Küng (1993:11) sluit by Eddy (1994:23) aan deur geloof en heling verder te dekonstrueer as vertroue wat nadenke, twyfel, bevraagtekening, en 'n mate van verstaan, insluit. Geloof sluit 'n verbintenis van die hele persoon in, nie net aan sekere stellings nie, maar aan die volle realiteit van God (Küng, 1993:11).

2.1.2 Diskoerse van sonde

Volgens Carrol (1995:137-139) is die kern van die Bybel se verstaan van heling God se heerskappy op aarde, vergifnis van sonde, en die lewe van oorwinning. Vir Carrol (1995:137-139) loop die verstaan van God se mag en genesing hand aan hand. God se mag word veral binne die bevryding van sonde, en die uitwerking van die bose op die mens, verstaan. Genesing het ook met persoonlike groei te make, wat by diegene plaasvind wat genees word, en diegene wat die genesings aanskou. Agter die genesings lê 'n verbintenis met 'n lewenswyse wat vir God aanneemlik is.

Die bron van algemene gesondheid is God se liefde vir die mens, en die mens se gehoorsaamheid aan God se opdrag. Heling sluit die hele mensdom, en al die verhoudings waarin mense staan, in. Wilkinson (1998:19) sê dat die woord **verhouding** 'n belangrike woord is, wat ten opsigte van heling gebruik

moet word. Heyns (1981:129-137) sluit hierby aan, maar brei daarop uit deur na die mens as sondige wese binne alle verhoudings, te verwys:

- Die verhouding tot God

Die mens se verhouding tot God is deur die sonde aangetas. Die mens is besig om hom teen God te verset, en sêlf koers en rigting aan sy lewe te gee, sonder God. Diegene wat dit wil doen, wil God se werk oorneem, en God speel. God se genade moet nooit onderskat word nie. God se genade bewaar diegene wat die kwaad betuel, en gebruik die mens, ten spyte van homself, tog vir die verwerkliking van Sy plan op aarde.

- Die verhouding met die naaste

Omdat die verhouding waarin die mens staan, deur die sonde aangetas is, is al die ander verhoudinge ook aangetas. Alle verhoudings raak die huwelik, die familiekring, politieke partye, en verskillende volke. Die kenmerke van hierdie verhoudinge is haat, naywer, rusie, oorlog, dominerings, uitbuiting, pligsversuim, agterdog en uitroeiing. Die verhouding met die naaste kan net slaag, indien die mens se verhouding met God reg is.

- Die verhouding met die self

Die mens is nie tevrede met wie hy is nie, daarom ly die sondaar aan hoogmoed en selfoorskating. Al die gawes en talente van so 'n mens staan uitsluitlik in diens van homself, want dit handel oor eie eer, aansien en verryking, en nie oor die eer van God nie. So 'n mens verander godsdiens in selfdiens.

- Die verhouding met die natuur

Selfs die aarde is deur die toedoen van die sonde vervloek (Gen. 3:17). Die aarde bring dissels en dorings voort, en in die sweet van sy aangesig sal die mens sy arbeid verrig. Met die sonde het die arbeid wat die mens moes verrig, ook sy roepingskarakter verloor. Daarmee raak die vreugde wat in arbeid opgesluit lê, verlore. Talle mense is arbeidsku, en vereis dat die samelewing vir hulle sorg. Natuuraanbidding en natuurverwaarlosing dui albei op die uitwerking van die sonde. Teenoor die chaos van die mens, staan die harmonie van die natuur, die orde en die wetmatigheid. Wie ná aan die natuur lewe, lewe ná aan God.

- Die verhouding met kultuur

Die kultuur word ook van God losgemaak, en tot eie eer en verheerliking geskep. Die mens, gemeenskap, volk en staat, bepaal die kultuur, en nie God se Woord nie. Die ontaarding van die kultuur word in Openbaring aangrypend deur Johannes as die stad van Babilon geteken. Die prestasie van kuns, wetenskap en tegnologie word as 'n antigoddelike mag geteken, waarin daar nie vir God en Sy diens ruimte is nie, maar waar die mens, as slaaf van sy eie handewerk, gedien word.

- Die verhouding met strukture

Selfs die strukture van die mens is met die uitwerking van die sondeval deurtrek. Die sonde in die hart van die mens, word in die strukture uitgebou, sodat daar van strukturele sonde gepraat kan word. Die koninkryksmens mag nie hiermee vrede hê nie. Nuwe strukture kan nie nuwe mense skep nie. Dit is nodig om die noodsaaklikheid én die heerlijkheid van die verlossing in die soenverdienste van Christus Jesus te sien.

Bavinck (1976:2) verwys na die skepping van God wat volgens Gen. 1:31 goed was. Toe die mens egter geskape is, het die toneel verander. Sonde het die wêreld binnedring: *“Bijna op hetzelfde oogenblik, als de schepselen rein en heerlijk voortkomen uit de hand van hun Maker, worden zij van al hun glans beroofd en staan zij bedorven en onrein voor zijn heilig aangezicht”* (Bavinck, 1976:2). Sonde dui op ‘n gebroke verhouding, ‘n ontkenning van die rigting waarin ons bestaan geskape is (Heitink, 1977:120). Die uitwerking van die sonde is duidelik in die wêreld sigbaar, deur middel van wanorde en disharmonie, duisternis, en ‘n lewe wat in die dood eindig. Heyns (1981:128) sluit hierby aan en verklaar sondaarwees as ‘n toestand waarin die mens verkeer en gee die volgende verklaring van sonde:

- Om jou doel te mis, en nie te bereik wat jy moes nie; om te misluk, te verongeluk, of gebreke te ly
- Om van die regte pad af te draai
- ‘n Ongesonde, innerlike gesindheid, byvoorbeeld opstandigheid, hoogmoed en selfoorskating
- Eiewillige bestemmingsverongelukking

Kennis van die sonde kan net uit die Skrif verkry word. God is nie net die een wat in die Ou Testament gesond maak nie, maar ook die een wat siekte stuur (König, 1986:84). Dit word soms eksplisiet, en soms implisiet beskryf (Eks. 4:11; 15:26; Deut. 7:15). Oor die algemeen word siekte in die Ou Testament as ‘n gevolg van die sonde beskou, maar dit word in Job bevraagteken (Carrol, 1995:130). Brown (1978:573) verstaan sonde as: *“...human failure from the transgression of a single commandment to the ruin of one’s whole existence”*.

Keet (1945:120) beskryf in sy leer oor die sonde dat sonde algemeen in die wêreld is, en dat die basiese veronderstelling in die wêreld is dat die mens ‘n sondaar is, en verlossing nodig het. Sonde is die teenstelling van die goeie, ‘n

ombuiging van die kragte wat God aan die mens geskenk het, en wat in 'n verkeerde, onwettige rigting neig (Keet, 1945:123).

Die Skrif leer dat die menslike geslag deur die sonde bedorwe is (Keet, 1945:123). Wat is dan die uitwerking van sonde op die mens se gesondheid? Sonde loop op die dood uit. Wat gebeur tussen die hede en die dood? Kan gelowiges se sonde siekte veroorsaak? Aan die vernietigende werking van die sonde het God self 'n grens gestel, daarom vernietig sonde nie die mens se persoonlikheid, sy gawes en talente nie. God hou die mens, ten spyte van sy sonde, steeds staande (Heyns, 1981:130).

Murray (1955:IX) voer aan dat siekte “n kastyding vanweë die sonde is”, en sien 'n verband tussen siekte en sonde. Siekte is die vrug van die sonde. Theron (1969:192), Pattison (1989:12) en Veenhof (In Heitink & Veenhof, 1990:17) lê ook klem op die verband tussen sonde en siekte, en die straf wat op sonde volg. Siekte moet enersyds as 'n voorbode vir die voltrekking van God se oordeel dien, maar andersyds op die chaosmag in die wêreld dui (Theron, 1969:195). Eddy (1994:495) verwys na die gebrek in die wêreld wat met die insette van satan te make het. Eddy (1994:495) stel voor dat daar aan God vasgehou moet word, as siekte en pyn op die gelowige se pad kom.

Die probleem van siekte en sonde kom na vore as Jesus in Markus 2:5 vir die jongman sê dat sy sonde vergewe is. Hierdie genesing word vertel om aan te toon dat Jesus die mag het om te vergewe. Siekte word nie noodwendig deur sonde veroorsaak nie, en daar is geen bewys dat sonde altyd die direkte oorsaak van siekte is nie (Müller, 1963:23). Dat daar egter gevalle is waar sonde siekte veroorsaak, is waar.

Heyns (1986:470) plaas die fokus op geestelike en liggaamlike gesondheid. Om gesond te wees, beteken volgens hierdie benadering, om die tien gebooue te gehoorsaam, om in 'n lewende verhouding met die Heiland te

leef. In Jesus verskyn die reddende God op aarde, om vir die mens 'n tyd van heil te laat aanbreek (Heyns, 1986:470). In die Bybel word ook 'n toestand beskryf waar siekte sal verdwyn, asook van Jesus wat siekte en sonde op Hom sal neem (Veenhof in Heitink en Veenhof, 1990:17).

2.1.2.1 'n Gevallestudie

Martie ('n fiktiewe naam) se storie laat my wonder wat die uitwerking van sonde op 'n mens se lewe is. Martie is in haar vroeë dertigs en het vir berading aangemeld nadat 'n psigiater depressie by haar gediagnoseer het. Aanvanklik was dit moeilik om met haar te praat, as gevolg van die sterk medikasie waarop sy was, en die sterk slaappille wat sy moes drink. Dit het in meer as een sessie 'n probleem veroorsaak, omdat sy aan die slaap wou raak.

Tydens die eerste drie sessies het sy vertel hoe die medikasie haar affekteer, en hoe sy sukkel om haar normale huistake te verrig. Tydens die drie sessies was die fokus die chaos in die huis, en hoe sy soms in woede-uitbarstings op haar kind geskree het. Haar verhouding met haar man was ook glad nie na wense nie. Sy het tydens die sessies na haar ouers en skoonfamilie verwys, en aangedui hoe hulle haar met hul gewoontes irriteer.

Na drie eenuursessies het Martie met 'n storie vorendag gekom wat dalk die oorsaak van haar probleme was. Sy het verleë vertel hoe sy haar man verkul het. Hulle was nog nie eers ses maande getroud nie, toe sy een naweek, terwyl haar man op 'n werkseminaar was, by 'n ander man betrokke geraak het. Die verhouding was van korte duur, maar gedurende dié tyd het sy twee keer by die man geslaap.

In die daaropvolgende sessies het sy opgemerk dat sy sonde gedoen het, wat haar verhouding met haar man, haar kind en die res van die familie versuur het. Haar probleem was dat sy nie wou glo dat die Here haar sonde kan

vergewe nie, en die gevolg daarvan was skuldgevoelens, haat, minderwaardigheid en depressie. Sy het die sonde teenoor die Here bely, maar telkens getwyfel of haar sonde vergewe was.

Op dié stadium van die berading was dit reeds sewe jaar na die insident, en ek het begin wonder wat die rede vir haar worsteling met vergifnis was. Was haar depressie die gevolg van haar sonde, of as gevolg van die verkeerde manier waarop sy oor vergifnis gedink het? Sy en haar man het stelselmatig uitmekaar gedryf. Wat dit nog erger gemaak het, was dat sy nie haar man daarvan wou vertel nie, maar die geheim verder wou bewaar.

Sy kon haarself nie so ver kry om verantwoordelikheid vir haar daade te aanvaar nie. Die pille wat die psigiater voorgeskryf het, moes die probleem oplos. As sy saans weer haar daade onthou het, het sy slaappille gedrink om eerder te vergeet. Sy het selfs vir skokterapie gegaan, maar sonder welslae. Dit het haar korttermyngeheue uitgewis, sodat sy nie kon onthou wat 'n maand of twee tevore gebeur het nie.

Sy het nie weer vir terapie gekom nie, maar ek het haar eendag raakgeloop en gesien dat sy baie beter lyk as toe sy vir berading gekom het. Ek het haar gevra wat die rede vir die beterskap was, en sy het my glimlaggend meegedeel dat sy geskei is, en dadelik beter geword het na die egskeiding.

Ek wonder oor haar diskoers van sonde, en haar sondebelydenis en vergifnis. Sou daar 'n unieke uitkoms gewees het, indien sy vergifnis aanvaar het?

2.1.3 Diskoerse van hoop

"Dis hopeloos", het die vrou wat voorheen 'n besigheidsvrou was, gemompel, terwyl sy in die pastor se spreekkamer gesit het. Haar voorheen

sprankelende gesig was onversorg, met donker kringe onder haar oë, wat die gevoel van hopeloosheid verder belig het. "Dit is nie die moeite werd om te probeer nie, want ek kan nie eers in die oggende opstaan nie. Ek sal nooit beter word nie, in elk geval nie gou nie."

'n Gevoel van hopeloosheid is een van die faktore wat siekte vererger, en depressie veroorsaak (Stone, 1998:143; Richardson, 2000:81). Die verhaal van die vrou sonder hoop, werp lig op die donker lens waardeur mense na die lewe kyk. Gevoelens van hopeloosheid is besig om toe te neem, en meer en meer mense kyk deur die uitsiglose lens van hopeloosheid na die lewe (Stone, 1998:143; Richardson, 2000:81).

Al hoe meer mense soek na kitsoplossings wat sielkundiges, psigiaters en genesers kan bied, maar kitsoplossings vestig nie hoop nie (Ulanov, 1998:3). Een van die redes hiervoor is die spanning tussen die stemme van hoop vanuit die godsdienst, teenoor dié van die sielkunde (Capps, 1997:139). Capps (1997:139) voer aan dat die twee dissiplines soos twee perde voor 'n strydwa is, die een trek soms links, terwyl die ander regs beur. Die gevolg daarvan is dat die drywer hom in 'n moeilike situasie bevind.

Ek verkies nie een dissipline bo die ander nie, maar ek vind wel meer aansluiting by dit wat die Bybel leer, en glo dat pastorale beraders 'n gebalanseerde beskouing oor die twee dissiplines moet hê. Grenz (2000:302) sluit hierby aan, en stel voor dat die teologie eerder vanuit die metafoer van hoop verstaan moet word, en daag teoloë uit om meer in terme van 'n unieke taal te dink.

Carson et al. (1988:159) dui dat daar 'n definitiewe verband tussen hoop en heling bestaan. Hoop verskaf aan die mens die wil om te leef, en is 'n konstruksie van toekomsgerigheid. Richardson (2000:75) hanteer hoop vanuit 'n

alternatiewe diskoers. Waar daar lewe is, is daar hoop. Waar daar 'n asem is, is daar hoop.

Die teenoorgestelde is ook waar: Waar daar hoop is, is daar lewe. Sonder hoop is mense dood, en daar is baie “dooie” mense in die wêreld. Vos (1999:506) sluit aan by die ervaringskonsep, en beskryf die teenwoordigheid van God as 'n metafoor van hoop. Die teenwoordigheid van hoop moet in die hede wees (Brueggemann, 1999:99). Hoop is ten diepste 'n hoop op God, want God is by die mens terwyl die mens ly, siek is, moedeloos is, in 'n gebroke verhouding beland, of treur. Hoop laat mense bid, en verwag dat God se koninkryk finaal sal kom. Sonder die ervaring van hoop, verval alles in wanhoop (Vos, 1999:507).

Vos (1999:507) steun die gedagte van Brueggemann (1986:73) dat God die bron van hoop is. Brueggemann (1986:73) verstaan Esegël 36 as die visie en interpretasie van die nuwe dinge wat God gaan uitwerk, na die gevalle toestand van die volk. Die teks openbaar ongelooflike hoop (Brueggemann, 1986:73).

God belowe dat Hy die volk uit die mag van die nasies sal red, dat Hy hulle bymekaar sal maak, om hulle na hulle land terug te bring, dat Hy skoon water sal gee, en hulle skoon sal maak. Dit hou alles met hul tuiskoms verband. Israel word weer vir God aanvaarbaar gemaak, omdat Hy hulle skoon was. Die gedeelte beklemtoon die volgende: 'n nuwe hart, 'n nuwe gees sal na vore tree; die hart van klip sal verwyder word, en 'n hart van vlees sal gegee word; God se Gees sal in die mense wees.

Richardson (2000:75) brei uit oor die geestelike aspek van hoop en die helende uitwerking wat dit op siek mense het. Hy bespreek die volgende vier dimensies van hoop:

1 Hoop as ervaringsproses

Hoop raak dinamies in tye van pyn, swaarkry en siekte. Daarom verduidelik Paulus in Romeine 5:4-5 dat swaarkry volharding kweek, en volharding egtheid van geloof, en dat egtheid van geloof hoop kweek.

2 Hoop as geestelike proses

Gebed, meditasie en begeleide verbeelding is hulpbronne wat gebruik word in die proses om hoop aan te wakker. Bybelse hoop is nie net hoop in uitkomst nie, maar hoop in God, soos byvoorbeeld in Ps. 42:5 waar die digter weer hoop en vertrouwe in God vestig.

3 Hoop as rasonale denkproses

Hierdie aspek is die algemeenste in die psigososiale navorsing. Dit is die maklikste om na te vors. As mense nie siekte kan hanteer nie, kan hulle ten minste hulle gedagtes daarvoor hanteer. Victor Frankl is 'n voorbeeld hiervan.

4 Hoop as verhoudingsproses

Familie, vriende en versorgers lewer 'n bydrae tot 'n siek persoon se hoop. Victor Frankl se vrou het sy hoop aan die lewe gehou, selfs al het hy nie geweet of sy nog lewe, of reeds dood was nie.

Brueggemann (1986:7) verstaan hoop vanuit Jeremia, Esegïel en Jesaja 2: *“These texts live and speak very close to the reality of God’s own Grief and hope which may, when we are faithful, be embraced as our own grief and hope.”* Hoop het met die toekoms as primêre dimensie te make (Lester & Stone, 2001:260-269). Brown (1976:238) sluit by die gesprek aan, en sien hoop as ‘n verwagting,

met 'n spesifieke objek van hoop. Brown (1976:238) verduidelik verder dat hoop ook met 'n wagtydperk, waarna iets in ontvangs geneem word, te make het.

Allen (1991:13) sluit hierby aan en verklaar dat hoop genesing aktiveer en mobiliseer, wat weer nuwe moontlikhede open. Grenz (2000:307) verduidelik hoop aan die hand van 'n metafoer. Ek is geïnteresseerd in die bydrae wat dit in die gesprek oor heling kan lewer. Grenz (2000:308) noem drie aspekte by 'n verstaan van 'n teologie van hoop, naamlik:

1 Spesifieke hoop

Hoop moenie generies wees nie, maar spesifiek. Om vir iemand te sê dat daar hoop in die toekoms opgesluit lê, dat persepsies verander moet word, en dat daar meer positief oor die lewe gedink en geleef moet word, is te generies van aard, en te vaag. Dit is ook generies van aard om te sê dat die toekoms moontlikhede inhou wat ontgin moet word.

Spesifieke hoop soek na die betekenis binne 'n spesifieke gemeenskap se verwysingsraamwerk van hoop. Die hoop wat Christene het, is 'n spesifieke hoop wat uit die Bybel op spesifieke situasies dui. Bybelse hoop is spesifieke hoop, vanuit 'n spesifieke toekoms. Dié toekoms word nie deur die Bybel as 'n moontlikheid nie, maar as 'n werklikheid, bespreek.

2 'n Eskatologiese hoop

Wat is die spesifieke hoop wat deel van die taal van pastorale terapeute vorm? Spesifieke hoop is eskatologies, en nie tydelik nie. Generiese hoop is wanneer daar na 'n kortstondige horison in die toekoms gekyk word, wat geen langtermyn hoop bied nie. As Christene hoop ons op God, en die toekoms wat deur God geskep word. Dit is nie kortstondige hoop nie, maar ewige hoop.

Hoe lyk die eskatologiese horison? Om dié vraag te beantwoord, het baie mense hulle na die sielkunde vir oplossings gewend. Dit is vir die Christen van belang dat hoop nie die toekoms self is nie, maar in die God van die toekoms. In Openbaring 21:5 sê God: "Kyk, Ek maak alles nuut".

3 'n Pessimistiese hoop

Om nader aan 'n begrip van die Christen se hoop te beweeg, gebruik Grenz (2000:309) die metafoor van 'n pessimistiese hoop. Die metafoor word gebruik om aan te toon dat hoop nie inherent in die mens aanwesig is nie, maar van God se daade afhang. Dit word in Markus 5, wat oor Jaïrus se dogtertjie, handel, geïllustreer. Jesus moes iets onbegryplik vir die mense doen. Hy moes 'n dooie lewend maak. Daarom berus ons hoop juis op die totaal onmoontlike en onbegryplike, want is die opstanding van die dooies nie ook 'n belofte van God wat in die toekoms op ons wag nie? Moet dit nie die grondslag van ons hoop wees nie? God gee telkens hoop in hopelose situasies, daarom is hoop die herinnering aan 'n spesifieke toekoms wat nog beleef moet word.

2.1.3.1 'n Verhaal van hoop

Die verhaal deur Elbie Lötter (2004), *Dis ek, Anna*, handel oor 'n storie van marginalisering. Tog het Anna weer sin in haar lewe gevind. Ek sluit hierdie aanhaling in om die teorie met 'n werklike lewensverhaal af te wissel. Hierdie verhaal bied ook 'n unieke blik op die siektetoestand, molestering. Die unieke blik word uit Anna se verhouding met God gebore.

“Anna se verhaal is my lewensverhaal...ek het nie my stiefpa vermoor nie. Ek wou. Alles in my het uitgeskree daarna, maar Christendogters doen net nie so iets nie. God het my voorgespring, hy is aan natuurlike oorsake dood...Vandag dank ek God daarvoor. Want, ja, Hy is daar vir ons, ja, Hy luister. As ons maar net met Hom wil praat, as

ons maar net wil vra. En so word ek een oggend wakker met die besef dat die verlede verby is, dat ek vorentoe moet kyk, moet aangaan. Ek besef dat ek nie alle mans kan wantrou net omdat één man my misbruik het nie. En die Here stuur 'n wonderlike man op my pad, wat my aanvaar net soos ek is, en Hy gee my twee pragtige kinders, wat die pyn van die verlede draagliker maak. Hy gee my die lewe waaroor ek altyd gedroom het. 'n Normale lewe. Ek is nie meer bang vir seks nie...ek praat met my kinders oor seks...Aan almal wat weet hoe dit is, wat weet hoe dit voel, wil ek sê: Sterkte! Ek dra almal van julle elke dag in my gebede op” (Lötter, 2004:195).

2.1.3.2 'n Gevangene met hoop

Naudé (1998:128) vertel die verhaal van 'n gevangene in 'n konsentrasiekamp wat toegelaat is om sy kitaar by hom te hou. Sy gees was vry, en sy vingers vaardig. Die gevangenes het altyd kom luister as hy musiek maak. Dan het hulle nuwe hoop gekry, en net so vreesloos soos hy gevoel.

Die kampowerheid het dit opgemerk, en die man verbied om te speel, maar hy het die volgende dag weer musiek gemaak. Die wagte was woedend, en het sy vingers afgekap.

Kort daarna was hy terug, en met verminkte hande het hy kitaar gespeel en gesing. Die wagte het die kitaar stukkend geslaan. Die volgende dag het hy uit volle bors gesing. Die gevangenes het dit gehoor, en hulle harte het weer vol hoop geskiet. Solank hy gesing het, was hulle gees net so vry en onoorwinlik soos syne.

Die kampkommandant was so kwaad dat hy die man se tong laat uitsny het. Dit was doodstil in die kamp. Tot almal se verbasing was die man die volgende dag weer terug. Op maat van musiek wat net hy kon hoor, het hy

begin dans. Een vir een het die gevangenes nadergekom, hande gevat en op dieselfde ritme begin wieg, hulle oë vol hoop, en hul harte vry.

Die wagte was magteloos.

2.1.4 Diskoerse van boosheid

Pattison (1989:15) meen dat bevryding van bose magte verdere navorsing nodig het. Christelike groepe is geïnteresseerd in die invloed wat die bose op mense uitoefen. Dit is nodig om die boosheid in die wêreld, en die invloed daarvan op die mens se gesondheid vanuit die teologie te evalueer. Soos alle ander diskoerse oor heling en siekte, moet die diskoerse oor demonologie ook uit die teologie geëvalueer word.

Eddy (1994:584) sien die verband tussen die bose en siekte deur die volgende verduideliking van satan te gee:

- Leuens in die lewe en gedagtes
- Die teenoorgestelde van die waarheid
- Siekte en die dood teenoor die lewe
- Bose gedagtes
- Die skepping van die mens volgens sy eie beeld

Scott Peck (1983:209) het antwoorde oor die duiwel, demoniese magte en bevryding gesoek. Deur gevallestudies in sy boek *People of the lie*, het hy oor boosheid begin wonder (Scott Peck, 1983). Na navorsing op die terrein, is sy gevolgtrekking: “*Genuine possession, as far as we know is very rare. Human evil, on the other hand, is common*” (Scott Peck, 1983:209).

Mense het soms bevryding nodig om van siektes te genees (Scott Peck, 1983:212). Ek gee 'n kort beskrywing van 'n proses van bevryding (Scott Peck, 1983:212).

Bevryding is wanneer daar weerstand teen 'n spesifieke siektetoestand gebied word. Bevryding word nie individueel nie, maar in spanverband gedoen. Deur gebed word daar op die krag van God in die helingsproses gefokus. Scott Peck (1983:212) beskryf hoe hy die teenwoordigheid van God tydens 'n bevrydingsessie aangevoel het, en beklemtoon dit dat hiërdie benadering slegs suksesvol is as gelowiges dit uitvoer.

Bevryding is geestelike oorlogvoering. Die sleutelwoord tydens bevryding is liefde. Bevryding het ook gevare, omdat magsmisbruik altyd 'n moontlikheid is. Nog 'n probleem is dat bevryding aan breinspoeling kan grens, waar die siek persoon se denke gemanipuleer word. Ten spyte van kritiek meen Scott Peck (1983:213) dat bevryding wel vir sekere genesings nodig is, net soos wat 'n operasie vir sekere fisiese toestande, en terapie vir sekere geestestoestande nodig is. Bevryding moet egter eers toegepas word, as alle ander vorme van behandeling gefaal het (Scott Peck, 1983:215).

Die dekonstruksie van geloof wat Müller (2005) voorstel, wil ek na 'n dekonstruksie van die diskoers oor boosheid uitbrei. Die duiwelsuitdrywing wat in die Nuwe Testament beskryf word, word verstaan as bevryding van onderdrukking. Carrol (1995:137-139) wil veral die huidige diskoerse uitdaag.

Duiwelsuitdrywing word deur kerke en wetenskappe as deel van die antieke leefwêreld, en 'n metafoer van verlossing beskou. Pattison (1989:15) wonder waarom hierdie deel van heling geïgnoreer, of swak geïnterpreteer word. Boosheid het nie altyd met demoniese magte te make nie, maar kan op foutiewe bestuur in mediese kringe dui, of op die tendens om geestelike werkers as nutteloos af te kraak.

“It will certainly be unfortunate if the contemporary religious healing movement is allowed to monopolize the language of demonology unchallenged by perceptions and insights from other quarters, including critical Biblical scholarship” (Pattison, 1989:16).

Alle boosheid in die wêreld kan seker nie op die mens se rekening geplaas word nie (Heyns, 1981:136). In aansluiting by Pattison (1989:16) brei Heyns (1981:16) uit op die ontaarding in die strukture waarvoor die mens verantwoordelik is. Vanweë die sonde van die mens, word die strukture, soos God dit bedoel het, nie deur die mens aanvaar nie. God se strukture word voortdurend afgetakel, en die mens het in die plek daarvan magstrukture gebou om geestelike mag in God se plek te probeer kry.

Theron (1969:217) sluit by Heyns (1981:16) aan en opponeer die standpunt dat die duiwel siekte veroorsaak. Hy noem dit: “’n onskriftuurlike vereenvoudiging van die hele vraagstuk”.

Die mense van die antieke tyd het ’n ander denkraamwerk as die moderne mens gehad. Tog is daar ’n belangrike boodskap wat ons in die teologie moet hoor. Hierdie boodskap is dat die magte wat heling opponeer, ook die Wil van God opponeer. Jesus kom leer ons van ’n Vader wat gesond, en nie siek maak nie. Dit maak nie saak watter eksegetiese model ons gebruik om hierdie tekste te verstaan nie, die kern van die teologie is dat God heelheid vir die mens bewerk het, en steeds bewerk.

2.1.4.1 ‘n Persoonlike ervaring van boosheid

Joan is deur haar dominee na my vir terapie verwys. Met hierdie gevallestudie is ek nie besig met die voorstelling van ’n spesifieke diskoers nie, maar eerder met die oortel van ’n werklike gebeurtenis.

In ons eerste gesprek het sy verduidelik wat haar probleem is, en hoe sy met konflik en aggressie in haar gesin geworstel het. Die eerste sessie het hoofsaaklik oor haar huidige nood gehandel. In die volgende sessie het sy meer inligting oor haar verlede begin gee, en van al haar negatiewe ervarings met haar pa, stiefpa, ma en dié se kêrels vertel. Ek het dit as belangrike inligting beskou. Drie sessies het hieroor gehandel.

Hoewel haar afspraak vir bepaalde dae geskeduleer was, het ek haar aangemoedig om ekstra afspraak te skeduleer, indien dit nodig sou wees. Op 'n dag het sy gebel en gevra of sy my die middag kon kom spreek. Ons het 'n afspraak geskeduleer, en ek het soos gewoonlik uitgevra hoe dit gaan, en waarom sy my wou sien.

Ons het soos gewoonlik oor haar gesin gepraat, en sy het van haakplekke en nuwe konflikte vertel. Sy het vertel hoe sy vir berading na 'n toekomsvoorspeller en 'n heks gegaan het. Vir 'n paar oomblikke was ek stil, en het toe begin uitvra of sy by ander, soortgelyke aktiwiteite betrokke was. Sy het haar kop tussen haar hande vasgegryp, en gesê: “Jy wil nie weet nie.” Sy het begin vertel hoe sy reeds van skooldae af by satanisme, heksery en okkultebedrywighede betrokke was.

Terwyl sy gepraat het, het 'n klomp gedagtes deur my brein geflits. Wat moes ek hiermee doen? Hoe moet ek optree? Wat moet ek vra? Moet ek duiwels uitdryf? Wat gaan volgende gebeur?

Op 'n stadium het sy vir my gesê dat haar hande sopnat gesweet was. Die volgende oomblik het sy op 'n vreemde wyse na my gekyk. Haar oë het donkerder verkleur, en ek kon dit nie glo nie. Ek het lam gevoel. Ek het vir krag en beskerming gebid, en toe dit verdwyn, kon ons rustig verder gesels. Ek kon nie glo wat ek ervaar het nie.

Toe sy ophou praat, het ek haar gevra of sy gesond wou word. Sy het bevestigend geantwoord. Ek het haar van God, Jesus, sonde, vergifnis en die ewige lewe vertel, en gevra of sy al die Here as haar persoonlike Verlosser aangeneem het. Sy het gesê dat sy wel die Here aangeneem het, maar nie werklik kon onthou wanneer en waar nie. Ek het haar gevra of sy die Here nou as Verlosser wou aanneem, waarop sy weer bevestigend geantwoord het. Ek het 'n bekeringsgebed vir haar gebid, en daarna gesê dat sy haar sondes voor God moet bely, om vergifnis daarvoor te ontvang. Sy het dit gedoen, en in tranes uitgebars. Ek het uit 1 Johannes bevestig dat haar sonde vergewe was.

Toe sy haar oë oopmaak, was dit vol tranes, maar met 'n sagte uitdrukking, en ek het besef watter uitwerking okkultiese en sataniese aktiwiteite op haar gehad het. Toe ek haar vra hoe sy voel, het sy gesê dat sy lig voel, asof 'n las van haar afgeval het. Sy het vir die eerste keer sedert ons met terapie begin het, geglimlag.

My persoonlike ervaring van boosheid het nege jaar nadat ek in die bediening gekom het, plaasgevind, en ek het gesien hoe sondebelydenis en die verkondiging van vergifnis die boosheid in iemand se lewe verbreek het.

2.1.4.2 The devil and miss Prym

Paulo Coelho (2000) beskryf in *The devil and miss Prym* die eeu-oue stryd tussen goed en kwaad. Volgens die verhaal is die mens geskape om die goeie in die lewe te verteenwoordig. Mettertyd word dit egter duidelik dat die mens juis die teenoorgestelde verteenwoordig: Die mens word 'n instrument van die bose (Coelho, 2000:viii).

Coelho (2000:viii) trek die verband na die tuin van Eden deur waar die mens 'n wonderlike voorreg beleef het. Slegs een item was in die tuin verbode:

van die boom van goed en kwaad mag daar nie geëet word nie. Die slang het gekom en geglo dat sy kennis belangriker as 'n lewe in die paradys was, en dat Adam en Eva ook hierdie kennis móés hê. Nadat Eva van die vrug geëet het, kon die mens tussen goed en kwaad onderskei (Coelho, 2000:ix). Die eertydse balans in die paradys was verbreek. Die eerste huwelikspaar is uit die tuin gejaag, en het 'n vloek gedra. Tussen hierdie twee pole beweeg die mens gedurig tussen goed en kwaad.

En nou is die vraag: Watter keuse sal die mens uitoefen? Sal die mens die goeie, of die slegte kies? Die uitdaging wat Coelo (2000) aan die mens stel, is om 'n alternatief te kies, om die moed te hê om anders te wees. En die alternatief is die goeie, die lig!

2.1.5 *The wounded healer* – oor lyding en heling

Die manier waarop ons na pyn kyk, bepaal hoe ons pyn ervaar (Yancey, 1990:19). Yancey (1990:19) gaan verder en noem voorbeelde van hoe mense pyn ervaar - onder andere sterf mense as gevolg van kanker, hongersnood, die verlies van 'n lewensmaat, oorlog, en dies meer. Pyn is egter die probleem. "*The problem of pain represents a profound riddle...They are problems like...the loss of youth, an ulcerous throat, the prospect of a new marriage gouged by death, the paralyzing fear of the unknown*" (Yancey, 1990:20).

Die gesprek oor lyding veronderstel dat die gedagtes, emosies of liggaam van die mens deur 'n trauma van die een of ander aard is (Wolfreys, 1998:178). Heyns (1986:494-496) gee aandag aan die buite-Bybelse denke oor lyding. Hier word lyding as 'n illusie, 'n waarskuwing, 'n natuurlike verskynsel, of 'n straf beskou, en hou dit verband met die stryd tussen goed en kwaad. Laastens word dit as 'n verdwynende verskynsel beskou, wat voor die tegnologiese ontwikkeling swig.

Küng (1993:92) sluit by Nouwen (1979) aan, en verwys na die *Suffering servant of God* wat te midde van lyding moet weet dat God altyd teenwoordig is. Strukture en omstandighede is meestal die oorsaak van lyding. Heyns (1986:496) sluit hierby aan, en fokus op die lyding van Jesus as vertrekpunt, om die lyding van mense te verstaan. Die verhaal van Nouwen (1979) bied 'n perspektief op lyding, wat nie uitgelaat kan word nie. Die boek *The Wounded Healer* is van toepassing op die pastor se eie verstaan van lyding en gebrokenheid.

Nouwen (1979:81) verwys na die pastor as die verwonde geneesheer. In storie ses van hoofstuk twee, is die diskoers gehoor dat siek mense swak is. Die *Wounded Healer*-metafoor belig die diskoers op 'n alternatiewe wyse, naamlik dat dit in orde is om siek te wees. Nouwen (1979:81) vertel die verhaal waar die mens op die Messias wag, en probeer die vraag beantwoord: "Hoe sal ons Verlosser kom?"

"Rabbi Yoshua ben Levi came upon Elijah the prophet while he was standing at the entrance of Rabbi Simeron ben Yohai's cave...He asked Elijah, 'When will the Messiah come?' Elijah replied,

'Go and ask him yourself.'

'Where is he?'

'Sitting at the gates of the city.'

'How shall I know him?'

'He is sitting among the poor covered with wounds. The others unbind all their wounds at the same time and then bind them up again. But he unbinds one at a time and binds it up again, saying to himself, 'Perhaps I shall be needed: if so I must always be ready so as not to delay for a moment' (Nouwen, 1979:81-82).

Dié storie suggereer dat die pastor self 'n gewonde tussen ander gewondes is, maar die verskil is dat die pastor gereed is om ander gewondes te help. Die wonde van die pastor is nie 'n skande nie, maar word juis die bron van genesing van ander (Nouwen, 1979:83). Nouwen (1979:83) noem twee wonde wat pertinent in die lewe van die pastor gevind word: persoonlike eensaamheid, en professionele eensaamheid. Die wond van eensaamheid is diep, omdat die beroep van 'n pastor hom uit die samelewing stoot.

Nouwen (1979:87) vra tereg: "*How can wounds become a source of healing?*" Hy stel dan voor dat die *Healing minister*-metafoor (Nouwen, 1979:87) gebruik word. Hiermee word nie bedoel dat die pastor voortdurend oor eie pyn en siekte moet praat nie, maar eerder dat die pastor homself as deel van die menslike bestaan moet sien, en moet besef dat sy eie wonde en siekte iets van die groter verhaal, waarvan hy deel is, vertel.

Nouwen (1979:89) stel dit dat die *Healing minister*-metafoor deur die woord **gasvryheid** verstaan kan word. Die woord suggereer die pastor se betrokkenheid by ander, sonder dat die eie verhaal hom blind en doof vir die ander persoon se pyn of siekte maak. Dit behels onttrekking, op so 'n wyse dat die ander persoon welkom, gemaklik en spontaan voel om sy verhaal te deel. In die woorde van Nouwen (1979:91):

"...we can be free to let others enter into the space created for them and allow them to dance their own dance, sing their own song and speak their own language without fear. Then our presence is no longer threatening and demanding but inviting and liberating".

Om op so 'n wyse gasvry te wees, maak dit 'n bediening van heling, want dit verwyder die illusie dat genesing aan 'n ander mens gegee kan word. Dit is helend van aard, omdat dit nie pyn en siekte wegneem nie, maar omdat dit uitnoui om die pyn en siekte te kom oorvertel. Dit bevraagteken ook die diskoers

dat die pastor genesing moet bewerk, of as iemand gesien moet word wat pyn verwyder. *"Perhaps the main task of the minister is to prevent people from suffering for the wrong reasons. Many people suffer because of the false supposition on which they have based their lives"* (Nouwen, 1979:93).

2.1.5.1 Sop vir die sieke

As kind het my ma altyd vir ons sop gemaak as ons siek was. Sop het altyd op die hakke van siekte gevolg. Ek het dit weer onthou, toe ek Aucamp (1991) se verhaal, *Sop vir die sieke*, gelees het. Hierdie verhaal het my weer aan die praktyk van versorging laat dink. In aansluiting by Nouwen (1979) se beskrywing van gasvryheid vertel Aucamp (1991) 'n verhaal van 'n jongman se gasvryheid wat op unieke uitkoms uitloop.

Tant Rensie was 'n baie moeilike vrou, wat op Klipkraal in die Karoo gewoon het. Sy was nie 'n gasvrye vrou nie, en wou nie met mense meng, of met hulle praat nie. "Geen hulp wou sy van buite hê nie" (Aucamp, 1991:88). Sofietjie, haar huishulp en lewenslange oppasser en vriendin, was vir haar genoeg. Selfs toe tant Rensie siek word, het nie een familielid kom kuier nie.

Wat die mense van Klipkraal ontstel het, was die intieme verhouding wat tant Rensie met Sofietjie gehad het. Een aand het Steve se ma, wat 'n distrikverpleegster was, hom met sop na tant Rensie gestuur. Steve het daardie middag iets besonders ervaar van dié twee mense waaroor die dorpenaars so geskinder het.

"Daardie middag het nou nog vir my iets tydeloos, soos oomblikke van openbaring altyd iets tydeloos het. Deur die groen gordyn in tant Rensie se kamer, het die lig koel, soos in 'n akwarium, geval. Onverwags het jy rose geruik – in die vertrek, of buite in die tuin? Dit moes in die vertrek gewees het: 'n swaar reuk, swoel en amper soos verval. En skielik het ek geweet dat tussen dié twee

mense 'n geneentheid bestaan wat buite my begrip lê. Ek was draadstyf gespan, want ek wou met my intuïsie verder dring as wat my jare toegelaat het. Sofietjie is voor tant Rensie dood...Tant Rensie wou Sofie in die tuin voor haar huis begrawe. Dit wou die dorpsraad nie toelaat nie...of Sofietjie nie tussen die witmense begrawe kan word nie...’n donderbui het haar oorval. En dit het tant Rensie se einde beteken: sy het longontsteking gekry...Haar testament was koddig. Die dorp kan al haar geld vir 'n hospitaal kry, het sy gesê, maar op een voorwaarde: sy wou langs Sofietjie lê. Klipkraal het 'n mooi hospitaal vir 'n klein dorpie, maar iemand, sê die sendeling, iemand moet tog vir daardie graftes sorg” (Aucamp, 1991:91).

2.1.6 Die diskoers van die kerk

Die bediening van genesing is deur die kerk agterweë gelaat (Allen et al., 1991; Lederle, 1986:120; Wilkinson, 1998). Volgens die outeurs is genesing deur die kerke in die hande van die mediese wetenskap oorgelaat, terwyl die kerk die siekes net besoek en ondersteun het. Allen et al. (1991:3) meen dat die kerk steeds 'n groot rol in genesing moet speel, en bied die volgende uitdagings aan die kerk:

1 Die kerk as gestuurde genesers wat die evangelie verkondig

Hiermee verduidelik Allen et al. (1991:6) dat die gelowiges in die kerk deur God gestuur is om in die wêreld in te beweeg, en agente van genesing te wees. Die kerk het enersyds die taak om die evangelie aan die wêreld te verkondig, maar andersyds om mense te genees. As Jesus tydens sy aardse bediening soveel moeite met die genesing van siekes gedoen het, is dit ook die rol van die kerk. Allen et al. (1991:6) verwys na Lukas 7:22 waar Johannes twee van sy volgelinge na Jesus toe stuur om oor Jesus se identiteit uit te vra. Op die vraag of Jesus die één is, en of 'n ander een verwag moet word, verwys Jesus na die blindes wat sien, die lammes wat loop, melaatses wat gereinig word, dooies wat

opgewek word, en die evangelie wat aan die armes verkondig word. Vir Allen et al. (1991:7) is genesing 'n teken dat die Here naby gekom het, met die fokus op bekering as genesing.

2 Genesing van die totale mens

Om die probleem verder te omskryf, gee Allen et al. (1991:11) aandag aan die kerk se verstaan van die totale mens. Die kerk kan aandag aan die mens se psigiese, geestelike en fisiese aspekte van menswees gee. Hoop is die voertuig wat die dimensies van die mens in beweging bring en hou.

Die uitdaging is om gestuurde genesers te wees wat die evangelie verkondig. Die kerk bestaan uit mense wat deur God verlos en van hulle sonde bevry is. Lidmate is mense wat geroep is om die evangelie uit te dra. Die doel van die gestuurdes is om 'n bediening van genesing te vestig. König (1986:79) meen dat genesing 'n integrale deel van verlossing is.

"Health and healing are an integral part of the gospel, are present throughout the Bible and have always been a concern of the church. The Christian understanding of health derives from the Christian belief about God's plan for salvation. Health is the harmonious and balanced relationship of the spiritual, physical, mental, social and economic aspects of a person, in harmony with God and with the natural environment...Salvation is the means by which sinful and fallen men and women are able to return to the wholeness which God desired for them when He created them in his own image" (Ram in Allen et al., 1991:99)

Wilkinson (1998:293) gee vier aspekte uit die Nuwe Testament waarmee die kerk rekening moet hou:

- Gebed is die fondasie van Christelike genesing. Gebed vir siekes word deur tekste soos Handeling 9:40 en 28:8 aangemoedig, waar daar vir die sieke in sy teenwoordigheid gebid word, maar daar is ook sprake van gebede waar die bidder nie by die sieke was nie, soos byvoorbeeld in Markus 7:24-30 en Lukas 7:1-10. In die laasgenoemde geval genees Jesus oor 'n afstand. Die kerk het hieruit geleer dat daar vir siekes gebid moet word, of dit in hulle teenwoordigheid is of nie.
- Die Woord is die kern waaruit die kerk genesing moet hanteer en verstaan.
- Aanraking (die oplegging van hande) was sedert die vroegste tye deel van genesing. Dit dui op simpatie vir die siek persoon, en verkondig geloof in Jesus.
- Die gebruik van medisyne en kruie moet deur die kerke aanvaar word as 'n wyse waarop die Here werk.

Die kerk het die verantwoordelikheid om 'n plek van genesing te wees, maar ook om lidmate op te lei, en toe te rus om genesing vanuit die Woord te verstaan. 'n Voorbeeld hiervan is Wolf-Dieter Hartmann (1997:101) wat voorstel dat die kerk die plek moet word wat lidmate oplei en toerus. Hartmann (1997:101) verdeel die fases van opleiding en terapie soos volg:

Vorbereiding	*	Fokus op God
	*	Verstaan van verhouding met God
	*	Versterking van geloof in en hoop op God
Ontmoeting	*	Dit wat die kliënt in die spreekkamer inbring
	*	Die bou van 'n terapeutiese verhouding
	*	Fokus op die probleem, en analise van die situasie

- Stilte voor God
- * Stilwording voor God, stilte as metafoor
 - * Kliënt en terapeut wat na God luister
 - * Bewuswording van God se boodskap

Gesprek oor God se lering

- * Deel God se antwoorde met mekaar.
- * Volg God se riglyne.
- * Maak keuses.
- * Bemagtig kliënt om keuse te maak.

- Gebed
- * Beseël besluit in gebed saam met God.
 - * Fokus op die gawes van die Gees.
 - * Spreek seën oor die kliënt uit.

- Integrasie
- * Fokus op die betekenis van die belewing.
 - * Kennis van die probleem.
 - * Bewuswording van oorsprong van die probleem
 - * Huiswerk

- Finale stappe
- * Neem notas.
 - * Plaas die konsultasiesessie in God se hand.

Die rede waarom ek graag hierdie stem wil laat hoor, is nie om die stem van Hartmann (1997:101) tot die absolute te verhef nie, maar eerder omdat dit iets weergee van dit wat die kerk werklik moet doen. Hoeveel pastors kan mense deur die Woord, in afhanklikheid van die Heilige Gees begelei? Die kerk is die plek waar heling moet plaasvind, en daarom moet die kerk begin wonder waarom dit nie in kerke plaasvind nie. Indien dit wel plaasvind, moet die vraag gevra word of dit werklik heling was wat plaasgevind het.

Iets van God se direkte betrokkenheid by die terapeutiese situasie, word in hierdie stem verwoord. Vir my gaan dit nie soseer oor die verskillende fases wat Hartmann (1997:101) hanteer nie, maar oor die beginsel van God se teenwoordigheid, en die gedagte dat heling iets is wat deur enige Christen gefasiliteer kan word.

Hartmann (1997:102) plaas veral die klem op dekonstruksie en terapeutiese faktore wat in die Bybel na vore kom. Hy fokus ook op die hantering daarvan in 'n terapeutiese situasie. Die hoofdoel in enige terapeutiese proses is om 'n vaste verhouding met die Here te vestig, en dissipelskap daaruit te laat voortvloei. Dit bemagtig die lidmaat om vanuit 'n eie verhaal van siekte deel te word van God se verhaal wat op 'n roeping uitloop, en wat weer hoop en 'n toekomsvisie meebring.

Gerkin (1997:92) verstaan die kerk as die plek waar versorging tot uitdrukking kan kom, en noem die bewuswording hiervan **'n nuwe ontdekking**. Die primêre plek waar mense mekaar versorg, is waar die volk van God bymekaar kom. Gerkin (1997:92) beweer dat dit waar was vir die vroeë kinders van God, en dat dit vandag steeds waar is. Hy maak die volgende opmerking: *“From very early in the life of the Israelite people, images, themes and narratives appeared that held before the people their obligation to care for one another and for the stranger in their midst”* (Gerkin 1997:92).

2.1.7 Diskoerse van gebed

Gebed is soms die laaste uitweg wat siek mense vir heling volg, veral diegene wat in pyn en lyding verkeer (Parker, 1997:205). Gebed is een van die sleutelbegrippe in versorging wat nie onderskat en weggelaat kan word nie. Die moontlikheid van wonders in die hede, is nie uitgesluit nie. Vir God is niks onmoontlik nie. Gebed skakel nie medisyne en dokters noodwendig uit nie. Ons

moet egter nie net oor die wonders opgewonde raak nie, omdat die verlossing van die siel, 'n groter wonder as die genesing van die liggaam is (Marais, 1997:23).

Brown (1975:855) verstaan gebed as vra, kniel, pleit en klop. Gebed is gewoonlik die mens se gesprek met God in tye van nood. Hesselink (1997:29) hanteer die verstaan van gebed uit die Onse Vader-gebed. Die Here herinner ons baie daaraan dat ons enige tyd tot Hom kan nader. Die fokus word op die manier daarop geplaas dat God die mens versorg.

Die Here versorg, en dit is die Here wat heling bewerk. Hy doen dit deur die gebed in geloof (Jak. 5:14-15), en die krag hiervan lê nie in formules of rituele nie, want dan het ons met okkulte of magie te make (Marais, 1997:31). Murray (1955:21) sluit by die gebruik van Jakobus 5:15 aan, en noem dit die geloofsgebed. Murray (1955:21) hanteer twee vrae oor hierdie gedeelte:

- 1 Verwys die apostel na gebed, met of sonder die gebruik van middels?
- 2 As dít die bedoeling van die apostel was, beteken dit dat medisyne uitgesluit is?

Murray (1955:21) antwoord dat die vroeë kerk dalk nie al die medisyne en middels, soos ons dit vandag het, geken het nie, maar goed bekend was met genesing, na die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 4:30; 5:15,16). Dit is duidelik die bedoeling van die apostel dat die gelowiges van sy tyd net op die geloofsgebed moes fokus, en genesing sonder geneesmiddels moes verwag.

Op die tweede vraag antwoord Murray: “Nee, glad nie. Die ondervinding van baie gelowiges was dat God dikwels op die geloofsgebed, seën op die gebruik van medisyne gegee het, wat dit 'n kragtige geneesmiddel gemaak het (Murray, 1955:22). Theron (1969:379-381) verstaan die verwysing na Jakobus 5

as 'n oproep om gelowig te bid, en om diegene wat in siekte gedompel is, pastoraal te versorg. Verder merk Theron (1969:381) op dat die fokus op geestelike versorging val, en dat dit aandag moet geniet.

Heyns (1986:471) beskou gebed nie as 'n monoloog, of 'n mistieke onderhoud met 'n denkbeeldige wêreld van die gees nie. Gebed is eerder die gelowige antwoord van die mens op die Woord van die lewende, persoonlike God (Heyns, 1986:471). Heyns (1986:471) beskou gebed as die antwoord op die Woord van God. Die kenmerke hiervan is aanbidding, verheerliking, lofprijsing, danksegging, smeking en versugting, worsteling en vertwyfeling, in ooreenstemming met die wil van God.

'n Unieke storie van heling en gebed, is dié van Wallie da Silva, by wie ek die voorreg gehad het om Hebreeus te leer, en saam met hom in die M.Th.-klas (Pastorale gesinsterapie) te wees. Ek maak van Müller (2005) se vertelling gebruik oor Wallie se betrokkenheid in die klas, die diagnose dat hy 'n breintumor gehad het, en die ses veselperskes, as 'n verhaal van dekonstruksie.

“Op sy kenmerkende manier het Wallie sy hantering van hierdie ernstige krisis vir ons met 'n mango-beeld verduidelik. Hy het gesê dat hy dit vir ons op 'n 'Portugese manier' wou verduidelik' (Wallie was gedeeltelik van Portugese afkoms).

'Waar ek altyd gedink het dat ek nog so twintigduisend mango's in my lewe sou kon eet, moes ek nou agterkom dat ek dalk nog net ses oor het. Dit beteken dat ek elkeen nou ten volle moet geniet.'

Hierdie pragtige beeld het my diep getref. Dit is wat ek as gereformeerde spiritualiteit sou beskryf. Wallie het nie met wonderwerke en gebedsverhoring gesmous nie. Hy het nie allerhande vroom praatjies gemaak nie, maar het sy situasie aanvaar, en die beste daarvan gemaak. As God dan vir hom nog net ses mango's sou gee, sou hy elkeen daarvan

terdeë geniet. Hy was nugter genoeg om te weet dat hy dit as 'n gegewe sou moes aanvaar, indien die spesialis vir hom sou sê dat hy 'n aggressiewe en gevaarlike kanker het. Intussen sien hy hoe die Here hom met nog 'n paar mango's begenadig, en daaroor is hy dankbaar, en gaan hy elkeen geniet."

Hierdie opregte, maar nugter spiritualiteit kom in nog 'n storie wat Muller (2005) vertel, na vore. 'n Sekretaresses by die departement het vir Wallie gesê dat sy vir hom bid, en glo dat hy heeltemal gesond sou word. Daarop het hy geantwoord dat gesondheid en die lewe nie die belangrikste is nie, en grappenderwys bygevoeg: "Sê nou ek kry nog meer van die lewe, maar ek verloor dalk die ewige lewe?" Die sekretaresses het daarop geantwoord: "Bid jy maar soos jy dink die beste is, maar ek gaan bid soos ek wil!".

2.1.8 Geloofsgenesingsdienste as diskoers

Ek wil nie breedvoerig op die onderwerp van genesingsdienste ingaan nie, omdat ek nie die gedagte van genesingsdienste steun nie (volg argumente in hoofstuk 1). Ek stem met König (1986:88) saam:

"...the painfull fact that faith healing campaigns do little or nothing to relieve the hard forms of human need and suffering...People naturally begin to doubt whether the large number of soft healings are genuine, or whether most of them are the product of suggestion or emotionalism."

Geloofsgenesingsdienste word normaalweg gemotiveer deur die beginsel dat die duiwel siek maak, en dat God die groot Geneesheer is wat almal wil genees. "When observing the significance of faith-healings we must be mindful that the term is not a pastoral instrument which can be used arbitrarily to lengthen or shorten leg" (Vos, 1986:97).

Die gevolgtrekking wat Vos (1986:99) maak, is dat alle mense nie gesond gemaak sal word nie. Dit is waarom Jesus nie almal tydens Sy aardse bediening gesond gemaak het nie. 'n Klomp mense het siek in Bethesda gelê, maar Jesus het net een gesond gemaak (Joh. 5:1-17).

Jesus het nie van plek tot plek beweeg om genesings te doen nie, maar wel om die koninkryk van God te verkondig (Theron, 1969:446). Verder genees Jesus die mense wat na Hom toe kom, of dié wat na Hom gebring word. Geloofsgenesers dink dat hulle oor die gawe van gesondmaking beskik, en bepaal dan self wanneer mense gesond gemaak sal word. Die gawes van die Gees werk nie so nie (Marais, 1997:25).

Marais (1997:26-28) brei verder uit en gee die volgende kenmerke van genesingsdienste:

- By genesingsdienste word daar nie met die spesifieke werking van die Heilige Gees rekening gehou nie. Dit veroorsaak mislukking en teleurstelling.
- In baie gevalle is die genesings by sulke dienste gedeeltelik of tydelik van aard. Die sieke kan dalk beter hoor of sien, maar dit is gewoonlik van korte duur. Die gees van die sieke is gestimuleer, maar die genesing het nie werklik plaasgevind nie.
- In werklike Bybelse genesings is die siekes dadelik genees. Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, is dadelik genees (Mat. 5:29); die tien melaatses is al lopende genees, nog voordat hulle by die priesters uitgekom het (Luk. 17:14-18).
- Die ervarings is meestal emosioneel van aard, as gevolg van manipulasie, net om later te ontdek dat die genesing nie plaasgevind het nie.
- Rug- en beenbeserings is van die populêre genesings, maar X-strale daarna toon dikwels geen verskil nie.

- As die teleurstelling, verwarring en hartseer van sulke byeenkomste in aanmerking geneem word, is ons verplig om te sê dat dit meer kwaad as goed doen.
- Die genesings wat wel plaasvind, moet toegeskryf word aan die grootheid van God, wat Hom ten spyte van ons optrede, nogtans oor 'n bepaalde mens ontferm.

Ek sluit af deur na die bevinding Theron (1969:447) te verwys: “Wanneer gebedsgenesing (egter) by genesingsdienste geadverteer word vir almal, (is) dit inderdaad meer as wat Christus self gedoen het en kry die aanbod van genesing universele aksent waarvoor geen Skrifgrond bestaan nie”.

3 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk het ek 'n teologie van heling as uitvloeisel van die verhale in hoofstuk twee beskryf. Dit is belangrik om die teologie met die postmodernisme in verband te bring. Hoofstuk vier dra die stem van alternatiewe, terwyl die stemme in hoofstuk twee diskoerse oorgedra, en die teologie betekenis gegee het.

Hoofstuk 4 – Alternatiewe diskoerse

1 Voorveronderstelling

“Poor Alice! It was as much as she could do, lying down on one side, to look through into the garden with one eye; but to get through was more hopeless than ever: She sat down and began to cry again. ‘You ought to be ashamed of yourself,’ said Alice, ‘a great girl like you,’ (she might well say this), ‘to go on crying in this way! Stop this moment, I tell you!’ But she went on all the same, shedding gallons of tears, until there was a large pool all round her, about four inches deep and reaching half down the hall. Alice felt so desperate that she was ready to ask help of any one; so, when the Rabbit came near her, she began, in a low, timid voice, ‘If you please, sir--’ The Rabbit started violently, dropped the white kid gloves and the fan, and skurried away into the darkness as hard as he could go” (Carrol, 1999).

Die verhaal van Alice laat my wonder oor die manier waarop ons reageer as ons nie mense kan help nie. Dit raak vir my duidelik dat ‘n eensydige benadering nie ‘n oplossing is nie. Die haas in die Alice-storie is geïnteresseerd in sy volgende afspraak, en kyk Alice se hartseer mis. ‘n Eensydige pastorale model laat my aan die haas dink, op sy eie missie, besig met eie agendas en voorveronderstellinge.

Gerkin (1997:12) nooi lesers in die begin van die boek **An Introduction to Pastoral Care** uit om eers tot stilstand te kom, en na te dink oor 'n persoonlike belewenis van pastorale werk. Ek wil hierby aansluit en vra: “Wat bring jy as leser saam?” Die vrae van Gerkin (1997:12) gaan verder: “Wat is jou ervaring van pastorale sorg, toe jy versorg is, of toe jy ander versorg het?” Ek wil hierop uitbrei en vra: “Wat is die leemtes in pastorale sorg?”

Jy het dalk ook ander boeke oor die onderwerp van genesing of siekte gelees, of selfs ander mense oor die onderwerp hoor praat. Al hierdie belewenisse en voorveronderstellings bring jy as leser saam. Soos Gerkin (1997:13) voorstel:

"Allow these memories and ideas to interact freely with what you read so that your reading may evoke interplay between what you bring to the reading and what you find in the book. Thus, in your imaginative play, you as reader and I as author may converse".

In hierdie hoofstuk stel ek die huidige diskoerse en metafore van pastoraat. In hoofstuk drie het ek uitgebrei op die temas van die verhale in hoofstuk twee.

2 Pastoraat

As you ought not to attempt to cure the eyes without the head, or the head without the body, so neither ought you to attempt to cure the body without the soul...for the part can never be well unless the whole is well...And therefore, if the head and body are to be well, you must begin by curing the soul - Plato

Wat maak pastorale terapie uniek? Wat maak terapie pastorale terapie? (VanKatwyk, 1997:283). Hierdie vraag waarmee VanKatwyk (1997:283) worstel, laat my wonder of pastorale terapie werklik anders as ander terapie is. Is pastorale terapie se hoofdoel steeds om 'n helende uitwerking op die mens te hê?

In die vroeë kerk het die klem op die genesing van die totale persoon geval. Dit was veral as die werk van die pastorale versorger beskou (VanKatwyk, 1997:283). Later het die eenheid van die liggaam en siel stadig, maar seker, van

mekaar begin wegdryf. Die liggaam is as die refleksie van die teenswoordige wêreld beskou, en die siel as die refleksie van die ewige, nuwe wêreld wat nog moes kom (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:59). Die begrip van genesing was op die genesing van die siel toegespits. Met die modernistiese, mediese beskouing, is die eenheid van die liggaam en siel nog verder van mekaar verwyder. Die klem het op die spesialisering van die fisieke liggaam, en die realiteit daarvan, begin val

Die mediese model het met woorde soos diagnose en behandeling begin werk. Huidige konstruktivistiese en narratiewe modelle gaan verby die liniêre manier van dink, en werk eerder met woorde soos sirkulêre en sosiale konstruksionisme. Die literatuur van pastorale sorg toon aan dat daar 'n groeiende bewuswording daarvan is dat heling makliker in gesinne plaasvind waar liefde, vergifnis, regverdigheid en hereniging heers (VanKatwyk, 1997:284).

Clinebell (1984:113) gebruik die metafoer van *spiritual guide*. Dit is 'n baie ryk metafoer wat iets van die mistieke kommunikeer. Baie kulture en godsdienste beskou die innerlike wêreld as belangrik. Hier dink 'n mens aan die shaman in primitiewe kulture, die guru in Hindoeïsme, en die geestelike leiers in die antieke Judaïsme, byvoorbeeld profete, priesters, wyse manne en vroue. Dit is ook in die Katolieke en die Anglikaanse tradisies te vinde. Binne Protestantse kringe is daar onlangs vir die eerste keer oor hierdie metafoer gepraat, uit vrees dat die plek van Christus as Middelaar skipbreuk sou ly. Die pastor as *spiritual guide* moet besef dat die mens nie net geestelik is nie, maar ook uit fisiese, sielkundige, interpersoonlike, ekologiese en institusionele fasette bestaan. Gerkin (1997:113) kies die “interpreterende gids”-metafoer. Hiermee word die volgende bedoel:

“...each era of pastoral care’s history was seen as emphasizing one or another of the four pastoral functions that have commonly been designated healing, guiding, sustaining and reconciling.

The particular emphasis of a given era...was seen as an outgrowth of what was going on in the church and the society at the time...By interpretive guidance I mean not simply interpretation of the Christian tradition and its implications for communal, moral, individual and societal life...I mean also the role of interpreting the conflicts and pressures, the contradictions and pitfalls, the lures and tendencies toward fragmentation of contemporary life...In short, I mean the role of interpretive guidance as it relates to facilitating the dialogical process between life stories and the Christian story of how live is to be lived” (Gerkin, 1997:114).

Die pastorale berader kan nie anders as om te verstaan, en vanuit die konteks van die Skrif as vertrekpunt te funksioneer nie. *"For the Christian healer/therapist, the story of God's people is the primary context for understanding the meaning of a healing culture"* (Dueck, 1987:245). Gerkin (1997:23) stel dit duidelik dat die Bybel ons betroubaarste bron oor pastorale versorging is. God vorm deel van die mens se verstaansproses. Iewers in die proses word elke mens met die vraag wie of wat God vir jou is, gekonfronteer (Müller, 1996:26).

Clinebell (1984:103) gebruik ook die *Facilitating Spiritual Wholeness*-metafoer. Om die metafoer beter te verstaan, moet elke pastor besef dat hy 'n eie verhaal, en 'n eie stem het oor wat heling inderwaarheid beteken. Daarom wil ek graag hier op die pastor se rol binne die sosiale konstruksies van heling fokus. Die pastor word deur gemeentes as die een beskou wat genesing in hul lewe kan fasiliteer (Clinebell, 1984:103). Hierdie betrokkenheid is deur die verskillende lewensiklusse van mense in 'n gegewe omgewing of gemeente.

Ram (1995:7) het geworstel met die vraag: Wat is heling? In sy lewensverhaal was dit nie altyd vir hom duidelik wanneer dit tyd was om geestelik te werk te gaan, en wanneer die mense waarmee hy gewerk het, bloot objekte voor hom was, wie se liggame behandel moes word nie. As psigiater het

hy die behoefte gehad om die mense ook geestelik by te staan, en iets vir hulle te beteken. Later in sy lewe het hy hierdie dilemma uitsorteer, en is die twee konflikte verenig. Hy het toenemend bewus geword van sy Christenskap, en sy professionele beroep as sodanig beoefen.

Uit hierdie verhaal kan ons vra: Hoeveel van die pastorale terapeute is werklik bereid om hulle verhale oor heling te vertel? (Hier word na lewens-, en nie teoretiese verhale nie, verwys.) Is daar nog terapeute wat met die konflik of kreatiewe spanning tussen beroep en persoonlike geloof worstel? McGarry (1996:160) beskryf hierdie proses as 'n *inner journey*.

Die pastor moet 'n selfreflekerende vraag vra: "*Can I be an effective minister or helper without such an inner journey? Can I love freely and effectively as a partner in any kind of committed relationship without choosing that process?*" (McGarry, 1996:160). Heitink (1999:323) onderstreep die belangrikheid van die geestelike lewe van die pastor met die term **professionele gelowige**, wat ook moeilike tye kan beleef, net soos ander mense. Dink byvoorbeeld aan die eindelose gebede wat 'n pastor in 'n week moet bid, en die uitwerking hiervan op hom. Dit kan maklik 'n wonderlike werk in 'n las verander.

'n Verdere aspek wat negatief op die geestelike lewe van die pastor inwerk, is die feit dat die gemeenskap so baie van hom verwag. Hierdie verwagting is dikwels onrealisties, en uiters frustrerend. Is die pastor werklik 'n gids wat mense kan help om hulle lewensroeping te verstaan? Hoeveel pastors worstel met die vraag wat hulle eie lewensroeping is? Hoeveel pastors verstaan werklik wat God se Woord oor genesing leer, en hoeveel pas dit werklik toe? Hoe kan 'n pastor werklik iets vir 'n gemeenskap beteken, as hyself nie antwoorde op bogenoemde vrae het nie?

Die stem van Gerkin (1997:53) wil ons waarsku dat daar nie te veel op die mens en sy ontwikkeling gefokus moet word nie, omdat dit juis een van die

eienskappe van die mens van die twintigste eeu is. Dit het egter 'n positiewe kant, want die ontwikkelinge binne die sielkunde het 'n hernude belangstelling in heling binne pastoraat losgemaak (Gerkin, 1997:55).

Ten spyte van die pogings om heling te verstaan, bly dit steeds 'n misterie. Die fokus moet van die bestudering van helingstegnieke, na die verstaan van heling verskuif. Die vraag is nie wat ons moet doen om heling te fasiliteer nie, maar eerder wat oor die natuur van God, mense en siekte geopenbaar word.

Ek sluit by Pattison (1985:15) aan wat meer geïnteresseerd is in dit wat ons van God kan leer, as watter helingstegnieke ons kan aanleer en toepas. Daar is vandag baie boeke wat oor die genesingstegniek handel (Wright, 2000; Hunter, 2001; Sherwood, 2000). Al hierdie boeke wil inligting op so 'n manier oordra dat die gelowige daarna, met die nuwe inligting, model en gebede, mense in die naam van Jesus gesond sal kan maak. Dit beklemtoon weer die ongesonde fokus op die mens.

Dan is daar egter diegene wat reëls vir genesing neerlê. Murray (1955:ix) plaas wel die fokus op God, maar kom nie weg van die idee dat sonde die oorsaak van siekte is nie. In Hunter en Hunter (2001:9) word daar nie 'n hoofstuk aan die rol van die Bybel gewy nie, en nêrens word aan die werklike behoefte van die mens aandag gegee nie. Aan die begin word 'n bedankingsbrief aan die mediese personeel, wat by die genesingsproses betrokke was, gerig. Dit word deur hoofstukke gevolg wat oor die soewereiniteit van God, hoe jy deur God aangeraak word, hoe jy onder die krag van God val, en die gawes van die Gees, handel. Lyste met siektes word verskaf, asook hoe elke siekte in die Naam van Jesus weggebied kan word.

'n Volgende voorbeeld is Sherwood (2000:2) wat op die oordrag van energie vanaf die geneser na die sieke fokus. Dieselfde vind by Demartini (1998) plaas, wat die fokus op die mens laat val, asook die handeling wat uitgevoer moet

word om die siektetoestand in genesing om te skakel.

Cooper (1996) verduidelik in haar boek *A Little light on Angels*, dat kennis van die engelewêreld tot genesing kan meewerk. Sy brei uit op die waarneming van engele, kleuronderskeidings, erkenning van 'n beskermengel, en die rol daarvan in genesing. Walsch (1995:49) beweer dat hy gesprekke met God gehad het, waarin hy aan God gesê het: “Maar selfs Jesus het die siekes gesond gemaak. Hoekom sou Hy hulle genees het, as hulle toestand so volmaak was?” Die god met wie hy gepraat het, het geantwoord: “Jesus het nie mense gesond gemaak, omdat Hy hul toestand as onvolmaak beskou het nie, maar omdat Hy siele gesien het wat, as deel van hulle ontwikkeling, om genesing gevra het. Hy het die volmaaktheid van die proses gesien. Hy het die siel se voornemens erken en verstaan.”

Marais (1997:36) waarsku dat sekere diskoerse byvoorbeeld die foutiewe verstaan van musiek, emosie, hipnose en suggestie, vermy moet word.

Die term **sielsorg** is 'n voorbeeld van 'n huidige diskoers oor pastoraat. Kan heling binne die konsep van sielsorg verstaan word? Heling sluit die hele mens in, terwyl sielsorg nog 'n voorbeeld is van hoe die mens in kleiner eenhede vir behandeling opgedeel word. Ek steun die aanhaling van Plato, dat 'n gedeelte van die menslike liggaam nooit heel gaan wees, as die hele liggaam nie heling ervaar nie. Sielsorg kom van die Nederlandse woord *zielzorg* (Baart, 2004; Bolkenstein, 1968, Capps, 1997:139; Heitink, 1998; Wurth, 1955).

Onder pastoraat verstaan ons die versorging (*zielzorg*) van 'n kudde deur 'n herder, wat die prediking, die bediening van die sakramente, en die individuele versorging van lidmate, insluit (Bolkestein et al., 1968:181). Onder *zielzorg* word ook die hulp en bystand aan die siel inbegryp (Wurth, 1955:7). Gerkin (1997:23-27) verleen verdere dimensie aan waar die diskoers oor sorg vandaan kom. Ek bespreek kortliks die siening van Gerkin (1997:23-27).

God het altyd leiers aangewys om Sy volk te lei en versorg. Die eerste leier waarna verwys word, is die priesters wat vir die aanbidding en seremoniële lewe van die volk verantwoordelik was. Die profete het namens God oor morele sake gepraat, en aan die volk en politieke leiers gesê wat hulle moes doen. Derdens was dit die wyse manne en vroue wat die versorging waargeneem het, en 'n voorbeeldige lewe gelei het. Dikwels was daar kompetisie tussen die drie klasse versorgers. Daar was byvoorbeeld tye toe die profete (Amos, Jesaja en Jeremia) die stemme was wat pastorale leierskap vir die volk gebied het. Die vraag wat Gerkin (1997:25) hieroor vra, is korrek:

“Why you may ask then, have pastoral care givers recently focused primarily on individual guidance, grounded in the Wisdom tradition, as the principal mode of pastoral care...Why have the ancestral claims of the priestly and prophetic roles been relegated to a secondary place or given over to other functions of ministry?”

Dis is nodig om versorging aan die Christelike gemeenskap te bied. Dit sluit die versorging van die lewe en die geloof van 'n gemeenskap in, wat dan laastens op die versorging van die individu uitloop (Gerkin, 1997:25). Christus het Homself met die goeie Herder-metafoor geïdentifiseer (Gerkin, 1997:27). Die metafoor van die goeie Herder sluit die wysheidsversorging, gelykenisse en die bergrede, die priesterlike rol van Sy volgelinge, asook die profetiese rol by die reiniging van die tempel, in.

Baart (2004:16) gaan verder met die betekenis van sielsorg, en stel 'n meer holistiese begrip daarvan voor. Versorging is 'n alledaagse aktiwiteit, wat 'n breë raamwerk van aktiwiteite insluit, en nie net die werk van spesialiste, vrouens en volwassenes omvat nie. Dit het te make met meer as die hantering van probleme. Heitink (1977:15) kies hulpverlening as uitgangspunt, wat veral met bipolariteit te make het. Onder bipolariteit bedoel Heitink (1977:15): “...om te

beginnen, dat pastoraat met andere vorme van hulpverlening een aantal gemeen heeft, maar anderzijds – en dat geldt in gelijke mate voor andere vorme – ook een eigen karakter bezit.”

In die grondstruktuur van die pastoraat, naamlik in die bipolariteit, gaan dit telkens om die wisselwerking tussen die volgende pole (Roussouw, 1983:15-16):

God – mens
subjek – objek
algemene openbaring – besondere openbaring
teologie – psigologie
pastoraat – ander vorme van hulpverlening
teorie – praktyk
woord – daad

Bipolariteit handel oor die twee pole wat in spanningsvolle relasie tot mekaar staan, maar wat nie sonder mekaar kan bestaan nie (Roussouw, 1983:16). In die navorsing is daar ook van bipolariteit sprake:

siekte – heling
genesing – heling
huidige diskoerse – alternatiewe diskoerse
mediese diskoers – pastorale diskoers
wetenskaplike diskoers – niewetenskaplike diskoers

Hierdie wisselwerking kom in die geskiedenis tot openbaring waar God met die mens omgaan, en waar dit op die vernuwing van die mens en die wêreld uitloop (Heitink, 1977:15). Ek sien vernuwing hier as unieke uitkoms. Heitink (1998:14) toon aan dat *zorg* tans die begrip is waaruit pastoraat verstaan word, en wys daarop dat hulpverlening dit voorafgegaan het. Heitink (1998:14) se verstaan van sorg is wyer as die versorging van siele, en toon aan dat dit kerklike en maatskaplike faktore insluit.

Pattison (1989:19) ondersoek metodes wat by die verstaan van heling ingesluit kan word. Watter alternatiewe moet dus in die pastorale situasie oorweeg word? Die rol van nuwetenskaplike metodes van heling moet ook nie onderskat word nie (Morris, 1998:5).

3 Alternatiewe diskoerse

Siekte en genesing is soos tekste, elkeen met 'n betekenis binne die werklikheid waar dit gebruik word. Tekste is grafiese merkers. Dit dien eerder as 'n leidraad oor **wie** die teks opgestel het, as **waaroor** die teks opgestel is (Spivey in Steffe & Gayle, 1995:313). Die rolspelers is geneig om hierdie teks te lees, te interpreteer en vanuit 'n subjektiewe ervaring daaraan betekenis te gee. Ek sluit myself ook hierby in. Dit is belangrik om in die gesprek oor alternatiewe van die groot verskeidenheid benaderinge kennis te neem. Dít moet teen die breë sosiale en kulturele konteks waarbinne dit afspeel, gesien word (Pattison, 1989:34).

In hierdie hoofstuk is die volgende voorveronderstellings in pastoraat gehoor:

- 1 Die genesing van die siel
- 2 Mediese diagnose as vertrekpunt
- 3 *Spiritual Guide*
- 4 Die Bybel as die betroubaarste bron
- 5 *Spiritual wholeness*
- 6 Heling en die rol van God
- 7 Die herstel van die mens
- 8 Beskikbare oplossings en reëls
- 9 Eensydig en oppervlakkige oplossings en gebruike
- 10 Sielsorg

Die postmoderne benadering het 'n gevoel van wantroue oor hierdie tekste. Die wantroue het te make met dié tekste wat beraders uitgenooi het om in terme van patologie en diagnose te dink. Dié tekste handel oor diagnose, en die etikettering van mense om die wondermiddel of raad as teenvoeter vir die diagnose aan te bied (JOS, 2002:3). Dié tekste nooi terapeute uit om die regte antwoord te gee, wat veroorsaak dat terapeute eerder met die invul van meervoudigekeusevrae besig is, as om werklik na die siek persoon se belewenis, klagtes en vrae te luister (Freedman & Combs, 1996:43). 'n Verdere rede vir wantroue is die gebrek aan dialoog tussen pastoraal en alternatiewe benaderinge (Sutherland in Woodward & Pattison, 2000:273).

Die besigheid van gesondheidsorg is "besig om uit besigheid te raak". Dit sal meer korrek wees om van *disease care* as *health care* te praat (Holford, 1997:2). Holford (1997:3) stel voor dat die mens nie meer as 'n masjien gesien moet word, en siekte as 'n *spanner in the works* wat deur medisyne of 'n operasie verwyder moet word nie. Schlauch (In Woodward & Pattison, 2000:209) stel voor dat daar alternatiewe gesoek moet word op die huidige sisteem van teorie en praktyk van sorg. Die soeke na alternatiewe is 'n delikate proses, want alternatiewe benaderinge word soms te maklik afgewys as okkulties (Veenhof in Heitink & Veenhof, 1990:68). Parson (1986:155-157) sluit hierby aan en stel 'n holistiese teologie voor wat in gesprek gaan met ander ideologieë sonder veroordeling.

Terwyl professionele persone probeer om God te speel, en deur medisyne en geestelike reëls in te gryp, het daar 'n nuwe benadering op die horison verskyn: die mens as totaliteit. Die mens vorm een eenheid (Heitink in Heitink & Veenhof, 1990:72) en kan daarom nie in kleiner eenhede verdeel word nie. Die soeke na alternatiewe benaderings oor heling, bring mee dat daar 'n herkonstruering van denke moet plaasvind (Thomas, 2000:3). Die alternatiewe

diskoerse gee uitdrukking aan die nuwe manier waarop daar oor mense gedink word. Navorsing toon aan dat meer en meer mense gebruik maak van alternatiewe metodes (van Dijk in Heitink & Veenhof, 1990:83).

Morris (1998:3) vertel die verhaal van Black Elk, 'n negejarige Indiaanseun wat dodelik siek was. Sy arms, bene en gesig was erg geswel. Hy kon nie loop nie. Vir twaalf dae het hy bewegingloos op sy rug gelê, soos iemand wat reeds dood was.

Hy het in sy ouers se hut gelê, en kon deur 'n gaatjie in die dak na die hemel kyk. Hy het twee mans, met hulle koppe eerste, soos 'n pyl uit die hemel sien afkom. Die twee mans het hom uitgenooi om saam met hulle te gaan, omdat sy voorouers vir hom gewag het. Hy het saam met hulle gegaan, maar dit was vir hom moeilik om sy ouers agter te laat.

Met die hulp van die "medisyneman" van die stam, kon Black Elk ten volle genees, en het hy sy doodservaring oorleef. Hy het self 'n "medisyneman" geword, en jare later dikwels na sy siekbed verwys. Hy het gesê: "Dit is nie my kennis as medisyneman wat mense genees nie, maar die visie wat ek as jong seun gekry het." In vandag se terme is die storie van Black Elk net een van agterdog.

Morris (1998:5) skryf dat die wêreld nog voel-voel op pad is na 'n nog onsekerder verstaan van siekte en heling. Niewetenskaplike dissiplines, soos in die storie van Black Elk, speel 'n groter rol. Ek sluit voorts verhale hier in om die alternatiewe diskoers van heling te belig. Ek bespreek elke diskoers kortliks, om die kern daarvan weer te gee. In aansluiting by Morris (1998:5) is die vraag inderdaad wat die rol van die alternatiewe dissiplines is, en waarom die dissiplines so onderbenut word.

Temas wat uit hoofstuk twee en drie na hoofstuk vier oorfloei, is

homeopatie, spontane genesing, Goddelike genesing en natuurlike hulpmiddels, soos voedselaanvullers en kruie.

3.1 Die storie van 'n homeopaat

3.1.1 Waarom ek die verhaal insluit

As kind het ek die eerste keer met 'n homeopaat te doen gekry toe my broer met 'n ooraktiewe sweetklier gesukkel het. Hy het baie mediese dokters gespreek, maar die behandeling was telkens onsuksesvol. My ouers het hom na 'n homeopaat geneem, waarna hy spoedig beterskap getoon het.

Die storie van die homeopaat is 'n alternatiewe stem wat ek graag as deel van die ander stories wil insluit. Corrie is 'n bekende homeopaat in haar omgewing, met baie suksesverhale.

3.1.2 A Philosophy of Healing

In order to discuss any healing modality a definition of health is required. Health is not simply an absence of symptoms or complaints. Health or becoming healthy is a fluid state, a continuum, and a life process towards the achievement of wholeness, balance and completion. A state of health or wholeness ensues when the multifarious bodily functions are working harmoniously together. Harmony is balance, growth in all aspects, mental, physical and emotional. Illness is the abandonment or diversion from harmony or imbalance. This imbalance or dis-ease eventually manifests itself physically. The manifestation of symptoms may be many and various yet they are all expressions of one and the same dis-ease, which originated from a lack of harmony in that individual's consciousness.

Our vital body has the ability and predisposition to continually heal itself. Symptoms are the indication of the restorative attempt and are not the illness

itself but the expression that something is 'amiss' and requires attention.

Homoeopathic philosophy has the empiricist and Vitalistic view. The body has an innate, albeit unconscious rebalancing ability. Homoeopaths use the particular and the individual expression of dis-ease to guide them in the selection of a remedy. The particular remedy then stimulates the system in the same direction toward harmony.

The primary principle of homoeopathy is based on the law of similars. i.e. the symptom complex of an individual dis-ease will be healed by the substance that induces similar symptoms when administered to a healthy subject. Substances are tested in experiments called proving. During proving substances are administered to healthy subjects thus determining the pattern of symptoms a particular substance has the ability to produce.

There are over 3000 proven substances. The homeopath's science is to match the substance that expresses symptoms in the most similar manner to that of the patient's peculiar expression of dis-ease. This substance called the simillimum, is then administered in a highly dilute and potentised form. This ensures the patient has no aggravating effects and receives minimal stimulus required to catalyse his system to restore balance.

Samuel Hahnemann, the founder of homeopathy, in his Organon of Medicine states: "The highest ideal of cure is rapid, gentle and permanent restoration of health, or removal and annihilation of disease in its whole extent, in the shortest most reliable and most harmless way according to clearly comprehensible principles".

3.1.3 Wat het ek gehoor?

- Gesondheid moet in terme van 'n lewensproses, wat na balans,

heelheid en harmonie strewe, gedefinieer word.

- Die opskrif *A Philosophy of healing* tref my.
- Die mens het potensiaal om self te genees.
- Daar moet harmonie tussen 'n mens se denke, emosies en fisiese liggaam wees.
- Wanneer daar 'n ongebalanseerdheid in die menslike sisteem is, manifesteer dit in fisiese simptome.
- Die menslike liggaam het die vermoë om self te genees.

3.2 Die verhaal van Caroline Myss (1996)

3.2.1 Waarom ek die verhaal insluit

Ek sluit die verhaal in, omdat die tema uit hoofstuk twee voortvloei. Hoewel ek nie met alles saamstem wat Caroline Myss aanbeveel nie, is dit steeds nodig om haar diskoers hier te laat hoor. Ek ken die verhaal uit haar boek *Anatomy of the Spirit*, waarin sy 'n uiteensetting gee van die wyse waarop siekte beskou moet word, asook die manier van dink wat tot die genesing van die siekte kan bydra.

3.2.2 Wat die verhaal sê

Met baie van die feite in Caroline Myss se verhaal stem ek nie heeltemal saam nie. Tog glo ek dat haar stem nodig is, want hierin lê iets van heling, en die sosiale konstruksie daarvan opgesluit. In *Anatomy of the Spirit* integreer sy die Judaïsme, die Christendom, die Hindoeïsme en die Boeddhistiese konsepte van *power* in universeel geestelike waarhede. Die essensie van haar verhaal is dat die Godheid, soos dit in die vier grootste godsdienste beskryf word, binne die mens opgesluit is. Hierdie verhaal vertel ook iets van die essensie van alternatiewe terapie (Myss, 1996:xiii). Een van die belangrike oogmerke van die verhaal, is om veral selfheling by mense aan te wakker, en om in die belewenis

van heling te deel.

3.2.3 Haar eie verhaal

Caroline Myss se betrokkenheid by genesing het in 1982 begin toe sy uit die joernalistiek bedank het, en sy haar meestersgraad in die teologie voltooi het. Sy het by die publikasie van boeke oor alternatiewe genesingsmetodes betrokke geraak. Haar hoofdoel was geensins om enige genesers te ontmoet nie, maar bloot om die boeke te publiseer. Haar lewenswyse was baie ongesond, wat in kontras met haar daaglikse taak was.

Alles het begin toe sy besef het dat sy oor inligting van mense se siektetoestande beskik, hoewel sy nie die mense geken het nie. Iemand kon byvoorbeeld net 'n sieke se naam noem, en Caroline sou in haar gedagtes insig oor die siektetoestand verkry. Hierdie insig het met die werklike siektetoestand ooreengestem. Die nuus het vinnig versprei, en mense het uit die gemeenskap begin skakel om antwoorde op hulle siektetoestande te verkry. Dit het 'n krisis in haar eie lewe veroorsaak, omdat sy met vroeë begin worstel het.

“Will it work this time? What if no impressions show up? What if I’m wrong about something? What if I tell someone they are healthy, only to learn later that she’s had a terminal diagnoses? And above all, what’s a journalist-theological-student-turned-publisher doing in this borderline occupation in the first place?” (Myss, 1996:2)

Dit het baie vroeë en onsekerhede in haar laat ontstaan, maar ten spyte daarvan het sy volgehou om mense se gesondheid te evalueer. Eers het sy net die onmiddellike siekte, en die psigiese uitwerking daarvan op die sieke waargeneem. Sy kon die energie rondom die mense, en hulle geskiedenis, sien. Sy het by verskeie mediese spesialiste betrokke geraak, en as konsultant opgetree.

“I began to realize something I had never been taught in school: that our spirit is very much a part of our daily lives; it embodies our thoughts and emotions; and it records every one of them, from the most mundane to the visionary” (Myss, 1996:3).

Sedert 1983 werk sy vanuit haar intuïsie om mense te help om hul emosionele, psigologiese en geestelike energie te verstaan, en veral wat die oorsaak van siekte is. Volgens Caroline weet die meeste mense wanneer hul lewe nie heeltemal gebalanseerd is nie, of as iets verkeerd is. Hierdie bewustheid van mense het spontaan in haar ontstaan. Sy beleef egter onsekerheid om te weet watter siektes mense het, en wat die oorsaak van die siekte is.

3.2.4 Haar genesingsverhaal

“This introduction to medical intuition is the summation of my fourteen years of research into anatomy and intuition, body and mind, spirit and power.” (Myss, 1996:7). Die taal van energie kom baie sterk in haar verhaal na vore. Die taal van energie gee insig in wat die liggaam sterk maak. Dit gee ook insig in wat die mens swak maak, waar energie verloor word, en hoe die proses van energieverlies gestop kan word. Haar verhaal van genesing hou met die hoofgodsdienste verband. Sy het ontwikkeling beleef, en is in haar lewe met siekte gekonfronteer. Daardeur het haar belangstelling en intuïsie ontwikkel, en haar teorie ontstaan.

Die mens is omring deur 'n energieveld, wat inligting bevat. Dit is hierdie inligting wat Caroline kan lees en interpreteer. Gebeurtenisse wat emosionele energie bevat, word in die energiesisteem geberg. Hierdie emosionele gebeurtenisse sluit verhoudings van die verlede en die hede, traumatiese belewenisse, geloofstelsels en gesindhede in. Die emosies oor hierdie

gebeurtenisse word in ons biologiese sisteem opgeneem, wat beteken dat dit deel van ons liggaam se selsamestelling word, en wat weer energie genereer. Hierdie indrukke op die liggaam vorm 'n taal wat letterlik en simbolies verstaan kan word. Enige persoon kan volgens Caroline, die energie se boodskappe lees, dit moet net verstaan en ingeoefen word.

“As dr. Pert said on Bill Moyers’s Healing and the mind, ‘Clearly, there’s another form of energy that we have not yet understood. For example, there’s a form of energy that appears to leave the body when the body dies...Your mind is in every cell of your body’. Moyers:...Your’e saying that my emotions are stored in my body?’ Pert:’Absolutely. You did’nt realize that?...There are many phenomena that we can’t explain without going into energy” (Myss, 1996:35).

Hierdie energie bevat inligting oor kinderervarings, vooroordele, persoonlike gewoontes, gedragspatrone, morele standpunte, asook musiek- en sangvoorkeure. Die inligting kan ook simbolies wees. Caroline vertel die verhaaltjie van 'n man wat haar kom spreek het, omdat hy met asemhalingsprobleme gesukkel het. Een beeld het heeltyd in haar gedagtes gevorm, naamlik 'n man wat voor 'n vuurpeloton gestaan het, en deur die hart geskiet word. Dit het nie werklik met die man gebeur nie, maar hy het baie mediese toetse ondergaan. Geen dokter of toets kon die oorsaak van sy asemhalingprobleem vasstel nie.

Caroline het die man van haar gedagtebeeld vertel. Hy het daarop reageer deur te vertel hoe sy vrou hom verskeie kere verkul het, en dit vir hom gevoel het of hy deur sy hart geskiet word. Deur hierdie erkenning van sy emosies, kon hy sy huweliks-, sowel as sy gesondheidsprobleem die hoof bied.

Hierdie verhaaltjie maak dit duidelik dat emosionele energie deur 'n komplekse proses op die mens se fisiese toestand geprojekteer word. Elke

orgaan in die menslike liggaam besit die kapasiteit om emosionele en psigologiese energie te absorbeer. Elke orgaan het 'n frekwensie waarvolgens dit vibreer, en sodra die frekwensie verander, dui dit op 'n siektetoestand en die oorsaak daarvan. Een van die onsekerhede wat deur Caroline erken word, is die wyse waarop sy die inligting bekom. Wat wel belangrik is, is dat sy intuïsie as 'n oorlewingsmeganisme, wat in elke mens aanwesig is, erken. Sy werk hoofsaaklik met drie belangrike beginsels:

- 1 *Biography becomes biology.*
- 2 *Personal power is necessary for health.*
- 3 *You alone can help to heal yourself.*

3.2.4.1 *Biography becomes biology*

“According to energy medicine, we are all living history books. Our bodies contain our histories-every chapter, line, and verse of every event and relationship in our lives. As our lives unfold, our biological health becomes a living, breathing biographical statement that conveys our strengths, weaknesses, hopes and fears” (Myss, 1996:40).

Elke gedagte van die mens, gaan ook deur die mens se biologiese sisteem, en aktiveer 'n spesifieke, fisiologiese respons. Sommige gedagtes se uitwerking op die menslike liggaam, is baie intens. Vrees aktiveer byvoorbeeld elke orgaan van die liggaam. Vrees affekteer 'n mens se maag en hart, en sweet kan op die vel uitslaan. Baie gedagtes is betekenisloos, en het nie 'n uitwerking op die menslike sisteem nie. Die gedagtes wat die meeste skade aanrig, is die gedagtes wat op onbewustelike vlak ervaar word, en wat 'n invloed op die mens uitoefen. Alle gedagtes dra energie. Die gedagtes wat emosionele, psigologiese en geestelike energie dra, produseer biologiese response, wat in die mens se sellulêre geheue gestoor word. Op hierdie manier word ons biografie daagliks in ons biologiese sisteem ingeweeft.

Caroline vertel die verhaal van 'n tandarts wat sy moes evalueer, en aan wie sy *biology becomes biography* moes verduidelik. Hy het nie goed gevoel nie, en het gou uitgeput geraak. Daar was 'n akute pyn aan die regterkant van sy maag, en hy was baie depressief.

Wanneer moegheid en uitputting intree, dui dit normaalweg op iets wat met die menslike liggaam verkeerd gegaan het. Dit word gewoonlik nie as 'n siektetoestand beskou nie, omdat dit 'n pynlose toestand is. Wanneer die toestand egter bly voortduur, selfs al kry die pasiënt voldoende slaap, wil die liggaam eintlik die boodskap kommunikeer dat daar 'n fout in die energievlakke van die liggaam ingetree het. Dit kan ook die begin van 'n ander siektetoestand wees.

Kroniese depressie is ook die voorloper van 'n fisieke siektetoestand. Volgens Caroline is depressie die verlies aan energie, sonder dat die persoon daarvan bewus is. Dit is soos wanneer 'n mens se beursie vol geld is, jy dit oopmaak en sê: "Ek gee nie om wat met my geld gebeur, of wie dit bestee nie". As 'n mens nie omgee wat met die geld in die beursie gebeur nie, sal jy vinnig bankrot raak. Net so is dit ook met lewensenergie. Sonder energie kan die mens se gesondheid nie in stand gehou word nie.

Caroline het die tandarts geëvalueer en besef dat hy besig was om pankreaskanker te ontwikkel. Die toetse het dit egter nie aangetoon nie. Die tandarts was nie baie gelukkig in sy professie nie, en wou graag van werk verander, maar het nie die moed gehad nie. Hy was onseker oor hoe hy vir sy afhanklikes sou sorg, en het derhalwe in sy professie aangebly. Die tandarts het sy verantwoordelikheid belangriker as sy eie belang geag. Hy kon nie insien dat hy die lewe ook vir homself aangenaam moes maak nie. Twee weke later is daar weer toetse uitgevoer, en pankreaskanker is gediagnoseer. Vier maande later is hy oorlede.

“It sometimes takes a concerted effort to shift your mind to allow yourself to heal” (Myss, 1996:42).

Terwyl die tandarts nie kon insien dat sy werksituasie sy liggaam beïnvloed het nie, kon Caroline dit raaksien. Om te aanvaar dat jou fisiese geskiedenis, verhoudings of gesindheid jou biologiese samestelling beïnvloed, is deel van die genesingsproses. Siekte ontstaan gewoonlik nie as gevolg van ‘n doelbewuste keuse om siek te word nie, maar as gevolg van ‘n opeenvolging van gebeurtenisse, patrone en gesindhede. ‘n Negatiewe biografie hoef nie noodwendig mense siek te maak nie. Mense raak siek wanneer negatiewe gesindhede dominant word. Die mens se passiwiteit oor ‘n negatiewe biografie, bevorder die ontwikkeling van siekte.

3.2.4.2 *Personal power is necessary for health.*

“Power is at the root of the human experience. Our attitudes and belief patterns, whether positive or negative, are all extensions of how we define, use, or do not use power. Not one of us is free from power issues (Myss, 1996:45).

Dit is belangrik dat individue die waarheid moet raaksien, en moet erken op watter wyse hul by die konstruering van hul eie siekte betrokke is. Die mens se verhoudings met ander mense, is ook baie belangrik. Mag kom in verskeie vorme in ons daaglikse lewe voor, byvoorbeeld in die strewe na geld, ‘n werk, ‘n spel of wedstryd, beheer oor ander mense, ‘n geliefde, ‘n kind, of in watter vorm ookal. Dit verteenwoordig iets in ons lewe wat ons bemagtig, of mag gee. Mense met gevoelens van magteloosheid, sal kompenseer, en iets soek waaroor hulle beheer kan uitoefen. Wanneer iets wat mag verteenwoordig, verloor word, tree siekte gewoonlik in. Ons gesindheid ten opsigte van mag, is die grondslag van ons gesondheid.

Mag beweeg tussen ons eksterne en interne wêrelde, en kommunikeer in 'n taal van mites en simbole. Geld is een van die bekendste magsimbole. As 'n mens geld as 'n magsimbool internaliseer, word dit die beheermeganisme van jou gesondheid. Wanneer jy geld kry, sal die biologiese sisteem boodskappe ontvang dat daar mag in die liggaam teenwoordig is. Hierdie gedagte sal die onbewuste boodskap oordra dat die persoon geld het, en daarom 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit verskaf. Hierdie positiewe boodskap in die biologiese sisteem genereer gesondheid. Natuurlik waarborg geld nie die mens se gesondheid nie, maar armoede bring magteloosheid, wat siekte onvermydelik maak.

'n Man was 'n baie suksesvolle besigheidsman, en sy besigheid was winsgewend, en het gegroei. Die man het die energie van tien mense gehad, en kon tot laat in die aand werk. Hy was elke oggend vroeg wakker, en was in beheer van alles by die werk. In Oktober 1987 het die aandelemark in duie gestort, so ook sy besigheid. Binne maande het sy gesondheid agteruitgegaan. Hy het migraine begin kry, toe laerugpyn, en uiteindelik ernstige probleme in sy buik. Skielik kon hy nie meer laat werk nie, en moes ook sosiale byeenkomste afstel, omdat hy al sy energie gebruik het om sy finansiële koninkryk te red. Die man was onbewus daarvan dat hy sy gesondheid met geldmaak gekalibreer het. Eers toe hy begin siek word, het hy dit besef. Hy het besef dat geld vir hom vryheid en 'n gemaklike lewenswyse beteken het. Toe hy sy geld verloor het, het hy daarmee ook sy mag verloor. Binne weke het sy biologiese sisteem ook in duie gestort.

Natuurlik sal so 'n gebeurtenis baie energie uit 'n mens neem, maar toe die besigheid net begin het, het die man baie energie nodig gehad, om die besigheid op te bou. Die stres om die besigheid op te bou, het energie verskaf, en nie energie weggeneem soos toe die besigheid in duie gestort het nie.

Elke mens het magsimbole wat in ons biologiese sisteem verteenwoordig word. Ons lewe word rondom magsimbole soos geld, beheer, posisie, skoonheid of sekuriteit gekonstrueer. Die mense wat in ons lewe betrokke is, en die keuses wat ons maak, gee uitdrukking aan ons persoonlike mag. Om die simboliese taal van mag te verstaan, sal beteken dat die dinamiek van mag in onself en in ander geëvalueer moet word.

Hoewel iemand verbaal en in die openbaar met iets kan saamstem, maar intern daarvan verskil, sal die energiesisteem van so 'n persoon die waarheid bekend maak. Die biologiese en geestelike sisteem van die mens wil altyd die waarheid bekend maak, daarom moet 'n mens bewus word van die faktore wat mag gee, of dit wegneem. Genesing van enige siekte word deur die identifisering van gegewe magsimbole gefasiliteer, asook deur die simboliese en fisiese verhoudings met die simbole, en die inagneming van die boodskappe wat die biologiese sisteem daarvoor stuur.

3.2.4.3 You alone can heal yourself

“Energy medicine is a holistic philosophy that teaches: I am responsible for the creation of my health. I therefore participated, at some level, in the creation of this illness. I can participate in the healing of this illness by healing myself, which means simultaneously healing my emotional, psychological, physical and spiritual being” (Myss, 1996:47).

Heling en behandeling is nie dieselfde gebeurtenis nie. Behandeling vind plaas wanneer daar sukselsvol beheer oor 'n fisiese afwyking of siekte geneem word, en wanneer die beheer nie aan die siek persoon gegee word nie. Die siekte kan dalk vir 'n sekere tyd beheer word, maar die kans is goed dat dit elders weer sal opduik. Wanneer 'n siek persoon behandel word, is hy of sy passief. Die beheer word aan die een oorgegee wat behandeling voorskryf en

toepas. Heling daarenteen is 'n aktiewe, interne proses wat selfondersoek oor gesindhede, herinneringe en geloofstelsels insluit, en wat 'n mens keer om negatiewe patrone te breek, en wat keer dat 'n mens heeltemal gesond word. Die interne ondersoek gee aanleiding tot die eksterne ondersoek, en poog om die eksterne omgewing te verander. Daarmee kan die individu dan op grond van 'n keuse die eksterne omgewing verander.

Alternatiewe terapie staan in kontras met die mediese model. By die mediese model maak die dokter die diagnose, en skryf die behandeling voor. Die dokter neem beheer oor die behandeling, en die pasiënt is passief. In kontras daarmee moet die pasiënt by 'n holistiese terapie ten volle verantwoordelikheid vir eie genesing, en die sukses daarvan, neem.

Holistiese terapie neem twee standpunte oor heling in, naamlik 'n aktiewe en 'n passiewe beskouing. Die chemiese behandeling van die huidige mediese instansies vereis geen aktiewe deelname van die pasiënt om heling te fasiliteer nie. Die pille of die operasie doen die meeste van die werk. By holistiese terapie moet die persoon ten volle, en aktief deelneem, byvoorbeeld deur 'n aktiwiteit soos visualisering. Passiewe deelname genees nie siekte nie, en hoewel daar 'n mate van genesing kan plaasvind, is hierdie genesing nie ten volle nie.

3.2.5 Wat het ek gehoor?

- Caroline Myss se verhaal bied nie 'n verstaan van wie God is, en wat God doen nie.
- Heling het met die verstaan van energie te make.
- Die biografie van die mens setel in die biologie van die mens.
- Bemagtiging is nodig vir gesondwees.
- Die mens is self verantwoordelik vir sy genesing.
- Siek mense moet beheer oor hulle siektetoestande neem.
- Hierdie verhaal staan teenoor die mediese model.

3.3 Die verhaal van Arthur Janov (1990)

3.3.1 Waarom ek die verhaal insluit

Ek sluit die verhaal in, omdat die gesprek vanuit hoofstuk twee daarop aandring om in gesprek met hierdie bronne te tree. Hierdie verhaal sluit by die vorige verhaal aan, maar daar is aksentverskille. Die storie van JOS (2002) oor spontane heling ondersteun die verhaal van Janov (1990). Dit is egter meer omvattend, en daarom vertel ek die storie van Janov.

3.3.2 Die verhaal

“Some years ago I heard something that was going to change the course of my professional life and the lives of my patients. What I heard was an eerie scream welling up from the depths of a young man lying on the floor during a therapy session. I can liken it only to what one might hear from a person about to be murdered. The scream that I described twenty years ago is the product of some unconscious, universal, intangible wounds that most of us carry around and which never seem to heal... That scream has led me on a search for its sources, and that in turn has brought me into the depths of the unconscious. It has inspired individuals from thirty countries to come to my therapy, and given me a broader perspective on humanity“ (Janov 1990:xvii).

Die terapie van Arthur Janov staan as *Primal Therapy* bekend. Die hoofdoel van die terapie is om mense in staat te stel om hulle slegte gebeurtenisse te herleef, want deur die herbelewenis kom daar genesing. Volgens Janov leef die meeste mense in leuens. Daarmee word bedoel dat die mens nie bewus is van die uitwerking wat negatiewe gebeurtenisse op hul hielik is. Die verhaal handel nie net oor terapie nie, maar oor die toestand van die

mensdom. Dit help elke mens om die normale te ontdek. Wat normaal is, verskil egter van persoon tot persoon.

Die verhaal gaan oor huil, en die rol daarvan tydens terapie, asook die genesing wat dit bewerk. Dit handel ook oor vrees, depressie, hooploosheid, hoop, en die stille kreet wat as siekte bekend staan. Dit wil ook iets van die gebroke mens in al sy fasette vertel. Die meeste menslike siektes en afwykings word in die vroeë lewensjare gevorm. Janov noem dit *Primal Pains*. 'n Gebrek aan liefde is die hooforsaak van mense se siekte. Wanneer 'n kind besef dat hy nie liefde kry nie, word die slegte ervarings geberg of onderdruk. Elke kind het sekere behoeftes, en wanneer hierdie behoeftes oor 'n lang tydperk geïgnoreer word, veroorsaak dit *primal pain*. Dit sluit die onvervulde behoefte aan liefde in. Die enigste uitweg wat die kind het, is om die emosies te onderdruk.

Primal Therapy help mense om na die onsmaklike gebeurtenisse wat siekte veroorsaak, terug te keer, en dit te herbeleef. Die herbelewenis bring genesing. Janov verduidelik ook die onderdrukkingsstelsel van die mens, wat daarvoor verantwoordelik is om alle pyn en seer te onderdruk. Soms kan die liggaam nie meer al die pyn onderdruk nie, en dan skakel dit oor in siekte. Na afloop van *Primal Therapy* kan daar 'n verandering in die breinstruktuur, bloeddruk, harttempo en hormone waargeneem word. Die belangrikste verandering wat waargeneem kan word, is die verandering van die immuunstelsel.

Janov (1990:xxiii) som die vier belangrike beginsels van sy werk soos volg op:

- 1 *Pain is at the core of mental and physical illness – pain that comes from trauma and unmet needs.*
- 2 *There are three distinct levels of consciousness dealing with this pain.*
- 3 *Early traumas leave a permanent imprint on the system.*

- 4 *It is possible to relive these imprinted memories and resolve neurosis and physical disease.*

Janov se verhaal handel oor hierdie vier beginsels en hoe dit verder ontwikkel het. Een van die sleutelbegrippe in sy werk, lê klem op die rol van die onbewuste. *Primal Therapy* werk nie volgens die gewone psigoterapeutiese reëls nie. Die emosies en gevoelens bepaal hoe lank die sessie sal duur. Die mag is nie in die terapeut se hande nie. Die pasiënt weet meer van hom- of haarself as die terapeut. Die terapeut deel ook nie wyse insigte nie, omdat die beheer in die hande en die lewensverhaal van die pasiënt is.

3.3.3 Waarom ons siek word - basiese menslike behoeftes

Die wêreld waarin ons leef, is een waarin elke mens vir homself moet veg. Janov wonder hoeveel ouers weet wat hul kinders se werklike behoeftes is. Elke mens word met 'n magdom behoeftes gebore. Die mens is geprogrammeer om sekere behoeftes te hê.

Die eerste behoefte van elke mens, is oorlewing, met ander woorde, 'n behoefte aan kos, versorging en sekuriteit. Later ontwikkel emosionele behoeftes, byvoorbeeld behoeftes aan aanvaarding en respek. Die rol wat liefde speel, is baie belangrik. Liefde is die bousteen wat hierdie behoeftes vervul. Elke mens het liefde nodig om te ontwikkel. Liefde lê nie net in woorde opgesluit nie, maar in die begrip en vervulling van iemand se behoeftes.

Wanneer die basiese behoeftes van die mens nie vervul word nie, skakel dit oor in emosionele pyn. Ons is gewoond aan fisieke pyn, maar emosionele seer is ook 'n realiteit. Wanneer emosionele behoeftes onvervuld gelaat word, ontstaan daar liggaamlike ongemak, vrees, hoofpyne, maagpyn en angstigheid. Emosionele pyn se oorsprong lê hoofsaaklik in onvervulde behoeftes.

Primal pain is anders as die pyn wat ons beleef as ons byvoorbeeld ons vinger met 'n hamer raakslaan. *Primal pain* is so intens dat die liggaam dit onmiddellik onderdruk. “*The great wonder is how it is that such a gigantic amount of pain can reside compressed in our bodies without our being aware of it*” (Janov, 1990:21). Janov noem dit die *primal pool of pain*. Dit is waar al die verskillende emosies en onderdrukte ervarings geberg word.

Janov meld dat selle geheue het, en ook inligting kan berg. Hierdie poel moet op die een of ander stadium leeggemaak word, anders loop dit oor. Dit is gewoonlik wanneer dit oorloop, dat mense hulp begin soek, of sigarette, drank of selfmoord oorweeg. Die enigste manier om die poel leeg te maak, is om die gebergde gewaarwordinge stukkie vir stukkie te herbeleef. Herbelewing is om die emosie te voel soos dit is. Om net insig in 'n gebeurtenis te kry, bring nie genesing nie.

3.3.4 Onderdrukking

Die meganisme waardeur pyn onderdruk word, noem Janov *gating*. *Gating* is die proses waardeur pyn onderdruk word, sodra dit na die oppervlak wil kom. Dit beteken dat die brein deur 'n elektrochemiese proses die oordrag van inligting by sekere sensuweeselle en hul konneksiepunte inhibeer. Die blokkeringsstelsel werk in die hele brein, maar veral in dié areas waar die pyn reaksies moet organiseer. Die uitdrukking *to lost touch with reality* beskryf *gating* die beste. Gevoelens word inderwaarheid van die denke weggekeer, wat verhoed dat emosies op impulse reageer. Wanneer 'n rugbyspeler 'n besering tydens 'n wedstryd opdoen, kan hy dalk na die wedstryd uitvind dat daar beentjies gebreek is. Hy was nie van die breuk bewus nie, omdat hy op 'n ander vlak van bewustheid gefunksioneer het.

Waarom word die verlede geberg, en waarom wil die onbewuste dit van nature onderdruk? In elke mens se verlede lê die sleutel van die toekoms. Al

die inligting word geberg, omdat dit later weer na die oppervlak sal kom om geïntegreer te word. Traumas wat beleef word, verdwyn nie uit die sisteem nie, maar word geberg, totdat die persoon ouer en sterker is om dit te hanteer. Die gebergde inligting kan 'n eenmalige gebeurtenis, of 'n opeenvolging van verskeie gebeurtenisse wees. Die gebeurtenisse kan 'n klomp klein traumatjies wees, wat later in 'n tema ontwikkel.

3.3.5 Wat het ek gehoor?

- Deur die herbelewing van slegte ervarings, kom daar genesing.
- Pyn wat uit trauma en onvervulde behoeftes voortspruit, veroorsaak fisiese siekte.
- Pyn wat onderdruk word, veroorsaak siekte.
- In die verlede lê die sleutel van die toekoms.
- Heling is 'n realiteit wat as deel van spontane heling ervaar kan word.

3.4 'n Onderhoud met 'n kundige - 'n getuienis oor fisieke en emosionele siektes en genesing

3.4.1 Waarom ek die verhaal insluit

Anderson (2001:324) stel voor dat 'n teoretiese bespreking in gesprek gebring moet word met diegene wat in die bediening staan, om teologie sodoende beter te definieer. As deel van die metode, sluit ek die verhaal van ds. Kobie in. Dit is 'n fiktiewe naam. Hy het 'n rykdom ervaring en kennis van siekte en fisiese genesing binne kulture van Afrika, Hindoe, Moslem en Christendom. Ek dink hierdie stem moet as deel van die verstaan van heling, gehoor word.

3.4.2 Agtergrond

Ds. Kobie is tans 'n *emeritus*-leraar en geniet 'n kwaliteit lewe in 'n pragtige kUSDorp. Ds. Kobie is in 1956 in sy eerste gemeente, in Kaapstad, bevestig. Vanaf 1960 was hy 'n sendeling onder die Moslems en die Hindoes in die Kaapprovinsie. Hy het later 'n beroep na Durban aanvaar. Ook daar was hy onder die Hindoes en Moslems werksaam. Daarna het hy na Hendrina verhuis, waar hy die volgende 4½ jaar in die bediening was. Hy het sy laaste beroep na die Dutch Reformed Indian Church, tans die Reformed Church in Africa, in Kaapstad aanvaar.

Dit was 'n heerlike sonskynoggend in ds. Kobie se studeerkamer, en ons het 'n pragtige uitsig op die see gehad. Ds. Kobie het ingestem dat ons sy getuienis in die navorsing kon gebruik, en ek het belowe om 'n afskif van die onderhoud aan hom te gee, sodat hy kon seker maak dat die inhoud daarvan korrek was.

3.4.3 Groenpunt 1961

Ds. Kobie se storie begin in 1961 in Groenpunt, Kaapstad, toe hy voor ongeveer 30 000 mense vir 'n dame gebid het, en sy wonderbaarlik genees is. Sy was tot haar afsterwe blakend gesond. Hierdie gebeurtenis het ingrypende gevolge vir ds. Kobie se lewe en bediening gehad.

Die byeenkoms was 'n openbare vergadering wat deur die Islamitiese Oosterse Studiegroep gereël is. Die doel daarvan was om 'n debat oor Jesus se kruisiging te voer. Ds. Kobie se opponent was 'n Moslem. Op daardie stadium was ds. Kobie werksaam onder die Moslems en Hindoes in die Kaapprovinsie. Ds. Kobie vertel hoe 'n boekie van dr. Andrew Murray 'n rukkie tevore vir hom die gedagte oor heling/genesing oopgemaak het, en dit bevestig het dat Jesus die geneesheer van krankes is.

'n Verdere invloed was (en is steeds) die teks in Jesaja 53, wat die profetiese woorde van Jesus bevat. In die teks word dit duidelik gestel dat daar genesing deur die wonde van Jesus kom. Hoewel die inhoud van hierdie tekste lank gelede geskryf is, beklemtoon dit wat God gedoen het, en dat genesing beskikbaar is, want God het dit moontlik gemaak. As Jesus dan ons siekte (krankheid) gedra het, hoef ons dit nie weer te dra nie. As ons dit nie vir God gee nie, dra ons dit self, en kan ons nie die genesing van die Here ervaar nie.

3.4.4 Helena

Tydens die debat in Groenpunt het ds. Kobie vir die skare gesê: "Jesus het uit die dood opgestaan, en daarom is Hy hier teenwoordig. Hy het opgestaan, en Hy lewe. Jesus is dus ook hier op Groenpunt teenwoordig". Toe het ds. Kobie 'n ope uitnodiging aan al die Moslems gerig om genesing te ontvang, omdat Jesus ook vir hulle gesterwe het. Net drie blankes het vorentoe gekom, onder wie Helena Witthuhn was. Sy het aan myxoedeem gely, wat deur 'n onderaktiewe skildklier veroorsaak is. Sy het moeilik geloop, en het 'n staalkorset gedra. Ds. Kobie het vir haar gebid, en sy het dadelik getuig dat sy beter gevoel het. Daarna het sy al haar medikasie gestaak, en kon sy weer ten volle in die samelewing funksioneer - sy was heeltemal gesond.

In 'n brief het sy later geskryf: "Ek voel nou soveel jare jonger, en vind weer vreugde in my werk". Uit dankbaarheid teenoor die Here vir haar genesing, het sy haar lewe in diens van die evangelie geplaas, en ten volle by die Moslem- en Hindoe- bediening in die Kaapprovinsie ingeskakel.

Baie mense het haar genesing bevraagteken, onder andere een van haar predikante. Sy het 'n persoonlike 'mediese sertifikaat' aan hom uitgereik, met die volgende bewoording: "Matteus 8:17: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra. Die beskermde Hande van God, is vir ons beskikbaar gestel

deur die deurboorde Hande van ons Verlosser, Jesus Christus. Hande wat oor die hele aarde strek, en wat bied hulle nie alles nie?" In 'n opvolgbrief aan die predikant, het sy geskryf:

"Ek het gehoor dat u nie glo dat ek waarlik gesond is nie. My siekte 'myxoedeem' was so ver gevorderd dat osteoporose ook ingetree het. Ek gaan nie oor die siekte skryf nie, net oor my genesing. Ten spyte daarvan dat ek duisende skildklierpille gedrink het, was daar altyd nuwe komplikasies. Ek was nie een nag sonder hoofpyn nie. Ek het elke aand vier pille gedrink, en in die nag 'n elektriese verwarmmer vir my nek gebruik. Ek moes ook 'n staalplaat vir my rug dra. Sedert 13 Augustus 1961 het ek nie weer die korset gedra nie, ook nie weer pille geneem nie, maar nog nooit weer hoofpyn gehad nie".

Een van haar seuns vertel die volgende storie: "Toe Mammie by die huis kom, het sy haar staalkorset uitgetrek." Haar jongste seun, wat op daardie stadium 'n mediese student was, was baie ontsteld hieroor, en het gesê: "Sy sal sommer dood neerslaan sonder die korset." "Die Here se werk was volmaak," skryf haar seun. "Selfs toe die X-strale later geneem is, het dit volkome genesing bevestig. Haar stem het teruggekeer, en sy kon selfs weer in die kerkkoor sing. Haar vel het ook genees, die koue gevoel het verdwyn, en sy was weer 'n energieke mens!"

3.4.5 Die gawes is teruggetrek!

Die gebeurtenis in Groenpunt was nog vars in almal se geheue, toe die vonke daaroor begin spat het. Ds. Kobie moes die volgende stellings uit die Gereformeerde kerkkringe hoor: "Wonders gebeur nie meer nie, die gawes van die Gees is teruggetrek!". Ds. Kobie kyk egter verder as die stellings, en sê: "Die wetenskap is 'n vloek, wanneer die mens God wetenskaplik probeer verstaan! Hoe kan iets soos die gawes van die Gees in die Skrif staan, en teoloë dan

beweer dat dit teruggetrek is?".

In hierdie tyd is ds. Kobie as ketter gebrandmerk. Hoe kon genesing plaasvind, as die gawes teruggetrek was? Tydens die Kaapse sinode van 1961 het die Moslem- en Hindoe-Sendingkommissie voorgestel dat ds. Kobie uit die amp geskors moes word. Op aanbeveling van 'n ouer leraar, het ds. Kobie 'n gravamen by die sinode ingehandig, waarin hy 'n uitspraak oor Goddelike genesing gevra het.

In 1963 moes ds. Kobie in opdrag van die Skriba van die Sinode, voor 'n raad van professore verskyn. Tydens die sitting is 'n dokument oor geloofsgenesing ter tafel gelê. Weer is die uitspraak gelewer dat die gawes van die Gees teruggetrek is, en ds. Kobie is onder kruisverhoor geneem. Twee keer het ds. Kobie die raad van professore daarop gewys dat hy net gedoen het wat die Skrif sê, en dat die fakulteit waar hy nou onder kruisverhoor is, hom juis geleer het om die Skrif so te verstaan. Hy het die vraag gevra: "Waar staan dit in die Skrif dat die gawes teruggetrek is?" Die vergadering kon nie daarop antwoord nie. Ds. Kobie se grootste verweer was: "Ek het 'n uitspraak oor Goddelike genesing gevra, en een oor geloofsgenesing gekry". Ds. Kobie is uitgevra oor sy begrip van Goddelike genesing, en die verskil tussen Goddelike en geloofsgenesing.

3.4.6 Goddelike genesing en geloofsgenesing

Ds. Kobie verstaan genesing vanuit God se Woord, en beskou genesing nie as iets wat deur die mens se geloof bewerk kan word nie. Ds. Kobie sê die volgende: "Geloof is die hande waarmee jy ontvang wat God gee. Geloof kan nie genesing bring, of bewerk nie, God doen dit." Ds. Kobie vertel dat hy van Genesis tot Openbaring deur die Bybel gelees het, om duidelik te hoor wat God oor genesing gesê het.

"Aan die begin het ek geglo dat ek die gawe van genesing ontvang het, totdat ek eendag vir 'n jong seuntjie moes bid, en hy onder my hande gesterf het, terwyl ek nog besig was om vir hom te bid! Toe het ek besef: Ek het nie die gawe van genesing nie!"

Ds. Kobie beskryf ook sy persoonlike worsteling om werklik te verstaan wat 1 Korintiërs 12 beteken. In die gedeelte staan geskrywe: "Die gawe is 'n werking van God, 'n bediening van Christus, en die Heilige Gees gee die gawe aan wie Hy wil, en wanneer Hy wil." Ds. Kobie sê: "Toe kom ek tot die gevolgtrekking dat die sieke die gawe van genesing nodig het, nie ek nie."

3.4.7 'n Bediening van heling

Ds. Kobie het baie pasiënte van die Groote Schuur- en Karel Bremer-hospitaal gespreek, veral mense met terminale kanker. "Ek het nooit mense genooi, of dienste gehou om mense gesond te maak nie. Die mense wat oor my pad gekom het, is deur die Here oor my pad gestuur!"

3.4.8 Stappe wat in ag geneem moet word by heling

- 1 Daar moet seker gemaak word dat die persoon 'n lewende verhouding met die Here het, en dat die persoon Jesus Christus as persoonlike Verlosser ken.
- 2 Die redes wat moontlik tot die siekte aanleiding kon gee, moet ondersoek word. As daar byvoorbeeld vertroebelde verhoudings is, moet vergifnis gevra en gegee word.
- 3 Die persoon moet weet wat God se Woord oor genesing leer. Indien die persoon nie weet nie, moet hy of sy geleer word wat in die Woord staan.
- 4 Die mens moet leer om **saam** met God te praat. In 1 Johannes 1 vind ds. Kobie 'n verduideliking hiervoor. "Ons moet ophou om met God te

twis (vers 8 en 10)". Met **saampraat** bedoel ds. Kobie dat mense hul sonde moet erken, en moet bely dat hulle gesondig het. Hulle moet aanvaar dat Jesus ons sonde vergeef, en al ons krankhede op Hom neem (Jes. 53:4,5; Matt. 8:17).

- 5 In Markus 16 word die laaste opdragte aan die dissipels gegee, en ds. Kobie beklemtoon die feit dat Christus aan die regterhand van God sit, en dat die Woord bevestig wat deur die profete gepredik is. In Jakobus 5 vind ons die opdrag dat die sieke die ouderlinge moet laat kom, en dat die sieke met olie gesalf en daar gelowig vir hom gebid moet word, en die Here sal gesond maak. Die gedeelte sluit met die belangrike vermaning af: "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar, en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word."

3.4.9 'n Vraag oor hoe ds. Kobie die rol van die kerk vandag sien

"Die kerk skram weg van die tema van genesing, en die rede hiervoor is dat die funksionering van die Heilige Gees nie meer ten volle Sy plek in die kerk vind nie. As die Heilige Gees nie meer die krag van God, wat in ons wat glo, werk nie (Ef 2), en nie deur ons laat werk nie, kan genesing nie plaasvind nie."

3.4.10 Die rol van die kerk in Afrika

"Die kerk kan nie by die verskillende geloofsdinge waarmee die mense van Afrika besig is, inskakel nie. Ons kan nie deel van die toordokters, voorvaderaanbidding, kruiedokters en sangomas word nie. Die kerk moet evangeliseer, en die mens van Afrika help om tussen God en die bose magte te onderskei. Hulle moet die reddende, verlossende en genesende krag van God, deur die werking van die Heilige Gees, ervaar."

3.4.11 Wat het ek gehoor?

- Die persoon was direk na gebed by genesing betrokke.
- Die genesing is deur die kerk bevraagteken.
- God laat steeds wonders plaasvind, maar wonders kan nie wetenskaplik verklaar word nie.
- Die persoon is deur die Sinode getug, en as ketter gebrandmerk, omdat hy vir mense gebid, en hulle gesond geword het.
- Die persoon stel dit dat daar in terme van Goddelike genesing, en nie geloofsgenesing nie, gedink moet word.
- 'n Lewende verhouding met God, en 'n belydenis dat Jesus die Here is, is nodig vir 'n gesprek oor genesing.
- Ondersoek moet na die moontlike oorsake van siekte ingestel word.
- Iemand wat genees wil word, moet weet wat God oor genesing leer, sy sonde bely, en erken dat Jesus vergewe en al ons krankhede op Hom neem.
- Daar moet vir mense gebid word.

3.5 Voedselaanvullers en kruie

3.5.1 Waarom ek die verhale kies

Die tema van spontane heling en voedselaanvullers is in hoofstuk twee, drie en vier aangeraak. Verdere insigte oor spontane heling word in Van der Merwe (1999), Shearer (1991); Holford (1997) en Clasen et al (1997) gevind.

3.5.1.1 Agtergrond

Dr. Arien van der Merwe is 'n algemene praktisyn, stresbeheerkonsultant, skrywer, gesondheidsredakteur, radio- en televisieaanbieder en

seminarspreker.

3.5.1.2 Haar verhaal

Daar is baie kroniese siektes in ons hedendaagse samelewing. Ondanks al die tegnologiese vooruitgang en navorsing, kan daar steeds min aan siektes soos kanker, allergieë, kroniese infeksies, cholesterol, artritis, diabetes en kroniese lugwegprobleme gedoen word. Die mediese wetenskap beperk wel baie ander siektes, red baie lewens en verleng mense se lewens, maar vir kroniese siektes is daar min verligting. “’n Ander, aanvullende (medewerkende) opsie is dringend noodsaaklik, veral in die lig van die stygende mediese koste, die nuwe-effekte van medisyne, weerstandigheid teen antibiotika wat epidemiese afmetings aanneem, en ontnugtering oor die toedrag van sake” (Van der Merwe, 1999:3). Mense met die volgende siektes besoek ‘n mediese praktyk:

- Beperkende infeksies, wat die liggaam self kan genees. Hierdie infeksies sal ‘n natuurlike verloop neem, en in die meeste gevalle sal balans en gesondheid terugkeer.
- Psigosomatiese simptome (liggaam-, verstand- en geestesiektes).
- Kroniese siektes soos artritis diabetes, psoriase, asma, brongitis en hipertensie.
- Akute siektes soos traumas, hartaanvalle, beroerte, kroep of meningitis. In hierdie gevalle red Westerse medisyne en ortodokse mediese praktisyns daagliks baie lewens. ‘n Mens wil beslis nie met kruie behandel word indien jy ‘n ernstige kopbesering opgedoen het nie.

Die eerste drie groepe siektes lei tot 85-95% van alle doktersbesoeke. Al hierdie pasiënte sou deur natuurlike middels, wat herstel in die sisteem bevorder, gehelp kon word. Ons begaan ‘n fout as ons dink dat die meeste mense in die laaste groep val. Die meeste mense kan vanself gesond word, indien die

volgende maatreëls getref word: 'n gesonde dieet, natuurlike hulpmiddels, soos aanvullers en kruie, en die hulp van 'n gesondheidsraadgewer, indien nodig. Navorsing toon toenemend dat lewenstylveranderinge die grootste aanpassing is wat ons moet maak om gesondheidsprobleme die hoof te bied. Die dieet moet baie verskeie voedselsoorte insluit.

Voedselaanvullers is noodsaaklik in ons hedendaagse lewensopset. Die grootste deel van Van der Merwe (1999) se boek fokus op hierdie onderwerp, omdat daar soveel onkunde, verwarring en onsekerheid daarvoor bestaan. Geneeskragtige kruie is plante met genesende krag, wat die mens se gesondheid kan verbeter, en die liggaamsisteem tot doeltreffende funksionering kan teruglei. Stres is die grondliggende oorsaak van die meeste hedendaagse siektes. Gereelde oefening is nodig vir 'n gesonde liggaam en gees.

3.5.1.3 Wat het ek gehoor?

- 1 Die mediese wetenskap speel 'n belangrike rol in die behandeling van lewensbedreigende siektes en toestande.
- 2 Die mediese wetenskap het beperkinge wanneer dit by sekere siektes en toestande kom.
- 3 Daar is 'n behoefte aan 'n medewerkende opsie.
- 4 'n Groot persentasie mense wat dokters besoek, kan die siektes self behandel en genees.
- 5 Die menslike liggaam het die potensiaal om sekere siektetoestande self te genees.
- 6 Moontlike alternatiewe vir mediese behandeling is dieetaanpassing, voedselaanvullers en oefening.

4 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het oor die verstaan van pastoraat as metafoer wat die

totale mens insluit, gehandel. Pastoraat is ook wyer as die huidige teologie gesien, en is veral met alternatiewe verhale vervleg. In hoofstuk vyf word die navorsing opgesom, en daarop gereflekteer. Ek maak van 'n fokusgroep gebruik om met die refleksie op die navorsing te help, waarna ek selfrefleksie sal doen. Die fokusgroep bestaan uit iemand wat geen teologiese of terapeutiese agtergrond het nie, 'n predikant, 'n pastorale berader en 'n spelterapeut.

Hoofstuk 5 – Refleksie op refleksie

1 Die droom is verby.

“Wake up, Alice dear!” said her sister; “Why, what a long sleep you’ve had!” “Oh, I’ve had such a curious dream!” said Alice, and she told her sister, as well as she could remember them, all these strange adventures of hers that you have just been reading about; and when she had finished, her sister kissed her, and said, “It WAS a curious dream, dear, certainly: but now run in to your tea; it’s getting late.” So Alice got up and ran off, thinking while she ran, as well she might, what a wonderful dream it had been...(Carrol, 1991).

Ek hou gewoonlik daarvan om net soos Alice ‘n goeie droom met soveel moontlik detail te vertel, sodra ek wakker word. My eerste vier hoofstukke was soos ‘n goeie droom, en ek wil aandui wat die uitwerking daarvan op my was, en hoe ek dit interpreteer. Geerts (1973:6) maak gebruik van die term *Thick Description* wat *Thinking and Reflecting* insluit om die teorie van kulture te interpreteer. In hierdie hoofstuk wil ek dink, en op die navorsing wat in die voorafgaande hoofstukke afgespeel het, reflekteer. Ek erken saam met Geertz (1973:9) dat hierdie navorsing my konstruksie van ander se konstruksies is.

Om hier aan 'n gevolgtrekking te dink, is nie werklik wat ek in gedagte het nie. Ek sluit eerder by Morris (1998:247) se bevinding aan: "*Postmodern writing has a special difficulty with conclusions.*" Voorts is daar nie werklik met 'n antwoord of oplossing vorendag gekom nie. Die antwoord lê verder as die navorsing - in die verhale en diskoerse wat nie hier ingesluit is nie. My navorsing is tot 'n werklikheid, en beskikbare bronne en stories tydens die navorsing beperk. Die navorsing oor diskoerse van heling is verreweg nie die eindresultaat of die afsluiting van die tema nie, maar eerder 'n oop einde vir verdere navorsing en vrae, soos ek later in die hoofstuk sal aandui. Hierdie hoofstuk vorm die *ending* van die navorsing.

Ek gee eerstens terugvoer oor die fokusgroep se refleksie, waarna ek krities daarop sal reflekteer. Tweedens gee ek 'n kritiese refleksie op die navorsing.

2 Fokusgroep

Die doel van die fokusgroep was om my navorsing te monitor. Ek het die haas gevolg om my deur die veld te lei om aan 'n skaakspel van navorsing deel te neem. Ek kan nie alleen antwoord op hoe ek en die medenavorsers van hoofstuk twee lyk nie. Die fokusgroep dra tot 'n *Thick Description* by, 'n nadenke en reflektering op die voorafgaande.

Die fokusgroep het uit vier persone bestaan wat vrywillig aan die navorsing deelgeneem het. Die fokusgroep is die eerste keer aan die navorsing blootgestel, nadat hoofstuk vier voltooi is. Ek het die eerste vier hoofstukke aan elkeen van die fokusgroep gegee, en hulle gevra om deur dit te lees, sodat ons later daarop kon reflekteer.

Ek het mense uit verskillende dissiplines gevra om deel van die fokusgroep te vorm, naamlik iemand wat tans by 'n maatskappy se debiteure-afdeling werk, 'n spelterapeut, pastorale berader en 'n predikant. Ek was die laaste lid van die fokusgroep. Ek het die debiteurekonsultant ingesluit, omdat sy geen teologiese opleiding, of opleiding in berading gehad het nie, maar wel daarin belangstel het. Haar rol was van kardinale belang om aan te toon of sy die navorsing verstaan, en daarop kan reflekteer, en tweedens uit te wys wat die terapeute miskyk. Sy het weliswaar ook meer as een keer ons fokus en horisonne verbreed.

Ek het die spelterapeut gekies, omdat sy baie ervaring van kindertherapie en ouerbegeleiding het. Ek het geweet dat sy 'n waardevolle inset kon lewer, op

grond van haar sielkunde-opleiding en ondervinding. Sy het ook inderdaad sinvol op die navorsing gereflekteer.

Ek het die pastorale berader gekies, omdat sy tans met 'n honneursgraad in die teologie, sowel as met 'n magistergraad in pastorale gesinsterapie besig is. Sy kon as 'n evalueringsmeganisme dien, om te bepaal of die navorsingsproses volgens plan verloop het. Sy het 'n waardevolle bydrae ten opsigte van die refleksie gelewer.

Laastens het ek 'n predikant met baie ondervinding van die bediening, en wat steeds in die bediening staan, gekies. Hy kon op die teologiese gesprek, en die navorsing in die geheel, reflekteer. Hy het waardevolle insette gelewer.

Enige navorser het blinde kolle. Om die navorsing uit nog 'n paar hoeke te belig, en daarop te reflekteer, het ek elkeen in die fokusgroep gevra om op 'n stel vrae te reflekteer. Hierdie vrae het ek saam met 'n vriend uitgewerk wat reeds 'n Ph.D.-graad in pastorale gesinsterapie het. Nadat ons oor die hoofelemente van die navorsing gesels het, het ons die volgende vrae vir refleksie opgestel:

- 1 Watter uitwerking het dit op jou gehad om deur die navorsing te lees?
- 2 Watter invloed het die navorsing op jou eie verhaal van heling uitgeoefen?
- 3 Watter stories, en of wie se stories, sou jy graag hier wou hoor?
- 4 As jy 'n unieke rigting kon kies waarin hierdie navorsing moes ontwikkel, waarheen sou dit wees?
- 5 Is daar enige vrae wat jy aan die navorser of medenavorsers wil stel?
- 6 Wat is die leemte of die sterk punte van die navorsing?
- 7 Hoe posisioneer jy jouself, en binne watter benadering bevind jy

jou?

8 Watter bydrae lewer die navorsing ten opsigte van 'n eie beroepsposisionering?

9 Watter uitwerking het dit op jou gehad om deel van die fokusgroep te wees?

2.1 Die uitwerking van die navorsing op jou

Dit was 'n koelerige Donderdagaand toe ons oor 'n koppie koffie bymekaar gekom het en eerstens oor die tegniese deel van die navorsing gesels. Die fokusgroep het vroeë gevra oor sekere dele van die navorsing. Praktiese sake soos taalversorging, verwysings en nommering van sekere gedeeltes is bespreek. In sommige gevalle sal ek slegs die hoofelemente uitwys, en verder die verloop van die gesprek beskryf.

Daar was verskillende reaksies. Ek lig die belangrikste daarvan uit:

- “Heling is dieper as wat ek aanvanklik gedink het”.
- “Die dele wat vir my die interessantste was, is juis die dele wat 'n aanknopingspunt in my eie lewe was”.
- “Ek het dit baie positief ervaar om deur die navorsing te lees. Baie van die materiaal wat ek gelees het, is bekend in die opsig dat ek dit so in die bediening leer ken het. Dit was lekker om dit wat bekend is, te erken en as relevant te ervaar”.
- “Dit was baie verrykend om deur die navorsing te lees”.
- “My eie diskoerse van heling is uitgedaag, en ek is gedwing om ander stemme te hoor, byvoorbeeld die homeopaat, na wie ek nooit voorheen sou gaan nie”.
- “Dit was vir my lekker om self insette in die navorsing te lewer”.

2.2 Die invloed van die navorsing op jou verhaal van heling

- “Ek het progressie in my eie manier van dink ervaar. Ek het gewoonlik op my siekte gefokus. Ek het ervaar dat die fokuspunt nie op my siekte moet wees nie, maar eerstens op God”.
- “Ek is die laaste tyd baie siek, en het agtergekom dat ek te veel energie daaraan bestee om ander mense te help gesond word. Ek het myself te veel gedryf. Ek het lanklaas iets vir myself gedoen. Om deel van die navorsing te wees, het my gedwing om stil te raak en te lees”.
- “Ek was onlangs vir die eerste keer in my lewe in die hospitaal. Gewoonlik besoek ek ander mense, maar hierdie keer was dit ek wat as sieke in die bed gelê het. Ek het nie simpatie nie, maar begrip gesoek. Ek het na afloop van die operasie soos ‘n siek dier onder ‘n bos gaan lê, en gedink: 'Hoe moet ek gesond word?' Toe ek deur die navorsing lees, het ek agtergekom dat ek nie goed genoeg na siek mense luister nie. Ek het besef dat my skrifgebruik en gebed nie op standaard is nie, en wil weer ernstig aandag daaraan skenk”.
- “Ek was nog nooit fisies nie, maar wel emosioneel ernstig siek. Dit is belangrik om die betekenis van dit wat met jou gebeur, raak te sien. Die storie van psigose het vir my baie beteken, veral die element van hoop daarin”.
- “Ek het die waarde van gebed onderskat, en gebed het soos ‘n goue draad deur die navorsing geloop”.

Die groep het meer oor gebed begin gesels, en ek lig die belangrikste insigte uit:

- “Tydens gebed verbaliseer mense hul nood”.
- “Gebed is ‘n vorm van terapie”.
- “Wanneer ons bid, glo ons dat God sal help, en dit bring hoop”.

- “Gebed, hoop en heling is onlosmaaklik deel van mekaar”.

2.3 Watter stories, of wie se stories, sou jy graag hier wou hoor?

Aanvanklik het die groep twee behoeftes uitgespreek, naamlik om meer stories oor ander kulture te hoor, en ‘n gesprek te voer met familie van wie ‘n kind dood is. Een lid van die groep het oor die eerlikheid van die stories in hoofstuk twee gewonder, en gevra of dit eerlik opgeteken is, en waarom sekere van die verhale net in teorie is. ‘n Ander lid het geantwoord dat ons nie altyd die ergste van mense hoef te hoor nie, want die Here kan dit hoor. Hoe ver moet ons mense pols vir inligting? Die groep het verder op die konteks waarbinne die navorsing gedoen is, gereflekteer, en aangedui dat die *real life stories* in hoofstuk twee baie lekker gelees het. Dit sê inderdaad iets oor menswees, en veral van watter taal mense gebruik om uitdrukking aan hulle verhale te gee.

2.4 ‘n Unieke rigting waarin die navorsing sou kon ontwikkel

- “Om mense wat in hulpverlenende professies is, se horisonne te verbreed”.
- “Om Christelike ‘Zielzorg’ as metafoer te kies”.
- “Die meeste proefskrifte beland gewoonlik op ‘n biblioteekrak. Dit sal ‘n unieke ontwikkeling wees, indien dié navorsing in ‘n seminaar, kursus of boek verwerk kan word, om gelowiges, en ander in te lig. Mense is oningelig oor heling, en veral oor die teologie en holistiese benadering tot heling”.
- “Daar is nog baie ander stories wat gehoor moet word, daarom sal dit ‘n unieke ontwikkeling wees as hierdie navorsing verdere navorsing stimuleer”.
- “‘n Unieke ontwikkeling sal wees as die navorsing oor heling tot die Afrika-kultuur uitgebrei kan word, en sake soos heling en tradisionele medisyne ondersoek kan word, asook die redes waarom mense binne die Afrika-

kultuur eerder tradisionele genesers as mediese dokters gaan spreek. Dit sal insiggewend wees om gesprekke te voer met mense wat kruiedokters besoek”.

2.5 Vrae aan die navorser en medenavorsers

Die fokusgroep het aan my gevra: “Wat is jou eie verhaal van heling, wat het met jou gebeur terwyl jy navorsing gedoen het?” Wat ek hierop geantwoord het, is in my refleksie op die navorsing vervat. ‘n Opmerking wat vanuit die groep gemaak is, is dat hierdie tema onuitputlik is. ‘n Volgende opmerking deur die groep het gehandel oor mense se eerste persepsie dat genesing geloofsgenesing is. Mense is oor die algemeen nie ingelig oor wat heling werklik beteken nie.

2.6 Leemtes en sterk punte van die navorsing

- “Daar is baie moeilike woorde wat nie altyd met die eerste oogopslag verstaanbaar is nie. Ek moes ‘n paar maal daarvoor lees om binne die konteks van ‘n sin betekenis aan sekere woorde te heg. Die woordeboek het healtyd langs my gelê vir wanneer ek sekere woorde nie verstaan nie” (Dit het later geblyk dat hierdie persoon, wat geen opleiding gehad het nie, sinvoller bydraes gelewer het as waarvan sy bewus was).
- “Die fokusgroep, sowel as al die ander deelnemers aan die navorsing, is ‘n sterk punt.”
- “Die deursigtigheid wat deurgaans gehandhaaf is, is 'n sterkpunt van die navorsing.”
- “Die wye veld wat gedek is, en die diversiteit van mense wat in die navorsing gebruik is, is 'n sterk punt”.

2.7 Eie posisionering binne die navorsing

Elke lid van die fokusgroep het 'n ánder posisie beskryf. Die M.A.-student het vanuit 'n narratiewe benadering gedink, en opgemerk dat baie van die tipe siekte waarmee sy te doen het, afhang. Die groep het hoofsaaklik tussen 'n holisitiese en 'n mediese benadering gekies. Een lid van die groep het gesê dat sy maar kyk wat beskikbaar is, en gewoonlik 'n keuse tussen sielkundige terapie, mediese behandeling of 'n gesprek met die dominee maak, afhangende van wat nodig is.

Die interessante opmerking is gemaak dat siek mense eerstens daaraan dink om 'n mediese dokter te besoek. Die groep het gevoel dat die wyse waarop die meeste mense grootgemaak is, as rede hiervoor aangevoer kan word. Mense soek beslis nie eerste in die Bybel na 'n oplossing vir siekte nie.

2.8 Die bydrae van die navorsing ten opsigte van 'n eie beroepsposisionering

- "Daar is te min Skrifgebruik in my bediening."
- "Dit sal definitief help ten opsigte van menseverhoudinge, veral om mense te ondersteun."
- "Dit het 'n verrykende uitwerking op my en my bediening gehad."
- "Ek kyk nou wyer na siekte en heling, en besef dat heling meer as siekwees is."
- "Die proses van betrokke wees by hierdie tipe navorsing, het my verryk en my visier is wyer as voorheen oor hierdie tema."
- "Die storie oor psigose het my inspireer."

2.9 Die uitwerking van die fokusgroep

Hierdie vraag het as afsluitingsvraag gedien. Die groep het woorde soos

“groei, positief, lekker interaksie, eerlikheid, en die positiewe waarde van deelnemende navorsing” uitgelig.

2.10 'n Refleksie op die refleksie van die fokusgroep

Die fokusgroep het aangedui dat die navorsing die moeite werd was, en dat hier ook temas vir verdere navorsing uitgelig kan word. Die feit dat 'n fokusgroep gebruik is, was vir almal wat betrokke was, 'n verrassing, behalwe vir die persoon wat self met narratiewe navorsing besig was. Dit het sekere lede van die fokusgroep bemagtig, soos byvoorbeeld die persoon wat oor die moeilike woorde en sinne gekla het, en inderwaarheid die sinvolste opmerkings gemaak het.

Deursigtigheid, die wye horison, en die diversiteit van die stemme wat in die navorsing gehoor is, is as sterk punte uitgelig. Die betrokkenheid van die fokusgroep by die navorsing, het hulle verryk, en daar het positiewe stemme vir deelnemende aksienavorsing opgegaan. Deelname aan die navorsing het die fokusgroep genoop om baie wyer as voorheen na heling te kyk.

Dit was opvallend dat die mediese model as die enigste beskikbare model beskryf is, omdat siek mense oor die algemeen eerste aan 'n mediese dokter dink. Die stories in hoofstuk twee is deur almal as "lekker om te lees" en "inspirerend" beskryf.

'n Volgende opmerking was dat mense genesing meestal met geloofsgenesing verwar. Die navorsing het 'n uitwerking gehad op die wyse waarop die groep oor hul eie beroepe en lewensverhale gedink het. Temas wat vir verdere navorsing uitgelig is, hanteer ek later in die hoofstuk.

Die fokusgroep het my uitgevra oor my eie verhaal van heling, asook na die uitwerking wat dié navorsing op my gehad het. Vir 'n bespreking hiervan,

word na my kritiese refleksie verwys wat by punt drie hieronder hanteer word. Ek het die fokusgroep baie positief ervaar. Dit het my op 'n manier tot verdere selfrefleksie gedwing. Dit het my eie horison verbreed, toe ek agterkom dat daar ander perspektiewe is, waarvoor ek groot waardering het. Om navorsing saam met mense te doen, is 'n verrykende ervaring.

3 Refleksie op my eie navorsing en my verhaal van heling

Daar is 'n groot verskil ten opsigte van die wyse waarop ek by die aanvang, gedurende, en aan die einde van my navorsing gedink het. Dit het alles begin toe ek vir die M.Th.-graad ingeskryf het. By die keuring vir die kursus, moes ons 'n mens skep. Die mens moes 'n naam, 'n beroep en 'n persoonlikheid kry. Ek moes op die persoon se sterk punte, swak punte, vrese en lewensuitkyk reflekteer.

Ek die aanbieding hanteer asof dit fiksie was, maar tydens vraagstelling het iets binne-in my op die vrae gereageer. My fiktiewe mens was ekself! Die eerste paradigmaskuif wat ek aan die begin van my M.Th. gemaak het, was om te beseft dat alles wat ek aanpak, meer vertel van wie ek is, as wat die taak impliseer. Aanvanklik het dit ongemak, onsekerheid en twyfel veroorsaak. Mettertyd het ek in metafore soos dekonstruksie, niewetende ingesteldheid ten opsigte van ander se lewensverhale, interpretasie, unieke uitkomst en sosiaal-konstruksionisme begin dink.

Direk na afloop van my M.Th.-graad het ek vir Ph.D. geregistreer. Ek was nie seker waarom ek navorsing wou doen nie. Waar die gedagte aan navorsing oor heling ontstaan het, weet ek nie. Voor my navorsing het ek my in 'n moeras bevind. Ek was soos Alice wat in die *rabbit hole* geval het, en het net dieper en dieper weggesak. Die val was soos 'n ewigheid.

Narratiewe navorsing het my as totale mens en as navorser in 'n

onbekende wêreld gedompel. Ek is voortdurend uitgedaag om na meer as een realiteit te soek en te luister, om dekonstruktief en subjektief te werk, om te wonder, eerder as om met voorveronderstelling te werk, om saam met ander te dink, en om deur ander geëvalueer te word.

Hoe het hierdie proses my ten opsigte van my eie verhaal van heling beïnvloed? Ek het in hoofstuk een aangedui hoe ek deur verskillende siektetoestande gegaan het. Sekere toestande is genees, met ander sal ek lewenslank moet saamleef. Ek het nie van my kroniese allergie en asma genees nie, my oë het ook nie so verbeter dat ek my bril kan wegbêre nie -liggaamlik ek nog dieselfde as toe ek met die navorsing begin het.

Dit is egter ten opsigte van my denke, lewensuitkyk en ingesteldheid waar die verandering plaasgevind het. Daar het verdieping plaasgevind. My verwysingsraamwerk is so gedekonstrueer, dat ek nie meer kan onthou wat my voorveronderstelling was nie. Kontak met die sosiale konstruksies oor die tema het my horison verbreed en iets aan my lewensingesteldheid verander.

Die baie stemme wat daarop dui dat dat heling oor God en Sy natuur handel, het my aangeraak, en laat besef hoe maklik daar 'n wanbegrip oor heling kan ontstaan. Ek het innerlike heling ervaar, toe ek hoop vanuit die stemme ervaar het, en dit het 'n verdieping in my denke veroorsaak. Die verhale van mense baie sieker as ek, het my opnuut laat besef hoeveel voorregte ek het, en hoe dankbaar ek oor my gesondheid moet wees.

Hoe het dit my verder beïnvloed om op dié wyse navorsing te doen? Ek het soos Saul (Kringe in 'n bos, Matthee, 2000) heeltyd in kringe geloop, en ervaar dat ek heeltyd van agter af in myself vasloop. Ek het selfs begin wonder of narratiewe navorsing nie ook soos die olifante met ons sirkels loop, en dan iewers langs die pad wag om ons te konfronteer nie.

Hierdie konfrontasie het my elke keer onverhoeds betrap, omdat ek so van my voorveronderstelling oor navorsing, en wat ek wou doen, gestroop was. Ek het besluit om die spore van narratiewe navorsing noukeurig te begin volg, en ruimte vir ontwikkeling begin gee. Dit was moeilik, maar die moeite werd! Dit was die gelyktydig 'n bittersoet ervaring. Toe begin die aksie aksie word. Heling het in die navorsing begin lewe kry. Ek moes vir ontwikkeling wag, voordat ek verder kon loop.

En nou sit ek hier soos Alice wat klaar gedroom het, maar wat steeds in 'n droom verkeer. Ek is klaar met die navorsing, maar steeds besig met navorsing. Dit is 'n *real life experience*.

4 Navorsingsbevindinge

Dit is hier waar die verskillende stemme en stories nader aan mekaar getrek word om bevindinge te formuleer. Die meeste van die stemme kom nie in die praktyk bymekaar nie. In die navorsing het iets unieks gebeur toe die verskillende diskoerse, stemme en verhale saamgevoeg is. Die stemme wat gehoor is in die navorsing is die gevolg van deelnemende aksie navorsing. Baie stemme is in harmonie oor die tema van heling en ander is in konflik. Sekere temas het soos 'n draad deur die navorsing geloop.

Ek gaan reflekteer op wat ek in die navorsing gehoor het, deur na navorsingsbevindinge te verwys. Belangrike temas, bronne en verhale in die navorsing word belig. Die verhale, bronne, stemme of diskoerse wat nie hier gehoor is nie, en wat uitgelaat is, dien as oop einde vir die navorsing, en nuwe navorsingsterreine.

4.1 Die gesprek oor genesing is oorversadig en soms oorvereenvoudig.

Regdeur die navorsing kom ek onder die indruk dat die gesprek oor

genesing oorversadig is en dat daar te veel stemme is wat gehoor wil word (Pattison, 1989). Die verskillende stemme is in konflik met mekaar. Die veranderende tye, en veral die postmoderne lewensbenadering daag ons uit om op nuwe maniere te dink. Genesing moet heling ervaar. Storie een en drie in hoofstuk twee het aangetoon dat nie alle mense genees word nie. Colson & Percy (1999:20) en Nouwen (1979:5) het nuwe diskoerse aangebied. Die huidige diskoerse oor genesing bied nie bevredigende antwoorde vir die mens in die postmoderne kondisie nie. Die eerste storie in hoofstuk twee sluit hierby aan deur die oorvereenvoudige antwoorde wat normaalweg die norm is, te bevraagteken. Normaalweg word daar te maklik vir siek mense gese: “Bid en jy sal gesond word en as jy nie gesond word nie is daar iets in jou lewe verkeerd”; “jy is siek as gevolg van jou sondes” of: “jou geloof is nie groot genoeg nie”.

4.2 Postmodernisme

'n Postmoderne lewensbenadering het hoofsaaklik twee gevolge. Die eerste is 'n wantroue in wat was, en wat is, en wat die mens aanmoedig om Christelike kernwaardes te bevraagteken en te ondermyn. Die tweede gevolg is die dekonstruksie van magstrukture wat siekte kan veroorsaak en dit bevraagteken. Die postmodernisme bied 'n geleentheid om die Christelike kernwaardes te herformuleer, sodat dit vir die metafoor van die tyd relevant is, sonder om die kern te verloor. In die navorsing is aangetoon dat die mediese model noodsaaklik is, maar ook tekortkominge het (Steenkamp 1991:140). Pattison (1989:142-143) bevraagteken alle diskoerse en ideologieë van siekte en heling en soek na 'n wyer horison. Heling word voorgestel in die plek van genesing. Daar is te veel wantroue in die tekste oor genesing. Heling kan ervaar word tydens siekte (Wildwood, 1997:5).

4.3 Heling as metafoor.

Willis (2000:357) en Wildwood (1997:5) maak 'n onderskeid tussen

genesing en heling. Heling is 'n meer insluitende word as genesing. Mense het te veel voorveronderstellinge as daar in terme van genesing gedink word (Yancy, 1990:16). Heling daag mense uit om nie in terme van kitsoplossings te dink nie, maar 'n proses. Heling kan ervaar word tydens 'n siekte toestand of krisis. As daar in terme van heling gedink word, word gebrokenheid van die mens die vertrekpunt.

4.4 Van vyandskap na omhelsing

4.4.1 Die omhelsing van alternatiewe

Daar bestaan alternatiewe metodes wat 'n positiewe bydrae tot die totale versorging van die mens kan lewer. Roussouw (1983:16) beskryf Heitink se seining van bipolariteit wat met wisselwerking tussen verskillende pole te make het. Die huidige modelle staan in spanningsvolle relasie tot alternatiewe modelle en die een kan nie werklik sonder die ander bestaan nie. Heitink (1977:15) het reeds aangetoon dat pastoraat met ander vorme van hulpverlening belange het, maar dat die ander vorme 'n eie karakter besit. Verdere navorsing is nodig om aan te dui hoe, waar, wanneer en deur wie die omhelsing kan plaasvind. Die wedersydse omhelsing tussen 'n Homeopaat, die metafoor van sielsorg, alternatiewe soos in hoofstuk drie en die mediese model kan as voorbeeld dien. Storie drie in hoofstuk twee het aangedui dat mense spontaan na alternatiewe soek indien tradisionele metodes nie antwoorde bied nie. Storie sewe in dieselfde hoofstuk sluit hierby aan en dui verder aan dat mense oor die algemeen meer bewus raak van alternatiewe benaderinge. Wanneer die stemme van die Homeopaat, Bays (1999), Janov (1996), Ds. "Kobie" en van Der Merwe (1997) in hoofstuk vier die verhale in hoofstuk twee en die teologiese beskrywing in hoofstuk drie omhels, vorm dit 'n holistiese stem wat die mens as geheel sien en versorg. Dit sluit die moontlikheid in dat die liggaam spontaan kan genees (JOS, 2002; Myss, 1999; Wilkinson, 1998; Storie 8 – Hoofstuk 2, Storie van Homeopaat).

4.4.2 Omhelsing van siekte

Siekte is nie 'n vyand nie, maar 'n vriend wat onverwags in ons lewens opdaag. Die storie van die dame met kuns en die storie van die dagga tannie nooi siek mense uit om siekte te omhels. Ganzevoort (1996:27) sluit hierby aan en noem dit innerlike verandering. Innerlike verandering is die laaste uitweg wanneer 'n situasie nie verander kan word nie.

Storie vyf in hoofstuk twee handel oor psigose. Dié persoon is een van die voorbeelde waar siekte omhels is. Deur die omhelsing kom daar heling. Sy noem dit die 'onderdrukte kern' van haar bestaan wat deurleef moes word en is opgewonde oor die liggaam se uiters dinamiese vermoë om te genees. Deur omhelsing van die siekte het sy dit reggekry om heling te ervaar te midde van 'n skynbaar ongeneeslike siekte. Haar uitkyk het ook verander van: "skynbaar ongeneeslik" na "bipolêre gemoedsversteuring as 'n unieke lewensproses". Storie ses brei uit oor die effek van 'omhelsing' deur te verwys na verdieping in die geestelike lewe asook die ervaring van God se teenwoordigheid. In storie tien word gevind dat die persoon siekte omhels en ervaar dat daar 'n doel met haar lewe is. Myss (1999) het siekte omhels en geglo dat die siekte iets vir haar wou sê. Sy het nie die siekte geveg nie, maar geluister na die boodskap wat die siekte wou oordra. Steenkamp (1991:139) ondersteun die gedagte dat siekte eerder, omhels en verstaan moet word as beveg en vermy.

4.5 Die mediese benadering en natuurlike hulpmiddels

Storie een lig die belangrikheid van die mediese model se funksie uit, in terme van 'n kraakbeen operasie en die tandarts. Van der Merwe (1999:3) het aangetoon dat die mediese model veral belangrik is wanneer trauma beleef word en ernstige siektes behandel moet word. Storie twee, drie, vyf en elf sluit hierby aan deur die belang van die mediese model in ernstige gevalle te beklemtoon.

Van der Merwe (1999:3) beweer ook dat 85% - 95% van doktersbesoeke – wat beperkende infeksies, psigosomatiese simptome en kroniese siektes soos artritis diabetes, psoriase, asma, brongitis en hipertensie insluit - met natuurlike hulpmiddels behandel kan word. Die meeste mense kan vanself gesond word, indien 'n gesonde dieet, natuurlike hulpmiddels, soos aanvullers en kruie, en die hulp van 'n gesondheidsraadgewer, geraadpleeg word. Navorsing toon toenemend dat lewenstylveranderinge die grootste aanpassing is wat ons moet maak om gesondheidsprobleme die hoof te bied.

4.6 Marginalisering van die Skrif

Die Bybel is een van die gemarginaliseerde stemme in die gesprek oor heling (Wilkinson 1998). Dit is die belangrikste stem, en tog word die kernwaarheid daarvan nie beseef in gesprekke oor genesing nie.

Nog 'n faset van marginalisering is swak hantering en interpretasie. Heling as plaasvervanger vir genesing, nooi al die fasette van die Skrif in, en fokus nie net op geselekteerde dele nie. Heling nooi pastorale versorgers uit om 'n herontdekking van die ryk metafore in die Skrif te maak.

4.7 Onderskatte skatte

Die navorsing toon dat daar baie onderskatte skatte is, byvoorbeeld God en die natuur, Goddelike heling, gebed, hoop, vergifnis, genade, versorging. Al hierdie skatte moet herontdek word wanneer die Storie van alle stories weer gelees word, en as Christelike tradisie (geloofsgemeenskap) geag word, wat in die liturgie, die nakoming van morele gedragskodes en die versorging van die individu tot uiting kom. Die meeste verhale in hoofstuk twee bevestig dat die betrokkenheid van God in hul lewe die deurslag gegee het tydens siekte, of genesing plaasgevind het of nie. Dueck (1987) en Pattison (1989) het

aangetoon dat daar nie gesoek moet word na modelle van genesing nie, maar 'n goeie verstaan van God se natuur. Storie agt sluit hierby aan deur die klem te lê op die belang van byvoorbeeld: vergifnis. Murray (1955) het dit ondersteun deur te verwys na Jesus, die draer van ons sondes, Vergewer van sonde, Verlosser uit die mag van satan en Geneser van siektes. As uitvloeisel van die aanvaarding van Jesus Christus as Verlosser kan ons heling sien as: "...the enabling of a man to function as a whole in accordance with God's will for him" (Wilkinson, 1998:2). Heling sou dus kon beteken om in 'n lewende verhouding met die Heiland te leef (Heyns 1986).

4.8 Unieke verhale

Die manier waarop mense na siekte kyk bepaal in 'n groot mate hoe die siekte ervaar word en watter betekenis daaraan geheg word (Storie 8 – Hoofstuk twee; Yancy, 1990:19). In storie een word 'n unieke verhaal vertel in die opsig dat die persoon ten spyte van terugslae tog heling ervaar het. Storie drie vertel die verhaal van die dame wat 'n mastektomie en chemoterapie vir borskanker ondergaan het. Dié dame was meer bekommerd oor haar kinders se reaksie op dié nuus, en het na afloop van die mastektomie – terwyl sy chemoterapie gekry het – normaal met haar lewe aangegaan. Die dame met kuns is 'n unieke storie wat siek mense uitdaag om op 'n alternatiewe manier na die siekte te kyk. Die verhaal van die dagga tannie is ook 'n voorbeeld van 'n unieke lewensuitkyk. Storie tien van Anna wat tot bekering kom vertel van 'n unieke uitkoms terwyl die siekte toestand onveranderd is. Anna se bekering is haar unieke uitkoms in haar lewe, God gee hoop en lewe vir haar. In: *Dis ek Anna* vertel Lötter (2004) 'n volgende unieke verhaal van heling. Hierdie verhaal toon aan dat gemolesteerdes heling kan ervaar en dat God unieke verhale skep. Die Unieke Verhaal is dat God mense vergewe en dat God in alle siekte en gesonde toestande by die mens teenwoordig is.

4.8 Die Utopia-leuen

Dit wil voorkom of die mens in die waan verkeer dat almal gesond moet wees. Die Bybel skets nie 'n Utopia nie. Die eerste en vierde verhaal in hoofstuk twee het aangetoon dat genesingsdienste meer skade doen as goed. Dit is aangetoon dat skuldgevoelens, opswepery en valse verwagtinge kenmerke van sulke dienste is.

Theron (1969:446), Storie vier (Hoofstuk twee) en Vos (1986:97) het aangedui dat nie almal gesond gemaak sal word nie en dat Jesus nie van plek na plek gegaan het om genesingsdienste te hou nie, maar om die Koninkryk van God uit te brei. Marais (1997:26-28) het hierby aangesluit en aangedui dat die werking van die Gees verkeerd verstaan word en dat hier van manipulasie sprake is. Die gebrokenheid van die mens loop soos 'n goue draad deur die navorsing. Die gebroke mens is 'n veiliger vertrekpunt as Utopia.

5 Die oop einde

Hierdie navorsing het baie leemtes en tekortkominge. Ek stel voorts wat die fokusgroep as unieke uitkomst, of verdere navorsingsmoontlikhede gesien het:

- Om Christelike *Zielzorg* as metafoor te kies.
- Om mense in hulpverlenende professies se horisonne te verbreed.
- Om die navorsing as inligtingsbron beskikbaar te stel, en verdere navorsing te stimuleer.
- Om navorsing te doen oor die verstaan van heling binne die Oosterse gelowe.
- Om navorsing te doen oor die omhelsing van alternatiewe

modelle deur die pastor.

- Om navorsing oor heling binne 'n Afrika-konteks te onderneem, en sake soos die volgende te belig:
 - Die rol van tradisionele medisyne by heling
 - Waarom mense kruiedokters bo medici verkies
 - Mense se ervarings van kruiedokters en die vraag of hulle werklik gesond word.

6 Afsluiting

Aan die einde van die navorsing besef ek weer dat hierdie navorsing tekortkominge het. Dit was vir my 'n ontdekkingsreis wat my blootgestel het aan nuwe insig en ontdekking. Siekte is deel van ons menslike bestaan en daar is baie maniere hoe daar na siekte gekyk kan word. Baie van die maniere veroorsaak verdere siekte en ander bring heling. Dit was 'n unieke ontdekking om te verstaan dat heling ervaar kan word terwyl siekte teenwoordig is. In hoofstuk een is die volgende doelstellings gemaak:

- Om op die verskillende stemme van heling te fokus, en daarmee saam die tema van heling in ons tyd te verstaan.
- Om na alternatiewe verhale op die norm te soek, of alternatiewe binne die norm te hoor.
- Om die stories met die geskrewe bronne in gesprek te bring.
- Om oor mense se verstaan van God en heling te wonder.
- Om na mense se ervaring van heling te luister.
- Om my binne die narratiewe navorsingsmodel te posisioneer.

Ek sluit die navorsing met die gevolgtrekking af dat ek my doestellings bereik en verantwoord het.

Bronnelys

Allen, E.A; Luscombe, K. L; Meyers, B.L & Ram, E.R. 1991. *Health, Healing and Transformation. Biblical Reflections on the Church in Ministries of Healing and Wholeness.* USA: MARC and World Vision International.

Anderson, R.S. 2001. *The Shape of Practical Theology. Empowering Ministry with Theological Praxis.* Illinois: Intervarsity Press.

Aucamp, H. 1991. *Vuurslag. Kort-kort-verhale gekies en ingelei deur Hennie Aucamp.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.

Baart, A. 2004. *What makes Care good Care? Sociale interventie.* Jaargang 13, vol. 3, pp.14- 26.

Bavinck, H. 1976. *Gereformeerde dogmatiek.* Kampen: J.H. Kok.

Bays, B. 1999. *The Journey™.* London: Thorsons.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 1996. 3rd ed. *Family Therapy - a Systematic Integration.* Boston: Allyn & Bacon.

Blyler, N.R. 1996. *Narrative and Research in Professional Communication.* *Journal of Business and Technical communication.* July 1996. Vol. 10 (3), pp. 330-352.

Bolkestein, M.H; Roscam Abbing, P.J; Firet, J. 1968. *Pastorale zorg aan psychish gestoorden.* Nederland: Boekencentrum N.V –'S-Gravenhage..

Brown, C. 1975. *The New International Dictionary of New Testament Theology.* Vol. 1. UK: The Paternoster Press.

Brown, C. 1976. *The New International Dictionary of New Testament Theology*. Vol. 2. UK: The Paternoster Press.

Brown, C. 1978. *The New International Dictionary of New Testament Theology*. Vol. 3. UK: The Paternoster Press.

Brown, R.H. 1987. *Society as Text. Essays on Rhetoric, Reason and Reality*. Chicago/London: The University of Chicago Press.

Browning, D.S. 1991. *A Fundamental Practical Theology. Descriptive and Strategic Proposals*. USA: Augsburg Fortress.

Brueggemann, W. 1986. *Hopeful Imagination. Prophetic Voices in Exile*. Philadelphia: Fortress Press.

Brueggemann, W. 1999. The Hope of Heaven...on Earth. *Biblical Theology Bulletin*. Vol. 29, pp. 99-111.

Burger, M. 1992. *Verwysingstegnieke*. Pretoria: Unisa.

Burns, G. W. 2001. *101 Healing Stories. Using Metaphors in Therapy*. USA: John Wiley & Sons.

Capps, D. 1997. The letting loose of Hope: Where Psychology of Religion and Pastoral Care converge. *The Journal of Pastoral Care*. Vol. 51 (2), pp. 139-149.

Caputo, J.D. 1997. *Deconstruction in a Nutshell. A Conversation with Jacques Derrida*. New York: Fordham University Press.

Carrol, J.T. 1995. *Sickness and Healing in the New Testament Gospels*.

Interpretation. Vol. XLIX (2).

Carrol, L. 1991. *Alice's Adventures in Wonderland*.

(<http://www.cs.indiana.edu/metastuff/wonder/ch1.html>): 1 April 2005:15:26.

Carson, V; Soeken, K; Grimm, P.M. 1988. Hope and its Relationship to Spiritual Wellbeing. *Biola University*. Vol. 16 (2), pp. 159-167.

Clasen, L; Kramer, P; McWhirter, A. 1997. *Foods that harm, Foods that heal. A South African Guide to Safe and Healthy Eating*. South Africa: The Readers Digest Association.

Clinebell, H. 1984. *Basic Types of Pastoral Care and Counseling. Resources for the Ministry of Healing and Growth*. London: SCM Press.

Coelho, P. 2000. *The Devil and Miss Prym*. Great Britain: Omnia Books Ltd.

Colson, C & Percy, N. 1999. *How now shall we live?* USA: Tynedale House Publishers.

Cooper, D. 1996. *Little light on angels*. U.S.A: Findhorn Press.

Craffert, P. F. 1999. *Illness, Health and Healing in the New Testament World. Perspectives on Health Care*. Pretoria: Biblia Publishers.

Craffert, P. F. 2002. *Wat sê die Bybel regtig oor...Geloofsgenesing?* Pretoria: C.B. Powell Bible Centre, Unisa.

Demartini, J.F. 1998. *Laat dit gebeur. Die helende krag van liefde en dankbaarheid*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

- De Klerk, W. 1998. *Die vreemde God en Sy mense*.
Kaapstad/Pretoria/Johannesburg: Human & Rousseau.
- De Villiers, P.G.R. et al. 1986. *Healing in the Name of God*. Pretoria: C.B. Powell Bible Centre, Unisa.
- Dreyer, J.S. 1998. The Researcher and the Researched: Methodological Challenges for Practical Theology. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. pp.14-25.
- Dueck, A.1987. Ethical Contexts of Healing: Peoplehood and Righteousness. *Pastoral Psychology*. Vol. 35(4), pp. 239-253.
- Eddy, M.B. 1994. *Science and Healing. With Key to the Scriptures*. USA: The Christian Science Board of Directors.
- Etchison, K.M. 2000. Review of Narrative Therapy: Research and Utility. *Family journal*. Vol. 8 (1), pp. 61-67.
- Foucault, M. 1972. *The Archaeology of Knowledge*. Bristol: J.W. Arrowsmith Ltd. Tavistock Publications Limited.
- Fox, N.J. 1999. *Beyond Health. Postmodernism and Embodiment*. London: Free Association Books.
- Freedman, J; Combs, G. 1996. *Narrative Therapy. The social Construction of preferred Realities*. New York/London: W.W. Norton & Company.
- Ganzevoort, R. 1996. *Omgaan met verlies*. Kampen: Kok Voorhoeve.
- Geel, R. 1995. *Volmaakte schrijvers schrijven niet. Over het scheppingsproces*

van literaire en andere teksten. Amsterdam: Amsterdam University Press.

Geerts, C. 1973. *The Interpretation of Cultures.* New York: *Basic Books Inc.* pp. 3-30.

Gerkin, C.V. 1997. *An Introduction to Pastoral Care.* Nashville: Abingdon Press.

Giles, E.J. 1997. The Story of the Self: The Self of the Story. *Journal of pastoral counseling.* Vol. 32, pp. 25-34.

Golden, A. 1997. *Memoirs of a Geisha.* Great Britain: Chatto & Windus.

Grenz, S.J. 2000. Eschatological Theology: Contours of a Postmodern Theology of Hope. *Review and Expositor.* Vol. 97, pp. 339-354.

Grenz, S. J. 2000. The Hopeful Pessimist: Christian Pastoral Theology in a Pessimistic Context. *The Journal of Pastoral Care.* Vol. 54, pp. 297-311.

Hartmann, W.D. 1997. *Helping the Church to become a Place of Healing for the Wounded: IGNIS Service for local Churches in Gemany.* Academy for Christian Psychology. Germany: Kitzingen.

Hay, L.L. 1991. *The Power is within you.* USA: Hay House Inc.

Heitink, G. 1977. *Pastoraat als hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.* Kampen: J.H. Kok.

Heitink, G. 1998. *Pastorale Zorg.* Kampen: Uitgeverij Kok.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology. History, Theory, Action Domains.* UK: W.M. B. Eerdmans Co.

Heitink, G & Veenhof, J. 1990. *Heil, heling, gezondheid*. Den Haag: Meinema, 's-Gravenhage.

Hesselink, I.J. 1997. *Calvin's First Catechism. A Commentary*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Hewson, D. 1991. From Laboratory to Therapy Room: Prediction for Reconstructing the 'New-Old' Story. *Dulwich Centre Newsletter*. No. 3, pp. 5-20.

Heyns, J. 1981. *Die mens. Bybels en buite-Bybelse mensbeskouinge*. Bloemfontein: Sacum Beperk.

Heyns, J. 1982. *Teologiese etiek*. Transvaal: N.G. Kerk Boekhandel.

Heyns, J.A. 1986. *Teologiese etiek*. Pretoria: N.G. Kerk Boekhandel.

Holford, P. 1997. *The optimum nutrition bible*. London: Piatkus.

Hunter, C. & Hunter, F. 2001. *Handbook for Healing*. USA: Whitaker House.

Janov, A. 1990. *The new primal scream*. England: Clays Ltd.

Janse van Rensburg, J. 2000. The Subject of Pastoral Care: an Epistemological Discourse. *Acta Theologica*. Supplementum 1, pp.1-25

JOS. 2002. SHIP™. *The age old art of facilitating healing*. Pretoria: JOS.

Keet, B.B. 1945. *Ons redelike godsdiens*. Stellenbosch: CSV Boekhandel.

Kleinmann, A. 1988. *The Illnes Narratives. Suffering, Healing and The Human*

Condition. USA: Basic Books Inc.

Klemm, D.E. 1983. *The Hermeneutical Theory of Paul Ricoeur. A Constructive Analysis*. London/Toronto: Associated University Press.

König, A. & Keane, M.H. 1980. *Sistematiese teologie*. Pretoria: Universiteit van Suid Afrika.

König, A. 1986. *Healing as an integral Part of Salvation. Healing in the Name of God*. Pretoria, Unisa: pp. 79-96.

Küng, H. 1993. *Credo. The Apostles' Creed explained today*. London: SCM Press Ltd.

Lederle, H.I.; Theron, J. 1985. *Dit is Ek, die Here wat julle gesond maak*. Pretoria: Christelike Lektuursentrum.

Lederle, H.I. 1986. *Healing as an Integral Part of Salvation. Healing in the Name of God*. Pretoria, Unisa: pp. 120-141.

Ledwell-Brown, J; Dias, P.X. 1994. Corporate Culture – Evaluation; Interviewing in Sociolinguistics; Storytelling. *Journal of Business and Technical Communication*. Vol. 8 (2), pp. 165-186.

Libermann, J. 1995. *Take of your Glasses and see*. New York: Three Rivers Press.

Lötter, E. 2004. *Dis ek Anna*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Louw, D.J. 1997. *Illness as crisis and challenge. Guidelines for pastoral care*. Orion Publishers, Halfway House: Doornfontein.

Lowe, R. 1991. Postmodern Themes and Therapeutic Practices. Notes towards the Definition of "Family Therapy" (Part 2). *Dulwich Centre Newsletter*. No. 3, pp. 41-52.

Lynch, G. 1997. The Role of Community and Narrative in the work of the Therapist: A Post-modern Theory of the Therapist's Engagement in the Therapeutic Process. *Counseling Psychology Quarterly*. Vol. 10 (4), pp. 353-364.

Mathee, D. 1984. *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Marais, W. 1997. *Gebed en genesing*. Weskaap: Nasionale Boekdrukkery.

Martin, B. 1955. *De dienst der genezing in de kerk*. Amsterdam: W.Ten Have N.V.

Mcclintock, D; Ison, R. & Armson, R. 2003. Metaphors for Reflecting on Research Practice: Researching with People. *Journal of Environmental Planning and Management*. September 2003. 46 (5), pp. 715-731 .

Mcgarry, F.J. 1996. Balance, Wholeness and Healing in Christianity. *Journal of Religion and Health*. Vol. 35 (2), pp.159-168.

Meade, E. H. 1995. *Tell it by Heart. Women and the Healing Power of Story*. USA: Open Court Publishing Company.

Meyer, M. 1983. *Meaning and Reading. A Philosophical Essay on Language and Literature*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

Morris, D.B. 1998. *Illness and Culture in the Postmodern Age*. London: University

of California Press.

Müller, J.J. 1963. *Geloofsgenesing*. Parow: N.G. Kerk Uitgewers.

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom. Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir geesteswetenskaplike navorsing.

Müller, J. 2000. *Reisgeselskap. Die kuns van narratiewe pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi.

Müller, J., Van Deventer, W. & Human. 2001. Fiction Writing as Metaphor for Research: A Narrative Approach. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*. Vol. 16 (2), pp. 64-71.

Müller, J. 2004. HIV/AIDS, Narrative Practical Theology and Postfoundationalism: The Emergence of a new Story. *HTS 60* (1 & 2), pp. 293-306.

Müller, J. & Schoeman, K. 2004. Narrative Research: A Respectful and Fragile Intervention. *Sociale interventie*. Jaargang 13, Vol. 3, pp. 7-13.

Müller, J. 2005. 'n Postmoderne geloof. (http://www.julianmuller.co.za/new_page3.htm): 31 Maart 2005: 22:30.

Müller, J. 2005. As ek nog net ses mangoes het (<http://www.julianmuller.co.za/mangoes.htm>): 2 April 2005:15:51.

Murray, A. 1955. *Jesus die geneesheer van die krankes*. Stellenbosch: CSV van Suid-Afrika.

Myss, C. 1996. *Anatomy of the Spirit. The seven Stages of Power and Healing*.

Great Britain: Bantam.

Naudé, P. 1998. *Stories vir die lewe. Ware verhale, tydlose stories en hande vol aanhalings, 'n boek wat jou gees sal verruim en jou lewe kan verander.* Kaapstad: Lux Verbi.

Nouwen, H.J.M. 1979. *The Wounded Healer.* Great Britain: Redwood Books.

Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Odendal, F.F. (red). 1984. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* Johannesburg: Perskor.

Oscar, F.G & Paulo, P.P.M. 1999. Cognitive Narrative Psychotherapy: Research Foundations. *John Wiley and Sons Inc. J. Clinical Psychology* 55. pp.1179-1191.

Parker, P.P. 1997. Suffering, Prayer and Miracles. *Journal of Religion and Health.* Vol. 36 (3), pp. 205-219.

Parsons, S. 1986. *The Challenge of Christian Healing.* Great Britain: WBC Print Ltd.

Pattison, S. 1989. *Alive and kicking. Towards a Practical Theology of Illness and Healing.* London: SCM Press.

Polkinghorne, D.E. 1983. *Methodology for the Human Sciences. Systems of Enquiry.* USA. Albany: State University of New York Press.

Polkinghorne, D.E. 1988. *Narrative Knowing and the Human Sciences.* USA.

Albany: State University of New York Press.

Phillips, D.C. 1994. Telling it straight: Issues in Assessing Narrative Research. *Educational Psychologist*. Vol. 29 (1), pp.13-21.

Ram, E. 1995. *Transforming Health. Christian Approaches to Healing and Wholeness*. USA: MARC Publications.

Rawson, P. 1994. Finding a Healing Place. *Herizons*. Summer 1994, Vol. 8 (2), p. 48.

Rich, W. 2001. Grace and Imagination: From Fear to Freedom. *Journal of Religion and Health*. Vol. 40 (1), pp. 213-227.

Richardson, R.L. 2000. Where there is Hope, there is Life: Toward a Biology of Hope. *The Journal of Pastoral Care*. Vol. 54 (1), pp. 75-83.

Roussouw, P.J. 1983. *Grondlyne van 'n pastorale model*. Pretoria: Gerben Heitink. N.G. Kerk Boekhandel.

Rubin, H.J. & Rubin, I.S. 1995. *Qualitative Interviewing. The Art of hearing Data*. USA: Sage Publications, Inc.

Saussy, C. 1998. What Stories need to be told and who is going to tell them? *The Journal of Pastoral Care*. Vol. 52 (4), pp. 397-398.

Scott Peck, M. 1983. *People of the Lie. The Hope for healing Human Evil*. UK: Rider.

Shearer, M. 1991. *The Natural Way. A Family's Guide to vibrant Health*. Johannesburg: Ibis Books.

Sherwood, K. 2000. *The Art of spiritual Healing*. USA: Llewellyn Publications.

Semmler, P.L. & Williams, C.B. 2000. Narrative Therapy: A storied Context for Multicultural Counseling. *Journal of Multicultural Counseling and Development*. Vol. 28 (1), pp. 51-61.

Smythe, W.E. & Murray, M.J. 2000. Owing the Story: Ethical Considerations in Narrative Research. *Ethics and behavior*. Vol. 10 (4).

Steenkamp. J.O. 1991. Spontane heling intrasistemiese psigoterapie (SHIP) vir psigosomatiese simptome. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Steffe, L.P. & Gale, J. 1995. *Constructivism in Education*. Hillside, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers.

Stone, H. W. 1998. Summoning Hope in those who are depressed. *Pastoral Pshychology*. Vol. 46 (6), pp. 431-445.

Stone, H.W. & Lester, A. 2001. Hope and Possibility: Envisioning the Future in Pastoral Conversation. *The Journal of Pastoral Care*. Vol. 55 (3), pp. 259-269.

Theron, J.P. 1969. Gebed en genesing in die pastorale sorg. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Thomas, P. 2000. *Alternative therapies for pregnancy and birth*. U.S.A: Element.

Terre Blanche, M. & Kruger, J. 1999. *Sielkunde navorsingsmetodologie*.

Pretoria: Unisa.

Ulanov, B. 1998. Quick fix or slow hope? *Journal of Religion and Health*. Vol. 37 (1), pp. 3-4.

Vanhoozer, K.J. 2003. *The Cambridge Companion to Postmodern Theology*. Cambridge: Cambridge University.

Van der Merwe, A. 1997. *To Health. About Micronutrients, Supplements, Health and Ageing*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Van der Merwe, A. 1999. Geluk en gesondheid. Gebalanseerde genesing vir liggaam, siel, emosies en verstand. Tafelberg uitgewers: Kaapstad.

VanKatwyk, P. L. 1997. Healing through Differentiation: A Pastoral Care and Counseling Perspective. *The Journal of Pastoral Care*. Vol. 51 (3).

Viau, M. 1999. *Practical Theology. A New Approach*. Brill: Leiden-Boston-Köln.

Vos, C.J.A. 1986. *Faith-healing from a Pneumatic Perspective. Healing in the Name of God*. Pretoria: Unisa. pp. 97-119.

Vos, C.J.A. 1999. *Teologiese teorieë binne ervaringskategorieë. Skrif en kerk*. Jaargang 20(2), pp. 500-509.

Walsch, N.D. 1995. *Gesprekke met God*. Hermanus: Hemel en see Vermont..

Walsh, W.M. 1998. Narritive Family Therapy. *Family Journal*. Vol. 6 (3), pp. 332-337.

Warnke, G.C. 1982. *Hermeneutics and the Critique of Positivism*.

Gadamer's Contribution to the Philosophy of the Human Sciences. Boston: Boston University.

Wildwood, C. 1997. *Natural Healing. Practical ways to find Wellbeing and Inspiration.* London: Judy Piatkus Publishers (Ltd).

Wilkinson, J. 1980. *Health and Healing. Studies in New Testament Principles and Practice.* Great Britain: The Handsel Press.

Wilkinson, J. 1998. *The Bible and Healing. A Medical and Theological Commentary.* Great Britain: The Handsell Press.

Willis, R.W. 2000. Positive Paradigm Shifts in Health Care. *Journal of Religion and Health.* Vol. 39 (4), pp. 355-365.

Wolfreys, J. 1998. *Transitions. Deconstruction – Derrida.* USA: St. Martin's Press Inc.

Woodward, L & Pattison, S. 2000. *The Blackwell reader in pastoral and practical theology.* UK: Blackwell Publishers Ltd.

Wright, H. 2000. *A more excellent Way. A Teaching on the Spiritual Roots of Disease.* Georgia: Pleasant Valley Publications.

Wurth, G.B. 1955. *Christelijke Zielzorg. In het licht der moderne psychologie.* Kampen: J.H Kok.

Yancey, P. 1990. *Where is God when it hurts?* USA: Zondervan.

Zukav, G. 2000. *Soul Stories.* London: Simon and Shuster.